

*Daar is 'n laaste uitweg.  
Maar jou lewe sal nooit weer dieselfde wees nie.*

**DEON MEYER**

**WIE MET  
VUUR SPEEL**



*Daar is 'n laaste uitweg.  
Maar jou lewe sal nooit weer dieselfde wees nie.*

# DEON MEYER WIE MET VUUR SPEEL



[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

Deon Meyer

# Wie met vuur speel

TAFELBERG

[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

*Vir die man met die rooi mus,  
Cornelius Petrus (Neil) Meyer (1924-1991),  
my pa en gunsteling-storieverteller*

[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

## Skrywersnota

In die dertien jaar sedert hierdie roman die eerste keer gepubliseer is, het baie gebeur (die internet, selfone, 9/11) en so baie verander (die ontwerp van boekvoorblaaie, leessmaak, ons politieke bestel, die wêreldorde) . . .

Wat 'n mens uiteraard met interessante keuses konfronteer wanneer jy die manuskrip vir 'n nuwe weergawe moet hersien: Dateer jy alles volledig op, van taalgebruik tot by intrige en karakters, om 2007 te weerspieël? Bly jy absoluut getrou aan die oorspronklike? Of doen jy net ligte restourasie om die ergste krake weg te steek?

Ek moet bekén dat dit nie 'n maklike besluit was nie. *Wie met vuur speel* was my eerste roman. Ek het net meer as 'n dosyn kortverhale gepubliseer gehad toe ek dit aangepak het – en die sprong na die langer formaat het gevoel soos 'n om-die-blok-drawwer wat skielik 'n marathon aanpak: Dit het soms 'n geworstel afgegee. Voeg hierby die feit dat ek in vyf daaropvolgende boeke noodgedwonge heelwat nuwe romanperspektiewe gekry het, en die versoeking was groot om alles van voor af oor te skryf.

Vier faktore het eíndelik gesorg dat net die voorplat noemenswaardig verander het: Ten eerste sou dit onmoontlik gewees het om modernisering te beperk – dit is óf alles óf niks, en alles sou in praktiese terme feitlik 'n nuwe boek beteken het. Ten tweede het ek 'n sekere ongemak gehad met die idee van grootskaalse herskryf, so asof ek skaam is vir die oorspronklike. En ek is nie. Dit was die beste wat ek destyds kon doen. Ten derde was daar die wyse raad, arendsoog en ondersteuning van my redakteur, dr. Etienne Bloemhof. En ten laaste – daardie oorspronklike omslag sou vandag om al die verkeerde redes aandag getrek het.

Hier is dus die herdruk, feitlik presies soos dit in 1994 uitgegee is, sonder selfone, die internet of apologie.



Deon Meyer  
*Melkbosstrand*  
*Julie 2007*

[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

## Proloog

Die landgoed is 'n vesting.

Twee weke van dophou, navorsing en berekende afleidings – en hy is nog steeds nie heeltemal seker hoe hy gaan inkom nie.

Die son het agter Constantiaberg ingeskuif. Hy weet die rots waarop hy lê, gaan binnekort begin afkoel en die koue deur sy dik bruin woltrui en langbroek laat syfer.

Hy moet vanaand klaarmaak. Want hy sien nie kans vir nog 'n dag of nog 'n nag teen dié berg nie. Hy lig die verkyker tot voor sy oë – die klein Falcon wat die Israeli's vir hul tenkbevelvoerders ontwikkel het.

Sy gedagtes gaan weer oor die logiese sterk punte van die landgoed – soos Spano onbeskeie daarna verwys. Omring deur 'n twee meter hoë muur, met 'n halfversteekte hoogspanningskabel bo-op. By die hoofhek is twee sekuriteitsmanne wat nou en dan die terrein patroleer. Maar hulle maak staat op die twee dobermann-pinschers. En seker 'n trapdraad hier en daar.

Dan is daar die huis se alarmstelsel. Dit is die groot probleem, waaroor hy net kan raai, want hy kon nog nie naby genoeg kom om te sien nie.

Swak plekke is daar ook. Die landgoed se ligging aan die voet van die berg maak verkenning maklik. Die dobermanns is albei reuns. En die handelaar wat die alarmstelsel geïnstalleer het, se advertensiebordjie hang by die hoofhek.

Hoekom handelaars dit doen, sal hy nooit heeltemal verstaan nie. Hy het hulle bloot geskakel en gevra wat hul beste alarmstelsels is. “Geld is nie 'n probleem nie, meneer,” het hy oor die telefoon gesê. Die verkoopsman het geesdriftig gekwetter. En nou weet hy dat die groot Kaaps-Hollandse huis daar onder, agter die muur, tien teen een 'n ultrasoniese stelsel het. Die vraag is: Is dit al?

Hy volg weer die pad wat hy vanaand gaan aandurf. Dit behoort maklik te gaan tot by die huis, as daar nie trapdrade is nie. Hy het feitlik elke dag werkers in die uitgestrekte tuine gesien. Het hulle ook die trapdrade versorg?

En dan die verdomde alarm. As hy dit nie kan uitskakel nie en die ergste gebeur: Is dit 'n stil alarm wat net by die polisiestasie lui? Of by die



sekuriteitsmanne se kantoortjie langs die hek? Of 'n sirene in die dak wat skielik gaan skree?

Hy twyfel of iemand soos Spano 'n alarm sal hê wat by die polisie lui. Miskien by die sekuriteitswagte. Hy het hulle dopgehou. Twee spanne van twee wat mekaar aflos. Groot kêrels. Dalk oud-magslede.

Bekommer gaan nie die werk gedoen kry nie. Die Vermeer sal nog tweehonderd jaar lank daar hang as hy nie aan die gang kom nie. Hy bêre die verkyker in die kakieseilsakkie en sit dit in sy rugsak. Dan staan hy op en rek uit – deels om sy litte los te kry, deels vir die spanning wat hom soos 'n roofdier bekruip.

Terwyl hy afstap na die gehuurde Nissan dink hy aan Carla. Gaan sy so hard soos hy probeer om dié sending suksesvol te laat verloop? Hy glimlag.

Tydsberekening is altyd 'n moeilike besluit. Laatnag is goed, want die wagte sal vaak en moeg wees. Maar dan is dit so vrek stil. Vroegaand is daar nog die geluide van die verkeer, die wagte se televisiestel, maar hulle sal vinniger reageer as dinge verkeerd gaan. Hy het 'n week gelede besluit dit moet vroegaand wees, want hy het die klankkamoeffling nodig vir die dobermanns. Hulle sal definitief blaf.

Die Nissan staan in die fynbos langs die pad wat na die landgoed se diensingang lei – 'n enkeleurstaalhek wat met 'n reuseslot toegesluit is.

Hy haal die groen infanteriemerker uit die leerdrasak en begin dit oor sy gesig smeer. In die nag sal dit swart vertoon.

Carla beweeg op die agterste sitplek. “Jy is mooi genoeg,” sê hy vir haar. “Hulle het nie 'n kans nie.” Carla grinnik.

Hy kyk in die motor se spieëltjie. Toe hy tevrede is met die verdonkering, klim hy uit en kry die swart leersak uit die bagasieruim. Dit smelt in die nag perfek saam met sy ander klere.

Hy maak dit vas. Dit was eers 'n rugsak, maar pas nou voor sy bors sodat hy maklik by die apparaat daarin kan kom. As hy op en af spring, maak die inhoud of gespes nie 'n geluid nie. Smittie se handewerk.

Die leiband kom uit die motor se paneelkissie. Hy klim uit, maak die agterdeur oop en klik dit aan Carla se halsband. Haar stert swaai asof sy weet haar oomblik is naby. Hy gooi die drinkbak vol water en sit dit langs die motor neer.

Terwyl sy drink, onthou hy hul eerste ontmoeting by die Dierebeskermingsvereniging, waar hy vir die opsigter 'n lang storie moes vertel waarom hy spesifiek 'n teef op hitte soek.

En nou is hulle groot vriende.

Hy lei haar deur die ruigte na die diensingang, wat duidelik nie dikwels gebruik word nie. Die staalhek se tralies is net reg vir sy doel. Hy kan Carla stewig daaraan vasmaak. Die dobermanns kan haar sien, haar begeer, maar kan nie by haar kom nie.

“So ja, ounooi. Betower hulle.” Carla tjank saggies wanneer hy begin wegbeweeg. Dit behoort die dobermanns te lok. Hy kyk terug na haar. Iewers het dié groot swart hond ook dalk dobermann-bloed.

Hy begin draf, al langs die muur af.

Binne die mure is die landgoed pynlik goed versorg. Maar buite is bome en struie toegelaat om onbeheers te groei. Die fynbos teen die mure sal hom geen hulp bied nie, maar ’n rooikransboom so tweehonderd meter van Carla af gee net genoeg vastrapplek om bo-oor die muur te kyk.

Hy is net betyds om te sien hoe die twee dobermanns soos swewende swart skimme deur die tuin se skaduwees skiet – op pad na Carla toe. Hy glimlag.

Die hoogspanningskabel is op ’n ongemaklike hoogte. Boonop is die muur glad. ’n Indringer wat die kabel as klimhulpmiddel wil gebruik, sal gou tot die skokkende besef kom dat dit gevaarlik kan wees. Hy steek sy hand in die sak voor sy bors en haal ’n gewone motorbattery-springkabel uit. Die klampe kom ’n armlengte links en regs aan die kabel vas.

Nou kan hy die kabel sny. Selfs al is daar ’n gebreektestroombaan-alarm – die batterykabel sal sorg dat die stroom nog kan vloei. En hy het ’n geïsoleerde oorklimplek.

Die vlymskerp snytang byt stukkies vir stukkies deur die kabel se staal. Dan is dit middeldeer en hy buig die punte weg.

’n Nylontou word aan die rooikrans vasgemaak en oor die muur gegooi. Hy spring agterna en land liggies op sy voete in die skaduwee van die versorgde struie. Wanneer hy omkyk, sien hy die tou steek nie af teen die muur nie. Niemand behoort dit raak te sien voor hy dit weer nodig het nie.

Sy volgende besluit is hoe om by die huis te kom. Die grasperke sal sonder traprade wees, maar daar kan hy gesien word. Tussen die tuin se ruigtes kan hy wegsmelt, maar net so maklik ’n gestelde draad aftrap.

Die dobermanns is die sleutel. Geen trapdraad sal laer as ’n meter bo die grond wees nie, anders sal die honde dit gereeld ontwig. Hy sak af op sy knieë en begin hande-viervoet deur die plante beweeg.

Stemme ruk hom tot stilstand. Hy gaan lê op sy maag en luister.

“Ek weet nie. Hulle is daardie kant toe. Haastig. Hulle sal wel blaf as daar moeilikheid is.”

Die sekuriteitsmanne is nog ’n entjie van hom af, op die grasperk. Het hulle besluit om nou te patroleer? Kan nie wees nie. Dit is gewoonlik hul televisiekyktyd.

“Wil jy gaan kyk?” vra die ander stem.

“Die fokken honde. Jaag seker weer ’n haas of ’n uil. Mal diere.” Die wag steek ’n sigaret op. Dan draai hy om. Hulle stap in die rigting van die wagkamer.

Hy wag tot hy nie meer die kooltjie van die sigaret kan sien nie. Dan begin hy weer sy ongemaklike tog.

Die eerste trapdraad is net tien meter van die huis af. Slim, dink hy. Dit is waar jy ’n trapdraad nodig het. Waar ’n indringer al gerus genoeg is om regop te loop.

Hy liasseer dié inligting. Iewers in sy agterkop is ’n ongemaklikheid besig om te vorm. Spano het die geld om die beste sekuriteitskonsultante te huur. Hoekom was dit tot nou toe so maklik?

Die tweede trapdraad is só slim versteek dat hy skielik ’n dosis adrenalien in sy bloed kry. Dit is net sentimeters van die grond af, reg teen die huis se muur. Waar honde nie sal loop nie. Maar net mooi waar mense sal wil staan om by die venster in te kyk.

Hy begin nou baie versigtig langs die huis af beweeg na die groot stoep toe. Hy weet Spano is nie daar nie. Die werkers is al weg en die wagte kom nooit in die huis nie.

As hy eers in is, is hy veilig. Of is hy? Die brein wat die trapdrade beplan het, ken sy storie. Iewers wag daar nog ’n verrassing.

Tussen die ruim stoep en die tuin is ’n heuphoogte muurtjie. Hy ondersoek dit deeglik voor hy versigtig oorklim. Dan is hy op die koue leiklipvloer. Voor hom is die groot vensters en glasdeure wat na die sitkamer lei – sy ingang tot die huis.

Hy gaan sit by die groot venster en skep asem. Dan steek hy sy hand in die sak en vind die plekkie van die infrarooi-stel. Die kopstuk is Amerikaans. Hy het dit in Denver oor die toonbank gekoop, by ’n oorskotwinkel.

Hy sit dit oor sy oë en stel die helderheid en fokus. Deur die lense sien hy die spookagtige rooi skynsel van die infrastrale wat oor die meubels in die

sitkamer speel. Toe die fokus reg is, druk hy sy kop tot byna teen die venster en begin na die alarmstelsels teen die vertrek se mure soek.

Die ultrasoniese sensor sit lewensgroot in een hoek, sy enkele oog aan die gloei. Reg geraai. Een–nul.

Dié sensors kan nie weggesteek word nie. Dit moet juis só geplaas word dat die klankgolwe ’n patroon kan vorm van die vertrek. Maar dit is te maklik.

Net ’n ultrasoniese stelsel? Nie die brein wat die trapdrade geplaas het nie. Hy haal diep asem en voel hoe ’n straaltjie sweet by sy ruggraat afrol.

Wat sou hý gedoen het? Trapplaat teen die venster? Nie in ’n vertrek wat dikwels gebruik word nie. Temperatuursensors? Dan sou hy getuienis daarvan kon sien. Kontakalarm. Dit is wat hy sou gedoen het. Doodgewone breekstroom-kontakalarm. Gaan ’n deur of venster oop, breek die stroom en die alarm loei. Of lui geruisloos by die sekuriteitswagte.

Daar is net een manier om uit te vind. Maar eers moet hy ontslae raak van die ultrasoniese sensor.

Hy het na Smittie toe gery toe hy hoor van die ultrasoniese stelsel.

“Net een ding wat jy kan doen,” het Smittie met sy gewone lesing begin. “Die sensor is die bron van die klankgolwe. Die golwe word deur alles in die vertrek weerkaats, terug na die sensor, wat die patroon registreer. Versteur jy dié patroon, sit jou turf.”

Toe die toets, asof hy Smittie se student is: “Wat is jou oplossing?”

“Ontwrig die elektrisiteitstoevoer van die landgoed – en die sensor werk nie meer nie.”

Smittie het gefrons. “Te maklik. Hulle sal ’n noodstelsel hê. Opwekker iewers.”

Hy het na die dak gestaar, asof hy dink. En deur die ritueel met Smittie gegaan.

“Die oplossing is eenvoudig. Dink.”

Hy was nie lus vir dink nie. Hy wou net die werk klaarkry en teruggaan huis toe. “Ek weet nie, Smittie. Sê my.”

Smittie het gesug en sy kop geskud. “Jy is lui. Dit is so maklik. Al wat jy moet doen, is om die sensor uit te skakel.”

Hy steek sy hand in die sak en haal die glassnyer uit. Die diamantpunt kerf met ’n dun geluid deur die glas. Hy sny ’n gat so groot soos ’n tweerandstuk – net mooi ooghoogte as hy op sy knieë sit.

Dan druk hy die stukkie uitgesnyde glas na binne, waar dit geruisloos op die sitkamerwal val. Volgens Smittie kan só 'n klein glasstukkie nie die ultrasoniese patroon versteur nie.

Terwyl hy die pistool uithaal, glimlag hy. Smittie het soos gewoonlik sy neus opgetrek toe hy die .22-Hammerli aan hom wou wys. “Jy weet hoe ek oor instrumente van geweld voel,” het hy met 'n frons gesê. Maar Smittie se wetenskaplike nuuskierigheid kon nie die Switserse vakmanskap of die laservisier weerstaan nie. En hy het die knaldemper met sy gewone presiesheid vervaardig.

“Dit sal nie meer geraas maak as iemand wat saggies hoes nie. Die groot voordeel is dat die ammunisie se lading te klein is om die koeël deur die klankgrens te stoot. Jy het dus min lawaai om mee te begin,” was Smittie se lesing voor hy bereid was om die werking van die laservisier te bespreek.

Hy haal die infrarooi-kopstuk af en sit dit in die borsak. Dan skakel hy die laser aan wat soos 'n parasiet bo-op die lenige lyne van die Hammerli klou. Dit werp 'n dun rooi straal deur die venster en maak 'n klein rooi kolletjie teen die sitkamerwal.

Hy rig die pistool deur die gaatjie in die glas, sodat die laser se kol op die ultrasoniese sensor tot stilstand kom.

Dit is 'n maklike skoot, 'n raps oor die tien meter. En Smittie se knaldemper werk. Die skoot is 'n sagte, dowwe plof. Die sensor se pienk oog knip finaal. Die outomatiese meganisme spoeg die klein doppie tot op die vloer. Hy tel dit versigtig op en bêre dit saam met die pistool.

Hy wonder hoe dit met Carla gaan. Maak sy die manne mal?

Alles is stil. As iemand die skoot gehoor het, is daar geen teken dat hulle reageer nie.

Hy sit weer die infrarooi-kopstuk op en skroef dan Smittie se loerspieël aanmekaar. Dit bestaan uit twee dun metaalstange wat oopvou om 'n hoek van 90 grade te vorm. Aan die een punt is 'n klein spieëltjie, so groot soos 'n muntstuk. Die spieël is van eenrigtingglas, want 'n infrarooi lampie is daaragter aangebring. “Om onder rokke en om hoeke te loer,” was die opdrag vir Smittie. En Smittie se antwoord: “As hulle jou in 'n dameskoshuis vang met hierdie ding, sluit hulle jou toe.”

Die spieëltjie pas net mooi deur die gat van die glas. Dan draai hy die stang sodat dit terugkaats wat hy nie kan sien nie – die boonste lys van die venster aan die binnekant van die vertrek. Hy blaas sy asem met 'n plofslag

uit as hy die fyn draadjies van die kontakalarm teen die venster sien. Twee–nul vir die goeie ouens.

’n Oningeligte inbreker sou die venster oopgedwing het, die diefwering afgehaal het, en voor hy kon inklim, sou die sekuriteitsmanne twee alarms gehad het om op te reageer. Die beweging sou die ultrasoniese alarm aangeskakel het, terwyl die oopmaak van die venster die stroombaan in die kontakalarm sou verbreek.

Maar hy gaan nie ’n venster oopmaak nie. Hy gaan sy eie venster maak. Hy bêre die spieël in die sak en laat die glassnyer weer sy fyn geluid teen die ruit maak. Dié keer sny hy ’n groot ronde gat waardeur hy sal kan klim. Weer druk hy die glas na binne, waar dit stil op die mat kan val. Hy klim in.

Hy het ’n foto van die Vermeer gememoriseer. *Diensmeisie in die kombuis*, noem hulle dit. Meer as driehonderd jaar oud en, met die huidige wisselkoers, ’n hele paar miljoen rand werd.

Dit hang nie teen die sitkamermuur nie.

Opstandig besef hy: Hoe langer hy in die huis deurbring, hoe groter is die kans dat hy betrap gaan word.

Boonop sal hy nou die ultrasoniese sensor van elke vertrek buite werking moet probeer stel – sonder die hulp van ’n venster wat as skans tussen hom en die klankgolwe dien.

Dit neem kosbare minute met die loerspieëltjie om agter te kom dat geen sensor die gang bewaak nie. Natuurlik. Te veel deure wat in ’n ligte briesie kan beweeg en ’n vals alarm kan maak. Hy beweeg versigtig in die gang af. Die volgende moontlike hangplek van die Vermeer is in Spano se studeerkamer. “Hy het dit laat steel om dit te kan geniet. Dit sal iewers hang – kyk eers in die sitkamer. Spano sal dit nie kan weerstaan om daarmee te spog nie,” het Smittie geredeneer.

Nie die sitkamer nie, Smittie. Spano kon die verdomde skildery opgerol in sy brandkluis toegesluit het.

Die studeerkamer se deur is toe. Dit beteken nog moeite, nog tyd. Hy sal moet uitgaan, die sensor deur die glas seek, dan die pistool van buite gebruik voor hy kan terugkom om die deur oop te maak.

Onder die swart rolnektrui en denimbroek sweet hy. Maar dit is nie net die hitte nie. Die tyd stap aan. Hoe lank kan Carla die dobermanns besig hou? Hoe lank voor ’n sekuriteitswag die gat in die sitkamervenster ontdek? Of hy ’n versteekte alarm aktiveer?

Hy glip soos 'n groot swart nagdier in die gang af, deur die sitkamer en by die venster uit. Nou begin die moeisame, stadige tog weer langs die huis se muur af na die studeerkamervenster.

Hy moet kruip om die borshoogte trapdrade te vermy, maar daar kan ander ook wees, laer af. Die aand is besig om stil te word en elke geluid wat hy maak, klink vir hom oorverdowend.

Dit neem hom sewe versigtige minute tot by die studeerkamervenster, waar nog 'n terugslag wag – die swaar gordyne. Versteur hulle en jy gaan die sensor laat praat. Maar as hy hulle nie uit die pad kry nie, kan hy nie sien wat binne aangaan nie – infrarooi of nie. En dan is daar die moontlikheid dat Spano die skildery op 'n ander plek kon gehang het, soos in sy slaapkamer.

Dink! beveel hy homself terwyl hy met sy mou die sweet van sy gesig afvee.

Hy oorweeg die opsies – net een kan regtig werk. Die enigste manier om 'n gat in die gordyne te bewerkstellig sonder om die golfpatroon te versteur, is om 'n vlam te gebruik. Maar hy sal dit vinnig moet blus.

Die risiko word te groot, dink hy. Hy sny die gat in die glas, dié keer effens groter, aangesien die gordyne nog as skans tussen hom en die sensor hang.

Hy haal 'n weggooi-aansteker uit die sak en stel die vlam op sy hoogste. Hy sal dit in klein dosisse moet aanwend as hy nie die hele huis wil afbrand nie.

Dit raak amper buite beheer. Die swaar gordyne is kurkdroog en brand maklik. Hy wend die vlam net een keer aan en moet dadelik begin blaas. Die vlammetjie wil opskiet teen die gordyne. Die asem plof uit sy longe en blus die vlam dadelik, maar die gordyn hou aan met smeul.

Die dringendheid van die situasie laat sy maag op 'n knop trek. Sutherland se stem vir die eerste keer vanaand in sy kop. “Diep asem.” Naand, kaptein Sutherland. “Konsentreer op wat jy moet doen, nie op wat verkeerd kan gaan nie.” Goed, kaptein. Hoe gaan ek ooit van jou presiese bevele ontslae raak, kaptein?

Prioriteit nommer een is om die sensor onskadelik te stel. Dan bekommer oor die gordyn wat smeul. Die pistool gly uit die borssak en hy rig weer die laser op die sensor.

'n Oomblik wonder hy hoeveel skote Smittie se knaldemper kan deurstaan, maar dan kug die Hammerli en die koeël klap teen die

metaalkissie van die sensor. Hy sak af teen die venster en kyk om, in die rigting van die wagkamer. Dit lyk stil. Drie–nul.

As hy opkyk, sien hy die smeulende gordyn wil-wil weer ontvlam.

Sy vingers brand as hy die rooiwarm hitte uit die materiaal pers, maar dit is al wat hy deur die gat in die ruit kan kry. Die reuk van geskroeide vel en gordyn vul sy neusgate. Hy moes handskoene gedra het. Maar hy haat die verlies aan sensitiwiteit wat dit meebring. Vingerafdrukke pla hom nie. Syne bestaan nie.

Die pad terug na die stoep en sitkamer is sonder trapdrade en dit gaan dié keer vinniger. Weer glip hy in die gang af tot by die studeerkamer se deur. Hy maak dit geruisloos oop en gaan in. Die vertrek is amper so groot soos die sitkamer. Deur die infrarooi-kopstuk sien hy duur meubels van donker hout, boekrakke tot teen die dak en ’n handjievul skilderye teen een muur.

Hy stap met groot, haastige treë nader. Hy herken die gesig van die diensmeisie onmiddellik. En selfs deur die kleurlose lense van die kopstuk slaan haar skoonheid sy asem weg. Spano het glo amper ’n miljoen bestee om die skildery uit die private versameling in Zürich te laat steel. Nou weet hy waarom.

Die Vermeer is nie baie groot nie. Hy sou dit met raam en al gemaklik kon saamdra. Dit sou egter sinloos wees om die risiko te loop dat die skildery beskadig word. Hy haal die metaalsilinder uit die sak en skroef die dop af.

Hy beloer die skildery van alle kante, beweeg die onderste deel van die raam versigtig van die muur af weg. In die infrarooi lig kan hy geen kontaksensor sien nie.

Wanneer hy die skildery versigtig van sy hakie aflag, gaan die alarm skril en skielik af.

Een deel van sy brein registreer verligting. Hy weet dié is die laaste troefkaart in Spano se sekuriteit – dié garedun koperdraadsensor teen die hakie van die skildery, dalk al die skilderye in die huis.

Paniek skiet in hom op. “Asemhaling,” het Sutherland oor en oor in sy presiese stem gesê, “is jou enigste wapen teen paniek. Haal eers diep asem. Moenie reageer nie. Beveg jou instink, die adrenalien, jou brein se opdrag aan elke spier om te ontplof, te hardloop. Doen niks behalwe asemhaal nie.”

Terwyl hy die lug met een stadige teug in sy longe indwing, tik die rekenaar in sy kop ’n prioriteitslys uit. Geprogrammeer deur die firma Sutherland en Vennote: 1. Haal die kopstuk af, want die alarm het die huis



se ligte aangeskakel. 2. Haal die Vermeer uit die raam en bêre dit in die silinder – dit is nog steeds die belangrikste rede waarom jy moet uitkom. 3. Kom sou gou moontlik buite. Die huis is nou een groot hinderlaag met slegs 'n enkele uitgang.

Hy blaas sy asem stadig uit. Hy begin met vinnige, doelgerigte bewegings werk. Die kopstuk in die sak, die tangetjie uit, die agterkant van die skildery oop, skildery versigtig uit, rol op, sit in die silinder, skroef silinder toe, sit in sak. Hy hardloop na die sitkamer en hoor sleutels in die voordeur van die huis. Natuurlik. Die sekuriteitswagte moet by die deur inkom en eers die huis deursoek. Dit kan die sekondes koop wat hy nodig het.

Hy seil by die gat in die ruit uit, gee drie hale tot by die stoepmuurtjie en glip in die skaduwees van die tuin. Ook hier is nou meer lig. Kolligte teen die huis en die sekuriteitsmuur gooi lang, smal skaduwees heen en weer oor die grasperk.

Wegkruipplek is daar nie. Hy begin na die grasperk hardloop – die stukkie niemandsland wat geen skuiling bied nie. Hy moet dit oorsteek voor die wagte uit die huis kom.

Hy bars tussen twee struik deur en is op die grasperk se soom. Vyftien meter se goed versorgde groen tapyt, dan sewentig van struik en bome tot by sy tou teen die muur.

Hy hardloop gebukkend, sy rugspiere onwillekeurig gespan teen die verwagte koeël, sy stewels wat die grasperk reëlmatig tref, sy brein wat elke tree aftel. Vyftien, veertien, dertien . . .

Die skoot klap en hy hoor hoe die koeëls oor sy kop fluit.

“Staan of ek skiet!” Die stem kom van die linkerkant af. Hy besef dat net een van die wagte die huis gaan deursoek het. Die ander een het buite gebly, gewag vir die rot wat die sinkende skip gaan verlaat. Maar sy brein registreer ook dat dit 'n kleinkaliberrewolwer is wat die skoot afgevuur het. En die wag is ver van hom af. Minstens veertig meter.

Die kans dat die wag 'n bewegende teiken op dié afstand kan raak skiet, is vyftig-vyftig. Hy hou aan met hardloop. Sewe, ses, vyf . . .

Nog 'n skoot klap, by sy oor verby, 'n woedende supersoniese insek.

“Stuart, kom help, hy's hier buite!” hoor hy die wag skree, maar dan is hy tussen die struik. Hy verander van rigting, want hy wil hulle nie reguit na die tou toe lei nie.

Hy moet stadiger hardloop. Die kolligte laat digte skaduwees tussen die plante. Hy kan die muur sien. Dan tref sy bors 'n trapdraad en 'n rooi fakkel klief die lug.

“Daar’s hy! In die bosse.”

Koeëls staccato deur die plantegroei. Hy verander weer van rigting, maar behou sy ritme met die hardloop en sy asemhaling. Nog dertig meter na die muur, veertig na die tou. Nog 'n trapdraad, nog 'n fakkel verhelder die nag. Weer skote en lood. Hulle mik te hoog, dink hy. Mik vir die bene as jy 'n man wil stop.

Twintig meter na die tou. Vyftien. Tien. Die swart skaduwee aan sy regterkant begin skielik leef.

Dobermann.

Die hond haal hom met lang, inspanninglose hale in. Dan verskyn die ander hond ook uit die donker.

Hy kan die tou sien. Maar die rekenaar sê die honde gaan hom vang voor hy teen die tou kan opskarrel.

Sy brein stort 'n vergete lesing oor hondeaanvalle in sy bewussyn en selekteer oorlewingsinligting.

Opgeleide honde sal die uitgestrekte arm aanval. Bied jou voorarm aan. Daar kan die minste weefsel en senu's beskadig word. Die mens se natuurlike vrees vir groot honde is die diere se grootste voordeel. Die mens is groter en sterker as die meeste honde. Gebruik jou meerdere intelligensie en spierkrag.

Hy hang sy regterarm uit omdat dit die een naaste aan die dobermanns is. Die voorste een spring. Hy voel hoe die tande deur die trui tot in die vleis van sy voorarm byt.

Die hond ruk hom van balans, maar hy hou aan met hardloop. Die dobermann rem. Die tweede hond is verward. Dinge verloop nie soos die diere geleer is nie.

Dan is hy by die tou. Hy spring so hoog moontlik teen die muur op, maar die hond se gewig aan sy arm is te veel. Sy linkerhand gryp 'n knoop in die tou. Sy voorarm bloei vryelik en die pyn begin skree vir aandag in sy brein.

Hy stoot die regterarm teen die tou op en begin klim. Die hond klou – hul gesigte byna teen mekaar as sy arm teen die tou opstrek.

Hy hoor die wagte deur die struik hardloop. Te naby.

Die hond se remkrag is te groot.

Dan spring die ander hond van die grond af. Hy sien die beweging uit die hoek van sy oog en skop instinktief.

Dis 'n voltreffer teen die dobermann se keel, maar die hond maak geen geluid wanneer hy terugval op die grond nie.

Hy beur verder teen die tou op – halfpad tussen vryheid en gevaar, met 'n hond wat besig is om die spiere en senings en bloedtoevoer uit sy arm te skeur. Hy swaai sy arm en die hond se kop tref die muur dofweg. Hy staar in die vurige swart oë wat nie eens knip nie.

Sy bloed straal langs die silwerswart kake af.

“Daar’s hy! Skiet die bliksem!” Hulle is naby.

Hy beur op. Sy linkerhand is bo. Die kabel. Die hoogspanningskabel.

Sy regterhand is ook bo. Skote klap teen die muur. Hy wil die hond opswaai, tot teen die kabel. Maar dan verslap die hond se greep skielik.

Hulle het die hond raak geskiet, besef hy. Die hond val. Hy swaai tot op die muur. 'n Koeël brand sy nek. Nog skote. Hy spring en ruk sy batterykabel terselfdertyd af.

Dis donker anderkant die muur, maar hy ken die pad. Hy hardloop. Sy asemhaling is hortend. Hy dwing die ritme reg. Die pyn in sy arm skree selfs Sutherland se stem stil. Te veel bloed. Maar hy moet eers wegkom. Hy hoor swetse agter hom waar die wagte teen die muur uitklim, dalk teen die kabel stry.

Carla blaf wanneer sy hom hoor aankom. Sy hande werk koorsagtig om die leiband van die hek los te maak. Dan hardloop hy met haar aan sy sy na die motor toe. Die sleutel wag in die aansitter. Die enjin spring aan die lewe. Hy werk instinktief met die ratte en koppelaar.

Die eerste blou ligte en sirenes kry hy eers in die veiligheid van 'n woonbuurt. Maar hy hou die getuienis van die arm laag, sodat die aankomende verkeer dit nie kan sien nie.

'n Poel bloed vorm op die motor se grys mat.

# Deel 1

[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

Van haar huis teen Tafelberg se hang ry Ragel Bergh in haar 1968-MG met die afslaankap na die gimnasium in Strandstraat. Sy is effens laat, haastig, vasberade om tyd in te haal.

Haar roetine tussen die gewigte, die lêplanke en die oefenmasjiene wat in onvriendelike groepies saamhurk, is dieselfde: maag, skouers, arms, bene, tot die sweet haar groen T-hemp vlek bo die bult van haar borste en blink strepe oor haar gesig en nek vorm, af tot agter by die lang bruin hare in 'n vlegselsel.

Soos altyd is sy bewus van die oë op haar, ongemaklik oor die vae sensualiteit van dié plek, waar kleding 'n oorlas is, waar die liggaamsbouers van vroegoggend voor die spieëls die dans van Narsissus uitvoer, steunend met elke optrek van 'n massa staal, ritmies kreunend soos die voorspel tot orgasme. Waar die jappies met ontwerpersdrag hul lywe kom belyn vir Clifton of die vlugbal op Kampsbaai, alles daarop gemik om die oog van die ander geslag te streel.

Ragel Bergh konsentreer op haar eie program, tot sy met 'n stil uitblaas van asem die laaste stang laat sak en kleedkamer toe stap, 'n lang, aantreklike vrou in 'n los hemp en sweetpakkbroek, wange verkleur deur die inspanning, bors wat dein, haar fokus nou by die dag wat voorlê, die boekeveiling, die afspraak met kliënte, 'n beplande telefoongesprek met 'n vriendin, sonder intuïsie van vreugde of onheil.

Wanneer sy by haar koninkryk aankom, in 'n geblomde rok wat skimp van soepel arm en been, is die deur van die winkel 'n ope uitnodiging, Vivaldi se "Lente" 'n leidraad tot die gemoed van haar werknemer.

*Bergh Boeke*, lui die uithangbord oor die sypaadjie van Langstraat.

Frikkie Cornelissen wag haar in. Hy is haar kontrapunt, haar kameraad.

Frikkie, wat een wintermiddag by haar boekwinkel ingestap gekom het, sy tengerige liggaam gebuk teen die noordwester wat die koue front ingewaai het. Met oë wat deur die dik brillense nog groter lyk, het hy na die rye en rye boeke op die rakke gestaar en nou en dan tentatief sy hand uitgesteek om aan een te vat.

Ragel Bergh het nie dadelik kom vra of sy kan help nie. Sommige weet wat hulle wil hê en soek dadelik hulp om dit op te spoor. Vir ander is die

soektog deel van die liefdestaak – hulle wil self delf. Frikkie het gelyk of hy op sy eie wil wees.

Tog het sy hom uit die hoek van haar oog dopgehou. Hy was maklik 'n kwartier lank in die winkel voor hy 'n boek van die rak afgehaal en oopgemaak het. Sy lang, dun vingers het dit met die grootste respek en liefde gedoen. Hy het weer die boek gebêre en 'n volgende een geneem. Maar Frikkie Cornelissen het nie dié dag iets gekoop nie. Ook nie die volgende of die een daarna nie. Op die vierde dag het hy doelgerig by die deur ingekom, reguit op haar afgestap waar sy agter haar lessenaar gesit en lees het, en in sy sagte stem gesê: “Ek moet hier werk.”

Sy het nie regtig iemand nodig gehad nie. Dit was 'n instinktiewe aanstelling, uiteindelik 'n slim een.

Frikkie Cornelissen het ná matriek homself uitgemergel agter die stowwerige lessenaar waar hy bouplanne vir die streeksdiensteraad moes sorteer. Hy wou met boeke werk. Vandat hy kon onthou. Hulle was sy ontvlugting, sy enigste ware vriende, sy toevlugsoord in boekrakke en biblioteke. Net 'n droom – tot hy voor Ragel gaan staan en sy groot begeerte in een, taktlose sin uitgeblaker het.

Hy het gou geleer. Binne enkele maande het hy elke boek op die rak geken, geweet wat elkeen se geskiedenis is.

Wanneer iemand inkom met 'n boek wat hulle wil verkoop, kon hy gou net so vinnig soos sy die waarde bepaal op grond van die toestand, uitgawe of die gesogtheid daarvan. En ná 'n jaar het hy meer geweet as sy. Vandag is hy 'n kenner, buite die akademie een van die mees ingeligtes oor klassieke boeke en Africana. Sy is nie jaloers nie – eerder trots, soos op 'n kind.

Sy is steeds die een wat private versamelaars se huise soms moet besoek of, soos vandag, 'n veiling moet bywoon. En haar persoonlikheid bly steeds een van die redes waarom sommige gereelde kliënte terugkom na Bergh Boeke in Langstraat.

“Jy is in 'n opgewekte bui vanoggend,” groet sy hom met verwysing na die musiek. Hy is by die werkbank besig om 'n boek te restoureer.

“Dis veilingsdag,” sê hy fronsend. “*Skeba*-dag. Ek kan nie wag om daaraan te vat nie.” Sy hoor sy geesdrif. Wanneer laas het sý so opgewonde oor 'n boek geraak? So opgewonde oor éniets geraak?

Sy gaan weer met Frikkie deur die veiling se katalogus en bespreek die pryse wat sy moontlik vir van die werke kan betaal. Dan is dit tyd om te

vertrek.

Die afslaers het die groot saal van die Kasteel vir die veiling bekom. Toe Ragel instap, is daar al heelwat mense wat die goedere inspekteer.

Sy kyk net vlugtig na die skilderye en beeldhouwerk wat ook opgeveil word. Die boeke staan eenkant op 'n swierige tafel.

Haar oog soek die Du Toit. Dan sien sy dit. Die bruin leeromslag is nog blink en sterk. Die oorspronklike buiteband is goed beskerm. Sy maak die boek oop en herken die swaar skreeflettertipe uit die vorige eeu. En die vreemd bekende skryf-soos-jy-praat-Afrikaans. Skielik wil sy dit hê, met dieselfde bruisende begeerte van Frikkie Cornelissen.

Haar oë soek die publikasiedatum op die titelbladsy – 1898. “Maar dit is nie die ouderdom nie. *Di Koningin fan Skeba* was ons eerste roman, ons eerste prosa. Dit was Du Toit se soenoffer. Dis . . . dis . . . manjifiek,” het Frikkie Cornelissen gesê, sy oë groot agter die dik lense.

Sy maak die boek versigtig toe en sit dit neer. Sy hoop niemand anders by die veiling gaan haar gevoel deel nie.

Die afslaer het 'n snyerspak aan. Hy verhef nie sy stem nie, maar dit dra gemaklik deur die vertrek. Die skilderye is eerste aan die beurt en hoewel Ragel 'n vinnige flirtasie met 'n Maggie Laubser aanknoop, verloor sy belangstelling toe twee kunshandelaars die prys verby R3 000 druk.

Maar dit is asof die veiling nie regtig aan die gang kan kom nie. Sy weet sommige het van meet af aan 'n tasbare spanning, 'n atmosfeer van afwagting en strawwe mededinging. Maar nie dié een nie.

Die beeldhouwerke sorg vir 'n bietjie opwindning wanneer 'n nuwe swart kunstenaar se twee dierebeelde meer as R10 000 elk behaal. Dit is asof die veiling wil vlam vat en Ragel begin onrustig raak. Bie-koors. Wanneer byna elke mens wat dit bywoon skielik in die euforie van die oomblik 'n hand in die lug steek en die prys laat klim en klim. En dié boeke moet sy weer herverkoop teen realistiese pryse, anders gaan die winkel sy geloofwaardigheid by versamelaars verloor.

Sy bie nie vir 'n vroeë stel van Langenhoven se versamelde werke nie, hou uit om R750 vir 'n getekende eerste uitgawe van 'n Jan Smuts-biografie te betaal en kry 'n winskoop met 'n oorspronklike *Story of an African Farm*.

Dan kom S.J. du Toit se *Skeba* aan die beurt. Die afslaer lees die geskiedenis van dié boek af en gee agtergrond oor die skrywer. Die vertrek

begin saggies gons terwyl mense die uitsonderlikheid van die werk bespreek.

'n Paar kyk in haar rigting, asof hulle weet sy gaan een van die hooffigure wees in die stryd wat voorlê. Dan vra die afslaer vir 'n openingsbod. Die Joodse boekwinkelleienaar net 'n straatblok van Bergh Boeke af laat haar hart onmiddellik vinniger klop wanneer hy met R500 oopmaak.

Dis te hoog, dink sy. 'n Gryskop man steek sy vinger in die lug vir R50 ekstra. Ragel ken hom nie en vermoed dit is 'n akademikus of private versamelaar. 'n Lang, skraal boekwinkelleienaar van Houtbaai knik sy kop onseker. So suinig soos altyd, dink Ragel, maar sy bie nie. Laat die koring eers van die kaf geskei word. Dan sal sy optree en 'n vinnige einde aan alles maak.

*Skeba* se prys klim stelselmatig, maar nie dramaties nie, tot op R1 000. Dan val Suinig uit.

Ragel besef skielik iemand het in Suinig se plek begin bie, want daar is steeds drie mense vir wie die afslaer om die beurt 'n geleentheid gee. Sy kan nie sien wie dit is nie. Terwyl die prys verby R1 300 skuif, hou sy die afslaer se oë dop om te sien wie die nuwe deelnemer is. Dan besef sy dié persoon staan agter 'n pilaar.

By R1 500 gee die akademikus ook die stryd gewonne, en R200 later ook die Jood. Die afslaer kyk half teleurgesteld na die bieër agter die pilaar om die bod op hom toe te slaan, maar dan lig Ragel haar hand.

Die afslaer se gesig verhelder en die vertrek bruis.

Pilaar bie voort en hulle neem die prys verby R2 000. Mense fluister harder.

“Wys jouself, jou lafaard,” prewel sy as Pilaar steeds vir haar gesigloos bly.

Sy en Frikkie het die prys van elke boek op die inkopielys deeglik bespreek. Hulle het ooreengekom dat sy nie met meer as R100 verby hul ooreengekome perk sal gaan nie. Frikkie het gedink dit sou nie sinvol wees om meer as R3 000 vir die Du Toit te betaal nie.

“Tweeduisend vyfhonderd,” sê die afslaer met groot lekkerkry. Die toeskouers se koppe draai van Ragel na die onbekende koper, asof hulle 'n tenniswedstryd volg. Dis of hulle bang is een van die twee gaan bes gee.

Teen R2 900 vererg Ragel haar vir Pilaar. Weet hy wat die waarde van die boek is? Of is dit 'n amateur wat skielik koopkoors gekry het? Niks is



so skrikwekkend op 'n veiling as wanneer 'n ryk amateur met professionele kopers begin meeding nie.

Die omstanders voel haar spanning aan. As die prys deur die grens van R3 000 bars, begin 'n klompie spontaan hande klap.

Dan beweeg Pilaar effens. 'n Oomblik lank sien sy die man se profiel en grys pak.

“R3 150.”

“R3 200.”

“R3 250.”

“R3 300.”

Die afslaer het nou sy oordrewe kalmte verloor en sy stem styg effens met elke bod.

Ragel kook van binne. Die man weet nie wat hy doen nie. Hy gaan die hele koop verongeluk. Sy weet Frikkie gaan bitter ongelukkig wees. Maar hy sal nog meer teleurgesteld wees as sy ophou bie.

“R3 500.”

Dit is asof Pilaar nie meer die spanning kan verduur nie. Hy tree agter die pilaar uit om Ragel beter te kan sien, maar sy is nou te woedend om eens in sy rigting te kyk. Jy het beweeg, lafaard, dink sy. Die einde is nou naby. Sy maak haar gereed vir die nekslag.

Maar dit wil nie kom nie.

“R3 600.”

“R3 650.”

“R3 700.”

“R3 750.” Ragel staar reguit voor haar uit. As sy die mal man ignoreer, sal hy dalk net verdwyn. Uit die hoek van haar oog sien sy hoe hy elke keer net sy kop effens knik om die prys nog 'n kerf op te stoot.

Verbete dink sy: Ek kan aanhou, my vriend. Kan jý?

Dan skiet die prys deur R4 000.

“R4 100,” sê die afslaer, weer met 'n tikkie teleurstelling in sy stem.

Pilaar kyk af grond toe om te wys dat hy klaar is. Die skare mor. Die afslaer se skouers val. Hy slaan die bod op Ragel toe.

Ragel is besig om die tjek vir haar aankope uit te skryf wanneer die man skuins agter haar kom staan.

Sy kyk nie om nie, want sy weet dit is hy. Sy gee die tjek aan die afslaer se assistent agter die lessenaar en kry haar dokumente vir die boeke. “Baie geluk,” sê die middeljarige vrou. “Die Du Toit is ’n wonderlike werk.”

“Dankie,” sê Ragel. Wanneer sy omdraai, is die man nog daar. Hy is langer as sy, groot en fors in sy grys pak. Sy kyk op in sy gesig en besef sy ken hom van iewers.

Hy glimlag. “Mag ek vra wie dit is wat my onder die tafel ingebie het?” vra hy en sy blou oë is bakens. Ragel is nie voorbereid op sy hartlikheid nie.

“Het jy geweet wat die boek werd is voor jy soos ’n besetene te kere gegaan het?”

Onder die welige snor verbreed sy glimlag. “Is jy kwaad vir my? Ek was nie daarvan bewus dat ek oortree het nie.”

Sy vriendelikheid maak dit vir haar moeilik om kwaad te bly, maar dit irriteer haar dat sy nie weet van waar sy hom ken nie. Boonop het hy soos ’n regte amateur gebie.

“Ek dink dit is ’n oortreding as ’n mens nie deeglike navorsing doen voor jy jou op ’n professionele terrein waag nie. ’n Veiling soos dié is nie ’n plek vir amateurs met geld om te mors nie.”

Hy lag hardop. “Goed, goed, ek is skuldig. Mag ek pleit om versagting van vonnis, edelagbare?”

Een van die afslaers se mense het haar aankope netjies verpak en staan nou reg om dit motor toe te dra.

“Nee,” sê sy vir die grynsaggende man voor haar en stap deur toe. Sy weet sy het pas redelik kinderagtig opgetree, maar nou wil sy net daar wegkom.

“Vierduisend eenhonderd rand?” sê Frikkie verstom.

“Ek weet, Frikkie. Wat sou jý gedoen het? Wees bly jy kan die boek in jou hande vashou.”

Hy skud sy kop ongelowig en prewel weer die bedrag. Dan kyk hy van die boek af op. “Weet jy glad nie wie hy is nie?”

“Ek weet ek het hom al gesien. Onlangs. Iewers.” Sy sien weer die gesig voor haar. Dit is nie net sy bekendheid wat haar pla nie. Daar is ook iets anders . . .

Hoekom reageer sy só? Die man is aantreklik met sy dik blonde hare, oë van asuur en vierkantige kakebeen. Maar wat is dit wat haar terselfdertyd so afstoot? Sy grinnik? Die vel wat so intens bruingebrand is?

“Dis sy houding,” sê sy hardop aan Frikkie, wat besig is om elkeen van die nuwe aankope soos minnaresse te leer ken; hy hoor haar skaars.

Ragel weet dit is sy seksualiteit. Blatant, openlik. Selfversekerd.

“Ons sal net ’n bietjie langer moet wag voor ons ’n wins kan maak,” sê Frikkie.

“Ons sal hom tog nooit weer sien nie,” sê sy.

“Hoe nou?”

Sy skrik uit haar gedagtegang. “Jy is reg. Dit bly ’n goeie belegging.”

Ragel se kantoor is met ’n groot glasvenster van die res van die winkel geskei – nadat Frikkie by haar aangesluit het en hy haar ou lessenaar in die winkel gekry het. Terwyl sy alles kan sien wat aangaan, gee dit haar terselfdertyd privaatheid met telefoonoproepe. Sy maak die glasdeur oop en sê oor haar skouer: “Mevrou Kemp kom vanmiddag in en ek het nog nie eens gekyk wat ek vir haar wil aanbied nie.”

Dan maak sy die deur agter haar toe en gaan sit by die lessenaar. Sy trek die aankopeboek nader en vul die jongste besonderhede in. Haar gedagtes dwaal weer na haar optrede by die veiling.

Sy wil haar reaksie teenoor die man rasionaliseer. Sy het lanklaas ’n sinvolle verhouding met ’n man gehad. Is sy só uit oefening? Of is dit die ander ding? Die sekerheid waarmee sy liggaamstaal gesê het hy gaan haar kry, sy lyf se stempel op haar afdruk?

Die vulpen maak ’n klad en sy klik haar tong. Waaraan dink sy?

Ragel is besig met maagspieroefeninge toe die stem langs haar opklink. “Dan hét ek jou al voorheen gesien.”

Sy herken die stem voor sy omkyk. En haar humeur vat vlam. Want sy tydsberekening is weer verkeerd. Sy lê op haar rug, met ’n rooi gesig, sweetkolle in haar hare en op haar klere en maagspiere wat smeeke vir rus. En hy staan vars en netjies in ’n ligblou sweetpak en glimlag met spierwit tande onder die snor.

Maar nou weet sy ook waar sy hom al gesien het. Soms, eenkant, in die hoek van die gimnasium, op sy eie aan ’t oefen, sonder spieëls.

“Is ek nog steeds persona non grata?”

Ragel staan op en trek haar handdoek nader. Sy neem ’n vaste besluit om nie dié keer kinderagtig op te tree nie. “Nee, die aanklag teen jou is laat vaar,” sê sy hoflik, sonder hartlikheid.

“Luister, ek weet ek was skuldig. Maar ek wou die boek só graag hê. En ek moet bieg: Ek het nie regtig geweet wat dit werd was nie.”

Sy wil nie in sy gesig kyk nie, maar om weg te kyk, sal aan hom ’n soort oorwinning besorg. “Ek verseker jou jy is vergewe.”

Hy glimlag nog steeds. “Dit is nogal jammer. Ek sou graag ’n geleentheid vir boetedoening wou hê.”

Sy lig haar wenkbroue.

“Wat van aandete?” vra hy “Dan kan jy sommer die geleentheid gebruik om my op te voed oor die waarde van Africana.”

“Ek ken jou nie eens nie.”

Hy steek sy hand uit – ’n sterk hand, met fyn blonde haartjies op sy vingers wat duidelik uitstaan teen die bruingebrande vel. Hy laat haar dink aan ’n soort dier. ’n Roofdier.

“Dirk Buchner. Seaviewstraat 22, Clifton.”

Hy is so verdomp selfversekerd. Sy haat hom daarvoor. En vir die vlinders in haar maag en die bruising van haar bloed. “Ragel Bergh.” Sy neem die hand en wil dit dadelik los, maar sy greep is ferm.

“Ek weet,” sê hy steeds glimlaggend.

Hy speel met my, besef sy.

“Ek het ná die veiling met die afslaers gesels. Ek wou al vroeër kontak maak, maar ek moes Johannesburg toe vir sake.”

Sy kry haar hand los uit sy greep. “Ek moet gaan stort.”

“Wat van aandete?”

“Ek weet nie. Ek . . . Die boekwinkel. Ek het ’n boekwinkel. Ek is baie besig.” Sy stap aan kleedkamer toe, maar voel sy oë oor haar liggaam. Haar hart klop in haar keel. Dit is nie van oefening nie.

Frikkie speel die Brandenburg-konserte op die CD-speler en Ragel neurie saggies terwyl sy die boeke op die boonste rak een vir een afhaal en met die sagte lap afstof. Sy staan op die trapleertjie. Haar gedagtes is nie by die boeke of die werk nie, maar by Dirk Buchner. Hoekom het die noodlot bepaal dat hulle só ontmoet? En by dieselfde plek oefen. Sy het juis gesorg dat sy met niemand by die gimnasium groot vriende word nie, want dit is haar privaattyd.

Boonop is dit nie die vleierendste plek vir 'n vrou nie, met die sweetreuk wat oor die plek hang, die klere, die gekreun . . .

“Ek het jou amper nie geglo nie. Maar nou kan ek sien jy is besig.”

Sy stem klink hier reg langs haar op. Ragel se hele liggaam ruk soos sy skrik en 'n oomblik lank wonder sy of sy dalk hardop met haarself gepraat het. Sy gryp die leer vas om haar balans te herwin.

Buchner steek 'n arm uit en steun haar. “Ek is jammer. Ek het nie besef jy is ingedagte nie. Dit lyk my ons kan net nie op die regte voet kom nie.”

Sy kyk hom in die oë en is onmiddellik spyt daaroor, maar sy sien hy is werklik jammer. Die amper smalende glimlag is afwesig. “Jy sal die een of ander tyd iets anders as vergifnis moet vra, meneer Buchner,” sê sy terwyl sy afklim en langs die leer gaan staan. Buchner se lengte tref haar weer eens.

“O, ek het al.”

“Hoe bedoel jy?”

“Die boetedoening. Aandete?”

Sy weet sy bloos.

“Ja,” sê sy.

“Ja?”

“Ek onthou.”

“Weet jy hoe laf gaan dit lyk as 'n man in jou winkel op sy knieë gaan staan en smeek?” Die glimlag is weer terug, en sy kan nie help om ook te glimlag nie.

“Meneer Buchner, jy skuld . . .”

“Dirk.”

“Jy skuld my niks. Jy hoef my regtig nie uit te neem om 'n skuldige gewete te sus nie.”

“Nee, jy verstaan nie, juffrou Bergh. Die boetedoening is 'n vals front, suiwer kamouflering. Die eintlike rede is dat ek dink jy is 'n intelligente, sensuele vrou vir wie ek baie graag beter wil leer ken.”

Sy bloos weer, maar sien dat die glimlag afwesig is.

“Ek . . . e . . .”

“Wat van vanaand?”

“Vanaand?” sê sy skaapagtig agterna.

“Ja. Ek weet dit is skielik. Maar dit is tot jou voordeel.”

“O?”

“Ja, want as jy nie van my hou nie, is dit môre alles verby.”

“Ek weet nie . . .”

“Sewe-uur? Ek sal jou by die huis kom oplaai en weer daar gaan aflaai op die tydstip van jou keuse.”

Hy terg haar. Sy kan ook dié speletjie speel. “Goed, Dirk Buchner. Sewe-uur op die kop. En as jy laat is, kan jy maar omdraai.”

“Ragel, jy het ’n . . .”

“Juffrou Bergh.”

Hy gooi sy kop agteroor en lag diep en hartlik. Sy dik blonde hare skud in die son wat deur die winkel se venster skyn. Ragel weet haar brein gaan dié toneel iewers liasseer. Sodat sy dit enige tyd weer met genoegdoening kan opdiep.

“Juffrou Bergh, jy het ’n ooreenkoms. Jou adres, asseblief.”

Hy haal ’n klein dagboekie en pen uit sy sak. Sy gee hom die adres. Hy glimlag breed terwyl hy weer die skryfgoed bêre.

“Sien jou om sewe.”

“Stiptelik,” sê sy. Hy draai om en stap haastig uit. Sy kyk hom ingedagte agterna.

Frikkie kom loer om die hoek van die boekrak. “Van waar, Gehasie?”

Sy skrik weer en vererg haar vir haar eie senuagtigheid. “Dit is die man wat Du Toit se prys opgejaag het,” sê sy.

“Klink asof jy trots is op hom.”

“Hy het om verskoning gevra. Vanoggend in die gimnasium.”

Frikkie frons agter die brillense. “Oefen julle al saam? Ek het nie geweet . . .”

“Dit was bloot toevallig dat ons mekaar daar raakgeloop het.”

“Dit is nie toevallig dat hy jou hiér raakgeloop het nie.”

“Is jy jaloers, Frikkie Cornelissen?”

Hy bloos. “Nee, maar jy het niemand wat na jou kan omsien nie. Iemand moet jou belange beskerm.”

Sy sit haar hand om sy skraal skouers as hulle na die betaalpunt stap. “Ek waardeer dit, Frikkie. Maar ek is veronderstel om dit sêlf te kan doen.”

### 3

Sy het doelbewus getalm met die aantrek sodat hy moet wag. Maar die onsekerheid oor wat sy moet aantrek, het langer geduur as wat sy voorsien het. Wanneer hy aanklop, is sy nog glad nie gereed nie.

Sy kyk op haar horlosie. Presies sewe-uur. Sy glimlag.

“Dit is oop. Sit solank!” skree sy by die trappe af en hoor hoe die deur oopgaan. Sy dwing haarself om nie haastig te wees nie. Sy gooi die helderkleurige geblomde rok oor haar kop en trek dit reg.

Sy kyk in die spieël. Die vel op haar onbedekte arms en nek gloei in die lig. Die rok wys genoeg ronding op die regte plekke, maar is dit nie ’n tikkie outyds nie?

Sy begin om die borsel deur haar dik bos hare te trek. En sy is weer bly dat sy geen grimering buiten ’n bietjie lipstiffie dra nie.

Toe sy by die trap afkom, sit hy gemaklik in ’n leunstoel deur ’n boek en blaai. Hy hoor haar en staan tydsam op. Ragel sien sy word getoets wanneer sy oë haar vinnig van kop tot tone inspekter. Maar sy weet sy slaag.

Hy beduie met die boek in sy hand. “Ek sien jy kan net nie van die boeke wegkom nie.”

“Ja. Ek is al van kleintyd so.”

Hy hou die voordeur vir haar oop. Die herfsaad is soel en warm. In die straat staan ’n silwer sportmotor. “ ’n Porsche. Ek is beïndruk.”

Hy maak die deur vir haar oop en sy buk laag om in te klim. As hy langs haar inklim, het sy al reggeskuif in die diep, gemaklike sitplek.

“Jy ken sportmotors?”

“Eintlik net boekkennis,” sê sy en hulle lag saam.

Die Porsche se neus kies koers Paarl toe, maar sy besef skaars waarheen hulle ry. Die gesprek vlot gemaklik wanneer hulle praat oor die koste van motors en die plesier wat goeie vakmanskap daaraan kan gee. Hy hou eindelijk stil voor ’n restaurant op ’n klein wynlandgoed, ’n plek waar sy nog nooit was nie. Die eetplek is met ryk materiale en egte antieke meubels uit die sewentiende eeu versier, en die kelners dra kniebroeke.

Hy is ’n goeie gasheer. Sy sin vir humor, sy intelligente opmerkings . . . en die feit dat hy meer in haar as in homself belangstel.

“Vertel my die lewensverhaal van Ragel Bergh.”

“Het jy genoeg sakdoeke?”

“Ek sal die tafeldoek inspan as dit te erg raak.”

“Daar is nie veel om te vertel nie. Ek het in die Kaap grootgeword, op Stellenbosch biblioteekkunde geswot en nie met my universiteitsliefde getrou nie.”

“Daar moet meer wees,” sê hy terwyl hy haar wynglas vol maak. Voor sy kan antwoord, kom verneem die kelner wat hulle wil eet. Sy kies avokado gevul met garnale en ’n seekossous as voorgereg, terwyl hy ’n klein porsie smoorsnoek op rys bestel.

“Ek kan die eend in druiwesous aanbeveel,” sê Dirk terwyl sy kopkrap oor die hoofgereg. Hulle besluit albei daarop.

“Die boekwinkel. Hoe het dit gebeur?”

“Dit was my pa se skuld. Hy moes gaan werk toe hy veertien was, want daar was te veel monde om te voer en te min hande om te help met die inkomste. Hy het werk gekry as handlanger op ’n vistreiler toe Tafelbaai se hawe nog die vismekka van die Kaap was. Iewers op die boot het hy een stormnag ’n boek opgespoor – Hardy se *Far from the Madding Crowd*. En hy het nooit weer opgehou lees nie. Hy het geen formele kwalifikasie gehad nie, maar boeke het hom gehelp om sy eie treiler te koop. En later nog een, en nog een . . .”

“Klink na ’n indrukwekkende man. Ek sal hom graag wil ontmoet.”

“Hy is twee jaar gelede oorlede.”

“Ek is jammer . . .”

“Ek mis hom nog. Baie. Hy het gesorg dat ons van kleins af omring was deur boeke . . .”

“Ons?”

“Ek het ’n broer. Hy is ’n dosent in Semitiese tale op Stellenbosch.”

“Aaa, nóg ’n boekmens.”

Die kelner bring die voorgeregte en hulle proe oor en weer om te sien wie die beste keuse gemaak het. Dan hervat hulle die gesprek.

“Die boekwinkel?” vra hy.

“Jy is meedoënloos.”

“Nooit. Net nuuskierig.”

“Jou beurt kom nog.”

“Ek kan nie wag nie.”



Sy lag. “Ons kon elke verjaardag en Kersfees kies wat ons wou hê. Ek wou altyd ’n boek hê. Pa het my van vroeg af na Langstraat se boekwinkels geneem sodat ek self kon gaan uitsoek. Ek was onmiddellik mal oor die reuk van die boeke, die warm atmosfeer van die winkeltjies en die snaakse, interessante omies wat hulle besit het. Pa het my later begin leer dat ’n mens nie net die eerste beste eksemplaar koop van ’n boek wat jy wil hê nie. Hy het my vertel dat sommige boeke meer werd is as ander, dat boeke ’n belegging kan wees as jy weet hoe om te koop.”

Hy luister met aandag, knik nou en dan. Sy blou oë verlaat haar gesig nie vir ’n oomblik nie. Ragel neem nog ’n slukkie wyn. Sy kan nie onthou wanneer laas sy so gemaklik in ’n man se geselskap gevoel het nie.

“Ek het nooit bewustelik daaraan gedink dat ek eendag my eie winkel sal hê nie. Ons voorligtingonderwyser het eenkeer op die ry af gegaan. My vriendinne wou almal die een of ander tradisionele, aanvaarbare beroep volg ná skool. Tot in daardie stadium was ek so besig om met puberteit te worstel dat ek nie geweet het wat ek wil doen nie. Maar toe dit my beurt is, verras ek almal – myself ook. Ek het gesê ek wil my eie boekwinkel hê.”

Die kelner bedien die hoofgeregte. Dirk se nuuskierigheid is steeds nie bevredig nie. “Hoe het jy joune in die hande gekry?”

“Ek en my broer het goed geërf. Ek het alles belê. Maar toe ’n kafee in Langstraat se deure sluit, het ek van die geld losgemaak, die huurkontrak oorgeneem en my winkel oopgemaak. Niemand het gedink ek sou dit maak nie. Bibliotekaresses weet van boeke bêre, nie van sake doen nie. Maar ek het geleer, ook op die harde manier. En dit gaan nie sleg nie.”

“Die manier waarop jy my by die veiling verwoes het, dui daarop dat dit meer as net goed gaan.”

“ ’n Man wat ’n Porsche ry, koop sulke boeke uit sy agtersak.”

“Daar was iets in jou houding daardie dag. Ek het besef ek moes kies tussen die Du Toit en my lewe.”

Ragel lag. “Jy is heeltemal reg. En ek het nou definitief genoeg oor myself gepraat. Ek weet nie eens watse werk jy doen nie.”

“Ek gaan jou net verveel. Dit is hoegenaamd nie so opwindend soos joune nie.”

“Dirk Buchner, ek sal daaroor besluit.”

“Transaksiemakelaar.”

“As jy nie uit jou eie gaan verduidelik nie, verbied ek die kelner om vir jou nagereg te bring.”

Dirk se glimlag is warm en gemaklik, soos die atmosfeer tussen hulle. Sy wil haarself keer om dit te veel te geniet, om te veel van hom te hou. As hy net nie so aantreklik, so selfversekerd was nie. As hy net nie so rég was nie . . . Maar hy begin praat, en sy vergeet van haar vrese.

“Ek gee oor. Enigiets vir malvatert en room. My werk is baie soos joune. Jy is in ’n sekere sin die middelman tussen iemand wat ’n boek wil koop en iemand wat dit wil verkoop. Ek doen dieselfde, maar nie met boeke nie. Ek hoor byvoorbeeld van iemand wat ’n groot klomp geld in aandele wil belê. En ek ken die beste aandelemakelaars. Ek bring hulle bymekaar en kry geld daarvoor. Maar dit is nie altyd aandele nie – soms wil ’n maatskappy skuldbriewe vir buitelandse valuta verkoop, of ’n groot maatskappy wil ’n kleiner een oorneem om sy belange uit te brei . . .”

“Dit klink heerlik.”

“Dit is ’n lewe. Ek geniet die risiko, van nie weet wat môre gaan gebeur nie. En die bevrediging wanneer ek twee partye gehelp het om ’n winsgewende transaksie te beklink.”

“Kan enigiemand dit doen?”

“As ék kan, kan enigiemand.”

“Jy is te beskeie.”

“Inteendeel. Ek het nie eens my graad klaargemaak nie. Wou eers prokureur word. Ek was besig met my klerkskap by ’n firma in Johannesburg. En toe ek eendag ’n kliënt moes besig hou terwyl die baas met middagete was, het hy toevallig gesê hy wil ’n paar honderdduisend belê. ’n Klerk se salaris laat ’n mens kreatief dink oor jou geldsake.”

“Hoe lank is jy al in die Kaap?”

“Net meer as ’n maand. Ek kon dit nie vroeër bekostig nie. Die groot geld is ongelukkig nog steeds in die noorde. Maar my kontakte is nou goed genoeg. Ek hoef nie meer te gaan soek na sake nie.”

“En jou belangstelling in waardevolle boeke?”

“Ek is nuuskierig oor enigiets wat ’n belegging kan wees. Dit was my eerste boekeveiling, soos jy seker agtergekom het. Miskien moet jy maar die geheim met my deel. Wanneer hou ’n mens op met bie?”

Dirk se vraag is só onskuldig dat sy nie eens besef hy het opgehou om oor homself te praat nie. Oor nagereg, koffie en likeurs is sý die een wat vertel van boeke, van haar jeugjare, haar drome vir die toekoms.

Terwyl die Porsche ná middernag weer terugdreun Kaap toe, is sy werklik spyt dat die aand amper verby is. By haar huis spring hy uit om vir

haar die deur oop te maak. En dan die potensieel ongemaklike oomblik by die voordeur. Maar voor sy kan besluit hoe die afskeid behoort te verloop, leun hy nader en plant 'n soen op haar voorkop.

“Dit was heerlik. Baie dankie. Lekker slaap,” sê Dirk, en die Porsche is om die hoek voor sy tot verhaal kan kom.

[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

“Ek dink ek is verlief,” sê Ragel.

Mignon van der Merwe skud haar kort blonde hare uit haar oë om Ragel beter te kan sien. “Net omdat hy jou nie by die deur vuriglik omhels het nie?” vra sy en val haar kabeljou met mening aan.

Ragel sug. “Ek het jou vir middagete genooi omdat ek raad nodig het . . .”

“Jy sal jou raad kry. Kry eers al die feite op die tafel.” Hulle sit in die buiteluggedeelte van ’n hawerrestaurant, omring deur sakemanne in grys snyerspakke.

“Jy het al die feite. Luister, ek is oud genoeg om te weet na watter swak plekke in ’n man se mondering ek moet soek. En Dirk Buchner hét nie een nie.”

“Bog. Hy het net nie een waarvan jy al wéét nie. Hoe kan jy deur ’n waas van hormone en verliefdheid oordeel?”

“Jy is seker reg . . .”

“Moenie so afgehaal lyk nie. Dit beteken net dat jy versigtig moet wees.”

“En van só versigtig wees sal hy sy Porsche vat en ander weivelde gaan soek.”

Mignon lag dat haar wit tande blink in die son. ’n Paar sakemanne kan nie hul oë van haar afhou nie. “Luister, ek kan verstaan hoe jy voel. Dit is die soort man wat dalk net een keer in ’n leeftyd in mens belangstel. Jy kan amper nie waag om hom te verloor nie. Maar dit beteken nie dat jy alle versigtigheid oorboord moet gooi nie.”

“Hoe versigtig moet ’n mens wees met ’n man wat jou op jou voorkop soen? Gewoonlik moet ’n meisie baklei om alleen by haar voordeur in te gaan.”

“Nou wat wou jy gehad het moet hy doen?”

“E . . .”

“Jy is verlief, Ragel Bergh.”

“Jy is heeltemal reg, Mignon van der Merwe.”

“Eet jou kos, Ragel Bergh.”

“Ek is nie honger nie. Ek kan op liefde leef.”

“Die hemel behoede ons.”

“Sê nou net hy bel my nooit weer nie?”

Mignon slaan haar oë op na Tafelberg. “Jy is 28, Ragel Bergh. Die oudste bakvissie in menseheugenis.”

Sewe dae lank hoor sy niks van Dirk Buchner nie. Sy sien hom nie by die gimnasium nie en hy bel haar nie.

In die proses dryf sy feitlik vir Frikkie en Mignon van hul sinne af. In die winkel kan sy nie stilsit nie, en sy dring daarop aan dat Mignon elke aand by haar moet kom kuier, want “die eensaamheid is te veel”. Mignon kyk dikwels op na die berg.

Dan bel hy haar by die winkel. “Ek is vreeslik jammer. Ek was in Johannesburg. Nie eens tyd gehad vir slaap nie.”

Die verligting en verwyte spoel saam-saam deur haar gemoed, maar sy kan nie waag om dit te wys nie. Het hulle nie telefone in Johannesburg nie? “O, haai. Hoe gaan dit?” sê sy.

“Nou weer beter. Wat doen jy vanaand?”

Ragel oorweeg dit vir ’n oomblik om hardekwas te wees, maar dan is die begeerte om hom te sien net te sterk. “Niks besonders nie.”

“Hoe klink *La Traviata*?”

“Wonderlik.”

Toe Ragel die telefoon neersit en ’n danspassie tussen twee rye boekrakke uitvoer terwyl sy haar weergawe van een van die arias gee, val Frikkie se mond oop. En die frons agter sy bril is swaar en afkeurend.

In die volgende twee weke sien sy hom elke aand. Die dae vlieg verby in ’n waas van afwagting, terwyl sy skaars agterkom dat hulle restaurante, teaters en simfoniekonserte saam besoek. Net om by hom te wees, is vir haar genoeg.

Mignon bel elke dag vir wat sy “die amptelike vryverslag” noem. En elke dag moet sy teleurgesteld hoor dat Dirk nog niks meer as ’n soen teen die voorkop geproduseer het nie.

“Miskien is hy gay,” sê sy gemaak ernstig. Ragel stik in haar koffie. “Net ’n grappie, net ’n grappie,” paai Mignon.

“Dit wys ten minste dat hy nie net om een rede in my belangstel nie.”

“Is daar enige ander rede wat die moeite werd is?”

“Gaan bars, Mignon van der Merwe.”

Op die dertiende dag van sy terugkeer uit Johannesburg nooi hy haar na sy woonstel, ’n luukse tweeslaapkamer in Clifton wat uitkyk oor die see.

Hy dis Mozart, Roodeberg en sy eie, heerlike chilli con carne op. En dan soen hy haar vir die eerste keer.

“Nee, niks meer nie,” lui die vryverslag aan Mignon die volgende dag.

“Wel, ons weet darem nou hy is nie gay nie.”

“As jy só gesoen word, sal jy weet.”

“Het jy hom so bietjie aanmoediging gegee?”

“Is jy laf?”

“Ragel, jy is deesdae so fyngevoelig. ’n Mens kan niks meer vir jou sê nie. Dit is tyd dat hy jou hormone stabiliseer.”

“Dit is nie net my hormone nie. Ek is so bang hy dink nie ek is mooi en begeerlik nie.”

“Aaa, eindelijk ’n bietjie perspektief.”

“Maar daar is hoop. Ons ry vanaand Houwhoek toe vir die naweek. Oorslaap.”

“In een kamer? So ’n vark!”

“Ek weet nie hoeveel kamers hy bespreek het nie.”

“Maar ek weet jy hoop dis nie baie nie.”

Wanneer Dirk haar die Vrydagmiddag kom haal, is hy stil en gespanne.

Ragel is heeltelmal uit die veld geslaan. Die afgelope veertien dae was van die wonderlikste in haar lewe. En deel daarvan was Dirk se warmte, sy totale gebrek aan nukke en buie.

“Is daar iets verkeerd?”

Hy glimlag vir haar, maar die gewone vonkel in sy oë is nie daar nie.  
“Nee . . .”

Die gesprek tussen hulle wil nie vlot nie. Ragel gee later moed op terwyl die vrees aan haar begin knaag. Het sý iets verkeerd gedoen?

Sy tuur by die Porsche se venster uit na die slierte grys reënvlae, terwyl sy steeds wonder hoe sy Dirk te na kon gekom het. Sy dink aan gisteraand by sy woonstel: die ete wat sy nie genoeg kon komplimenteer nie, die rustige gesels oor ’n glasie jerepigo en later, net voor hy haar huis toe neem, die Groot Soen. Sy bloos effens as sy onthou hoe sy gewens het hy wil haar met meer passie en oorgawe soen.

Dan tref dit haar dat Dirk dalk op sy senuwees kan wees vir die naweek. Kan dit wees? Dirk Buchner? Meneer Selfvertroue?

Ragel se gedagtes word onderbreek wanneer hulle van die snelweg afdraai na die hotel. Die skoonheid van die plek slaan elke keer haar asem weg – die berge wat die hotel omring, die lowergroen fynbos en die gebou,

een van die oudstes in die Kaap. Dié naweek gaan ’n sukses wees, kom wat wil, besluit sy.

Hy het aangrensende kamers bespreek. Sy beskou dit as ’n goeie teken.

Tydens aandete is hy steeds stil. Ragel probeer om so opgewek moontlik te wees, om vir Dirk op sy gemak te stel. Dié strategie wil ook nie werk nie, want hy praat al hoe minder. Ná ete sit hulle by een van die hotel se groot kaggels en luister na die stortreën op die sinkdak. Die atmosfeer van die geskiedkundige ou gebou en die ander mense wat gesellig om hulle kuier, is net een te veel vir Ragel. Sy skraap al haar moed bymekaar.

“Dirk, as jy stil wil wees, gun ek jou dit. Maar as dit is omdat ek iets gedoen of gesê het, wil ek daarvan weet.”

Hy lyk skielik skuldig, leun vorentoe en vat haar hand. “Nee, dis nie jy nie.” Hy leun vooroor en rig sy blou oë op haar. Sy sidder nog elke keer dat dit gebeur.

Hy skud sy kop asof hy só van die gevoel wil ontslae raak. “Ek is jammer. Ek is selfsugtig. En ek bring my werk saam huis toe. Dit is onverskoonbaar.”

Die verligting daal oor Ragel neer. Dit is sy werk wat hom so mismoedig maak.

“Wil jy daaroor praat?”

“En jou verveel?”

“Jou wêreld is vir my opwindend en interessant. Dit sal my nooit verveel nie.”

“Dit voel net nie reg om jou met my probleme te belas nie.”

“Belas? En ek vertel jou elke dag van my duisende probleempies met die winkel, met vitterige versamelaars . . .”

Hy druk haar hand. “Jy is reg. Dit is net dat ek so lank gewoon was om dit vir myself te hou.”

“Jy hoef nie meer nie.”

“Ek weet nie hoekom dié ding my so pla nie. Dit is eintlik glad nie ’n probleem nie. Ek het toevallig so drie weke gelede gehoor van ’n kaal sake-erf wat in Kampsbaai te koop is – see-uitsig, 4 000 vierkante meter. Behoort aan ’n bejaarde Engelsman wat wil teruggaan Brittanje toe. Hy wil ’n realistiese R750 000 daarvoor hê. Maar kopers is nie nou te volop vir sake-erwe in daardie gebied nie.”

Sy sien hoe sy oë weer begin lewe kry terwyl hy praat.

“Ek het so drie jaar gelede vir ’n Duitse hotelgroep ’n wildplaas agter die Magaliesberge gekry wat hulle in ’n luukse kuierplek omskep het. Hulle was baie tevrede met die transaksie. Hul ontwikkelingsdirekteur, Muller, het eergister uit Bonn geskakel. Hy soek ’n perseel in die Kaap waarop hulle ’n superluukse hotel kan ontwikkel. In die omgewing van Kampsbaai.”

Ragel se voorkop trek op ’n plooi. “Ek verstaan nie waarom jy kla nie. Is die Engelsman se erf dan nie nommerpas nie?”

Hy draai die glas om en om in sy hande. “Dit is juis die probleem. Die erf is perfek. Die regte grootte, die regte ligging. Maar dit is te goedkoop.”

“Te goedkoop?”

“Dit breek my entrepreneurhart om te sien dat die Duitsers bereid is om miljoene vir die regte plek te betaal, maar Cartwright wil net R750 000 hê.”

“Hoekom sê jy nie vir hom hy moet die prys opskuif nie?”

“Die oubaas is al 75 jaar oud. Sy hele familie is in Engeland. Hy sê hy wil nie nog neuk met hoër pryse nie, hy wil net die erf verkoop. Ek moet Maandag vir die Duitsers laat weet. Hulle gaan die grootste winskoop in die geskiedenis van die hotelbedryf bekom. Ek is seker hulle sou tot twintig miljoen betaal het.”

Ragel se oë rek wyk. “Twintig miljoen?”

“Dit is een van die grootste hotelgroepe in die wêreld. Sestien luukse hotels net in Afrika. Die koste om één so ’n hotel vir ’n dag aan die gang te hou, is al meer as R750 000.”

“Sou jy meer uit die transaksie gekry het as die verkoopprijs hoër was?”

Dirk lag en skielik is die lewe in sy oë terug. Ragel sien hoe hy ’n sterk hand deur sy dik bos hare stoot, een van sy gewoontes wat sy al so goed ken. Hy praat met al hoe meer geesdrif. “Ek sou. En dit maak my ook hartseer. Maar nie so hartseer soos die feit dat ek die erf self kon gekoop het en aan die Duitsers verkoop het nie. Dit is nie heeltemal hoe ek sake doen nie, maar daar is altyd ’n eerste keer.”

“Nou hoekom doen jy dit nie?”

“Byna elke sent wat ek het, is vas belê vir minstens nog sewe maande. Daar is nie ’n kat se kans dat ek dit betyds kan loskry om die erf te koop nie.”

“Kan jy nie die geld leen nie? Jou vaste belegging kan mos as sekuriteit dien by die bank.”

Dirk sak terug in sy stoel. Sy stem verloor drif. “Ek het so vier jaar gelede ’n bietjie teenspoed gehad. Nee, kom ek wees eerlik, héélwat



teenspoed gehad. 'n Makelaarsvriend het my vertel dat twee Taiwannese sakemanne 'n klein genoteerde elektroniese maatskappytjie in Pretoria wil oorneem. Hulle sou dit glo omskep in 'n onderneming van multimiljoene rande wat elektroniese onderdele vir uitvoer vervaardig. Ek was toe nog honger op pad boontoe. En naïef. Ek het elke sent wat ek gehad het, gebruik om aandele in die plek te koop. En ek het nog honderdduisend geleen by die bank, wat in daardie stadium gedink het ek is hulle volgende miljoenêrskliënt.”

Hy maak 'n gelate gebaar, teug aan sy drankie.

“Ek was nie die enigste een nie. Die plek se aandeleprys het oornag gestyg van negentig sent per aandeel na net oor die drie rand. Dit het my onmiddellik 'n miljoenêr gemaak. As ek daardie oggend verkoop het . . .” Hy sug en 'n gesigspier trek asof hy fisieke pyn ervaar.

“Ek was gierig. Dit was nie genoeg om my geld te laat verdriedubbel nie. Ek wou meer hê.” Hy glimlag wrang. “Die ander ook. Ek het hulle nooit geken nie, maar die koerante was vol. Amper tweehonderd beleggers . . . Gierigheid is 'n universele eienskap. Dit behoort nie eksklusief aan die dommes nie. In elk geval, die Taiwannese het dieselfde dag besluit om kop uit te trek. Toe ek die volgende oggend wakker word, was die prys tagtig sent per aandeel. 'n Maand later was die maatskappy bankrot. Ék ook.”

Haar gesig wys haar simpatie.

Hy lig haar hand tot by sy mond en soen dit saggies. “Ek het dit as skoolgeld beskou. Waaraan ek vandag nog afbetaal. Want die bankbestuurder sal my aansoek om 'n lening ewe vriendelik ontvang, my lêer gaan uithaal, dit oopmaak en daardie fronsie tussen sy oë kry wat net motorwerktuigkundiges of bankbestuurders kry wanneer jou motor of geldsake neuk.”

Sy lag. “Jy is baie filosofies daaroor.”

“Ek het lank gelede 'n transaksie vir 'n motormagnaat van Durban gedoen. En toe ons dit met 'n glasier brandewyn en 'n sigaar beklank, het hy vir my gesê die sakeman wat nie bereid is om 'n tweede of derde keer van voor af te begin nie, sal nooit regtig suksesvol wees nie.”

Hy merk dat haar glas leeg is. “Ek sien hulle het KVV Port op die rak. Kan ek vir jou ook kry?”

“Asseblief.” Sy hou hom dop terwyl hy wegstap. Hy beweeg glad. 'n Roofdier. 'n Paar vroue in die vertrek se koppe draai.

Hy's myne, dink sy en glimlag.

Ragel weet sy is té gou té verlief. Sy weet sy loop die risiko van seerkry. Maar sy gee nie om nie. Om by hom te wees, sy aandag te hê, maak dit alles die moeite werd. Sy leun terug in die diep gemakstoel en staar na die vlamme in die kaggel. Sý sal Dirk se depressie genees, kom wat wil.

Hy kom teruggestap met die twee glasies in sy hande. “Die gode het port uitgevind vir reënerige aande voor die kaggel.”

Sy knik instemmend en neem haar glas. Dirk gaan sit. “Nou ja, waar was ons?”

“ ’n Sakeman moet bereid wees om weer van voor af te begin . . . ”

“Dis reg. En ek hét.” Hy neem ’n slukkie. “Nektar. Ja, ek het weer voor begin. Nou aanvaar ek dat net ander mense vinnig ryk word. Ouens soos ek moet werk daarvoor.”

Hy lig sy glas. “Kom ons drink op die ongelooflike winskoop waarmee ek die Duitsers Maandag gaan verras.”

’n Idee skiet deur Ragel se gedagtes, en sy wil lag van pure opwinding. “Ek kan vir jou geld leen,” sê sy triomfantlik.

Hy deursoek haar gesig vir ’n teken dat sy ’n grap maak en lag humorloos. “Ja, en die tandmuis sal seker ook iets bydra.”

“Ek is ernstig,” sê sy half ergerlik.

Hy frons. “Dit lyk my so. Ragel, waar op aarde gaan jy R750 000 vandaan kry? En buitendien, al het jy dit nou uit jou tas gepluk, sal ek dit nooit as te nimmer by jou leen nie. Dit is ’n vaste beginsel . . . ”

Sy val hom in die rede. “Jy kan onmiddellik ’n wins van negentien miljoen rand maak. Wat maak dit saak by wie jy die geld leen?”

Skielik glimlag Dirk breed. Hy leun vooroor en praat sag en geduldig, amper soos met ’n kind wat nie ’n eenvoudige stelling wil snap nie: “Ragel, daar is drie dinge hier ter sprake. Die een is die gesondste beginsel in die sakewêreld – leen geld by finansiële instellings. As sake nie uitwerk nie, kan hulle dit bekostig om die verlies te ly. Die tweede is dat ek niks sal doen wat ons verhouding in gevaar kan stel nie. Ek weet ons is albei volwasse mense wat dit soos ’n saketransaksie kan benader, met kontrakte en waarborge, maar jy is vir my meer werd as negentien miljoen rand. En derdens dink ek nie jy besef hoe moeilik dit vir jou gaan wees om R750 000 in die hande te kry nie.”

Ragel ervaar teenstrydige emosies. Haar hart juig dat hy hul verhouding as so kosbaar beskou, maar sy stemtoon en aanname dat sy nie die geld het nie, laat haar bloeddruk styg.

“Ek hét die geld.”

“Hoe bedoel jy?”

“Ek en my broer het elkeen net meer as ’n miljoen geërf ná my pa se dood. Ek het amper R300 000 gebruik vir die winkel en my huis. Die res is alles beleggings.” Ragel probeer hard om nie trots te klink nie.

Dirk fluit saggies. “Ek kuier by ’n skatryk vrou en ek weet dit nie eens nie.”

Ragel glimlag. “Maar ek verstaan jou beginsel. My pa was ook so. Hy wou nie eens geld geleen het by die bank nie, wat nog te sê van vriende.”

Hy leun agteroor. “Daar sal ander transaksies wees. Eendag. Kom ons gaan slaap.”

Ragel kan sien die lig in sy oë het weer verdof. Maar haar hart klop tog vinniger as hulle kamer toe stap. Dirk gaan staan voor haar deur, neem haar gesig in sy hande en soen haar. “Lekker slaap.” Hy sluit haar deur vir haar oop.

“Jy ook.”

Sy maak die deur saggies toe en val dan in frustrasie op haar bed neer. Hoe anders kon dit nie gewees het as Dirk nie met die transaksie geworstel het nie.

Sy hang later haar klere op, sit die lig af en skuif diep onder die komberse in. Haar gedagtes dwaal. Sy weet Dirk se fisieke aantrekkingskrag het baie met haar frustrasie te doen. Maar dit is net een deel daarvan. Hy behoort die soort man te wees wat sake in eie hande neem, optree, die leiding neem. Die omstandighede rondom die transaksie het sy vegtersinstink net te vinnig geblus.

Hoe sal jy weet? Het jy al negentien miljoen rand op een slag verloor? trek sy haar eie oordeel in twyfel. Nee, sy kan hom nie regtig kwalik neem nie. Dit is sy werk, sy lewe wat ter sprake is. En sy moet terugstaan.

Maar Ragel het nog nooit vir enigiets teruggededeins nie. Daar moet ’n oplossing hiervoor wees. Sy moet net dink.

Sy weet nie wanneer sy aan die slaap geraak het nie, maar in die nanag skrik sy wakker met die oplossing. So eenvoudig. So briljant. Haar hand strek na die telefoon om vir Dirk te bel. Sy trek dit terug. “Môre, Dirk Buchner, môre is nog ’n dag,” prewel sy. Dan draai sy om en raak weer aan die slaap.

Die oggend is skoon gewas, maar die wind waai koud en wolke skuif kort-kort voor die son verby. Hulle besluit om teen die berg te gaan stap.

“Anders gaan ek nie vir middagete kans sien nie,” sê Ragel.

Dirk is meer opgewek, maar nog nie die spitsvondige, vurige man wat sy leer ken het nie. Hulle gesels oor die natuurskoon, oor die mooi hotel wat onder hulle in die klein vallei lê, oor soortgelyke tonele in Switserland, oor hul wedervaringe oorsee.

Maar hulle vermy Die Transaksie.

Ragel kan nie besluit wanneer sy hom moet vertel nie.

Ná die stap drink hulle tee in die sitkamer en trek dan een van die skaakborde nader. Dirk dink deeglik oor elke skuif, terwyl Ragel op instink speel. Hy wen maklik. “Jou gedagtes is nie by die skaak nie.”

Sy kyk op. Daardie oë. “Mmmm.”

“Skaakmat. Nog tee?”

Ragel skud haar kop. Dan besluit sy om te praat. “Dirk, ek wil daardie erf koop.”

Hy is besig om die skaakstukke reg te pak en kyk op, koningin in die hand. “Jý wil die erf koop,” sê hy meganies agterna.

“Ja. As ek en meneer . . . die eienaar . . .”

“Cartwright.”

“As ek en meneer Cartwright Maandagoggend ’n koopkontrak vir R750 000 teken, is die erf mos wetlik myne, al is die geld nog nie oorbetaal nie.”

“Ja, vir die doeleindes van ’n volgende koopkontrak. Maar . . .”

“Nee, luister eers klaar. Jy kan nog steeds die Duitsers laat weet dat jy ’n erf gekry het, maar die prys is tien miljoen. Of vyftien. Jy sal moet help met die bepaling van die verkoopprijs.”

Dirk sit nog steeds met die skaakstuk in sy hand, half oorbluf. “Ek het nie geweet jy is so ingelig oor kontrakte nie.”

“Ek is ’n sakevrou.”

“Hoekom doen jy dit?”

“Vir die geld. En sodat jy kan terugkom aarde toe.”

“Ek? Ek makeer . . .”

Sy maak hom met 'n swaaiende vinger stil. “Ek het gisteraand alles uitgewerk. Dit gaan nie vir jou om die geld nie, maar om die beginsel. Miskien is jy bang hulle praat van jou as die man wat die kans deur sy vingers laat glip het. Ek dink ek verstaan 'n man se trots. Dus: Ek kan miljoene verdien, jou persentasie op die transaksie is baie hoër en jy hou op om soos 'n gekweste leemannetjie hier rond te loop.”

Ragel glimlag selfvoldaan.

Dirk staar na haar, sy mond effens oop in verbasing. Dan gooi hy sy kop agteroor en lag. 'n Kelner by die deur kyk verbaas op. Ragel se hart spring. Sy wag al die hele naweek lank vir daardie lag. Maar lag hy vir haar plan?

Dirk se lagbui bedaar. “Ek neem aan jy is vasbeslote.”

“Definitief.”

“Ragel Bergh, ek het jou onderskat. Heeltemal. Jy is nie die eienares van 'n boekwinkeltjie nie, jy is 'n sakereus, 'n vrou met visie, ambisie.”

Sy sien hoe Dirk se blou oë skielik skitter, hoe sy lewenslus in elke nuanse van sy gesig en lyf terugkeer. Sy wens hy wil haar vat . . .

Dan is hy ernstig. “Weet jy wat jy doen?”

“Natuurlik. Daar is mos nie risiko nie.”

“Nee, daar is nie. Die Duitsers sal koop. Maar jou geld. Is dit nie vas belê nie?”

“Die meeste daarvan is in aandele. Ek sal Maandag met my rekenmeester gaan praat. Dit behoort alles binne twee weke los te wees. Daar is 'n vaste belegging op drie maande kennisgewing by die bank, maar ek het oortrokke geriewe vir dieselfde bedrag.”

Dirk skud weer sy kop in ongeloof. “Uitgeslape. En ek het gedink ek ken jou.”

Ragel geniet elke oomblik.

Skielik frons hy. “Ek waardeer wat jy wil doen meer as wat jy ooit kan dink. Maar jy moet my posisie verstaan. Ons sakegemeenskap is maar klein. Die oomblik dat dit bekend word dat ek my geliefde bevoordeel het ten koste van 'n vorige sakevennoot, sal niemand my weer vertrou nie.”

Sy hoor die woord, maar bepaal haar by die punt. “Daar is geen rede hoekom die hele Kaap moet weet ek was die vorige eienaar nie.”

Dirk is ernstig. “Jy sal jou rekenmeester moet vertel waarom jy skielik 'n driekwartmiljoen kontant wil hê. En dan is daar nog jou prokureur, jou bankbestuurder . . .”

Ragel vererg haar effens. “Dirk, hou op met dink ek is net ’n grootoogmeisie in die man se sakewêreld. Ek het ook al ’n paar dinge geleer. Ek hoef niemand hiervan te vertel nie. Nie eens my rekenmeester nie. Ek kan direk met die makelaars praat. Die prokureur is ’n probleem. Iemand moet seker die koopkontrak opstel, die aktes behartig?”

“En ek ken ’n betroubare een wat sy mond sal toehou.”

Dirk glimlag breed. Hy kyk haar diep in die oë en skud sy kop van kant tot kant. Dan sit hy sy hande om haar nek en trek haar bo-oor die skaakbord saggies nader. “Jy is ongelooflik,” sê hy. En hy soen haar met drif. Ragel hoop die kelner kyk anderpad, want dié geleentheid gaan sy nie misloop nie.

Dirk staan op en vat haar hand. Sy oë lewe. “Kom,” sê hy, sy stem skielik grof. Hy stap in die gang af en met die trap op, groot, doelgerigte treë. Ragel se hart klop in haar keel. Sy moet drafstap om by te bly, om haar hand in sy sterk greep te hou.

Dirk bewe effens as hy sy kamerdeur wil oopsluit. Wanneer hulle binne is, trek hy haar byna hardhandig nader. Haar asem jaag van die hardloop en die afwagting. Hy kreun terwyl hy haar soen, sy hande besig met haar bloes se knope. Ragel wil sy hemp oopvlek, haar lippe teen sy bors druk, haar bors teen sy bors druk. Hy tel haar op en lê haar op die bed neer.

Haar vingers raak verstrengel in die dik blonde hare as sy sy kop nader trek.

Ragel is eers weer die Sondagoggend alleen wanneer sy na haar kamer moet gaan om reg te maak vir ontbyt. Sy betrap haarself dat sy met ’n groot glimlag in die vuurwarm bad lê en die gebeure van die afgelope dag herleef. Sy het nog nooit ’n minnaar soos Dirk Buchner beleef nie. Hy het dinge met haar gedoen wat haar laat skree het, en laat lag het. Hy was sag – en soms nié. Hy was hoflik, dringend, skeppend, ervare, spitsvondig, liefdevol, wonderlik. Sy is nog nooit só geheel en al bemin nie.

Dan besef sy hulle het die vorige oggend laas geëet en sy is rasend honger. Sy bad vinnig klaar en trek aan. Dirk kom haal haar en hulle loop hand in hand die trap af. “Dis aansienlik stadiger as toe ons opgekom het, nè?” Ragel lag uitbundig.

Sy kan nie haar oë van hom afhou nie. Tussen elke gereg hou sy Dirk se hand vas. Sy kan nie ophou met glimlag nie. Sy wil aan hom behoort.

Laatmiddag, met die rit huis toe, tref hulle finale reëlins vir die transaksie. By haar huis, met vol bekers koffie wat koud word en die reën

wat teen die ruite sif, maak sy weer haar lyf sag en oop vir hom.

Hy kom haal haar net ná tien by die winkel. Frikkie probeer om die innige soen waarmee sy Dirk groet, mis te kyk, maar sy frons verdiep. Hy het onmiddellik besef dat Ragel blind verlief is toe sy 'n uur later as gewoonlik by die winkel opdaag en oor niks en niemand anders as Dirk Buchner en hul wonderlike naweek saam kan praat nie.

Dirk ry eers Kampsbaai toe. “Jy moet sien wat jy koop. Jy moet die erf se sand tussen jou tone voel en besluit of dit regtig is wat jy wil doen.”

Ragel hou sy hand so styf vas dat hy amper nie die Porsche se ratte kan verwissel nie.

Die sake-erf is groter as wat sy gedink het en die uitsig oor die Atlantiese oseaan is oneindig. Ragel is gek na die plek.

“Verstaan jy nou waarom ek dit nie vir R750 000 kan laat gaan nie?”

Ragel soen hom.

Sy prokureur se kantoor is hoog in een van die Strandgebied se nuwe toringblokke. *Jankowitz en Van Sitterd* staan op die deur. Die ontvangslokaal is ruim en modern gemeubileer. Die rooikopontvangsdame sou beeldskoon gewees het as dit nie vir haar oormaat grimering was nie.

Sy kom met 'n groot glimlag om die toonbank gestap. “Môre, meneer Buchner. U moet juffrou Bergh wees. Meneer Van Sitterd wag al vir u. Kom, stap gerus deur.”

Dirk groet hoflik. Die ontvangsdame hou die deur oop en hulle stap in 'n reusekantoor in, waar 'n ewe groot man met 'n welige pikswart baard agter 'n tamaai lessenaar sit.

“Dirkie,” sê hy joviaal en staan op, 'n groot hand uitgestrek.

“John, ek wil hê jy moet my aanstaande ontmoet. Ragel Bergh, dit is my vriend, John van Sitterd.”

Ragel hou dadelik van die groot man met die baard.

“Now I know why you waited so long, Dirkie. It was worth it.”

Ragel bloos. Van Sitterd fluister vir haar agter 'n teatrale hand. “Hy was maar sku vir vroumense. Te blêddie bangbroek.”

Ragel lag en Van Sitterd bulder. “Kom sit, kom sit. Mister Cartwright sal nou enige oomblik hier wees.”

Dirk en Van Sitterd raak dadelik aan die gesels oor die kontrak. Ragel luister met een oor. Sy besef Van Sitterd het 'n grap gemaak oor Dirk se skuheid vir vroue, maar sy weet daar is ook waarheid in. En sy hou daarvan.

'n Rukkie later bring die ontvangsdame vir Cartwright in. Hy is 'n bejaarde man met staalgrys hare en 'n militaristiese, potlood dun snorretjie. Hy praat in kort sinsnedes en 'n swaar aksent.

Hulle drink eers tee. Dirk en Van Sitterd doen die meeste geselswerk, terwyl Cartwright met sy hande op sy kiere leun en met 'n skewe kop sit en luister. Ragel vermoed dat hy effens doof is.

Die ontvangsdame bring die kontrak in en Van Sitterd behandel dit stukkies vir stukkies met hulle. "Ragel, jy het onmiddellik vervreemdingsreg op die grond, maar enige kontrakte wat jy ná vandag aangaan, sal net regsgeldig wees as die voorwaardes van die kontrak tussen jou en mister Cartwright nagekom word. You understand that, mister Cartwright?"

Cartwright leun vorentoe. "How's that?"

Van Sitterd verduidelik die bepalings weer geduldig aan die gryskop man. Dan begin hulle met die langsame proses van ondertekening. Wanneer Cartwright die pen eindelijk ná 'n laaste stylvolle handtekening neersit, kyk hy vir die eerste keer in Ragel se oë. "Congratulations, my dear. May that little piece of earth bring you much joy."

Ragel reageer outomaties met 'n dankie, maar sy voel skielik vreeslik skuldig. As dié waardige man moet weet waarom sy dit regtig gekoop het . .

.

"Just one small favour," vra Cartwright.

"Anything."

"Please try to conclude the transaction as soon as possible. I want to go home."

Nou het Ragel 'n knop in haar keel. Hy wil só graag terug Engeland toe gaan, na sy mense toe, dat hy bereid is om die erf byna verniet weg te gee. En sy gaan miljoene daaruit maak. Maar vir haar gaan dit darem ook oor 'n mens . . .

"I promise you I'll do my best," sê sy met oorgawe.

Toe hulle ná 'n plegtige afskeid van Cartwright in die sonlig uitstap, wil Dirk met alle geweld die transaksie met middagete gaan vier.

"Ek het nog nie eens begin reël aan die geldsake nie. En jy het gehoor hoe mooi Cartwright gevra het vir gou maak," pleit sy.

Dirk glimlag vir haar. "Dat só 'n beeldskone vrou só 'n klein hartjie moet hê. Wat van aandete? By my plek. Dirk Buchner se beroemde spaghetti met swartmossels in 'n rooiwynsous."



“Die beeldskone vrou met die klein hartjie en die groot maag,” lag Ragel.  
“Jy weet waar my swak plekke lê. Ek kan nie wag nie.”  
“Sien jou teen sewe-uur.”

[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

“Mignon het gebel, jou broer soek jou al van Saterdag af, twee kliënte is kwaad omdat hulle so sukkel om jou in die hande te kry en . . . en dit is al,” sê Frikkie sodra sy weer by die winkel ingewaai kom.

Sy vererg haar so effens vir sy stemtoon. “Hulle kan almal maar so ’n klein bietjie wag. Ek is met iets groots besig, maar dit is al amper verby.”

“Sal dit ooit verby wees?”

Ragel is op haar perdjie. “Wat bedoel jy?”

Frikkie gee die stryd gewonne. “Niks nie,” mompel hy en draai weg.

Maar Ragel se bloed kook. “Nee, kom praat dit uit. Ek sien jy loop die afgelope tyd met jou ken op jou bors. En ek is nou moeg daarvoor. As daar iets is wat jou pla, moet jy manskans genoeg wees om daaroor te praat. En nie net skimpe te gooi nie.”

Frikkie se oë rek vir haar uitbarsting. “Ek is jammer,” sê hy sag. Sy gebrek aan aggressie haal die wind uit haar seile.

“Asseblief, Frikkie. Ek is regtig besig met ’n groot ding, maar ek mag niks sê nie.”

Frikkie knik sy kop instemmend, maar sy oë is soos dié van ’n getroue ou hond wat onnodig pak gekry het. Ragel sug en stap na haar kantoor.

Haar eerste oproep is na die aandelemakelaar wat haar sake hanteer. Daarna gesels sy amper ’n driekwartier met haar bankbestuurder. Sodra sy die telefoon neersit, lui dit onmiddellik.

“Ek neem aan jy sou my al vroeg vanoggend gebel het as die naweek die moeite werd was,” sê Mignon.

“Haai. Ek moet bieb – dit gaan dol.”

“Wel?”

“Wel wat?”

“Ragel Bergh, jy is besig om my te tart. Het hy of het hy nie?”

“Ek is jammer, juffrou Van der Merwe, maar dit is geklassifiseerde inligting.”

Mignon gil aan die ander kant. “Hy het! Ek weet hy het. Ek kan dit aan jou stemtoon hoor. Jy klink so onderdanig. Maak jy al sy skoon skoon?”

“Dit was nie nodig nie.”

Mignon bly vir 'n oomblik oorbluf stil. “Dis 'n grap, Ragel. Onthou jy? Wanneer iets snaaks is?”

“Ek is nou moeg daarvoor dat jy alewig besig is om Dirk af te kraak. Ek kan dit nie verstaan nie. Frikkie is net so negatief.”

Dié keer neem dit Mignon nog langer om oor haar verbasing te kom. Ná 'n rukkie stilte sê sy: “Luister, dit is Maandag. Kom ons probeer môre weer om dié gesprek voort te sit. Dalk voel jy beter.”

“Ek voel baie goed. Daar is niks met my verkeerd nie,” sê Ragel vies.

Mignon sug en groet. Ragel sit die telefoon neer met 'n groot frons. Hoekom is almal skielik so vyandig? Kan hulle nie besef dat sy onder druk is nie? Dit is 'n groot transaksie – die grootste waarby sy nog betrokke was. En sy kan nie eens daaroor praat nie. Behalwe met Dirk. Hy sal verstaan. En sy moet nog tot vanaand wag om hom te sien.

Die res van haar dag is vol frustrasie. Sy is in die winkel vasgekeer saam met Frikkie wat sy oë gedurig verwyttend op haar rig soos 'n gekweste dier. Boonop sukkel sy om te konsentreer wanneer kliënte kom gesels.

Teen vieruur kan sy dit nie meer hou nie.

“Frikkie, dit is regtig 'n blou Maandag. Ek gaan in 'n warm bad klim,” maak sy verskoning.

Sy slaan die MG se dak terug en kies koers Houtbaai toe, al langs die see af.

Ragel se gedagtes maal. Daar het in die laaste 24 uur só baie gebeur. Doen sy die regte ding? Het sy nie met die voorstel dat sy die erf sal koop, te gou haar gevoelens vir Dirk gewys nie? Sy gee nie 'n duiwel om vir die geld nie. Sy wil net nie vir Dirk verloor nie. Nee, dit is nie heeltemal eerlik nie. Die geld sal heerlik wees. Net die idee om so baie geld te kan besit . . .

Die wind deur haar hare wil nie help om die spinnerakke weg te waai nie.

Sy besluit om vanaand met Dirk te praat. Hy sal verstaan. Sy draai die MG om en ry huis toe.

Die eerste groot verrassing is toe hy haar kom haal en sy hom skaars kan sien agter die reuse bos blomme in sy arms.

“Sit dit net eers in die water. Ons gaan dadelik ry. Ek het iets wat ek met jou wil bespreek,” sê Dirk ernstig.

Ragel skrik. Maar sy doen meganies wat hy sê.

Wanneer hulle by Dirk se woonstel kom, laat hy haar op die rusbank sit en maak dadelik 'n bottel sjampanje oop. Hy kom sit langs haar en skink twee glase.

“Op jou nuutgevonde rykdom.”

Sy klink haar glasie. “Jy wou iets met my bespreek het.”

Toe kom die tweede verrassing.

“Ja.” Dirk skuif nader. “Jy het nie ’n goeie dag gehad nie, nè?”

“Kan ’n mens dit só maklik sien?”

Dirk glimlag. “Jy was onseker of jy die regte besluit geneem het, deurmekaar oor die hele spul, bekommerd dat jy al jou geld in een neseier belê.”

Nou glimlag sy vir die eerste keer. “Hoe op aarde weet jy dit?”

“Luister, dit is my werk om te weet. Elke transaksie wat ek beklank, het dieselfde uitwerking op mense wat nie elke dag by sake van dié grootte betrokke is nie. Jou gevoelens is doodnormaal. Die rede daarvoor is dat die opwinding vir eers verby is. Maar moenie jou bekommer nie. Die groot euforie kom wanneer jy die Duitsers se tjek in jou hand vashou. Dit sal dit alles die moeite werd maak.”

Ragel se hande gly om Dirk se nek. “Ek verdien jou nie. Ek voel al klaar beter.”

Hy soen haar vinnig. “Daar is nog nuus.”

“Kan dit nie wag nie?”

Dirk lag. “Dit kan.”

Laataand eet hulle Dirk se pasta voor die kaggel.

“Jy moes nooit ’n transaksiemakelaar geword het nie. Die voedselbedryf het een van sy grootste seuns verloor,” sê Ragel.

“Met sulke vleitaal kan jy ’n tweede porsie kry.”

“Jy het vroeër gesê daar is nog nuus.”

“Vroeër?” terg hy.

“Ja, Dirk, net voor ek jou skaamteloos in die sitkamer verlei het.”

“Mmmmm . . . Ek onthou vaagweg so iets.”

Sy dreig hom met die pastavurk. “Praat.”

Hy leun vorentoe om haar te soen, maar sy laat haar nie van stryk bring nie. “Vergeet dit. Ek laat my nie soen deur ’n man met mosselsous in sy snor nie.”

Dirk gooi sy kop agteroor en lag daardie uitbundige lag wat Ragel soveel intense genot gee om dop te hou.

Wanneer sy lagbui bedaar, vertel hy haar. “Ek het vanoggend ’n lang telefoongesprek gehad met Otto Muller, die ontwikkelingsdirekteur van die

hotelgroep. Hulle is bereid om 'n onmiddellike opsie op die erf te neem, met 'n kanselleringsklousule van twee miljoen.”

“Stadig nou. 'n Kanselleringsklousule. . .?”

“Ja. Hulle is so gretig om die erf te bekom, en natuurlik jou te verhoed om aan iemand anders te verkoop, dat hulle die klousule in die opsiekontrak wil insit. Dit sal beteken dat jy in elk geval twee miljoen sal kry, al besluit hulle uiteindelik om nie die erf te vat nie.”

Sy soen hom op sy snor. “Dirk, dit is ongelooflik.”

“Alles deel van die diens, juffrou Bergh.”

“Ek het ook darem goeie nuus. Ek het vanoggend met my makelaar en bankbestuurder gepraat.”

“En . . .?”

“En ek kan die tjek teen Vrydag hê.”

“Cartwright gaan jou vir ewig dankbaar bly.”

“My makelaar was 'n groot hulp. Hy het aangebied om met ondertekening van die nota en oorhandiging van die sertifikate dadelik te betaal, al is die verkoop van die aandele nog nie deur nie. By die bankbestuurder was dit ietwat moeiliker.”

“Hoe so?” sê Dirk besorg.

“Die aandelemark is blykbaar op die oomblik glad nie te stewig nie. Ek sou saam met die opbrengs uit die aandele en die toegelate oortrokke geriewe by die bank nog 'n honderdduisend kort wees van R750 000.”

Dirk stort rooiwyn op die mat.

“Moenie bekommerd raak nie. Ek het lank met my bankbestuurder gepraat. Hy sal die oortrokke limiet opskuif – met my huis as sekuriteit. Ek skuld niks op die huis nie.”

“Jy het my vir 'n oomblik groot laat skrik. Weet jy hoe kan Cartwright jou ry as jy nie die koopprys kan betaal nie?”

“Ek kan net dink. Maar alles het mooi uitgewerk. My makelaar en bankbestuurder vrek natuurlik van nuuskierigheid oor wat ek met die geld wil doen.” Sy maak haar stem dik. “Juffrou Bergh, jy moet maar versigtig wees. Ek hoop jy weet wat jy doen.”

“Ek weet wat ek gaan doen,” glimlag Dirk. “Ek gaan nog spaghetti kry. Wat van jou?”

Die kanonskote van die *1812-ouverture* versteur die winkel se vrede wanneer Ragel eers ná elf inkom. Frikkie is besig met kliënte.

'n Vlaag van skuldgevoelens spoel oor haar. Sy het die nag by Dirk deurgebring en nog boonop saam laat opgestaan en by 'n spoghotel in Kampsbaai gaan ontbyt eet. Geen wonder die arme Frikkie is vanoggend op die oorlogspad nie. Sy sal ongetwyfeld meer tyd in die winkel moet begin deurbring.

As Ragel by haar kantoor instap, onthou sy ook die onsmaaklike gesprek wat sy met Mignon gehad het. Wat gaan deesdae aan met my? vra sy haarself. Sy skakel dadelik.

“Ek is jammer oor gister.”

“En met reg ook,” sê Mignon verontwaardig. “As dit is wat seks aan jou doen, moet jy 'n oujongnooi word.”

Ragel lag lank. “Nee, dit was iets anders. Maar dit gaan nou beter.”

“Is hy goed vir jou? Is dit iets wat hy gedoen het?”

“Nee, man, Dirk Buchner is die wonderlikste mens wat ek nog ontmoet het.”

“Sluit dit my ook in?”

“Sonder enige twyfel.”

“Nou wanneer kry ek die geleentheid om Meneer Wonderlik te ontmoet? Eers op die onthaal ná die troue?”

“Haai wraggies, jy het nog nie eens vir Dirk ontmoet nie.”

“Kom drink vanaand iets. E . . . wyn . . . koffie . . . Wat drink Meneer Perfek? Mineraalwater?”

“Jy is mal. Hy drink rooiwyn, verkieslik Roodeberg of Kanonkop Cabernet Sauvignon, maar sal ook sy perfekte lippe aan 'n glasie whisky slaan – as dit suiwer Skots is. Vroegoggend drink hy vars gemaakte filterkoffie, verkieslik Jamaican Blue Mountain. Deur die dag verkies hy . . .”

“Asseblief, asseblief! Die uitnodiging is net vir vanaand, nie vir 'n week nie.”

Ragel lag weer. “Ek sal net met Dirk moet praat. Ek weet nie of hy al planne gemaak het nie.”

“Nou bel hom gou, dan bel jy my terug.”

Ragel besef met 'n skok dat sy nog nie Dirk se telefoonnommer by die werk of die huis gevra het nie. Hy het háár nog net gebel.

“Hy . . . e . . . is nie nou beskikbaar nie. Maar ek sien hom vir middagete. Ek bel jou ná twee.”

Wanneer sy die telefoon neersit, sien sy die kliënte by die deur uitgaan. Ragel besluit om die vrede met Frikkie ook te herstel. Sy stap by die kantoor uit. Frikkie se lessenaar is in 'n ander hoek van die winkel. Dit is pynlik netjies reggepak. Hy is besig om die verkope aan te teken.

“Frikkie, ek weet ek was nie die afgelope tyd 'n baie betroubare kollega nie . . .”

Hy kyk nie op van sy werk af nie. Sy stemtoon is neutraal. “Jy is die baas.”

“En nie 'n baie goeie een nie. Luister, ek is jammer. Dit is net . . . Ek het vir baie maande niks anders as die winkel, vir jou en vir Mignon gehad nie. Jy weet daar was ander vriende, maar . . .”

“Dit het niks met my te doen nie,” sê Frikkie ongemaklik. “Jy hoef nie te verduidelik nie.”

“Ek weet, maar ek wíl graag. Want ek gaan Dirk nog lank sien – miskien nog baie lank. En hy het my lewe verander.” Ragel sien Frikkie kyk weer af sodra sy van Dirk praat. “Jy hou nie van hom nie, nè?”

Frikkie bloos bloedrooi. “Dit maak niks saak nie.”

“Jy sal van hom hou as jy hom beter leer ken. Hy is regtig . . . Niemand het nog ooit soveel vir my omgee nie, soveel vir my gedoen nie. Hy . . .”

Frikkie konsentreer sterk op die pen in sy hand wat hy om en om draai. Hy kyk steeds nie op nie. “Ek is bly as jy gelukkig is.”

Ragel gee moed op. Sy weet Frikkie is 'n introvert wat moeilik sy emosies wys. “Ek sal regtig probeer om 'n beter kollega te wees. Wat is daar wat ons moet doen?”

Nou is Frikkie weer op bekende terrein. Hy kyk verlig op. “Daar is 'n klomp tjeks wat jy moet teken, ons het nege navraagbriewe om te beantwoord . . .”

Hy rits 'n hele lys take af. Ragel sleep 'n stoel nader en hulle begin werk. Toe sy later na haar kantoor terugstap, hoor sy Frikkie sit 'n nuwe CD op – Vivaldi se *Vier Seisoene*. Sy glimlag.

“Moet ons regtig gaan?” vra Dirk. Hulle sit op ’n bankie in die Tuine. Dirk het ’n mandjie by ’n restaurant laat pak – toebroodjies met ’n verskeidenheid vulsels: gerookte salm, dun skyfies Italiaanse salami, gekerfde koedoebiltong. Daar is ook baba-agurkie-en-tamatieslaai, vier soorte kaasblokkies en ’n bottel yskoue Grand Cru.

“Mignon is my beste vriendin. En ek wil graag spog met jou.”

Hy staar voor hom uit. Ragel het nie dié reaksie verwag nie. ’n Eekhoring kom nader geskarrel en snuif die lug nuuskierig. Ragel haal ’n agurkie uit die plastiekbakkie en bied dit vir die eekhoring aan.

“Moenie die goed voer nie. Hulle is ’n plaag,” sê Dirk. Ragel skrik vir sy onverwagte uitbarsting.

“Ek . . . ek is jammer.” Sy sit die agurkie terug in die bakkie. Die eekhoring kom nader.

Dirk draai skielik na haar en neem haar hand. “Nee, ek is jammer. Dit was heeltemal onnodig.” Sy stem is sag.

Ragel sê niks. Sy is nog verward. Dit is ’n deel van sy persoonlikheid waarvan sy nog min gesien het.

Hy lê sy hand liggies teen haar wang, draai haar kop na hom. “Jammer. My probleem is dat ek bang is om aan jou vriende voorgestel te word.”

“Jy? Bang?”

“Ek is bang ek stel jou teleur. Sê nou maar hulle hou nie van my nie. As Mignon nie van my hou nie, sal jy my weer wil sien? Julle is al só lank vriende. Ek kan nie daarteen baklei nie. Verstaan jy?”

Ragel kry hom skielik baie jammer. “Ek verstaan. Ek het net nooit besef nie. Jy is gewoonlik so selfversekerd.”

“Daar skort niks met my selfvertroue nie. Maar jy weet hoe mense is. Jy en Mignon was gedurig bymekaar. En nou hou ek jou van haar af weg. Dit sal haar uit die staanspoor negatief maak.”

Die eekhoring staan regop voor hulle. “Toe, gee hom die agurkie. Ek was net nukkerig.”

Ragel glimlag en druk sy hand styf in hare. Sy gee ’n agurkie vir die diertjie. “Jy sal van Mignon hou en sy sal van jou hou. Jy sal sien.”

Sy teken dié middag die makelaarsnota met ’n bewende hand.



“Jy weet wat jy doen?” sê-vra Andy Cappriccio, by almal op die effektebeurs bekend as Andy Capp. Hy is ’n middeljarige Italianer, kort en bonkig, met ’n groot, ronde gesig onder ’n bleskop.

“Ek weet wat ek doen, Andy. Die beurs is nou te dood.” Ragel begin die klompie sertifikate een vir een oorhandig, asof sy van elkeen afskeid wil neem.

Andy gooi sy hande in die lug. “Mamma mia, jy behoort beter te weet. As hy afkom, moet hy opgaan.”

“Ek weet. Maar ek het iets wat baie vinniger opgaan.”

Cappriccio gee haar ’n afskrif van sy berekeninge. Hy beduie na die syfers. “Dit is wat jou aandele werd is, dit is wat ek kry en dit is wat jy kry. Reg so?”

“Reg so.”

Cappriccio kyk haar bekommerd aan. “Ragel, dit is baie geld dié. Meer as ’n halfmiljoen rand.”

Sy glimlag trots. “Dit is, nè.”

“En dit pla jou nie?”

“Hoekom moet dit my pla, Andy? Oor ’n week of twee . . . nee, ek mag niks sê nie.”

Hy vou sy hande saam op die lessenaar. “Daar is net twee maniere om geld te maak, Ragel. Werk daarvoor, of erf dit. Vinnig ryk word bestaan nie, ook nie op die aandelebeurs nie. As iemand jou iets anders vertel, lieg hulle.”

Ragel frons. “Andy, ek weet wat ek doen.”

“Okay, okay. Ek en jou pa het jare lank besigheid gedoen. Ek moet na jou kyk.”

“Ek waardeer dit, Andy. Maar ek is al mooi groot.”

Cappriccio haal die tjek uit die lêer en sit dit in ’n koevert. “Mooi en groot, ja. My seun, Gio, hy werk op ’n wynplaas. Ek kan hom aan jou voorstel?”

Dirk skakel wanneer sy al amper reg is om gehaal te word. “Ek is vreeslik jammer. ’n Transaksie het opgeduik in Durban. Ryk Indiër wat vier skaars sportmotors wil verkoop. Ek kan vanaand eerste opsie kry. Ek vlieg oor ’n uur.”

Ragel aanvaar dit gelate. Sy besef sy sal aan Dirk se onvoorspelbare werkslewe gewoon moet raak. Dan onthou sy. “Ek het nie jou

telefoonnommer nie. Ek wou jou al 'n duisend keer bel die afgelope paar dae.”

Dirk lag aan die ander kant. “Ek bel jou ook só baie, jy sal skaars kan deurkom.”

Hy gee haar sy huisnommer. “Daar is niemand by die kantoor om boodskappe te neem nie, net 'n masjien. En ek bel jou lank voor ek die ding terugspeel.”

“Gee dit ook maar. Net vir die wis en die onwis.”

“Ragel, dit is onnodig. Sien jou môreaand.”

Hy sit die telefoon neer. Ragel is teleurgesteld. Sy wou hom nog vertel sy kan die tjek ter waarde van R750 000 al die volgende dag uitskryf, sodra sy vorms by die bank geteken het. Maar sy begin al hoe meer besef dat Dirk se werk 'n baie sterk invloed op sy buie en nukke het.

Ragel besluit om alleen vir Mignon te gaan kuier. As sy net met iemand anders oor die transaksie kon praat. Maar as Dirk dit moet uitvind . . .

Die bankbestuurder staan agter sy lessenaar op wanneer Ragel instap. Dit is al weer 'n nuwe een, dink sy. Hulle wissel so baie.

Die man steek sy hand uit. “Ian Snyman. Dit is 'n voorreg om een van ons topkliënte te ontmoet, juffrou Bergh.”

Snyman is 'n man van gemiddelde lengte, in sy laat dertigerjare, met 'n goueraambril en yl swart hare. Terwyl Ragel sy hand skud, wonder sy of almal wat met geld werk, hul hare vroeg verloor. Miskien die bekommernisse. Sy kan daarmee identifiseer.

“Sit gerus. Al die vorms is voorberei. Dit sal net 'n oomblik neem.”

Snyman verduidelik aan haar wat die vorms beteken.

“Omdat u so haastig is vir die geld, gaan ons nie 'n verband registreer op u huis nie. Maar hiermee verkry ons sekuriteit. Net vir ingeval. U het gesê die oortrokke gerief is net vir drie maande, nè?”

“As dit só lank gaan wees.”

Hy wys haar waar om te teken. “Juffrou Bergh, met oortrokke geriewe weet ons nie waarvoor u die geld gaan aanwend nie. Verskoon dat ek vra, maar het u kundige raad ingewin oor die hele saak?”

Sy glimlag. Almal is so bekommerd oor haar. As sy 'n man was, sou dit bes moontlik anders gewees het. Maar as sakevrou is sy al daaraan gewoond. Seksuele diskriminasie van 'n ander aard. Sy teken oral waar Snyman se pen vir haar wys.

“Ek het kundige raad. Baie kundig. Ek kan u verseker – my rekening gaan binnekort aansienlik anders lyk.”

Ragel haal Cappriccio se tjek uit haar aktetas. “Ek sal bly wees as u dié tjek onmiddellik in my rekening sal inbetaal.”

Snyman se oë rek as hy die bedrag sien. “Natuurlik, juffrou Bergh, natuurlik.”

Hy maak ’n aantekening op ’n skryfblok. Dan kyk hy op. “As daar enigiets is wat ons vir u kan doen, moet u net praat.”

“Daar is. Ek gaan vandag of môre ’n tjek vir ’n transaksie uitskryf. Ek sal bly wees as u dit so spoedig moontlik sal uitbetaal.”

“Natuurlik.” Snyman hou sy pen gereed. “Gee my net die besonderhede van die transaksie.”

Sy besef dit kan nie kwaad doen om Cartwright se naam te noem nie. “Ek koop eiendom van ’n meneer Cartwright. Die prokureurs sal seker die betaling finaliseer.”

Snyman skryf vinnig en netjies op die skryfblok. “Laat die prokureurs net met my persoonlik skakel wanneer hulle die tjek vir betaling aanbied. Ek sal sorg dat die geld onmiddellik uitbetaal word.”

Ragel staan op. “Meneer Snyman, u diens is onberispelik. Baie dankie.”

Snyman glimlag van oor tot oor. “Net die beste vir ons topkliënte, juffrou Bergh, net die beste.”

Ragel kan die prokureursfirma Jankowitz en Van Sitterd glad nie in die telefoonboek opspoor nie. Sy wil graag die tjek gaan aflewer en die transaksie afhandel. Sodra sy haar hand na die telefoon uitsteek om navrae te skakel, lui dit.

“Bergh Boeke.”

“Haai, dit is ’n berg verlange hier.”

“Dirk! Is jy terug?”

“Nou net gekom. Ek stort net gou, dan kom ek jou haal. Ons het iets om te vier.”

“O?”

“’n Wins van R170 000 op die motortransaksie.”

“Dirk, dis wonderlik. Wat maak ’n mens met so baie geld?”

“Hoor wie vra – ons eie aspirant-multimiljoenêr.”

“Ek was nou net besig om John van Sitterd se nommer in die boek te soek. Alles is gereël. Ek kan nou die tjek uitskryf.”

“Ek dog jy kan dit eers teen Vrydag doen. Hoe het jy dit reggekry?”

“Kredietwaardigheid. En ’n skoon lewe,” lag Ragel.

“Ek wou nog altyd ’n kredietwaardige vrou verlei het. Wat doen jy vanaand?”

“Ek is jammer, maar ek gaan uit met ’n kredietwaardige man wat nou net R170 000 se wins gemaak het.”

“Gelukkige kêrel. Sien jou oor ’n uur of wat.”

“Dirk, wat van die tjek?”

“John-hulle kan nou niks daarmee doen nie, die banke is almal toe. Ek sal jou môreoggend persoonlik na die groot man toe vat vir ’n amptelike oorhandiging. Reg so?”

“Jy is seker reg.”

“Dit is die regte houding. Sien jou netnou.”

Dirk neem haar na ’n raserige Midde-Oosterse restaurant waar ’n danseres tussen die tafels deur wriemel en die kos ’n smaaksensasie is.

Hy vertel die een staaltjie ná die ander oor transaksies wat hy misgeloop het, wat skeefgeloop het, wat groot suksesse was. Hy laat haar skater, maak haar hartseer, laat haar ry op die euforie van sy sukses. Sy besef dat sy die hele dag effens gespanne was oor die transaksie, maar by hom voel sy veilig. Hy is in beheer. Hy sal haar beskerm.

Sy luister met oorgawe, geniet elke storie, adem die atmosfeer van die restaurant in. Daar is ’n hartlikheid en gemaklikheid tussen hulle, en die opwindning van seksuele afwagting. Die danseres met die oordadige bates dans dikwels by hulle verby, maar Dirk ignoreer haar. Sy oë hou Ragel s’n gevange, sy hande streel haar hande, haar arms. Hy is háre. Die danseres kan kyk en sy kan begeer, maar Dirk is Ragel s’n.

Wanneer hulle uitgaan, is dit bergwind-warm.

“Dit is ’n ongelooflike aand. Sal ons nie bo teen die berg gaan ry nie?” vra hy.

“Neem my na jou huis toe,” sê Ragel. Hulle het byna drie bottels wyn saam met die ete gehad – genoeg om die skerp hoeke van alles te verrond. En ’n vuur in haar buik aan te steek.

“Voel jy ook só?”

“Ongetwyfeld.”

Op pad kan sy skaars haar hande van hom afhou. Hy lag en keer en oortree elke denkbare verkeersreël in sy haas.

Hulle is alleen in die hysbak. Hy gooi die rok se skouers liggies af en neem haar vol borste in sy hande. Ragel beur haar kop agteroor en kreun.

Hy soen haar.

As die deure oopgaan, het hy al weer sy baadjie om haar. Hulle strompel tot by die deur. Hy tel haar op, skop die deur agter hom toe en dra haar deur na die balkon wat uitkyk oor liggies en die see. Hy gooi die baadjie af op die groot sonstoel. Ragel gryp hande vol van sy hare en dwing sy kop weer na haar. Haar vingers strengel in sy hare, in sy hemp se knope. Sy voel sy warm mond op haar tepels; dan gly sy tong af na haar naeltjie en sy hande trek haar klere ongeduldig saam af grond toe.

Sy beur sy hemp van sy rug af, haar hande gryp die spiere van sy skouers, sy rug terwyl hy haar byna hardhandig optel en op die sonstoel neersit. Sy mond is op haar bene, warm oor die sagte vleis. Sy voel hoe haar eie hitte haar verswelg. Sy tong terg haar, laat haar klein kreungeluidjies van frustrasie en plesier maak. Dan kan sy dit nie meer hou nie.

“Asseblief. Asseblief.”

Hy is skielik weg van haar af. Sy maak haar oë oop. Hy het die laaste van sy klere uitgetrek en staan voor haar, ’n goue man, perfek afgeëts teen die stadsligte, sy oë vol triomf, sy mond wat effens glimlag, sy passie vir haar onmiskenbaar.

“Kom,” sê sy hees.

Hy sak liggies op haar neer, sy gesig teen hare, sy oë op hare. Haar hele liggaam, elke vesel, smag na hom. Sy weet hy weet dit. Maar sy gee nie om nie.

Dan is hy in haar.

Ragel se kreun kom van diep binne. “Ek het jou lief,” sê sy. “Ek het jou lief.” Dit word ’n ritme, ’n refrein, ’n reëlmatige rukwind. “Lief. Lief. Lief. Lief . . .”

John van Sitterd neem haar tjek. “Sewehonderd-en-vyftigduisend rand. It’s a lot of money,” fluit hy deur sy tande. “But not to worry. Ons gaan dit dadelik in ons trustfonds inbetaal.”

Dirk sit langs Ragel. Hy hou haar hand styf vas. “Jy verstaan nou presies wat gaan gebeur?” vra hy en Ragel wonder hoekom sy stem altyd so sag en rustig is ná ’n nag saam.

“Ek dink so,” sê sy en kyk in sy oë. Hulle moes vroeg opstaan om halfnege by Van Sitterd te wees. Die betowering van hul liefde hang nog soos ’n gordyn om haar.

Van Sitterd sug teatraal. “Oh, these love birds. Ragel, die tjek is aan ons uitgemaak omdat dit eers in die trustfonds ingaan tot die oordrag plaasvind.

Al die dokumente is gereed, ons dien vandag in by die Aktekantoor. In the meantime kry jy die rente op jou geld. So, jy kan nie verloor nie. Jy moet nou net jou bank bel en vir hulle sê daarvan.”

“Ek het al.” Sy kyk af na Dirk se hande en onthou hul sagte dringendheid op haar borste.

“But they have to let the transaction go through today. Ons kan nie oordrag laat plaasvind voor die geld nie oorbetal is nie.” Hy skree deur se kant toe. “Carol, bring vir my die kwitansieboek, asseblief!”

Dan skrik Dirk wakker. “John, Otto Muller van Intercontinental gaan vandag ’n kontrak faks wat julle vir Ragel moet deurgaen. Hulle bied haar ’n tweemiljoen-kansellasieklousule waarna jy veral moet kyk.”

Van Sitterd fluit weer deur sy tande en glimlag vir Ragel. “Quite a businesswoman, hey?”

Dirk gaan voort. “Muller kom aanstaande week aan vir ondertekening. Dan moet alles gereed wees.”

“No problem, no problem. Wat van nog koffie?”

Dirk trek die Porsche in ’n parkeerplek voor die boekwinkel. “Ek vlieg net voor middagete Windhoek toe.”

Ragel is diep teleurgesteld. “Dirk, jy kon my gewaarsku het. Wanneer kom jy terug?”

“Hopelik môre, dalk eers oormôre.”

“Oormôre? Ek gaan saam.”

Hy sit sy hand liggies teen haar wang. Sy stem is sag. “Jy weet hoe graag ek jou sou wou saamneem. Maar ek mag nie sake en plesier meng nie. En jy sal my nie sien nie. Ek is agter ’n wildplaas wat te koop is en gaan rondjaag vir die vale.”

Ragel pruil haar mond. “Ek verstaan. Sal jy bel?”

“Soveel moontlik.”

Hy soen haar lank en innig. Sy kom op vir asem. “Dirk Buchner, as jy nie nou jou sportmotortjie vat en ry nie, gaan hulle ons vir openbare onsedelikheid arresteer.”

Hy lag. Sy soen hom vinnig en klim uit. “Maak gou.”

“Ek belowe. Onthou om die bank te bel,” sê hy en flits ’n glimlag. Die spierwit tande, die blou oë, die kuiltjies in sy wange. Dan trek hy weg en laat Ragel op die sypaadjie agter. Sy waai tot hy bo by die Turkse badhuis om die hoek verdwyn. Sy doen haar bes om die glimlag op haar gesig weg te steek wanneer sy die winkel ingaan. Maar sy weet Frikkie voel beter ná

hul gesprek. Mozart se een-en-twintigste sprinkel sy fyn note oor die rye en rye boeke uit.

[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

Teen middagete van die volgende dag het Dirk nog nie gebel nie.

Ragel is woedend. Sy gee nie om hóé besig hy is nie. Dit kan tog nie meer as 'n minuut of twee neem om net die telefoon op te tel en te sê ek leef nog en ek is nog lief vir jou, totsiens nie. Hy het nog nie sy liefde teenoor haar erken nie, maar vir mans is dit moeiliker, weet sy. Hy het dit al op subtile maniere gesê, soos om te praat van sy “aanstaande”. En met sy liggaam en sy oë wanneer hulle liefde maak. Maar dié keer gaan sy kwaai wees.

Dan onthou Ragel sy wil by Van Sitterd hoor of alles goed afgeloop het met die tjek. Sy trek die telefoonboek nader en begin die nommer opsoek. Weer kry sy dit nie. Sy skakel die navraenommer, wat lank lui.

“G’n só ’n firma op die rekenaar nie,” sê die vrou wat uiteindelik antwoord.

“Het jy onder Van Sitterd gekyk? Van Sitterd en Jankowitz?”

Die vrou vervies haar vir Ragel se geïrriteerde stem: “Juffrou, ek het onder Jankowitz én Van Sitterd gekyk. Is jy seker jy weet hoe om dit te spel?”

Ragel se humeur vlam op. “Toe maar, mevrou, ek het nie jou hulp nodig nie,” sê sy met ’n yskoue stem en sit die telefoon neer. Sy staan op, gryp haar handsak en stap by haar kantoor se deur uit. Frikkie is besig om ’n hele klomp boeke aan toeriste van die binneland te verkoop. “Ek gaan my prokureur spreek,” sê sy in die verbyloop. Frikkie staar haar kopskuddend agterna.

Dit is ongeveer nege straatblokke na die Strandgebied-gebou waar Van Sitterd se kantore is. Ragel besluit om te stap.

Haar vasberade treë en swaaiende handsak, haar hare wat liggies in die wind waai en haar gefrons laat sakemanne en smouse langs die pad vir ’n oomblik stilstaan. Maar sy sien niks.

Haar woede is nou gemik teen Dirk-wat-nie-kan-bel-nie en Van Sitterd, wat ten spyte van al sy professionaliteit en regs kennis nie weet hoe om sy telefoonnommer aan die publiek beskikbaar te stel nie.

Die deurwag van die gebou herken haar en groet vriendelik, maar Ragel knik net haar kop en stap by die groot glasdeure in. Die liggie wat wys dat



die hysbak op pad is, brand reeds. Sy druk die knoppie weer met punktuerende oorgawe.

Tien straatblokke se flinke stap het 'n gloed oor haar gebring wat haar subtile parfuim sag en geurvol deur die hysbak versprei. Die vyf mans wat saam met haar opry, glimlag onderlangs vir mekaar as hulle dit koppel aan die vrou wat fier en regop in die hemelsblou rok langs hulle staan. Die blos op haar wange, die deinende borste, die hare wat net effens deurmekaar is, maak haar onweerstaanbaar. Maar hulle weet sy is onbereikbaar binne die reëls van die sosiale spel. Daarom kyk hulle net en glimlag, terwyl Ragel na die liggies staar wat die verdiepings aandui.

Op die sewende klim sy uit en stap in die gang af. Sy maak die deur oop waar Van Sitterd se ontvangslokaal is . . . maar die vertrek is dolleeg.

Ragel trek die deur toe en kyk vir 'n oomblik verward rond. Het sy op die verkeerde verdieping uitgeklim?

Dan sien sy die kantore van Goeie Hoop Lewens verder af in die gang. Sy onthou dat dit op dieselfde verdieping as Van Sitterd en Jankowitz was. Dan het sy seker die verkeerde deur oopgemaak. Sy stap onseker die gang af terwyl sy haarself verwyd. As sy meer opgelet het en minder aan meneer Kan-nie-bel-nie se arm gehang het . . .

Die name van ander maatskappye en ondernemings staan op die deure wat uit die gang lei. Dan het sy by die verkeerde verdieping afgeklim. Ragel stap hysbak toe. Tog begin al die nommers op die deure met 'n sewe. Dit moet die sewende verdieping wees.

“Kalm nou,” sê sy ferm vir haarself en maak die deur van Goeie Hoop Lewens oop.

Die ontvangsdame is jonk en spog met 'n krullebol-haredos wat haar kop soos 'n stralekrans omring. “Can I help you?”

Ragel verduidelik.

“Hulle het gistermiddag getrek.”

“Getrek?” sê Ragel verbysterd.

“Ja. Jy weet mos – as jy al jou goed in bokse pak en in 'n lorrie laai.”

Ragel merk nie eens die sarkasme nie. “Waarheen?”

“Hoe sal ék weet? Hulle was maar net drie weke hier, jy weet. Nie genoeg tyd om op speaking terms te kom nie.”

“Drie weke?”

“Dis reg.” Haredos geniet nou haar rol as draer van slegte nuus.

“Is jy seker ons praat van dieselfde mense?”

“Sure. Jankowitz en Van Sitterd. Net die man en die receptionist gesien. Die een met die baie make-up. Hulle was ook nie juis baie op kantoor nie.”

“En jy weet nie waarheen hulle is nie?”

“Ek het net gesien hoe ’n klomp werkers gister die meubels in die hysbak laai. Dit is al wat ek weet. Sorry.”

“Dankie,” sê Ragel oorbluf en stap by die deur uit. Krullebol staar haar agterna en skud haar kop in ’n stortvloed van kartels.

Ragel se humeur vlam behoorlik op as sy die deur waar Van Sitterd gesit het, weer oopstoot en instap. Hoe kon hulle dit doen? Het Dirk geweet hulle gaan na ander kantore trek sonder om vir haar te sê? Sy verwag . . . nee, sy dring aan op beter diens as dié. Sy gaan Van Sitterd die skrobbering van sy lewe gee. Hy moenie dink sy maak nie saak net omdat hy en Dirk groot vriende is nie. Sy staan na die mat en staar, waar ’n paar skuifspelde en die doppie van ’n balpunte al getuie is dat hier voorheen mense was.

“Die opsigter,” sê sy hardop en draai om.

Krullebol gooi haar hare agteroor en rol haar oë as Ragel weer opdaag. “Ek het jou gesê ek weet niks meer nie.”

Ragel ignoreer haar houding. “Waar kry ek die opsigter?”

“Grond. Agter die hysbakke.”

“Dankie.” Sy stoot weer die deur toe en neem die hysbak na die grondverdieping. Sy kry gou die deur waarop staan *Opsigter/Caretaker*. Sy verwag ’n man, maar as die deur oopgaan, is dit ’n groot, ronde vrou.

Ragel stel haarself voor, verduidelik weer en vertel ook van haar gesprek met Krullebol. Die vrou waggel by die deur uit en staan die hele kosyn vol.

“Maggie Oosthuizen,” sê sy en steek ’n fyn handjie aan die punt van ’n massiewe arm uit. Ragel skud dit vlugtig. “Dit is heeltemal reg. Hulle het gister uitgetrek. Is daar ’n probleem?”

“Nee, ek soek na hulle. Hulle doen werk vir my . . .”

“Ek kry net die papiere.”

Sy verskyn gou met ’n swart boogkniplêer waarin sy begin rondblaai. “Nee, geen toekomstige besigheidsadres nie, net ’n posadres. Posbus 343731, Roggebaai.”

Ragel se verstand sukkel om dié deurmekaarspul te begryp. “Geen toekomstige . . . Ek verstaan nie.” Dan besluit sy om dié ding stukkies vir stukkies te ontrafel. Daar móét ’n eenvoudige verduideliking wees.

“Mevrou, ek is jammer om jou tyd te mors, maar dit is baie belangrik dat ek weet waarheen meneer Van Sitterd is.”

“Dis okay. Kom in, dan gesels ons,” sê Maggie en draai haar logge lyf met moeite in die deur om. Ragel sien dit is nie ’n kantoor nie, maar ’n woonstel. Die meubilering is eenvoudig, maar word oordonder deur die stapels en stapels vrouetydskrifte wat oral in netjiese hopies op rakke en op die vloer lê.

Die vrou laat sak haarself met moeite in ’n leunstoel. Sy sien Ragel kyk na die tydskrifte. “Ek is nie baie besig nie,” bied sy as verduideliking aan.

Ragel gee wat sy hoop ’n simpatieke glimlag is. “Die ontvangsdame van Goeie Hoop Lewens sê Van Sitterd-hulle was net drie weke hier?”

Die groot vrou slaan weer die lêer oop. “Dis reg. Hulle het net ’n kontrak vir drie maande se huur geteken. Ek het gedink dit is snaaks, maar hy het gesê hulle wag net vir hul gebou om klaar opgerig te word. Seker vinnig gebou.”

Ragel slaak ’n sug van verligting. Sy het gewéét daar moet ’n verduideliking wees. “En hulle sê my niks. Maar dit het seker ook maar dol gegaan met die werk en die trekkery.”

“Dol? Nee, hulle het gesit en niks doen van die oggend tot die aand. Ek het nooit kliënte daar gesien nie. Gelukkig het hulle vooruit betaal. Kontant.”

Maar Ragel hoor haar skaars. Die wag vir die ander gebou om voltooi te word, verduidelik baie dinge – ook die telefoonnommer wat nie in die boek is nie. Van Sitterd sou wou wag tot hulle gevestig is. Sy staan op en bedank Maggie Oosthuizen, wat kreunend en steunend uit die stoel opstaan. Ragel groet by die deur. Dan stap sy terug winkel toe en slyp tande vir wanneer Dirk bel. Sy het die reg om te weet as die prokureur wat haar transaksie hanteer, van kantore verwissel.

By die winkel bel sy haar bank. Snyman verseker haar dat hulle die vorige dag die geld onmiddellik na die prokureurs se rekening laat oorplaas het. Sy bedank hom en leun terug in haar stoel. Dít het ten minste reg afgeloop.

Die dag gaan traag verby, sonder taal of tyding van Dirk. Die aand skakel Ragel vir die eerste keer in weke die televisiestel aan. Sy wil nie Mignon bel en haar lot bekla nie. Vriendskap is darem nie om net kontak te maak as jy verveeld of ongelukkig is nie. Haar humeurigheid vir Dirk gaan stelselmatig oor in die wete dat sy ’n lang, ernstige gesprek met hom sal moet hê. Sy verstaan dat ’n man sy werk wil doen sonder dat hy kort-kort hoef te bel, maar daar is darem perke. En wanneer sy R750 000 bestee, het sy die reg om ten volle ingelig te wees.

Sy raak voor die televisie aan die slaap en moet laatnag die trap opstrompel om in haar bed te gaan rondrol.

Die volgende dag is sy tam en die tyd wil maar net nie verbygaan nie. En Dirk wil maar net nie bel nie. Frikkie kan sien sy is omgekrap en speel al haar gunsteling-operamusiek terwyl hy die een beker koffie na die ander aandra.

Teen laatmiddag aanvaar sy dat iets moet voorgeval het. Dalk is daar nie 'n telefoon op die wildplaas nie en hul motor het gebreek. Dirk kon selfs in 'n ongeluk betrokke geraak het. Niemand sal dink om haar te laat weet as hy nie by sy bewussyn is nie . . .

Sy bel vir Mignon net voor sy huis toe gaan.

“O, jy leef nog?”

“Ook maar net-net.” Ragel vertel haar van Dirk se werkverpligtinge.

“Ja-nee, Ragel Bergh, jy kan nie albei kante van jou brood gebotter wil hê nie. Jy het 'n skatryk, suksesvolle, aantreklike man gevang wat boonop 'n tier in die bed is . . .”

“Mignon!”

“Praat ek die waarheid of praat ek nié die waarheid nie? En nou raak jy ongelukkig as Meneer Perfek sy werk moet gaan doen.”

“Jy is reg. Maar hy kan darem wragtig bel . . .”

“Ragel, as mans saam jag, visvang of drink, is die laaste ding waaraan hulle dink die vroujie by die huis.”

Ragel sug. “Ek is nog nie eens die vroujie by die huis nie. Ek is veronderstel om nuut en opwindend te wees.”

“Mans redeneer nie so nie. Jy sal sien, hy sal môre druiptert hier aankom met 'n tweedagbaard, 'n skuldige glimlag en daardie ‘kom hier’-trek in sy oë. Ek ken hulle. My pa was so, my broers is so en elke man wat kom vlerksleep, is so.”

Ragel lag. “Jy moet 'n boek skryf.”

“Nie vanaand nie. Wat wil jy doen? By die huis lê en jou bekommer of saam met my gaan fliek?”

“Het jy nie 'n afspraak vir 'n Vrydagaand nie?” vra Ragel gemaak geskok.

“O, ek ís gevra. Maar ek raak te kieskeurig.”

“Wil jy nie by my kom eet nie? Ons kan 'n video kry. Jou keuse. Ek is bang Dirk bel.”

“Ragel Bergh, jy is so verlief dat jy nie reg kan dink nie. Moenie soos ’n moedertjie by die huis sit en wag nie. Laat hy bel en wakker lê omdat hy nie weet waar jy is nie.”

“Nee. Sê nou maar net hy was in ’n ongeluk?”

“Dan kan jy vanaand net so min iets daaraan doen as môreoggend. Dit sal jou goed doen om uit te kom en vir ’n verandering goeie geselskap te geniet.”

“Nogal!”

“Ek kom haal jou so teen agtuur.”

Sy huiwer ’n oomblik. “Goed. Ek sal die winkel se antwoordmasjien by die huis gaan koppel.”

“Bangbroek!”

“Sien jou later.”

Daar is geen boodskap op die masjien toe Ragel laataand inkom nie. Sy rol weer rond en droom deurmekaar drome van ongelukke en Dirk wat saam met eksotiese vroue om ’n kampvuur dans.

Die Saterdagoggend is dit haar beurt om te werk. Dit is ’n reënerige dag en die winkel is stil. Sy mis die gerusstellende teenwoordigheid van Frikkie, wat sy vry naweek gebruik om op die platteland na skaars boeke te gaan soek.

Die telefoon in die winkel lui net twee keer. Elke keer skrik sy en hardloop net om teleurgesteld met eers ’n kliënt en daarna met Mignon te praat.

Mignon nooi haar saam na die opening van ’n kunsgalery op Stellenbosch, maar Ragel wil nie gaan nie. Weer praat Mignon haar om. Wanneer sy eenuur die winkel sluit, besluit sy om ’n boodskap by Dirk se woonstel te gaan laat as hy dalk vandag huis toe sou kom.

In die hysbak herroep sy die vorige keer toe sy en Dirk daarin gery het, en die verlange na hom versprei soos ’n pyn deur haar.

Sy sien Dirk se woonstel deur staan oop. Hy het seker nou net teruggekom, dink sy, en die verligting gaan onmiddellik oor in woede omdat hy nie gebel het nie.

Toe sy die deur oopstoot en sien die woonstel is dolleeg, is die skok so groot dat sy begin huil.

’n Man steek sy kop verbaas om een van die binnedeure van die woonstel. “Kan ek help?” Hy kom met ’n besem in die hand aangestap.

“Is dit Dirk Buchner se woonstel?”

“Dit wás. Meneer Buchner het Donderdagmiddag sak en pak uitgetrek.”

Dit tref Ragel soos ’n vuishou in die maag. “Donderdag?” Sy snak na haar asem. Dis asof naalde en spelde in haar hande en voete steek.

“Donderdag?” herhaal sy.

“Ja, juffrou. Ek is die opsigter. Hy het die sleutel Donderdag kom teruggee en gesê ek moet net oopsluit as die mense die meubels kom haal. Hy het dit glo gehuur van Cape Interiors. Toe is hy vort. Opbetaal, einde van die kontrak.”

“Waarheen? Het hy . . .?” Maar in haar agterkop ken sy die antwoord.

“Hy het nie gesê nie. Maar hy was haastig. Hy het twee groot tasse gehad. Ek het hom nog help dra tot by die kar.”

Ragel wil sit, maar daar is niks om op te sit nie. Sy wil vlug. Sy wil huil. Sy wil skree. Sy wil iemand se arms om haar hê en ’n stem wat sê dit is net ’n grap, ’n misverstand.

Sy prewel ’n dankie en stap uit. Sy kan later byna niks van die rit na Mignon se blyplek onthou nie. As Mignon die deur oopmaak, huil Ragel onbeheers.

“Ek is in die moeilikheid,” is eers al wat sy kan uitkry. Mignon maak tee terwyl Ragel begin vertel – van die geld, die transaksie en die verdwyning van Van Sitterd en Dirk Buchner. Mignon swets soos ’n veteraan wanneer sy besef wat gebeur het. En sy kry Ragel diep en innig jammer, want sy weet hoeveel pyn daar wag.

Wanneer sy Ragel genoeg gekalmeer het, skakel hulle die polisie. “Dit is beter as julle stasie toe kom,” sê die konstabel op diens.

In die aanklagkantoor doen Mignon die praatwerk. Die konstabel skrik toe hy hoor watter bedrag betrokke is, en vou die bruin lêer toe waarin hy begin skryf het. “Ek dink dit is beter as ek dadelik die speurders kry.”

Hulle sit ’n halfuur lank op die koue, harde houtbankie van die aanklagkantoor voor ’n reus by die deur ingestap kom.

“Naand, kaptein,” groet die konstabel versigtig.

“Naand,” sê die groot man. Hy was duidelik op pad na ’n rugbywedstryd toe. ’n Laphoedjie waarop staan *Ek ♥ WP* sit op sy agterkop en hy dra ’n blou sitkussing in sy hand. Hy lyk na ’n seerower – deurmekaar rooi hare, woeste vlamrooi baard, ’n litteken wat van bo sy linkeroog loop tot waar dit onder die baard op sy ken verdwyn. Sy neus is krom en plat, soos ’n bokser s’n, en sy nek is kort en dik soos ’n boomstomp. Maar wanneer hy sy hand uitsteek om homself voor te stel, is sy stem sag en rustig.

“Boef Beukes.”

Mignon stel haar en Ragel voor. Beukes lei hulle na ’n kantoortjie agter die aanklagkantoor. Hy het die lêer saamgeneem en lees dit vinnig deur. Dan haal hy ’n skryfblok uit die lessenaar se laai en ’n pen uit sy bosak. Hy kyk simpatiek na Ragel, wat nou en dan snik en net voor haar uitstaar.

“Juffrou Bergh, ek verstaan dat jy . . . baie ontsteld is . . .”

Sy knik.

“Ek sou graag die ondervraging wil uitstel . . .”

“Ek is . . . ek kan vertel.”

“Tyd is kosbaar. Maar ek sal verstaan.”

“Nee. Ons moet aangaan.”

“As jy seker is. Dit is belangrik dat jy alles moet vertel. Alles. Elke klein dingetjie. Laat niks uit nie.”

Sy knik. “Dit het by ’n veiling begin,” sê sy. En sy weet dit gaan seer wees, want sy herleef die eerste ontmoeting, sy oë, sy goue bruin vel, die goue haartjies, die glimlag. Vals, alles vals.

Die pyn is ’n swaar massa in haar. Sy sug diep, haar stem dof en sonder intonasie. Haar woorde vertel die verhaal. Haar gedagtes sê oor en oor hy was nie lief vir haar nie. Hy was binne-in jou, Ragel Bergh. Maar hy was nie lief vir jou nie.

Die eienaardigheid is dat haar trane nie ophou loop nie. Haar stem, haar gesigspiere is onder beheer, maar die vog vloei oor haar wange.

Beukes se groot hand met die rooi sproete beweeg oor die papier. Die pen se krapgeluid is hoorbaar. Mignon sit na die vloer en kyk en huil saggies saam met Ragel.

Beukes hou nou en dan sy hand in die lug om in te haal of ’n vraag te vra. As sy uiteindelik meer as ’n uur later klaar is, tel hy die telefoon op.

“Sersant, ek soek ’n vingerafdrukspan oor ’n halfuur by Tuine-stasie. En bel vir Truter, Calitz en Du Preez. Daar is werk.”

Hy sit die telefoon neer en stap om die lessenaar. Hy hurk voor Ragel en sit sy groot hande op haar skouers.

“Juffrou Bergh, dit is ’n vreeslike ding wat met jou gebeur het. Jy was die slagoffer van een van die slinkste kriminele oortredings wat daar is – deur iemand se emosies en vertroue te misbruik vir geldelike gewin. Maar ons gaan nou begin om die saak te ondersoek en ek belowe jou ons gaan dié skuim kry.”

Ragel knik. Sy wil nie dink nie. Sy wil net die pyn verdoof.

Beukes gaan voort. “Die eerste klompie dae ná die misdaad is deurslaggewend. Hulle het ’n voorsprong van twee dae. Jy sal dus moet help. Ek wil hê jy moet saam met ons kom. Kom wys vir ons waar hy gebly het en waar die prokureur se kantoor was. Sien jy kans daarvoor?”

Ragel knik weer. Sy voel leeg. Moeg. Tot die dood toe.

Die res van die ondersoekspan daag in die volgende minute op en Beukes verdeel die pligte. Hy stuur ook ’n span om bankbestuurder Ian Snyman werk toe te neem en te probeer vasstel na wie die geld oorgeplaas is.

Hulle ry eers na die gebou waar Van Sitterd se kantoor was. Die vingerafdrukspan begin die leë kantoor se mure fynkam terwyl Boef Beukes saam met Ragel en Mignon na Maggie Oosthuizen, die opsigter, se woonstel gaan. Beukes vra die vrae en maak aantekeninge. Sy stem is sag, maar die dringendheid waarmee hy die vrae in salvo’s afvuur, laat geen twyfel dat hy so gou moontlik wil maak nie.

Voor hulle vertrek, gee Beukes opdrag aan ’n paar spanlede om van die ander mense wat op dieselfde verdieping werk voor Maandag te probeer opspoor. “Tyd, kêrels. Die tyd loop uit.” Die vingerafdrukspan moet ook die meubels wat Van Sitterd-hulle gehuur het, probeer opspoor en ondersoek.

Dan is dit ’n hele optog na die woonstelblok waar Dirk Buchner gebly het. Die proses word herhaal. Beukes ondervra weer die opsigter terwyl Ragel byderhand is om te help met van die antwoorde. Hy stuur ook twee speurders om van deur tot deur te loop en die ander inwoners van die gebou te ondervra.

Dit is al donker toe Mignon vir Ragel na haar meenthuis neem. “Jy slaap vanaand hier,” sê Mignon beslis.

Ragel knik instemmend maar sonder geesdrif. Sy gaan sit in die sitkamer op ’n stoel en huil. Saggies. Mignon gaan sit op die stoel se leuning en hou haar hand vas. “Daar is niks wat ek kan sê wat jou gaan laat beter voel nie.”

Mignon staan later op en gaan kombuis toe om ’n pot sop aan die kook te kry. Elke keer dat sy by die sitkamer inloer, sit Ragel steeds in dieselfde posisie en huil. Wanneer die sop aan die prut is, gaan hurk sy voor Ragel.

“Ek gaan my huisdokter bel dat hy jou ’n inspuiting kan kom gee – net om te kan slaap. Ek dink dit sal jou goed doen. Jy het ’n groot skok gehad. Wat jy nodig het, is ’n goeie maaltyd en ’n goeie nagrus.”

Ragel stribbel nie teë nie en Mignon skakel die dokter se nommer. Wanneer hy ’n uur later opdaag, vra sy hom om ’n rukkie by Ragel te bly



terwyl sy na haar huis ry om slaapklere en 'n klompie toiletbenodigdhede te gaan haal. Ragel slaap al teen die tyd dat sy terugkom.

“Ek het vir haar sop ingeskep, maar sy wou niks eet nie,” sê die dokter.

“Sy sal slaap tot môreoggend. Hou haar maar dop. Dit lyk na groot trauma.”

“Dit is,” sê Mignon. “Dit ís.”

[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

Ragel stap die volgende oggend eers teen tienuur Mignon se kombuis binne. Haar oë is dik en haar gelaat stroef.

Mignon stop haar dadelik 'n beker koffie in die hand.

“Baie dankie vir alles,” sê Ragel. “Ek weet nie wat ek sonder jou sou gedoen het nie.”

“Ek het nog niks gedoen nie. Ek wens daar was iets wat ek regtig kon doen. Soos om die seer weg te vat.”

“Dit is darem al beter. Ek probeer om nie daaraan te dink nie.”

“Jy moet iets eet. Daar is nog 'n groot pot heerlike sop oor. Of gaan jy spek en eiers verkies?”

“Ek wil nie . . .”

“Dit is nie een van die keuses nie.”

“So 'n bietjie sop . . .”

“Só moet 'n bek praat.”

Ragel dwing haarself om die sop te eet. Tussen die lepels deur praat sy. “Ons sal my broer en vir Frikkie moet laat weet. En my prokureur.”

“Vandag?”

“Hoe gouer, hoe beter.”

Mignon knik. “Dit sal jou goed doen om besig en tussen mense te wees. Wil jy self bel?”

Ragel skuif die sobbord agtertoe. “Dankie. Die sop is heerlik. Maar ek kan regtig nie nou baie eet nie. Ja, ek sal self bel. Elke keer dat ek die storie vertel, word dit makliker om te aanvaar dat ek die grootste swaap in die heelal is.” En die trane begin weer loop.

Mignon troos, maar sy weet Ragel sal haar pad deur dié ding moet oopbakei.

Ragel bring 'n uur in die badkamer deur en toe sy uitkom, lyk sy al baie beter. Dan skakel sy haar broer, Stefan, vir Frikkie en vir Jacob Goldberg, die bejaarde prokureur wat eers haar pa se sake hanteer het, en nou hare.

Stefan Bergh is 'n lang, somber man wat kopskuddend saam met Frikkie na die storie sit en luister. Ragel huil slegs twee keer in die loop daarvan. Hy sê net nou en dan: “Ai, sus,” en haal sy sakdoek uit sy baadjiesak wanneer sy begin huil. Frikkie sê nie 'n woord nie.

Jacob Goldberg kom in net voor sy die storie kan klaarmaak en sy moet van voor af begin. Hy skud sy grys kop driftig en sê: “You should have talked to me, my darling. You should have talked to me.” Ragel glimlag effens elke keer dat hy so opgewonde op die stoel rondwip en dié refrein herhaal.

Mignon bedien koffie nadat Ragel klaar vertel het. Goldberg wil weet wat die polisie al gedoen het, terwyl Stefan bekommerd is oor Ragel se finansiële status. Saam werk hulle uit dat Ragel nie regtig geldelik in die verknorsing sal wees nie, aangesien sy ’n goeie inkomste uit die winkel verdien. Sy sal nou meer onkoste hê, omdat sy die oortrokke geriewe moet terugbetaal.

Jacob Goldberg stel voor dat sy ’n volwaardige verband op die huis laat registreer en sodoende ’n laer rentekoers en langer afbetalingstermyn bewerkstellig.

Wanneer hulle almal klaar gepraat het, sê Frikkie skaam en sag dat sy haar nie oor die winkel hoef te bekommer nie. Hy sal sorg dat alles klopdisseboom verloop tot sy reg is om terug te kom.

“Dankie, Frikkie, maar ek wil dadelik terugkom. Ek sal van my sinne af raak as ek nou alleen moet wees.”

Frikkie glimlag ingenome. “Dan kan ek help om ’n ogie oor jou te hou.”

Ragel begin skielik weer huil. “Julle is almal so goed vir my.”

Almal wil gelyk troos, maar Mignon jaag hulle uitmekaar met die opdrag dat hulle by ’n restaurant moet gaan eet.

“Kom ons kry haar ’n bietjie uit.”

Kaptein Boef Beukes kom laatmiddag, as Stefan, Frikkie en Goldberg al weg is, ’n draai maak om verslag te doen en nog ’n paar vrae te vra.

“Ons het die meubels in Van Sitterd se kantoor en Buchner se woonstel opgespoor en die manne gaan dit nou deur vir leide. Daar sal baie afdrukke wees en dit gaan ’n rukkie neem om die mense wat dit vervoer het se afdrukke van die ander s’n te skei. Snyman, die bankbestuurder, kon nie help nie, want die bank se rekenaar is nie dié naweek met die hoofraam in Johannesburg verbind nie. Hulle het ook nog nie dokumentasie van die tjektransaksie ontvang nie, maar hy belowe hulle sal môreoggend volstoom daaraan begin werk. Snyman is so senuagtig soos ’n non in ’n . . . ’skuus, juffrou Bergh . . .” Beukes bloos bloedrooi en kyk skielik soos ’n skuldige skoolseun na die vloer. Dan ruk hy hom reg en gaan voort: “Hy is

bekommerd en hy vra dat jy hom asseblief vroeg môreoggend moet kom spreek. Dit is goed om te sien jy lyk beter, juffrou Bergh.”

“Kaptein, wat is die kanse dat julle dié gemors gaan vang?” vra Mignon met afsku in haar stem.

“Juffrou, ek het geen twyfel dat dit professionele mense was nie. Hulle het presies geweet wat hulle doen. Die hele ding was deeglik beplan en soos ’n militêre operasie uitgevoer. Sulke mense laat nie sommer leidrade agter nie.”

Ragel sit grootoog en luister. En onthou. Dirk Buchner het geglimlag. Gelag. Daardie laaste totsiens in die Porsche, voor die winkel. Hy het vir haar gelag. Die uitvaagsel het gelag vir haar, vir hoe maklik dit was om R750 000 uit haar te swendel, hoe maklik dit was om haar in die bed te kry, hoe maklik dit was om haar simpel liefde te wen.

Mignon is nog nie tevrede met Beukes se antwoord nie. “Maar is daar enigsins ’n kans?”

Beukes stoot sy hand deur sy ruie rooi baard. “Daar is altyd ’n kans, juffrou. Mense maak foute, al is hulle ook hóé professioneel. En as hulle ’n fout gemaak het, sal ons hulle kry.”

Hy kyk na Ragel, wat skaars luister. Sy is besig om die saadjie van haat te vertroetel soos ’n pasgeborene.

“Juffrou Bergh, ek wil graag hê jy moet môre stasie toe kom en deur ons boeke van vorige oortreders kom blaai. Daar is baie swendelaars met ’n kriminele rekord in dié land. Miskien is een van hulle in die boek.”

Ragel knik. “Hoe laat?”

“Sodra u by die bank was. Snyman is ’n desperate man.”

Beukes staan op. “O, net vir die interessantheid. Die erf wat u sou gekoop het, behoort aan ’n kleinhandel-kettinggroep. Hulle begin volgende jaar daar bou. Hulle het nog nooit gehoor van ’n Cartwright of enige van die ander betrokkenes nie. My mense werk nog aan die Duitse hotelgroep, maar ek kan met sekerheid sê dit is ook ’n liegstorie.”

“Jy is vol goeie nuus vanmiddag, kaptein Beukes,” sug Mignon.

“Ek’s jammer. Ek wil net nie hê juffrou Bergh moet onrealistiese verwagtinge hê nie. En los maar die ‘kaptein Beukes’. Almal noem my Boef.”

Mignon lag. “Dit is ’n snaakse naam vir ’n polisieman.”

Beukes bloos bloedrooi onder sy baard. “Dit was net nadat ek uit uniform is. Ek het ’n inbraaksaak ondersoek. Toe ek langs die beskuldigde in die hof

staan, vra die landdros: ‘Nou wie is die boef in die saak?’ My kollegas het van hul stoele afgeval van die lag toe hulle dit hoor.” Hy glimlag verleë vir Mignon. “My regte naam is Rudolf. Ek verkies Boef.”

Ná sy vertrek is Mignon weer die moedertjie. Ragel wil teëstribbel, maar Mignon het klaar besluit sy moet nog ’n dag daar deurbring. “Jy kan nog nie alleen wees nie. En jy weet dit.”

Later die aand, wanneer Ragel in die gastekamer van Mignon se meenthuis lê, diep sy weer die haat vir Dirk Buchner op. Sy speel die verloop van hul verhouding terug soos ’n videoband en gaan stukkies vir stukkies daaroor. Elke woord wat Dirk vir haar gesê het, elke ding wat hy gedoen het om sy liefde vir haar te wys, sny deur haar, laat haar ineenkrimp van pyn. En met elke herinnering groei haar haat.

Sy skrik eers wakker wanneer die son al helder skyn. Mignon het ’n briefie voor haar bed gelos: *Ek moet gaan werk. Daar is graankos in die kas en spek en eiers in die yskas. Onthou om vir Snyman te gaan sien en die foto’s by Boef te gaan kyk. Bel my as jy enigiets nodig het.*

Ragel ry eers na haar eie huis om vars klere te gaan haal. Dan wag sy ’n halfuur voor Snyman se kantoor. Toe hy uiteindelik uitgestorm kom, is hy vol verskonings, maar baie minder hartlik as die laaste keer dat sy hom gesien het.

“Ek mag niks sê nie, maar dit lyk my die geld is weg. Ons het dit na die prokureurs se rekening by Bank RSA oorgeplaas en hulle het dit onmiddellik getrek – kontant. Die polisie sal jou alles vertel. Jy het dit nie van my gehoor nie.”

Snyman haal kort-kort ’n sakdoek uit sy broeksak en vee sy kaal voorkop daarmee af, hoewel die lugversorging in sy kantoor koel is.

“Meneer Snyman, ek weet ek is vir die bank ’n verleentheid. Maar ek sal elke sent wat ek julle skuld, terugbetaal.”

“Ons is baie jammer om van die hele storie te hoor. As jy net kom praat het . . .” Hy vee weer oor sy voorkop.

“Ek weet. Ek is jammer.”

“Wel, juffrou Bergh, ek is bevrees ons sal die uitstaande geld moet verhaal. Ons voorstel is dat ons ’n verband op u huis registreer vir die volle bedrag. Ek het vanoggend na die lêer gekyk. U inkomste uit die winkel is meer as genoeg om die paaient te betaal. Maar ek is bevrees daar is ook slegte nuus. Ek was vanoggend by die streekbestuurder en ons sal u oortrokke geriewe in totaliteit moet inkort. U moet verstaan, dit is nie dat

ons u wantrou nie, maar u posisie het verander. U bates het aansienlik verminder en die bank voel u het nie met die nodige verantwoordelikheid opgetree nie.” Snyman vee sy voorkop twee keer.

Die woede stoot vir ’n oomblik in Ragel op. Nie met verantwoordelikheid nie? Maar dan besef sy dat sy soos ’n kind opgetree het. Hoe maklik was dit nie vir Dirk Buchner nie? Ragel Bergh – die sagte teiken, die moroon-sakevrou.

“Ek verstaan,” sê sy sonder veglus.

“Ons het al die dokumente voorberei. U moet net teken. Daar is natuurlik die kwessie van die verbandkoste . . .”

Snyman se stem draal voort. Ragel knik haar kop meganies en teken sonder om die dokumente te bestudeer of rentekoerse te bevraagteken. Verloorders kan nie kieskeurig wees nie.

Teen die tyd dat sy by Boef Beukes se kantoor aankom, is sy moeg. Beukes is nie daar nie, maar een van sy speurders lei haar na ’n kantoor en bring ’n klomp groot boeke, ’n vergrootglas en flou tee in ’n koppie waarvan die porselein ’n hele paar happe weg het. Sy blaai rusteloos deur die boeke. Die foto’s wys mense – mans en vroue – van voor, van links en regs. Hartseer gesigte, dink sy. Verloorders. Net soos sy. Hulle het ook ’n sonde gemeen – jy mag nie uitgevang word nie.

Ná ’n uur lyk al die gesigte vir haar dieselfde. Maar sy blaai voort.

Sy skrik ná drie met haar gesig teen die boek wakker wanneer Boef Beukes haar liggies aan die skouer skud. “Ek dink jy moet liever huis toe gaan, juffrou Bergh. Kom ons probeer môre weer.”

Sy wil eers stry, maar hy stuur haar liggies na sy motor. “Daar staan myne,” sê sy en wys na die parkeerterrein langs die polisiegebou.

“Ek kom haal jou môreoggend by die huis. Jou motor sal veilig wees. Ek sê vir die manne om ’n ogie te hou.”

Ragel laat hom begaan. Sy kon later net vaagweg onthou dat hy haar na Mignon se huis geneem het, sy in die bed geklim het en Mignon haar kom toegooi het met ’n ekstra kombers. Sy het Beukes se stem ook op die agtergrond gehoor. Toe sy wakker word, staan Mignon met ’n reuseskinkbord voor haar bed.

“Dis sewe-uur, die son skyn en die suidooster waai ’n hond uit ’n bos uit. Ek vermoed jy het lanklaas geëet. Dit sal ons nou regstel.”

Die skinkbord is gelaai met warm roosterbrood, wors, roereier, gebraaide tamaties en ’n lang glas vars lemoensap. Toe Ragel die geur daarvan

inadem, besef sy dat sy rasend honger is.

“Jy bederf my.”

“En jy kan nie eens daarvoor betaal nie, my arm vriendin. Jy moet eet, Boef kom jou net ná agt haal.”

“Was hy gisteraand hier?”

“Ja. Oulike man as jy by sy voorkoms kan verbykyk. Ek moet gaan werk.”

“Ek kom haal jou vir middagete,” sê Ragel en begin eier op ’n sny roosterbrood laai.

“Dis ’n deal.” Mignon warrel by die deur uit. Sy is skakelbeampte by ’n groot vrugte-uitvoermaatskappy en Ragel het al dikwels gewonder hoe sy dit regkry om middagete so lank te laat duur as wat sy wil. Mignon het altyd een standaardantwoord hierop: “ ’n Skakelbeampte wat nie weet hoe om te kuier nie, kan nie ’n sukses wees nie.”

Ná ontbyt voel Ragel aansienlik beter as die vorige oggend. Die pyn in haar is nie heeltemal so skerp nie, net ’n dowwe bewussyn in haar agterkop.

Wanneer Beukes haar kom haal, kan hy die verskil sien. “Jy lyk goed vanoggend.”

“Dit is seker Mignon se groot ontbyt. Ek weet nie wat ek sonder haar sou gedoen het nie.”

“Dit is ’n oulike vrou daardie.”

Vir ’n oomblik wonder Ragel of daar ’n romanse tussen Boef Beukes en Mignon aan die ontwikkel is. Dan onthou sy weer haar eie gevoelens en raak haastig. “Ek moet by die winkel aangaan. Frikkie wonder seker wat van my geword het.”

“Ek het hom gister geskakel nadat ek jou in die bed kom . . .”

Beukes is weer besig om te verkleur. Ragel verkyk haar aan die skakerings wat die blos op sy wange en die rooi in sy baard en hare tot gevolg het.

Maar Beukes druk deur. “ ’Skuus, dit klink sleg. Maar Frikkie is nie bekommerd nie. Kom ons maak gou ’n draai daar voor ons aan die werk spring.”

“ ’n Mens sou sweer ek kan niks meer vir myself doen nie.”

“Juffrou Bergh, jy is deur ’n lelike ding. En die skok is nog nie uitgewerk nie. Kyk nou net hoe jy gister aan die slaap geraak het. Jy moet geduldig wees. ’n Mens het tyd nodig om oor dié dinge te kom.”

Terwyl hulle na sy motor toe stap, vra sy hom of hulle vorder met die ondersoek.

“Die vingerafdrukspan het gisteraand almal wat die meubels gehanteer het, se afdrukke gekry en begin vergelyk met dit wat op die kantoor en woonstel se meubels was. Maar dit lyk sleg. Grobler van Afdrukke sê dit lyk of al die meubels deeglik afgevee is net voor dit vervoer is. Ons verwag nie om iemand anders as die meubelmense se afdrukke daarop te kry nie. Selfs die mure van die kantoor en die woonstel, die vensters, die bad, spieëls en wasbak is skoongevee. Dit is professionele ouens dié.”

Hy sien die teleurstelling op Ragel se gesig as hy vir haar die deur oopmaak. “Dit is darem nie net slegte nuus nie. As hulle so noukeurig was, kan dit wees dat een van hulle al ’n rekord het.”

“Hoe werk dit?” vra sy toe hy langs haar inklim en die motor aanskakel.

“Hulle weet as ons ’n afdruk met ’n vorige oortreder kan verbind, gaan ons hulle vastrek. Hulle sal dus ekstra versigtig wees. Dit is hoekom dit so belangrik is dat jy die foto’s deeglik deurgaen.”

By die winkel begroet ’n Wagner-aria haar. Frikkie speel net Wagner as hy regtig baie ontsteld is, weet sy.

Maar hy wys niks toe hy haar hartlik groet en verseker dat sy haar oor niks hoef te bekommer nie. “Dit gaan goed hier. Ek sê maar vir die kliënte wat jou soek jy is siek. Griep. Hulle sê almal jy moet gou gesond word.”

Sy soen Frikkie liggies op die wang. “Dankie, Frikkie. Jy is wonderlik.”

Nou bloos Frikkie weer, terwyl Beukes agter haar ook ongemaklik rondtrap. Sy wonder of dit haar roeping in die lewe is om mans te laat bloos.

“Ons begin by die mense wat in die afgelope vyf jaar skuldig bevind is aan bedrog – modus operandi wat ooreenstem met die soort van swendelary waarvan jy ’n slagoffer was,” sê Boef Beukes. Hy sit oorkant haar in dieselfde kantoortjie waar sy gister aan die slaap geraak het.

Die verwyte slaan hul naels in haar maag. Slagoffer? Ja, sy was ’n slagoffer. Maar nie van ’n swendelary nie. Van haar eie hormone. Die nuwe weg na rykdom: Slaap saam met Ragel Bergh. ’n Honderd rand vir elke passievolle sekonde tussen haar lendene . . .

“Juffrou Bergh?”

Sy besef Beukes het haar ’n vraag gevra. “Ekskuus. Ek was vir ’n oomblik ingedagte.”

“Juffrou Bergh . . .”



“Asseblief, noem my Ragel.”

“Nou goed, Ragel . . .” Beukes bloos weer. “Ek weet dit is moeilik. Maar hoe gouer jy kyk, hoe gouer is dit agter die rug. En hoe meer tyd verbygaan, hoe groter is die kans dat jy hulle nie sal herken nie. Gesigte vervaag in die geheue . . .”

“Nee!” sê sy skielik driftig. “Ek sal sy gesig nóóit vergeet nie. Nie so lank as wat ek leef nie.”

En dan huil sy weer skielik. Maar sy gaan voort. “Nooit. Ek sal nooit weer deur ’n skare kan kyk sonder om sy gesig uit te soek nie. Ek sal nie in die straat kan afstap en nie sy gesig soek nie. Ek sal dit nie vergeet voor julle hom nie gekry het nie. Julle moet hom kry. Ek sal ’n duisend boeke deurblaai, maar julle moet hom kry.”

Haar drif is weg. Sy huil net saggies.

“Ek gaan eers tee kry,” sê Beukes verleë en trek sy groot lyf uit die stoel uit op. Hy gaan staan in die deur. “Erasmus. Tee. Twee koppies. En moet nie so staan en lyf wegsteek nie, man. Roer jou!”

’n Benoude stem antwoord: “Goed, kaptein!” Ragel hoor haastige voetstappe.

Dan kom sit Beukes weer.

“Ek is jammer . . .” sê Ragel terwyl sy die trane afvee. Beukes sit sy groot, besproete hand oor hare en sê saggies: “Ek verstaan. Ons begin nie met die foto’s voor jy nie reg is nie.”

“Ek is reg.”

Dié keer konsentreer sy op elke gesig. In elke man of vrou wat soos Dirk, Van Sitterd of sy ontvangsdame lyk, soek sy leidrade. Sy laat die vergrootglas talm oor elke snor, elke baard. Uur ná uur soek sy geesdriftig voort, aangevuur deur groeiende haat. Maar sy kry niks.

Sy ontmoet Mignon net voor een en hulle gaan eet by ’n nuwe restaurant in Kampsbaai.

Maar net om oor Kloofnek te ry en te onthou hoe sy en Dirk dié pad ’n paar keer na sy woonstel toe gery het, maak haar weer van voor af mismoedig. Mignon is geduldig met haar en ná ete sien sy weer kans vir die foto’s.

Ragel hoor al hoe die personeel in die gange begin groet om huis toe te gaan wanneer sy op ’n foto afkom wat haar tot stilstand ruk.

Sy trek die vergrootglas nader en sak dan weer terug in haar stoel. Dit is moontlik, dink sy. Maar ís dit hy?

Die man op die foto lyk na Van Sitterd. Hy het nie 'n vol baard nie, net 'n snor. Maar die oë en die neus lyk baie na Van Sitterd. Maak sy 'n fout? Sy is nie seker nie. Maar dit is die eerste van die honderde foto's wat sy vandag gesien het wat na iets lyk.

Onder die foto staan die man se naam en van: *Esselen, Pieter Willem Jacobus*. Gebore 14/6/48. Skuldig aan bedrog: 1969. Opgeskorte vonnis. Skuldig aan afpersing: 1972. Twee jaar tronkstraf. Staatsgetuie in bedrogsaak teen O'Kennedy, Miles Jonathan, in 1979. Skuldig bevind as medepligtige, vier jaar tronkstraf. Vrygelaat op parool in 1982.

Sy stap met die boek na Beukes se kantoor wat net 'n paar deure verder in die gang af is.

Hy is besig om deur 'n stapel lêers te werk.

“Ek dink ek het iets,” sê sy sag.

“Jou yster!” sê hy geesdriftig en bloos bloedrooi.

Haar ontdekking van die foto laat Ragel goed genoeg voel om te besluit dat sy by haar eie huis wil gaan slaap. Mignon wil aanvanklik niks weet nie.

“Jy dink miskien nou jy kan alleen wees, maar laat vanaand gaan dit 'n ander storie wees.”

Ragel steek viervoet vas. “Ek moet die een of ander tyd weer aangaan met my lewe. En daardie tyd is nou.”

“Wel, jy het 'n groot deurbraak gemaak met die saak . . . Ek sê jou wat – ek kom slaap by jou as 'n eerste stap in jou nuutgevonde onafhanklikheid.”

Ragel is te moeg om te stry, maar besluit sy gebruik die geleentheid om die volgende oggend vir Mignon met ontbyt in die bed te verras.

Sy raak vroeg aan die slaap en toe die wekker haar net voor ses wakker maak, is sy uitgerus. Ragel geniet dit om weer in haar eie huis te wees en is dankbaar dat sy en Dirk min tyd daar deurgebring het. Sy bak pannekoek wat sy met gegeurde maaltvleis vul en met 'n kaassous bedek. Mignon is groen van jaloesie toe Ragel die skinkbord by haar kamer indra.

“Jy wil altyd die beste wees. Dit is nie regverdig nie.”

“Bly stil en eet.”

“Moenie vir my sê die ou Bergh-veglus is vanmôre terug nie.”

“Ek voel beter.”

“Nou gee dat ek eet. Die mens kan nie van liefde alleen leef nie.”

“Liefde?”

“Wel, nog nie liefde nie. Noem dit 'n kwaai aantrekkingskrag tussen twee teenoorgestelde pole.”

“Jy en Boef?”

“Sy naam is Rudolf.”

Ragel lag. Mignon skrik so groot dat sy koffie op die beddegoed mors.

“Jy kan nog lag,” sê sy gemaak verbaas.

“Ek gaan die laaste lag. Wanneer jou Rudolf vir fokken Dirk Buchner vastrek.”

“Ragel! Sulke taal!”

Ragel is skielik ernstig. “Wag tot ek hom van aangesig tot aangesig sien.” Sy gaan sit op die punt van die bed en kyk na Mignon, maar sien haar nie. “Ek het nog nooit iemand só gehaat nie, Mignon. Nog nooit. Ek sal hom kan doodmaak. Ek belowe jou. Ek sal hom kan doodmaak.”

Mignon sit die skinkbord met haar koppie op die bedtafeltjie neer. Sy gooi die komberse van haar af en gaan sit reg voor Ragel.

“Ragel, luister nou baie mooi. Dié ding is uit jou hande. Ek kan verstaan dat jy hom haat. Dit is reg so, as dit jou sal help om te vergeet. Maar dié ding is uit jou hande.”

Ragel staar na die muur. “Niks sal my help om te vergeet nie. Ek wil ook nie. Ek wil net hê Boef moet hom vang.”

Mignon skud haar kop. “Jy sal dié ding moet laat gaan, Ragel. Dit gaan jou verteer.”

“Ons sal sien,” sê Ragel. Dan skud sy haar gevoel af. “Nog iets om te eet?”

Dit is vir Ragel lekker om weer terug te wees by die winkel. Die reuk van die boeke, die atmosfeer en Frikkie se musiek laat haar veilig voel. Hy waag vanoggend met Verdi omdat hy bly is Ragel is terug, maar hou by die hartseerder operas.

Teen tienuur is Ragel op hoogte van die verkope, bestellings, voorraad en versoeke van kliënte. Sy is ook al hoe blyer dat sy weer kom werk het, want dit hou haar gedagtes byna deurentyd besig.

Dan kom Boef ingestap en sy kan aan sy gesig sien dat hy nie goeie nuus bring nie.

“Dit kon nie Esselen gewees het nie,” sê hy, en Ragel se moed sak in haar skoene. “Ons het hom opgespoor. In ’n sel in die gevangenis op Kroonstad. Hy het verlede jaar ’n bank probeer beroof met ’n speelgoed-handgranaat. Die bankbestuurder se seuntjie het ’n soortgelyke een gehad. Die boeke met die foto’s word net elke twee na drie jaar op datum gebring met bestaande misdadigers se oortredings.”

Hy kan die teleurstelling op Ragel se gesig sien.

“Ons is nog nie klaar nie. Ek wil hê jy moet ná middagete na my toe kom. ’n Polisie kunstenaar gaan Buchner en Van Sitterd se gesigte op Identikit sit. Ons gaan televisie en koerante toe daarmee.”

“Televisie?”

“Net met die gesigte – nie die hele storie nie. Miskien herken iemand hulle.”

“Boef, wees nou eerlik. Julle doen dit net as daar omtrent geen ander leidrade oor is nie.”

Hy skuifel ongemaklik op sy groot paar voete rond. “Dareem nie altyd nie.”

“Maar in dié geval?”

“Enigiets kan nog gebeur. Die saak is nog springlewendig.”

Twee weke nadat Ragel gehelp het om die Identikit-foto’s op te stel, verskyn dit landwyd op televisie en in dagblaie. Sy was seker dat iemand iewers vir Dirk Buchner sou herken en sy was ’n hele paar dae ná die verskyning hoopvol en opgeruimd.

Boef het weer verduidelik dat Dirk, Van Sitterd, die ontvangsdame en Cartwright hulself bes moontlik vermom het.

“Ek ken ’n vals snor en grimering as ek dit soen. Dirk Buchner s’n was eg, al was dit ook al wat eg was aan hom.”

Boef is geduldig, soos altyd. “Dit kon sy eie snor gewees het, maar nie sy natuurlike kleur nie. Ragel, dié mense is professioneel. Hulle is meesters op hul vakgebied. Twee stukkies rubber in die kieste, kontaklense om die oë mee blou te maak, haarkleursel, en jy kan heeltemal anders lyk.”

“Ja, maar . . .” wil Ragel stry, maar sy weet hy is reg.

Die Identikits was vir Ragel ’n laaste hoop en sy het nie besef hoe baie sy daarop gesteun het nie. Toe dit ook op niks uitloop nie, haal die pyn haar weer van voor af in.

Want nou is sy bang om te vergeet. Sy wil Dirk Buchner se gelaatstrekke in haar brein inbrand, want net sý kan hom uitken. Sy wil die pyn se littekens vertroetel, want dit is die bron van haar haat. Daarom, wanneer sy alleen is, by die huis, in die winkel, in haar motor, herleef sy die vernedering. Oor en oor, elke klein detail. En elke keer dat haar hart ineen krimp van die seer, groei haar haat vir Dirk Buchner. Die haat word ’n kruik, ’n pynstiller, ’n slaapmiddel. Wanneer sy in die laatnag wakker skrik met Dirk se gesig wat wegglip in ’n droom, gebruik sy die haat om weer te ontspan en te slaap. Wanneer die vernedering van hoe sy gebruik en misbruik is haar wil oorweldig, span sy die haat in om haar selfbeeld in stand te hou. En as sy laat op ’n Sondagmiddag skud met snikke wat haar uitmekaar wil skeur, is dit die haat wat haar troos. Ek sal hom kry. Ek sal hom kry. Dit is haar wekroep, haar strydkreet, haar wiegelied.

Die weke word maande waarin haar enigste kontak met Boef Beukes sosiaal is, want hy en Mignon ontwikkel ’n stormagtige, opwindende verhouding. Boef, ongemaklik en onbeholpe met vroue, se onwrikbare sterk persoonlikheid tem Mignon stadig maar seker. Mignon beveg dit met elke greintjie energie wat sy het, maar geniet elke oomblik daarvan.

“As die feministe my hoor, skiet hulle my. Maar hulle kan maar stry. ’n Vrou soek ’n sterk man om haar te oorheers, te besit.”

Hoewel Ragel Mignon minder sien, is hul vriendskap steeds sterk. En Ragel gebruik die tyd alleen om haar haat te vertroetel. Mignon en Boef probeer om haar aan ander mans voor te stel, onder andere ’n paar polisiemanne. Ragel is hoflik met elkeen van hulle, maar haar hart is nie in een van die afsprake nie.

Ragel storm net ná Nuwejaar by Boef se kantoor in en dring daarop aan om te weet watter vordering met die saak gemaak is. “Dit is al amper vier maande, Boef. Julle het al van my saak vergeet.”

“Ragel, jy weet ek sal dit nooit vergeet nie. Maar jy moet realisties wees. Ons het alles in ons vermoë gedoen. Ek het net soveel mense. En daar is duisende ander sake wat almal dieselfde aandag verdien as joune.”

“Wat jy eintlik vir my wil sê, is dat ek maar kan vergeet van geregtigheid.”

Boef sug diep. “Die kanse dat ons nog ’n deurbraak kan maak, is baie, baie min.”

“Dankie. Dit is al wat ek wou weet.”

Die Geel Bladsye dui ’n hele kolom privaatspeurders aan. Sy kies die een met die grootste advertensie: *Steve Bricknell Investigations. Fully trained private investigators. No case is too small. Discretion and confidentiality guaranteed. A member of the S A A P I.*

Sy skakel die telefoonnommer wat daarby verskyn en kry ’n antwoordmasjien. Die eerste keer sit sy neer sonder om ’n boodskap te laat.

Haar twyfel in haar eie oordeel laat haar eers met Jacob Goldberg gesels. Die bejaarde prokureur is vol simpatie. “Ek het gedink jy is al oor dié ding, Ragel?” Maar hy sien haar vasbeslotenheid, haar desperaatheid.

“Dit kan nie kwaad doen om ’n privaatspeurder te kry nie. Wil jy hê ek moet eers probeer uitvind of dié Bricknell betroubaar is?”

“Ek sal bly wees, oom Jacob.”

Hy skakel haar ’n week later. “Bricknell is so goed soos die res van hulle. Hy is al twaalf jaar lank in die bedryf. Hanteer hoofsaaklik egskedingsake, die opspoor van mans wat nie onderhoud betaal nie en mense met slegte skuld. As dit jou sal laat beter voel, gaan sien hom. Ek sal nog rondvra of daar iemand anders is.”

Ragel bel weer vir Bricknell. Dié keer antwoord hy self. Met ’n Engelse aksent reël hy ’n afspraak vir die volgende oggend.

Bricknell se kantoor in ’n systraatjie uit Hoofweg in Observatory is stowwerig en deurmekaar. Honderde lêers staan oral op twee tafels en sy lessenaar rond. Teen die mure is talle foto’s geplak, die meeste daarvan met ’n telefotolens geneem en wys paartjies wat in en uit motors klim of by woonstelle en hotelle se deure in- en uitgaan.

Ragel weet nie wat sy verwag het nie, maar die man is 'n verrassing. Hy is kort en skraal, met 'n gesig soos 'n meerkat – 'n lang neus, 'n lang ken en 'n lang bruin kuif wat byna in sy oë hang. Sy stem is skril en nasaal.

“Ek weet ek lyk nie soos die speurders op televisie nie. Maar die werk wat ons doen, is nie soos hulle op televisie sê nie,” maak hy verskoning toe sy op 'n stowwerige stoel voor sy lessenaar gaan sit.

Hy bied haar koffie aan, maar sy wys dit van die hand. Dan vra hy waarmee hy kan help. Ragel begin vertel, eers sukkelend. Dan, as sy besluit dit help nie om iets weg te steek nie, herleef sy Dirk Buchner in haar woorde. Bricknell hang aan haar lippe, soos iemand wat 'n gesprek afluister, terwyl sy oë kort-kort knip wanneer haar storie 'n nuwe wending neem. Wanneer sy klaar is, lyk hy teleurgesteld.

“Wel, dit is baie anders as die gewone saak waarmee ek te doene kry,” sê hy en leun terug in die stoel. Hy maak 'n brug met sy vingers en kyk daaroor na haar met sy klein ogies.

“Ek wil hê jy moet vir Dirk Buchner opspoor, meneer Bricknell. Ek sal jou die geld betaal wat jy nodig het. Maar jy móét hom opspoor.”

Hy knip sy oë. “Wat laat jou dink ek kan meer sukses behaal as die polisie?”

“Hulle het te veel werk. Te veel werk en te min mense. Ek soek iemand wat al sy tyd en energie aan dié saak kan wy.”

Bricknell glimlag simpatiek. “Sien jy die lêers wat hier rondstaan? Ondersoekwerk neem tyd, juffrou. Die meeste van dié sake is nog nie afgehandel nie. Ek sal joune by die res moet inpas.”

Ragel is vasbeslote. “Ek is jammer. As jy my saak neem, soek ek al jou energie. Ek sal betaal.”

Bricknell se vingers bou 'n nuwe brug. “Juffrou Bergh, jy is soos baie ander mense die slagoffer van wat jy in die fliek en op televisie sien. Ek het honderde kliënte wat almal geduldig sit en wag vir hul geld of inligting vir hul egskeidingsprosedures. Jy kan my nie genoeg betaal om dit alles te los nie.”

Hy leun vooroor en vee die kuif uit sy oë. “En ek het geen ondervinding van die soort saak waarvan jy praat nie. Dit is 'n ander liga daardie. Ek het nie die hulpmiddels van die polisie nie – mense, forensiese toetse, rekords . . . Ek is jammer . . .”

“Is daar iemand wat my sál kan help?”

“Jy is welkom om met ander privaatspeurders te gesels. Maar ek twyfel. Dit is net nie ons soort saak nie. Ja, ons werk is maar baie vaal . . .”

Ragel staan op en bedank hom. Hy wend ’n halfhartige poging aan om haar uit te vra, maar toe sy nie reageer nie, laat hy dit vaar.

Sy ry reguit na Jacob Goldberg toe. Hy lag uitbundig oor haar beskrywing van Bricknell. “Miskien moes ek jou beter voorberei het. Dit is ’n ander soort werk daardie, wat ’n spesiale soort mens verg.”

“Wat nou, oom Jacob?”

Jacob neem haar hand oor die lessenaar. “Nou moet jy vergeet, Rageltjie. Die ding is verby. Jou lewe moet aangaan. Jy is ’n mooi vrou. Jy het ’n suksesvolle sakeonderneming wat jou weer eendag al die geld kan gee wat jy nodig sal hê. Gaan geniet die lewe; gaan kry ’n man wat vir jou lief is. Gaan geniet die sonskyn en die reën. Gaan lag weer ’n keer. Maar vergeet nou van dié ding.”

Ragel druk sy hand en haal diep asem. “Ai, oom Jacob, ek wens dit was so maklik. Ek het so hard geprobeer. Ek sal dit los, maar daar’s iets wat my nie wil los nie.”

Sy sak terug in die stoel en haar stem is sag. Sy wys met haar arm na die venster.

“Iewers daar buite, in Johannesburg of Durban of Kaapstad, iewers loop ’n man rond wat ’n stuk van my gesteel het. Nie geld nie, ’n stuk van my, van my binneste. En ek wil dit terughê, oom Jacob. Ek kan nie dié ding los voor dan nie.”

Jacob Goldberg maak klikgeluidjies met sy tong. “Ai, ai, ai, soveel pyn. Ek verstaan. Jy is baie soos jou pa, Ragel. Hy het ook net een ding op ’n slag in sy hart gehad.”

Hy dink vir ’n oomblik na. “Ek weet nie wat ons gaan doen nie. Daar is miskien een uitweg. Ek het nou die dag iets gehoor. Van iemand wat kan help. Maar ek sal nog moet uitvind. As dit nie werk nie, moet jy hulp gaan soek by ’n sielkundige. Hoor jy?”

Ragel glimlag flou. “Is dit afpersing?”

“Ja, Rageltjie, dit is afpersing. Belowe jy? As ek nie kan uitvind wie die mense is wat kan help nie, sal jy na ’n sielkundige toe gaan.”

“Jy is meedoënloos, oom Jacob.”

“Is dit ’n ooreenkoms?”

“Ek het nie ’n keuse nie. Ek belowe. Maar dan moet jy jou bes doen.”

“Vir jou, Rageltjie, doen ek altyd my bes.”



Januarie is tradisioneel 'n stil maand ná die gejaag van Desember en Kersfees. Dit maak die wag vir Ragel nog moeiliker. Of Jacob iemand gaan opspoor wat kan help en of sy nou na 'n sielkundige moet gaan, sy wil net hê die saak moet 'n slot hê, 'n ontknoping. Sy besef die haat het dit vir haar draaglik gemaak, maar sy weet ook die haat kan 'n struikelblok word, emosionele kettings waaraan sy vir Dirk Buchner vir die res van haar lewe kan saamsleep. Daarom wil sy hê iets moet gebeur.

Danksy Frikkie se geesdrif, kennis en harde werk is die winkel stadig maar seker besig om een van die drie bestes in die Kaap te word. Hulle het 'n uiters winsgewende Desember agter die rug. Sy kon Snyman van die bank laat glimlag toe sy R10 000 op haar huisverband afbetaal. Vir Frikkie gee sy 'n tamaai verhoging.

Ragel weet sy sal nuwe planne met die winkel moet maak – soos die vloeroppervlak vergroot, nuwe bronne vir boeke gaan soek, dalk 'n reklameveldtog in plaaslike dagblaaië begin . . .

Maar sy kan niks doen voor sy nie van die haat ontslae raak en in die plek daarvan vrede kry nie.

Jacob skakel haar twee weke nadat hulle die ooreenkoms gesluit het. “Ek het nog niks. Daar is gerugte, maar niemand weet regtig iets nie. Ek is redelik seker daar is iemand wat kan help. Die probleem is hoe om kontak te maak. Gee my nog 'n week of twee.”

'n Jong, aantreklike man kom snuffel in die winkel en sien haar raak. Hy maak geen geheim van sy belangstelling nie, maar Ragel dink aan elke denkbare verskoning as hy oor die volgende week die een uitnodiging ná die ander aan haar rig. Sy weet sy is nog nie reg nie.

'n Kliënt van Beaufort-Wes skakel en sê daar is 'n private versameling van meer as tweehonderd boeke betrokke by 'n bestorwe boedel op die dorp. Stel Ragel belang om te gaan kyk? Sy raak effens opgewonde oor dié geleentheid, maar besluit om vir Frikkie te stuur.

Hy weier botweg. “Dit sal jou goed doen om 'n bietjie uit die Kaap weg te kom,” redeneer hy.

“Jy is net bang vir Beaufort-Wes se hitte,” sê sy, maar weet hy is reg.

Die private versameling is 'n skatkis van klassieke inheemse en uitheemse werke uit die vorige eeu – almal in egte leer gebind en in 'n uitstekende toestand. Die prokureur wat die boedel hanteer, het geen idee wat die waarde daarvan is nie. Ragel moet hard praat voor hy glo hy moet meer as R1 000 daarvoor aanvaar. Sy skryf 'n tjek van R3 000 uit en weet

die boeke is tien keer dié bedrag werd. As sy die volgende oggend douvoordag uit Beaufort-Wes vertrek, slaan sy die MG se dak af en glip 'n rock-kasset in die motorradio. Die soel oggendwind waai deur haar hare, die lug is skoon en vars en die kragtige note van Pink Floyd weergalm oor die Karoo se vlaktes. Ragel weet die lewe kan weer eendag volmaak wees. Sy moet net van die haat ontslae raak.

Frikkie is só opgewonde oor die boeke dat hy byna vergeet om vir haar te sê Jacob Goldberg het gebel. Ragel se hart klop in haar keel terwyl sy die nommer skakel.

“Ja, ek het dit gekry, met groot moeite. As dit werk, skuld jy my 'n ete. Maar dit is net 'n telefoonnommer. Ek het dit by 'n advokaat gekry wat dit weer by iemand anders gekry het wat hom 'n guns skuld. Niemand weet wie dit is nie. Skakel die nommer, maar hou my op hoogte.”

Ragel skryf die nommer met 'n bewende hand neer. Sy bedank Jacob en belowe weer plegtig dat sy al twee hul ooreenkomste sal nakom – die sielkundige as die nommer niks oplewer nie en die ete as dit 'n sukses is.

Sy gaan stap eers 'n draai deur die winkel om die spanning te laat afneem. Dit is haar laaste kans om te kry waarna sy met haar hele hart, haar hele siel smag: om vir Dirk Buchner weer op te spoor en terug te betaal vir die vernedering. Haar laaste kans . . .

Sy stap na haar lessenaar en gaan sit. Sy kyk na die nommer. Sy tel die gehoorbuis op en skakel die nommer. Dit begin lui.

Met elke lui kan Ragel voel hoe haar buik saamtrek. Sê nou maar net dit is verouderd of 'n verkeerde nommer. Dit lui lank. Te lank. Maar sy gaan nie neersit nie. Al moet dit die hele dag lui.

“Ja?” vra 'n stem aan die ander kant, ongeduldig en gestoord. Dit is so skielik dat Ragel niks uit die toonhoogte of intonasie kan agterkom nie. Dan besef sy dat sy nie die vaagste benul het van wat om nou te sê nie. Sy probeer tyd wen. “Wie praat nou?”

“Vir wie soek u?” Dit is 'n manstem. Diep. Maar geïrriteerd.

Ragel raak verbouereerd. “Wat is die nommer daar?”

Die irritasie neem toe aan die ander kant. “Watter nommer het u geskakel?”

Ragel weet dit is die regte nommer. Sy kan dit hoor aan die versigtigheid waarmee die man praat. Maar sy weet nie hoe om te begin nie. Sy herhaal die nommer wat sy geskakel het.

“Ja, dit is reg,” sê die stem, nou effens minder geïrriteerd.

Ragel soek desperaat na woorde. Sy oorweeg dit vir een kort oomblik om die telefoon neer te gooi en op die vlug te slaan. “Ek . . . e . . .” Haar mond is droog. Sy probeer weer. “Is dit . . . e . . .” Sy voel hoe haar hart die bloed deur haar slape jaag.

Die stem aan die ander kant is skielik rustig, kalm, amper vaderlik. “U het hulp nodig?” sê-vra die man.

Ragel se dankbaarheid is oorweldigend. “Ja, dit is reg. Ek het die nommer gekry by iemand. Dit is ’n lang storie,” sê sy in ’n haastige stortvloed van woorde.

Dit klink vir ’n oomblik of die stem aan die ander kant effens geamuseerd is. “Goed, ek verstaan. Dit sou dalk beter wees as ons iewers ontmoet.”

“Asseblief.”

“Wat van môreoggend by die Rhodes-monument?”

“Môreoggend is doodreg.”

“Halfelf?”

“Halfelf is reg.”

“Dra asseblief ’n hoed in u hand sodat ek u kan herken. Onthou, in die hand, nie op die kop nie. Totsiens.”

Die lyn gaan dood voor Ragel ook kan groet. Sy sit nog minute lank so met die gehoorbuis in haar hand. Sy weet nie of sy moet lag of huil nie. Is al dié melodrama regtig nodig? ’n Geheime ontmoeting?

Maar in haar onderbewussyn weet sy die oproep is professioneel gehanteer. En dit is wat sy nodig het. Professionele hulp. Om ’n jagtog aan te pak. ’n Jagtog na die grootste monster wat die mensdom nog opgelewer het: Dirk Buchner.

# Deel 2

[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

# 1

Die maan sit laag oor die Atlantiese oseaan en laat breë silwer fosforspore op die branders.

Hy weet hy moet hardloopskoene dra, maar die sand onder sy kaal voete is koel en sag – ’n buffer tussen hom en die pyn.

Die pyn is nie vir hom vreemd nie. Hy ken dit al lank. Dit is ook nie ’n vyand nie. Met elke tree wat hy op die sand gee, verwelkom hy die pyn terug. Die pyn van sy enkels, sy kuite, sy bobene, die pyn van sy buik.

Hy vervloek die dobermann weer, sy haastigheid om die skildery af te haal. Dié moegheid ná net sewe kilometer is sy eie skuld.

Hy konsentreer op sy asemhaling, op die ritme van sy voete op die sand, op sy hande wat hy hoog teen sy bors moet hou.

Die chirurg het gefluit toe hy die arm sien. “Wat het jou só verrinneneer? ’n Leeu?” Want die tandmerke was persgroen, septiese skeure in sy arm. Hy het gelieg, ’n geloofwaardige vae verhaal saamgeflans van twee honde wat baklei het, twee dobermanns.

En ná die operasie moes hy rus by Smittie, wat soos ’n nors hoenderhen om hom gekloek het. Sy lyf het sag geword, die veer in sy buik afgeloop.

Nou moet hy weer die veer opwen. Dit is wat sy kop sê. Sy lyf het meer gehou van die gemaklike lewe, van Smittie se joviale kookkuns, van op Smittie se stoep lê en slapbandboeke lees wat geen inspanning vir liggaam of gees inhou nie.

Hy is nou net meer as ’n week by die huis. Sy huis. Hy het ’n week gelede begin, eers ’n ligte draffie langs die see af op die grens tussen nag en dag, die tyd waarvan hy die meeste hou.

Nou is daar ’n dringendheid in hom. Sy liggaam is sy skans, sy mededingende voordeel. Dit moet regkom.

“Jy wil te vinnig te veel vermag,” skree die senings. Die pyn is sy lyf se teëstribbeling, ’n rebellie teen die inspanning van vesel en spier.

“Kan nie langer wag nie.” Een voet voor die ander, geluidloos oor die bleekwit sand.

“Swem is ook oefening,” kla sy lyf hom aan. “Sonder die slytasie op enkel en knie. Selfs ’n stadige kata, gedoen met konsentrasie en oorgawe, is beter as dié.”

“Die kata kom nog. As die son opkom. Soos sensei Matsimoru dit sou wou hê.”

Die sweet loop nou vryelik, ondanks die koue oggendwind. ’n Straaltjie vorm teen sy gesig af en hou aan met loop, oor sy kaal bors tot teen die swart kortbroek. Die debat in sy kop laat hom vergeet van die pyn. “Matsimoru het jou ook geleer om nie te forseer nie. Hoekom straf jy jouself só?”

Die oosterkim begin verkleur, ’n diep roos wat die paar los wolkies swart afets. Die see hier langs hom raas en maal en die oggendwind wil gaan lê.

Die skoonheid van dit alles lei sy aandag ’n oomblik lank weg van die pyn. En dan kapituleer die rebel. Die euforie van die hardloop styg in hom op.

Sy bene kry ’n wil van hul eie, sy asem skakel oor na ’n ekonomiese rat, die pyn verdoof. Hy sweef bo die sand, die aanklaer stilgemaak.

Hy sien sy huis teen die rotse wanneer hy om die hoek van die baai kom. Die glasvensters weerkaats die eerste goue strale van die son. Die huis van klip en hout wat hy self teen die krans bo die see gebou het. Hy hoor Carla blaf en weet sy kan hom sien. Sy was vies toe hy haar nie vanoggend saamgeneem het nie. Maar hy het verduidelik dat dit te ver vir haar gaan wees.

Op die sand van die strand onder die huis gaan hy staan. Die son breek los van die horison en vlieg vry in die lug op, ’n reuseballon. Hy draai na die see en voel die son op sy kaal rug. Hy plant sy bene wyd en laat sy asem bedaar. Dan draai hy om en buig na die son. Hy groet Matsimoru en sien die klein Japannees voor hom, die gesig van iemand wat so hard probeer om nie sy verlede te onthou nie, die uitgeworpe instrukteur wat sy dodelike kuns in Afrika vir ander kom leer het.

“Wees gegroet, sensei, waar jy ook al mag wees.”

Hy draai terug see toe. Hy dwing die omgewing uit sy gedagtes uit, konsentreer op sy liggaam.

Sy asemhaling is diep en rustig, sy balans saamgetrek op elke voet. Die boodskap van die eerste beweging verlaat sy brein. Spiere trek saam in ’n instinktiewe, grasiëuse vloei van ledemate. Wanneer hy ’n beweging met ’n skielike strydkreet benadruk, vlieg ’n paar seevoëls verskrik op en swiep uit oor die see.

Ragel is ’n kwartier te vroeg. Sy gaan sit langs een van die reuseleëus wat uitkyk oor die Kaapse Vlakte, hoed in haar hand. ’n Verliefde paartjie

kom hand-in-hand verby; 'n groepie skoolkinders en hul onderwyseres staan heel voor. Hulle roep opgewonde uit as hulle landmerke in die panorama onder hulle herken. Drie bejaardes loop stadig op met die trappe.

Die onsekerheid van wat om te verwag, het haar die grootste deel van die vorige nag wakker gehou. Maar sy is nie moeg nie. Vir die eerste keer sedert sy in Dirk se leë woonstel ingeloop het, voel sy dat daar hoop is om weer te lewe. Sy is ongeduldig, vies vir haarself omdat sy vroeg is, bang dat hy nie sal opdaag nie.

'n Kort, ronde man met grys in sy kort swart hare stap af met die trappe. Hy het 'n kamera om sy nek. 'n Ma met haar baba in 'n abbasak op haar rug gaan sit onder een van die ander leeus.

“Dit is tyd,” prewel sy terwyl sy op haar horlosie kyk. Waar is hy?

'n Groot passasierstraler kom maak sy draai oor die vlakte en die kinders wys en borrel. Ragel volg die vlug daarvan met Dirk se oë. Het hy ook só hier aangekom? Is hy só hier weg? Met 'n tas vol van haar geld en 'n grynslag om sy mond?

“Ekskuus, juffrou,” klink 'n stem langs haar op. Sy skrik. Dit is die kort, ouerige man met die kamera om sy nek wat breed langs haar glimlag; sy groot ronde gesig straal vriendelikheid uit.

“Ek sal vreeslik graag 'n foto van u wil neem, so met die Kaap op die agtergrond. Foto's sonder mense op beteken mos niks,” sê hy op 'n geselstrant.

Ragel vererg haar. As die man wat haar moet kom ontmoet haar saam met iemand anders sien, gaan hy dalk nie kontak maak nie. “Ek is jammer. Ek wag vir iemand anders.”

Die man se glimlag val effens, maar hy hou vol. “Ai, juffrou, dit sal net 'n oomblik duur. En jy is so pragtig.”

Hy is ook al oud genoeg om te weet hoe om sy sin met 'n vrou te kry, dink Ragel. “Nou goed, net vinnig. Ek is nie baie lief vir kameras nie,” sê sy.

Sy stap af na die soom van die monument. “Sit sommer op die muurtjie,” vra die man. “En sit die hoed op.”

“Nee,” sê Ragel met absolute finaliteit. “Ek sit nie die hoed op nie.”

Die man lag en sy ronde gesig lag saam. “Goed, goed, jy hoef nie.”

'n Jong man, groot en fors gebou, kom met die trappe afgestap. Ragel se hart ruk.

“Kyk vir my. Kyk vir die kamera.”

Die jong man gaan staan en kyk terug. 'n Jong swartkop vrou draf af na hom toe. Hy neem haar hand. Ragel is teleurgesteld.

“Jy het gister 'n telefoonoproep gemaak,” sê-vra die man met die ronde gesig nog op 'n geselstrant. Ragel hoor dit, maar luister nie onmiddellik nie. Dit neem 'n paar sekondes vir sy woorde om inslag te vind.

“Ek . . . Ja, ek het!” sê sy halfverlig en halfteleurgesteld. Sy het nie verwag dat haar laaste uitweg meer as vyftig jaar oud gaan wees nie.

Die man sit die kameralens se doppie terug en stap nader. “My naam is Zatopek Smit. Maar jy kan my Smittie noem.” Die innemende glimlag is steeds daar.

Sy steek haar hand uit en kan nie help om terug te glimlag nie. “Ragel Bergh. Aangename kennis. U het my onkant betrap.”

Smittie gee 'n kort laggie. “Ek weet – ek is nie wat jy verwag het nie. Moenie dat dit jou bekommer nie. Ek is net 'n eerste kontak, 'n soort keurder.”

Hy neem Ragel se arm. “Kom ons gaan stap teen die berg. Daar is so baie mense hier rond.”

Hulle stap op met die trappe, onder die suil van die monument deur en oor die parkeerterrein met sy dennebome. Smittie pyl af op die paadjie wat met 'n draai bergop loop. Toe hulle 'n entjie weg is van die laaste mense, begin hy:

“Voor ek jou gaan vra om te vertel waarmee jy dink ons kan help, wil ek eers vir jou waarsku: Daar is die moontlikheid dat ons nié kan help nie. Hoewel dit soms nodig is om buite die reg sake op te los, is daar sekere dinge wat ons nie bereid is om te doen nie, of bloot net nie kan doen nie, weens die spesifieke omstandighede. Daar is ook die moontlikheid dat ons jou probeer help, maar nie daarin slaag nie. Verstaan jy dit?”

Ragel knik haar kop, al klink dit vir haar of hy al klaar begin verskonings maak, voor hy nog gehoor het wat sy gedoen wil hê.

Hulle het nou oor die nek gestap en daar is niemand in sig nie. Smittie wys na 'n koel kolletjie tussen 'n klompie dennebome. “Kom ons gaan sit rustig.”

Ragel gaan sit op die dik stomp van 'n gevalle den. Smittie maak hom teen 'n boomstam tuis. Hy glimlag gerusstellend vir haar. “Waarmee het jy gedink kan ons help?”

Ragel kyk na die man voor haar met sy wit kortmouhemp en grys langbroek. Sy ronde magie beur teen die hemp se knope, sy ronde grys oë



blink vol lewe, as 'n fokuspunt vir sy ronde gesig onder die swart-en-grys hare wat byna borselkop geskeer is. Hy, en wie ook al saam met hom werk, is haar enigste hoop. En noudat die spanning van wag verby is, is sy glad nie meer so seker dat sy die regte ding doen nie.

Maar sy vertel vir Smittie. Sonder om haar eie pyn en verleentheid weg te steek. Sy weet dat elke mens vir wie sy dit vertel, gaan weet dat Dirk haar gebruik het. Nog iemand wat vir haar kan lag, wat smalend die storie kan gaan oorvertel: “Dié Ragel Bergh is nie te moeilik nie. As jy geld of 'n bietjie passie wil hê, druk op haar nommer en sy help sommer.”

Maar sy vertel vir Smittie alles omdat dit makliker is as om die woorde binne te hou.

Twee olyflysters vlieg al skellende tussen haar en Smittie deur. 'n Bokmakierie roep glashelder en asemrowend mooi na sy maat. Maar Ragel sien en hoor dit nie.

Smittie laat haar praat sonder om te onderbreek. Eindelik is sy klaar, die woorde skielik op, maar haar gesig nog vol van die pyn en die afsku. Smittie staan op en kom sit langs haar. Hy steek sy hand uit en druk haar skouer; hy maak 'n handgebaar van simpatie, asof hy verstaan, maar nie weet hoe om haar emosie te hanteer nie.

“Jy . . . Dit moes vir jou moeilik gewees het,” sê hy ná 'n lang stilte.

“Ek is al oor die ergste.”

“Vertel my van die polisieondersoek.”

“Daar is nie veel om te vertel nie. Hulle het hul bes gedoen. Miskien nog meer as gewoonlik, want die speurkaptein en my vriendin het . . . bevriend geraak. Maar daar was uiteindelik niks om op te volg nie.”

“Wie was die speurder?”

“Kaptein Boef Beukes. Dit is sy bynaam . . .”

“Ek weet van hom. Goeie man. En hoe het jy my telefoonnommer in die hande gekry?”

Ragel vertel van haar poging om 'n privaatspeurder in die hande te kry en van Jacob Goldberg se advokaat-vriend wat gehelp het. Smittie knik sy kop, asof hy verstaan. “Ons het al vir een of twee regsgeleerdes gehelp.”

Hy staan op. “Ragel, ons aanvaar nooit 'n . . . e . . . kliënt ná 'n eerste ontmoeting nie. Die rede is eenvoudig – daar is mense wat vir ons kwaad is, wat graag op die een of ander manier vir ons in eie munt sou wou terugbetaal. Daarom wil ons net 'n bietjie nadink oor jou . . . versoek.”

Sy kan nie haar teleurstelling wegsteek nie. Hy pluk 'n grashalm en draai dit om sy duim. “Ons doen dit met almal. Ek twyfel nie dat jou . . . emosie eg is nie, maar . . .”

“Is ek só deurskynend?”

“Dit is tot jou voordeel.” Hy gooi die grashalm weg en pluk nog een. “Nogtans kan ek jou nie 'n finale antwoord gee nie. Soos ek gesê het, ek is net 'n eerste kontak. Daar is iemand anders wat die werk gaan doen. Hy is die een wat die finale besluit neem.”

“Hoe lank voor ek sal weet?”

“O, ek sal jou môre al kan sê.”

“Dit sal wonderlik wees. Maar wat van koste? Dink jy regtig julle kan doen wat die polisie nie kon nie?”

Smittie glimlag en steek sy hand uit om haar te help opstaan. “Die restaurant hier agter die monument is bekend vir sy skons. Sal ons hulle gaan toets? Dan vertel ek jou hoe dit werk.”

Terwyl hulle terugstap met die paadjie, gesels Smittie oor die plante, insekte en voëls wat hulle teëkom. Ragel knik hoflik, asof sy aandagtig na elke woord luister, maar die ongeduld wil haar verteer. En sy is steeds onseker. Die vriendelike man langs haar is amper vaderlik. Maar kan hy en sy kollega vir Dirk Buchner en die ander aandurf? Dirk is gewetenloos, professioneel, meedoënloos. Smittie lyk of hy Kersvader in 'n winkelsentrum sou kon wees.

Hulle kry 'n tafel in die tuin van die restaurant. Dit is nog te vroeg vir die middagete-toeloop en niemand sit naby hulle nie. Nadat Smittie die bestelling geplaas het, leun hy gemaklik vooroor. Hy haal 'n leersakkie uit sy sak en rits dit oop. Uit die sak kom 'n pyp te voorskyn, wat hy in die asbak uitklop.

“Sal jy omgee as ek rook?”

“Glad nie,” sê Ragel. Sy wil byvoeg: “Maak net gou,” maar sy onderdruk haar ongeduld. Smittie haal 'n aansteker en 'n metaal-pypdrukker ook uit die sakkie en begin die pyp te stop.

“Ek is net 'n verkenner, 'n soort keurder wat moet seker maak dat jy nie een van die mense is wat nie van ons hou nie.” Hy kry die pyp met die aansteker aan die gang en blaas blou rookdampe in die stil oggendlug. Ragel gebruik die geleentheid om woorde aan die frons op haar voorkop te koppel.

“Wie sou die mense wees wat nie van julle hou nie – die polisie?”

“Daar kan dalk lede van die Mag wees wat ’n appeltjie met my . . . e . . . kollega sal wil skil. Ook mense soos Dirk Buchner sal wil weet waar ons ons nou bevind. Maar wag, laat ek verder vertel. As ek klaar my verkenningswerk gedoen het, maak ek ’n aanbeveling aan iemand anders . . .”

“ ’n Man?”

“ ’n Man.”

“Sy naam?”

“E . . . kom ons noem hom vir eers . . . e . . . Ivan.”

“Ivan?”

“Voorlopig . . . Hy neem die finale besluit, want dit is hy wat al die werk gaan doen.”

Ragel probeer ’n man met die naam van Ivan voorstel, maar sy kry die groot rooi baard van Boef Beukes in haar geestesoog en gee moed op.

“Daar is dus nog ’n kans dat julle my nié gaan help nie?”

“Ja, dit is moontlik. Maar ek kan jou belowe ek sal groot druk op Ivan plaas om jou saak te aanvaar. Dit sal hom goed doen om vir ’n mooi jong vrou te werk.”

Sy kompliment is so opreg dat Ragel bloos. Sy verander die onderwerp vinnig. “Jy kan verstaan dat ek ná die verlies van R750 000 nie finansieel baie sterk is nie. Wat gaan julle hulp my kos?”

Die kelner bring ’n groot skinkbord met skons, room, aarbeikonfyt en tee. Smittie antwoord eers haar vraag wanneer die kelner weg is en Ragel tee begin skink. “Moenie jou oor die geld bekommer nie. Dit is die soort ooreenkoms waar jy nie kan verloor nie.”

“Ek het daardie woorde nie te lank gelede nie ook gehoor. En geglo. Dit is hoekom ek hier is.”

Smittie glimlag simpatiek en neem sy koppie tee by haar. Hy gooi suiker en melk in terwyl hy praat. “Dié keer is dit anders, want jy betaal niks. Dit werk só: As Ivan nie vir Buchner kan opspoor en jou geld terugkry nie, kos dit jou niks.”

“Dit klink te regverdig.”

“Maar as hy hom opspoor, sorg hy dat hy ’n ietsie ekstra kry.”

Ragel sluk die laaste van die tee in haar koppie. “Ek moet eerlik wees – dit klink te goed om waar te wees.”

Smittie hap ’n skon wat swaar gelaai is met room en aarbeikonfyt, hou dan sy hand in die lug tot hy eers klaar gekou het. “My kollega is . . .

talentvol.”

“Dit klink so. Hy beter goed wees, want Dirk Buchner is geen amateur nie.”

Smittie glimlag. “Ivan ook nie.”

Ragel kan haar nuuskierigheid nie bedwing nie. “Wie is hy? Wat is hy? ’n Privaatspeurder?”

“Dit is seker een manier om hom te beskryf . . .”

“Nou verstaan ek glad nie.”

Ragel verkyk haar as Smittie aan die lag gaan. Daar kom feitlik nie ’n geluid by sy mond uit nie, maar sy oë is op skrefies getrek en sy hele lyf skud van lekkerte op die stoel. “Ek moet vir jou sê, ek verstaan ook nie aldag vir Ivan nie,” gaan Smittie voort nadat hy die lagbui baasgeraak het. “Ek mag nie veel meer sê nie.”

“Hoe sal ek weet of hy opgewasse is vir die taak? Wat is sy agtergrond? Hoe weet ek ek kan op hom vertrou?”

Smittie sit sy hand op Ragel se voorarm. Hy is skielik ernstig. “Ragel, jy het nie veel van ’n keuse nie. Jy sou nie na ons toe gekom het as daar baie ander moontlikhede was nie. Maar ek kan jou die versekering gee dat Ivan weet wat hy doen. Sy agtergrond, sy ondervinding is uiters toepaslik. Hy ken Buchner se soort goed.”

“Hoekom?” Sy huiwer, vra dan: “Is hy ook só?”

“Ek kan nie meer sê as wat ek reeds gesê het nie. Ivan moet self besluit of hy jou wil vertel wie en wat hy is.”

“En jy, Smittie? Wie is jy?”

“Net ’n skakel in die ketting.”

“Is dit wat jy doen vir ’n lewe?”

“Nee. Ek is afgetree. Ek doen dit omdat ek wil, nie omdat ek moet nie. Noem dit my tweede stokperdjie.”

“Wat is jou eerste stokperdjie?”

“Treine. Ek sal jou eendag wys.”

Ragel skud haar kop. “Dié ding maak nie sin nie. ’n Pensioenaris wat hom met misdaad en vergelding besig hou, ’n geheimsinnige man wie se naam jou aan die Rooi Gevaar laat dink, wat jou geen geld vra as hy misluk nie, al het hy uitgawes . . .”

Smittie begin die pyp wegpak. “Ek weet daar is nog baie vrae in jou gemoed. Maar ons is al wat jy het. Jy sal ons moet vertrou. Veral vir Ivan.”

“Wanneer ontmoet ek dié geheimsinnige Rooi Rus?”

Nou lag Smittie weer met toe oë. “Ek glo nie hy is van Russiese afkoms nie. So gou moontlik. Binne die volgende paar dae, as hy besluit om jou te help.”

“Hoekom sou hy my nié wil help nie?”

“Omdat hy sy beperkings ken.” Smittie begin aanstalties maak om te loop. “Hoe gouer ek by Ivan uitkom, hoe gouer sal jy weet of hy gaan help.”

Smittie laat genoeg geld vir die rekening en ’n fooitjie op die tafel en hy stap saam na haar motor toe. As sy wegry en hom in die truspieëltjie sien staan, wonder sy of hy en die sogenaamde Ivan werklik opgewasse gaan wees. Maar die verterende ongeduld in haar is nou weg. Sy is skielik kalm en berustend. Sy weet dit is haar laaste kans om Dirk op te spoor. En sy weet daar is ’n moontlikheid dat dit nie gaan werk nie. Dan sal sy haar ooreenkoms met Jacob nakom – en professionele hulp vir haar haat gaan soek.

Die middag by die werk roep Frikkie haar telefoon toe. Toe sy die gehoorbuis by hom neem en antwoord, is die lyn skielik dood. Die aand by die huis gebeur dit weer. Sy kan hoor iemand luister vir ’n oomblik, maar dan volg die klik wanneer die ander party neersit.

Die volgende oggend skakel Boef Beukes haar. “Wat vang jy aan?” vra hy streng.

Ragel skrik. Hoe het hy uitgevind? “Hoe bedoel jy?” sê sy effens verbouereerd.

“Ek het nou net ’n oproep gehad van ’n kaptein Stanley van Port Elizabeth wat vra hoe ver ons met die Bergh-saak gevorder het. Want hy het glo ’n soortgelyke ding daar.”

“Nou hoe kan dit iets wees wat ék aangevang het?” vra Ragel verlig.

“Wag, ek kom nog daarby. Ek gee hom toe die breë trekke van die dossier. En vra toe wat hy het. Maar toe gaan die lyn dood. Ek bel P.E. – en hulle het nog nooit van ’n kaptein Stanley gehoor nie. Om die waarheid te sê, daar werk geen Stanley in die hele Oos-Kaapse polisiemag nie. Nou wil ek weet – vir wie het jy opgesteek om te vra?”

“Ek weet nie waarvan jy praat nie, Boef. Is jy besig om my been te trek?”

“Nie jy nie?”

’n Oomblik se stilte op die telefoon. Dan: “Ek was seker jy het iets daarmee te doene gehad. Dit is snaaks. Baie snaaks.” Boef maak verskoning dat hy haar verdink het en nooi haar om die Vrydagaand saam met hom en

Mignon te gaan eet. As Ragel die telefoon neersit, weet sy die kort man met die stil lag het iets hiermee te doene.

Sy is skielik vies. Dink hulle regtig sy sal blatant lieg oor so iets? Sy besef skielik die oproepe van die vorige dag en aand was tien teen een ook om haar besonderhede na te gaan. En hy het 'n foto van haar. Gister, by die monument, het hy 'n foto geneem. Slinks. Smittie lyk so skadeloos.

Ragel glimlag. Hulle is nie amateurs nie. Dis goed.

Sy is al besig om die winkel se deure toe te maak vir sluitingstyd wanneer die telefoon lui. Dit is Smittie wat sê: “Ek het goeie nuus.”

“O. Glo julle my uiteindelik?”

Smittie ignoreer haar sarkasme. “Ivan sal probeer help.”

“Ek is bly,” sê Ragel, dié keer sonder sarkasme.

“Ons sien hom môre, as dit jou pas. Ek sal jou kom haal. Vroegoggend. Hoe klink agtuur vir jou?”

“Agtuur is reg. Kom ek gee jou my adres. Dit is . . .”

“Ek weet waar jy bly. Sien jou agtuur,” groet Smittie. Ragel plaas die gehoorbuis terug. Sy trek haar asem diep in en blaas dit stadig uit. Is dit die eerste tree op die pad na Dirk Buchner?

Wil sy net haar geld terugkry?

Sy sien haarself in die spieël in die voorportaal. “Nee,” sê sy vir die spieëlbeeld. “Nie net die geld nie.”

Sy wil haarself ook terughê.

Carla sit op die vloer en kwyl.

Die geur van varkwors, eiers en roosterbrood laat haar stip staar na elke beweging van die man agter die stoof. Op die vensterbank sit 'n groot gemmerkat, asof onbewus van mens en hond. Een oor is byna heeltemal af. Op sy bors is 'n lang streep waar nie meer hare groei nie. Die oggendson skyn helder op die rooibruin pels wat die kat met groot deeglikheid sit en was.

Ivan Malan is honger. Die draf oor twaalf kilometer van sagte seesand, die vinnige swem in die yskoue seewater het sy aptyt tot 'n dringendheid verhef. Hy skep eers wors en eiers in Carla se bak. Die groot hond laat sak haar kop onmiddellik en eet met sappige geluide. Met die pan in sy hand draai hy na die kat, wat steeds die gebeure in die kombuis ignoreer.

“Gaan jy eet?” Die kat gaan voort met die noukeurige versorging van sy pels. Ivan skud sy kop. Die kat is al só sedert hy Carla die eerste keer huis toe gebring het. Eet net as die hond buite is.

Hy skep vir homself in, kopskuddend oor dié magstryd. Sedert Carla se aankoms het die kat alles prysgegee behalwe die gehawende gemakstoel voor die kaggel – die een waarin Ivan nie self sit nie.

Hy sit sy bord op die houttafel neer en sien Carla het klaar geëet. Hy gaan maak die deur oop en roep haar uit. Sy gaan teëninnig. Die kat kyk skielik om, asof hy vir die eerste keer bewus word dat daar iemand anders in die kombuis is.

“Magsdeling is deesdae 'n aanvaarbare term in dié land. Jy sal dit moet oorweeg.” Die kat trek sy oorblywende oor plat en vra een keer, in 'n diep stem, vir sy regmatige porsie. Ivan skep die wors in die kat se bak. Die kat begin eet, geruisloos.

“Jy eet ten minste beskaafd.” Hy haal 'n groot blikbeker met melk uit die yskas en drink diep. Dan gaan sit hy voor die bord. Sy kos is al koud.

“Julle regeer my,” sê hy vies vir die kat, wat met totale konsentrasie eet. Die kat se stert beweeg effens in antwoord.

Terwyl hy later skottelgoed was, maak hy 'n inventaris van wat nog gedoen moet word voor Smittie en die vroumens kom. Hy is bly hy is klaar met die behandeling van die huis se houtwerk. En die wapens. Daar is nog

twee van die gewere wat skoongemaak en geolie moet word. Maar dit is al. Dan kan hy weer gaan werk. Dit is tyd.

Ivan los sy bord en beker en die diere se bakke op die droograk. Hy stap op die stoep uit en af met die treetjies. Die kluis se deur is in die klipwerk van die huis weggesteek, onder die trap. Hy gly die leiklip van die elektroniese kodepaneel weg en druk die knoppies wat soos 'n telefoon se toetsbord lyk. 120376. 'n Datum. Sy eerste ontmoeting met Sutherland. Die elektroniese slot gee 'n sagte biep. Dan swaai die deur oop – 'n swaar versperring van staal en beton wat met die klipmuur van die huis se onderste gedeelte saamsmelt. Net 'n oog wat weet waar om te soek, sal die nate kan opspoor.

Hy skakel die neonlig aan en stap in die koel keldervertrek in. Dit is ruim – so groot soos die woonvertrek waaronder dit lê. Hy laat sy oë dwaal. Dit is die plek waar hy tuis voel. Sy kantoor, by wyse van spreke. Waar die instrumente van sy beroep uitgestal is. Maar ook 'n museum. 'n Kroniek van sy herkoms, sy geskiedenis, sy vaardighede en sy aanleg.

Die vuurwapenrak beslaan die hele regterkantste muur. Bo is die wapens self – 'n ry van glimmende staal wat netjies, soos soldate, in 'n ry staan, dofblink in die onsimpatieke lig. Soort by soort, 'n liasseerkabinet van die dood.

Eers: die outomatiese aanvalsgewere. Hy stap nader en laat sy hand oor die swart mat verf van die Amerikaanse M16AI gly. Asof 'n refleks, hoor hy die klein Duitser se stem, te diep vir so 'n klein mannetjie, maar dit pas by die oorfloed testosteroon, die baard wat 'n skaduwee gooi teen vieruur, die hare wat by sy ore, sy kraag, sy hems moue uitbeur asof dit na sonlig groei, soos 'n desperate grasperk. “Menere . . .” – Von Schaurot was altyd hoflik – “die M16AI-handkarabyn is die korter weergawe van die Amerikaanse leer se diensgeweer. Gasaangedrewe slotaksie, 5.56 mm kaliber, dertig rondtes in die magasyn, een in die loop. Nie te sleg nie, nie te goed nie. Julle eie R4 is net so goed. Effens swaarder, effens korter, maar net so goed.”

Die Duitser het altyd van “julle” gepraat, asof hy nie deel was van die groep of die land nie. Maar hy was goed. Net so goed soos Sutherland. Net 'n ander spesialiteitsveld.

Langs die M16AI staan sy hele Suid-Afrikaanse infanterie-arsenaal, die R1, R2 en R4, en hul groot mededinger, die AK47.



“Die Sowjets gebruik hom, die Sjinese ook. As daar ooit op julle geskiet word, is die kanse goed dat dit ’n AK gaan wees. Leer hom dus ken. 7.62. Gasaangedrewe. Betroubaar. Dodelik.” Von Schaurot se stem het die sinkgebou se mure laat vibreer en die vyf mense in burgerlike drag voor hom met groot oë na die wapen in sy hand laat staar.

Die laaste van die outomatiese aanvalsgewere op die rak is een van sy nuutstes. Die Enfield XL70, ’n Britse produk. Ingesmokkel deur Marseilles en Bagdad. Een van die nuwe geslag. Met die magasyn agter die handgreep en sneller. Wat sou Von Schaurot nie oor dié wapen kon sê nie. En die nagteleskoop, die infrarooi-laservisier.

Dan volg sy haelgewere. Die Smith-en-Wesson model 3000 se rak is leeg. Maar hy weet waar dié geweer is. Op ’n plek waar hy dit kan nodig kry. Maar die Heckler-en-Koch CAWS is daar – Close Assault Weapon System – ’n Duitse produk waarmee Von Schaurot só gespog het dat sy paar studente die geweer net soveel gewantrou het soos Von Schaurot se adellike afkoms. En dan die FN-onlustemodel. Vyf in die magasyn, een in die loop. Handpompaksie.

Die Walther staan half eenkant. Nie ’n haelgeweer nie, nie ’n handkarabyn nie. Die WA2000, die geweer wat hy tegelykertyd haat en liefhet. Die geweer wat hy twee keer moes gebruik. Istanboel in ’79. Parys in ’84. Duitse tegnologie. Sluipskutterswapen. Ses groot .300 Win Mag-rondtes, semi-outomaties, ’n swaar en stewige sewe kilogram, akkuraat tot meer as agthonderd meter. Met die groot Zeiss-teleskoop. En plek vir tegnologiese visiere.

Hy streel daaroor, onthou die vrees – én die ekstase – en probeer vergeet.

Die pistole hang horisontaal, anders as die gewere. Die twee Uzi’s, waarvan net een in die kluis hang. Die ander een is in sy slaapkamer, weggesteek in die kopstuk van die bed. Vir ingeval. Daarnaas hang die Hammerli met die lang loop. Dan die SIG Sauer P220 wat die Switserse weermag gebruik. Die Suid-Afrikaanse Cobra se vlekvrystaal blink uit tussen die ander. Bonkig, hoekig. En die Beretta 84 BB met 13 in die kolfmagasyn.

Hy was nog nooit mal oor rewolwers nie, al is hulle hoe betroubaar. Miskien ook Von Schaurot se skuld. “Die gaping voor en agter die silinder maak dat jy nooit goeie groeperings kan skiet nie. Die kamerdruk van die rondtes is nie eweredig nie, ook nie die snelheid van elke koeël nie.”

Maar hy besit drie. 'n Ou Webley wat by Musgrave gerestoureer is, die dodelike Colt Python, met sy .357 magnum-trefkrag, en die Mateba.

Ivan weet Von Schaurot sou die Mateba gerespekteer het, maar hy sou moeilik kon vrede maak daarmee dat dit 'n Italianer was wat dit ontwerp het. Amelio Ghisoni van Pavia. In '83. Ghisoni, wat die silinder weg van die tradisionele plek bo die sneller geskuif het – na voor die sneller. Maar al skiet hy gereeld goeie groeperings daarmee, al is dié rewolwer se balans beter in die hand, al is dit stoornisvry, hou hy nie daarvan nie. Miskien omdat dit soos 'n pistool lyk. Miskien omdat hy dit nog nooit op 'n ander plek as die skietbaan getoets het nie.

Hy stap terug na die handkarabyne en haal die Heckler-en-Koch en die Walther van die rak af. Onder in die kas is elke laai netjies gemerk. Skoonmaakgoed. Herlaai-apparaat. Ammunisie. Teleskope. Nagvisiere. Handleidings. Laai op laai, tot teen die voorkantste muur. Hy sit die wapens op die lang werkbank neer. Gereedskap om die wapens mee in stand te hou, hang netjies bo die werkoppervlak. Niks uitsonderlik nie. Die gevorderde tegnologiese werk moet Smittie doen.

Hy haal die olie, lappe, trekstange uit die toepaslike laaie, neem die wapens en stap deur toe. Sy oë val op die staalkabinette teen die linkerkantste muur, oorkant die wapenrak. 'n Lang ry, elkeen met 'n etiket op. Dié geheime het nie instandhouding nodig nie, weet hy. Hy trek die swaar deur toe en stap uit in die sonlig. Hy sal op die agterstoep werk, waar hy die pad kan dophou.

Smittie se motor is 'n Toyota Cressida, tien jaar oud en binne en buite vlekkeloos skoon. Ragel was ook beïndruk toe hy dertig sekondes ná agt aan haar voordeur klop.

Op pad deur die stad, verby Milnerton en Blouberg, gesels hulle oor hoe die Kaapse verkeer in die afgelope jare versleg het, die mooi dag en woonbuurte wat so vinnig weswaarts uitbrei.

Eers wanneer Smittie op die Weskuspad versnel, roer sy die sake aan wat haar pla. “Jy is 'n baie agterdogtige en liggelowige man vir 'n pensioenaris,” sê sy halfspottend, halfernstig. Smittie se ronde gesig vertrek in oordrewe verontwaardiging.

“O?”

“Die telefoonoproep. En die gesprek met Boef Beukes. My foto is seker ook aan 'n paar mense gewys. Het die sogenaamde Ivan dit al gesien? Is hy seker ek is nie een van dié wat vir hom kwaad is nie?”

“En jy sê ek is agterdogtig.”

Ragel se mond pruil. “Jy kon my gesê het jy vertrou my nie.”

“Dit sou nie veel gehelp het nie. Maar ons vertrou jou nou. Wat pla jou nog?”

“Niks anders nie. Ek het net gewonder . . . Hoekom moet ons al die pad uitry na Mohammed toe? Kon hy nie maar na die berg toe gekom het nie?”

Smittie se oë trek weer toe en hy skud van die lag agter die stuurwiel. Dan besef Ragel hoekom hy lag. “Ek het nie die woordspeling bedoel nie. Is hy in die moeilikheid met die gereg dat hy so wegkruip?”

Wanneer Smittie sy asem onder beheer het, skud hy sy kop. “Nee, hy is nie in die moeilikheid nie. Jy sien, hy het geen idee hoe dié saak gaan ontplooi nie. Vra jouself af hoekom Buchner-hulle jónú uitgekies het. Hulle moes iewers gehoor het jy het ’n driekwartmiljoen in die bank.”

Hy kyk ernstig na Ragel. “Dit kon iemand naby jou gewees het. Iemand wat vir Ivan dalk kan herken as hy probeer om jou geld terug te kry.”

“Onmoontlik. Dit kan nie iemand naby my wees nie.”

“Dit hoef nie ’n boesemvriend of iemand in die familie te wees nie. Net iemand wat jou goed genoeg ken.”

Tussen Yzerfontein en Saldanha draai Smittie skielik van die hoofpad af, see se kant toe. Hy klim uit om ’n swaar plaashek oop te maak. Aan die ander kant lê ’n paadjie met ’n hoë middelmannetjie en twee vae spore. Die hek het ’n groot slot aan, maar Smittie soek sy bos sleutels deur en kry die regte een. Hy ry deur en sluit die hek weer agter hulle.

Die paadjie kronkel tussen die Weskus-fynbos deur, oor begroeide sandduine, tot Ragel tussen twee duine deur ’n streep see kan sien. Sy sit op die punt van haar sitplek, nuuskierig soos ’n kind oor die geheimsinnige man wat voor wag. Smittie sien haar gretigheid en glimlag vir homself.

Die baai maak skielik oop voor hulle – die diep blou van die see, die wit van die strand, die donkerbruin van die kranse tussen land en see, die groen van die plantegroei. Ragel sou nie die huis gesien het as die son nie deur een van die vensters weerkwaats is nie. Dit is uit die kranse gebou, ’n deel daarvan, dieselfde kleur klip, die hout net ’n verlenging. Dit lyk so eensaam, dink sy, so alleen tussen die water en die land, soos ’n vuurtoring.

Ragel sien eers die groot swart hond wat van die stoep af stap, uitrek en hulle lui-lui tegemoetdraf. Haar oë soek die man, die een wat haar seer moet wegvat, haar pyn moet verlig.

Smittie hou stil. Carla spring stertswaaiend teen hom op.

“En toe, waar is jou baas?”

“Weet hy ooit ons kom?” vra Ragel bekommerd.

Smittie kyk na sy horlosie. “Hy weet al vir die afgelope vyf minute dat ons hier is.” Hulle stap na die stoep. Ragel hoor die see, voel die ligte wind op haar wang. Sy ruik die Weskus-bossies, die sand in die son. Dan is daar beweging op die stoep. ’n Man kom uit die skaduwee gestap, in die helderte van die son in. Hy het ’n T-hemp en kort swart sportbroek aan. Ragel se oë wil hom meet, hom opweeg teen die liggaamsbou van Dirk Buchner.

Hy is lank, langer as sy. Sy skouers is breed, maar hy lyk amper skraal. Die swart hare krul styf teen sy kop, kort gesny, amper te kort. Sy sien die oë. Swart soos steenkool, gloeiend in sy kop. Sy voorkop is hoog, onderstreep deur dik swart wenkbroue. Die wangbene en ken prominent, sy neus Romeins. Sy mond is dun, sonder glimlag.

Ivan stap nader en steek sy hand uit na haar. Sy sien die blou-rooi littekens op sy voorarm, ’n geneesde wond wat die spore van sy pyn agtergelaat het. Sy neem sy hand sonder gewaarwording van ’n spesifieke oordeel, haar oë nog metend.

“Ivan Malan,” sê hy sonder aanmoediging.

“Ragel Bergh.”

Hulle kyk mekaar in die oë. Sy soek na getuienis van sy herkoms, sy geheimsinnigheid, maar kry dit nie. Smittie maak keel skoon en sy los sy hand.

“Jou naam is regtig Ivan?”

Smittie antwoord: “Ek is nie goed met lieg nie. Ek . . .” Hy lag weer. “Ek kon nie gou genoeg aan iets anders dink nie.”

Sy glimlag en besef Smittie probeer die ys breek.

“Kan ek jou voorstel aan Carla?” vra Smittie, effens ongemaklik. Hy kyk na die hond. “Carla, dit is Ragel Bergh.”

Ragel glimlag en vryf die groot hond se kop. Sy wonder oor Ivan Malan se informele klere. Maak hy ’n stelling daarmee? Oor homself? Oor haar?

“Kom in,” sê Ivan. Hy lei hulle met die treetjies op, oor die stoep en by die deur in. Ragel se oë flits nuuskierig rond. Die binnekant van die huis is koel. Sy sien ’n ruim vertrek. Eers kombuis, met ’n groot houttafel, stoof en yskas. Daar is geen skeiding tussen dié gebied en die sitkamer nie. Die vertrek word oorheers deur die reusekaggel van klip. Teen die muur is boekrakke ingebou. Ragel se oë soek vinnig tussen die boeke, op soek na leidrade, maar hulle loop verby voor sy afleidings kan maak. Die ander

mure is leeg, sonder kunswerke, behalwe 'n kleurrike seewier wat aan 'n stukkie vislyn van een muur afhang. 'n Ander deur lei na vertrekke wat sy nie kan sien nie.

Ivan lei hulle na die voorstoep, wat uitkyk oor die baai. Daar is 'n riempiesbank en twee seilstoele.

“Sit gerus.”

Sy stap na 'n stoel. Ivan gaan sit op die bank, Smittie staan teen die stoepmuurtjie en kyk uit op die see. Ragel skuif in die stoel en kyk ook na die see. Die stilte duur voort. Smittie skud sy kop en glimlag, asof hy onbewus is van die ongemaklikheid.

“Ek sal nooit gewoond raak aan jou uitsig nie.”

Hy draai om en kyk na Ragel en Ivan. “Nou ja, julle het baie om oor te praat. Sal ek gaan tee maak?”

“Dit sal lekker wees,” sê Ragel outomaties.

“Dankie, Smittie,” sê Ivan. Smittie verdwyn in die huis.

“Waar sal ek begin?” vra Ragel. Hy maak dit nie vir haar makliker nie.

'n Groot rooi gemmerkat met 'n afgekoude oor kom om die hoek van die stoep en draf met die treetjies op. Daar is 'n rot in sy bek. Hy draf reguit na Ragel en lê die rot voor haar voete neer. Die knaagdier se rooi oë kyk haar beskuldigend aan en knip 'n paar keer. Ragel versteen. Die kat kyk vol verwagting na haar.

“Dit is 'n geskenk,” sê Ivan.

Die kat kyk na haar. Die rot kyk na haar. Die man kyk na haar.

“Dit is . . . indrukwekkend,” sê sy onseker. Die rot spring op en hardloop oor haar voet. Die kat spring agterna. Ragel gil met elke greintjie krag in haar liggaam.

Ivan se gesig wys beheerste afkeer. “Dit is nie nodig nie,” sê hy sag. Ragel hoor dit en haar vrees gaan onmiddellik oor in woede vir sy algehele onvermoë om haar situasie te verstaan. Smittie kom uitgestorm. Die kat keer die rot in die stoep se hoek vas en slaan weer sy tande in die dier se nek in.

Ivan se stem is steeds sag, amper verskonend: “Cassius. Buite.” Die kat trek sy een oor plat en sy stert swiep heen en weer.

“Buite!”

Die kat draf teësinnig by die treetjies af. Ragel soek na woorde, maar die situasie is só vreemd dat sy dit nie kry nie. Sy sukkel om haar humeur te behou. Smittie staan met groot ronde oë in die deur, ketel in sy hand.

“Dit is maar hoe Cassius met vreemdes maak. Ek is gewoonlik die ontvanger. Hy weet nie jy is ’n stadsvrou nie,” sê Smittie en hy glimlag. Sy glimlag gaan oor in die lag wat sy nou al ken – die toe oë en die geluidlose geskud. Dan loop hy al laggende kombuis toe, onbewus van die onderstrominge op die stoep.

“Het jy verwag dat ek die rot by die kat moes vat?” vra sy sarkasties, haar bloed net onder kookpunt.

“Dit is nie belangrik nie.” Hy kyk weg, see toe.

Ragel is verstom. Dit is nie die antwoord wat sy verwag het nie.

Ivan gaan voort asof niks gebeur het nie. Maar hy kyk steeds nie na haar nie.

“Smittie het my omtrent alles vertel. Maar jy sal van voor af moet begin. Sonder om iets uit te laat. Al is dit vir jou ook hóé onbelangrik.”

Die vinnige verandering van rigting en onderwerp vang Ragel weer onkant. Maar as hy dié soort speletjie wil speel, kan sy ook.

Carla kom uit die kombuis gestap en val lui-lui op die stoep neer, haar kop op Ragel se voete, met die groot bruin oë wat vol simpatie na haar kyk. ’n Oomblik lank wonder Ragel hoekom die man se diere haar nie kan uitlos nie, maar Carla se onderskraging en nabyheid laat haar effens beter voel.

Ragel begin vertel in ’n sagte, ongeesdriftige stem, soos ’n skoolkind wat ’n gedig gevoelloos voordra. Sy kyk af na Carla, en vryf die hond se groot kop.

Ivan draai sy oë weg van die see af en kyk na Ragel. Hy luister aandagtig, hoor die opsetlike gevoelloosheid in haar stem. Smittie het gesê sy is mooi, maar hy weet Smittie is nie altyd geloofwaardig as dit by vroumense kom nie.

Dié keer was Smittie reg oor die voorkoms, verkeerd oor die persoonlikheid. Die vrou is emosioneel, neuroties. Sy oë dwaal oor haar. Sy het ’n heldergeel rok aan, met ’n bypassende geel strik in haar dik bruin hare. Haar gesig is sterk en aantreklik, maar sy oë kan nie genoeg van haar vel kry nie. Vleklose ivoor wat lewenslustig blink. Dit strek styf en gesond oor haar wangbene, oor haar arms en nek, by die hals in op pad na haar borste . . .

Hy ruk homself terug na haar woorde. Smittie kom uit met ’n skinkbord en bedien almal, gaan sit dan op die muurtjie.

Wanneer sy vertel van hul naweek in die berge en hoe sy by die transaksie betrokke geraak het, kyk Ivan op na Smittie.

“Ikarus.”

“Hoe nou?” vra Ragel.

Smittie verduidelik. “Die Ikarus-faktor. Dit is wat hulle gebruik het. ’n Slenter wat so oud is soos die berge. Jy ken die mitologie? Van Ikarus wat al hoër wou vlieg, al nader aan die son? Tot sy vlerke verskroei en hy na sy dood geval het?”

Ragel knik. Natuurlik ken sy die mitologie.

“Swendelaars gebruik gewoonlik die sterkste emosie van almal om die Ikarus-faktor te laat werk – gierigheid,” vervolg Smittie. “Hulle maak die slagoffer betrokke by ’n spel of konkelry, waarin die slagoffer elke keer meer geld verdien. Hoe meer hy kry, hoe meer wil hy hê. Tot hy só hoog vlieg . . .”

Ivan val hom in die rede. “In haar geval was die Ikarus-faktor ’n ander emosie. Amper belangriker as die geld . . .”

“Ek sal bly wees as julle nie van my praat asof ek glad nie hier is nie.” Sy wend haar na Smittie en ignoreer vir Ivan.

Smittie is dadelik simpatiek. “Jammer, Ragel. Maar jy weet, Buchner-hulle se misdaad is een van die mees gewetenlose wat daar is. Hulle misbruik die mens se inherente drang om sy medemens te vertrou. Ons moes mekaar van die vroegste tye af vertrou om te kon oorleef. Om dit uit te buit . . . Dit is afstootlik.”

Sy kyk betekenisvol na Ivan en hoop hy neem dié woorde ter harte. Maar daar is geen simpatie in sy stem wanneer hy haar vra om verder te vertel nie.

Ragel begin weer praat. Die skaduwee op die stoep krimp stadig. Carla staan op en stap kombuis toe met ’n tong wat uithang. Die son skuif verby twaalfuur en gooi ’n helder straal onder die stoep se dak in. Wanneer sy eindig met die gebeure by die Rhodes-monument, tree Smittie tussenbeide. “Luister, dit is al ná een. Ek het wors gebring. En slaai. Sal almal eet?”

Ivan en Ragel knik en Smittie verdwyn weer in die kombuis.

“Julle . . . verskil baie,” sê Ragel.

“O?” sê Ivan. Ragel besef sy het in ’n mynveld ingestap. Maar sy wil haar punt maak. Sy verdedig deur aan te val.

“Jy kan nie stry nie, hy is baie anders.”

“In watter opsig?”

Ragel raak verwilderd. “Hy is . . . hy lyk nie of hy . . .” Sy raak stil. Hoekom het sy dié verdomde onderwerp aangeroei? Om vir hom te wys hy

is nie so wonderlik as wat hy dink hy is nie? En nou sit sy met woorde wat in die lug hang, sonder die moed om dit te voltooi.

Ivan bly stil. Sy ruigtes wenkbroue is vol verwagting gelig. Die stilte duur voort. Dan beseft hy sy gaan nie haar sin voltooi nie.

“As jy klaar is, het ek nog ’n paar vrae.”

Jy wen, dink sy. Ek kan nie teen jou baklei nie. Ek is moeg vir die baklei. “Ek sal graag my bene wil rek.”

“Sal ons see toe stap?”

Ragel knik en staan op.

Hulle stap af met die treetjies, Carla hoopvol agterna. Ragel sien daar is ’n paadjie uit die rots gekap wat aflei na die strand. Sy stap voor, in stilte. Sy trek haar skoene uit wanneer hulle onder kom. Carla hardloop blaffend vooruit op die strand.

Hulle stap suid, weg van die huis af. Die branders gooi lang skuimarms oor die wye wit strand. Die ysige koue water spoel oor Ragel se voete. Sy maak nie ’n geluid nie. Sy het haar les geleer. Dan stap sy hoër op teen die strand, waar die water nie kan kom nie.

Carla blaf haar afkeer van dié rigting en hardloop ’n uitbundige draai deur die branders.

Ivan orden sy gedagtes in stilte. Die moeilikste deel van wat voorlê, gaan wees om Buchner weer op te spoor. Om dit te kan doen, sal hy Ragel se geheue moet leegtap. Hy weet mense laat spore na, al probeer hulle ook hoe hard om te verdwyn. Die stelsel se groot meul maal voort en vra identiteitsnommers, handtekeninge, foto’s. En hoe groter die bedrae is wat ons verdien en spandeer, hoe groter is die spore wat ons laat. Buchner is nie onopspoorbaar nie. As jy die regte inligting het. En die verskaffer van die inligting, dink hy, is ’n vrou met ’n ongebalanseerde persoonlikheid. Hy sug. Dit is nooit maklik nie.

“Dirk Buchner,” sê hy. Ragel skrik uit haar gedagtes.

“Ja?”

“Vertel my van hom.”

“Ek het jou alles vertel wat ek weet.”

Ivan sug weer. Ragel sien dit.

“Jy dink so. Maar daar is nog baie van sy woorde, kenmerke eie aan hom, iewers in jou kop.” Ivan dink na. “Ek neem aan dat hy homself op die een of ander manier vermom het. Subtiel. Want ons leef te lank saam met wat ons is. ’n Te groot verandering versteur ons natuurlike balans, ons



aanvaarding van wat ons is. Praat oor Buchner. Kry hom in jou kop. Beskryf hom.”

Dit is die langste wat Ivan nog aanmekaar gepraat het sedert sy hom ontmoet het. Daar is ’n dringendheid in sy stem. Ragel besef skielik dat dit ook die eerste emosie is wat sy by hom raaksien. En sy strategie maak sin.

Sy vergeet van die koue sand onder haar voete. Sy dink terug aan die dag toe Dirk haar in die winkel kom vra het vir ete, toe hy gelag het vir haar, sy kop teruggegooi het en hartlik gelag het. “Sy hare is dik en blond. Die kleur van dié sand. Sy snor ook. Sy vel is bruin. ’n Goue bruin . . . nie soos . . . wel, soos joune nie.”

Sy besef dat sy daarmee erken dat sy kennis geneem het van Ivan se voorkoms.

Hy is nie tevrede met haar beskrywing nie. “Hoe bedoel jy?”

“Net wat ek sê.”

“Jy kan beter vaar as dit.”

“Hoe sal jy weet?”

“Nee.” Ivan gaan staan voor haar. Sy gesig is streng, sy swart oë ernstig. “Jy hoef nie van my te hou nie. As jy gehelp wil wees, beantwoord net my vrae so goed as wat jy kan.”

Die wending in die gesprek het so vinnig gekom dat Ragel onverhoeds betrap is deur haar eie aggressie, haar humeur wat opvlam. Haar oë rek wyd van die kwaad.

“As ek gehelp wil wees? Moenie dat ek lag nie. Die groot ridder op die wit perd? Jy wil my nie help nie. Jy soek daardie geld. Moenie dink ek weet niks nie. Jy is nie soveel anders as Dirk Buchner nie. Jy verdien nie jou eie geld nie.”

Die pyn wat Ragel uitstraal met haar liggaamshouding, haar mond, haar oë, laat Ivan sy humeur in toom hou. Die woorde sny deur hom, maak ou wonde oop, maar hy sien haar pyn.

“Ek is al wat jy het,” sê hy saggies en kyk see toe.

“Só herinner Smittie my ook. Keer op keer.” Maar haar drif het ook gaan lê.

Hulle staan langs mekaar en kyk na die see se onstuimigheid. Die stilte duur voort, elkeen bewus van sy eie gedagtes. Carla het heeltemal moed opgegee. Sy kom val langs hulle neer en rus haar kop op haar voorpote, die oë beskuldigend op Ivan gerig.

Ragel haal diep asem. “As ek nou terugdink, het Dirk se sonbrand kunsmatig gelyk. Asof dit met groot moeite – en baie sonbruinmiddel – gedoen is. Joune . . . dit lyk of jy wél baie in die son kom . . .”

Hy kyk na haar, dan weer weg.

“Dit is vir my moeilik om hom nou in perspektief te plaas,” gaan sy voort. “Nadat ek so lank glad nie aan hom wou dink nie . . . Maar ek sal probeer . . .”

“Dit is al wat ek vra. Ons moet liewers omdraai. Smittie gaan ongelukkig wees as ons laat is.”

Hulle begin terugstap. Carla is diep teleurgesteld. Sy spring op en blaf haar misnoeë. Dan aanvaar sy die omdraai en hardloop sirkels om hulle.

“Het hy met ’n aksent gepraat? Praat hy maklik? Hoe is sy Engels?”

“Hy kan praat. Dit is sy grootste wapen. Hy gebruik woorde soos ander mense gereedskap gebruik. Deur net iets te sê, of niks te sê nie, kan hy illusies skep.” Sy onthou hoe hy net een of twee keer van haar as sy “aanstaande” gepraat het. En hoe sy dit opgeslurp het. Die weersin in Dirk Buchner styg soos ’n naarheid in haar keel op. Maar sy dwing haarself om op die vrae te reageer.

“As hy Afrikaans praat, klink dit of hy . . . wel, of hy Afrikaans is. En hy praat net so goed Engels. By die restaurante het hy altyd met die kelners Engels gepraat. Niemand sou weet hy is Afrikaans nie. As hy is.”

Ivan liasseer die inligting. Hy weet die meeste werklik tweetalige mense in die land is om die een of ander rede van Afrikaanse herkoms.

“Vertel my van Buchner se klere.”

Weer neem dit Ragel ’n paar oomblikke om dit te herroep, haar gedagtes te orden. Maar sy besef al hoe meer die waarde van die inligting wat sy moet verskaf. En Malan is deeglik.

“Hy het altyd ’n pak klere of ’n baadjie en das aangehad. Of hy nou gaan werk of gaan uiteet het. Hy het ’n das aangehad selfs as ons net gaan fliek het. Ek het daarvan gehou. Gedink hy respekteer my. Hy het baie modern aangetrek. Sy kleurskema was grootliks blou. Duur leerskoene . . .”

“Het hy tuis gelyk in sy klere?”

“Ja. Heeltemal. Hy was . . . Sy klere wou . . . ’n beeld skep van hom. Nee . . . ek . . .”

“Komaan. Bespiegel.”

“Miskien moet ek vertel van my persepsie. Hy het presies aangetrek soos wat ’n mens sou verwag. Modern, maar voorspelbaar. Soos al die ander

duisende sakemanne wat jy elke oggend op pad werk toe sien.”

“Het dit jou gepla?”

“Nee. Glad nie.”

“Kan jy sê hoekom nie?”

Ragel frons. “Miskien omdat dit hom . . . onskadelik gemaak het?”

“Jy weet nou hy het voorgegee. Gebruik jou verbeelding. Wat sou hy aangetrek het as hy nie besig was om ’n rol te speel nie?”

Hulle bereik die onderpunt van die trap wat na die huis toe lei. Ragel gaan staan en dink na. “Sy borshare . . .” Sy bloos en kan dié reaksie skielik nie verstaan nie. Maar Ivan kyk net met verwagting na haar.

“Sy borshare het altyd by sy hemp se boordjie uitgesteek. Dit is asof ek sy kraagknoop wou losmaak. Ek sou hom aantrek met . . . Kom ons begin by die hemp . . . ’n Oopnekhemp. Helderkleurig, met ’n ingewikkelde patroon. En ’n informele langbroek wat perfek daarby pas. ’n Dun goue kettinkie om die nek? Miskien ’n ring? ’n Trui om die nek geknoop. Duur gemakskoene.”

Skielik verhelder haar gesig. “Ek het verlede jaar in die noorde na boeke gaan soek. ’n Vriend het my een Sondag genooi na sy seiljag, op die Vaaldam. Ons het die aand in die seiljagklub gaan eet. Dirk Buchner sou daar ingepas het. Verstaan jy?”

Sy begin by die treetjies opklim.

“Het hy enige juweliersware gedra?”

“Niks. Behalwe ’n horlosie. Baie duur. Een van daardie plattes in wit goud.”

Smittie wag hulle in. “Julle is net betyds.” Die reuk van gebakte wors hang swaar in die kombuis. Carla ruik dit en hardloop verby.

“Het julle gevorder?” vra Smittie.

“Ja,” sê Ragel. Ivan sê niks. Ragel kyk nie na hom nie. “Altans, ek dink so. Waar is die badkamer?”

### 3

“Sy is . . .” sê Ivan en hy tik met sy wysvinger op sy slaap.

Smittie se ronde oë word nog ronder. “Hoe nou?”

“Sy is so onstabiel soos ou TNT.”

Smittie kyk op na die lang man voor hom. Sy vinger is tereg wysend, beskuldigend. “Weet jy waardeur sy is? Het jy begrip vir hoe moeilik dit vir haar is om oor en oor te vertel van haar ondervinding? Net as sy dit begin verwerk, dan neuk iemand weer daarmee.”

Ivan snork. “Ek neuk met niks. Dis sý wat die hulp wil hê.”

“’n Bietjie simpatie sal nie kwaad doen nie.”

“Jy is bevooroordeelde omdat sy mooi is,” sê Ivan en tik weer teen sy kop.

Hulle hoor die deur oopgaan. Smittie is soos ’n broeis hen om Ragel. Hy trek vir haar ’n stoel uit by die gedekte houttafel, vra of sy iets wil drink, skep vir haar in. Ivan gaan sit in stilte.

Tydens die ete doen Smittie die meeste van die praatwerk. Ragel reageer dankbaar op sy besorgdheid en sien hoe hy nou en dan vir Ivan beskuldigende kyke met sy ronde oë gee. Sy dring daarop aan om ná ete met die skottelgoed te help, maar Smittie weier botweg.

“Julle het nog baie om oor te gesels voor ons ry. Gaan sit.”

Die wind waai al sterker van die see se kant af. Ivan sit binne op een van die effens verslete stoele voor die leë kaggel. Ragel maak haar in ’n ander een tuis. Ivan praat vir die eerste keer sedert voor ete.

“Vertel my van sy motor.”

“Die Porsche? Daar is niks om te vertel nie. Dit is ’n silwer 911.”

“Registrasienommer?”

“Ek kyk nooit eintlik daarna nie.”

“Kaapse nommer?”

“Ja. Nee! Ek weet nie. Ek het nooit regtig opgelet nie.”

“Hy het nooit iets gesê oor die ouderdom van die kar nie? Watter model dit is?”

“Nee.”

“Het jy ooit in die paneelkissie gekyk?”

“Nee. Hoekom?”

“Het hy enige persoonlike stempels op die kar afgedruk? Ornament aan die spieëltjie? Gelukbringer op die instrumentpaneel? St. Christopher?”

“Nee. Maar hoekom? Wat het dit . . .”

Smittie antwoord van die wasbak se kant af. “Ek dink Ivan probeer vasstel of dit Buchner se eie motor was en of dit net een was wat hy vir die duur van hul . . . e . . . slenter gehuur het.”

“As dit sy eie is, bied dit ’n leidraad,” sê Ivan sag, vir homself. “As dit sy eie is, sê dit iets van sy selfbeeld. En hoe meer ek van sy selfbeeld weet, hoe beter is die kans dat ek hom kan kry.” Sonder grootdoenerigheid. Daar is iets aan sy stemtoon wat sy nog nie voorheen opgemerk het nie. ’n Vasberadenheid . . .

“Sy woonstel. Ek wil weet wat in elke hoekie van elke vertrek gestaan het. Ek wil weet watse naskeermiddel, watse tandepasta hy gebruik, watse ontbytkos hy eet. Alles wat jy kan onthou. In die fynste detail.”

Ragel sluit haar oë en begin die woonstel beskryf. Sy doen dit met groter geesdrif, groter konsentrasie. Want daar is hoop. Hy val haar in die rede, vra nog besonderhede, frons as sy nie kan onthou nie.

Hy pers die inligting uit haar uit met sy kortaf vrae, sy liggaamshouding, die vlietende uitdrukkings wat oor sy gesig beweeg. En Ragel praat.

Die hele kombuis is later skoon en Smittie het geen ander keuse as om by hulle aan te sluit nie. Maar hy bly stil. Hy kyk en luister na die deeglikste kruisondervraging wat hy nog meegemaak het.

Die son duik al hoe vinniger na die see, die skaduwees word lank. Cassius kom met ’n regop stert by die deur in en vra kos met sy diep stem – net een kortaf bevel. Dit tref Ragel dat die kat en die man baie gemeen het. Littekens. ’n Sekere verhewendheid. Nie een van die twee weet hoe om hoflik te wees nie. Ivan onderbreek haar denke met nog ’n vraag. Smittie staan op en gee vir Cassius kos. Ivan vra vir Ragel uit oor Van Sitterd, oor die ontvangsdame, oor Cartwright. Keer op keer op keer.

Die son raak aan die Atlantiese oseaan en begin dan in die diep, yskoue water verdwyn. Smittie staan op en skakel ligte in die vertrek aan. Die skemer gaan oor na donker en die uitspansel trek sy sluier voor die sterre weg.

“Dis al,” sê Ivan uiteindelik. “Dit is al wat ek nou nodig het.”

“Hoe bedoel jy dit is al? Is dit genoeg?” vra Ragel en strek haar uit op die stoel, uitgemergel deur sy spervuur van vrae.

“Ek weet nog nie.”

“Wat gaan jy nou doen? Volgende?”

“Dink. ’n Paar van die ooglopende leidrade opvolg.”

“Watter leidrade?”

“Dit is nie nou ter sake nie.”

“Nie ter sake nie? Ek het ’n reg om te weet.”

“Ek is nie ’n privaatspeurdertjie wat aan jou hoef te rapporteer nie.”

“Maar . . .” begin Ragel en haar humeur ruk weer handuit.

Smittie staan op en sit sy hand op haar skouer. “Ek sal jou op die hoogte hou as daar nuus is. Ek dink dit is tyd dat ons ry. Dit word laat.”

Terwyl hulle wegry, kyk Ragel onwillekeurig terug. Sy sien die man voor die verligte huis, soos ’n baken in die donker. Hy staan alleen, die swart hond sit ’n entjie van hom af en kyk hoe die motor wegry. En sy is skielik dankbaar dat sy nie alleen, soos hy, in die huis moet agterbly nie. Die eensaamheid . . . ’n oomblik lank kry sy hom jammer. Dan skud sy haarself ergerlik uit dié onverklaarbare emosie en ruk haar kop vorentoe. Smittie sien dit, maar verstaan nie.

“Ek is jammer dat julle mekaar nie . . . e . . . kon vind nie.”

“Dit is nie jou skuld nie, Smittie.”

“Ek kon jou dalk gewaarsku het.”

“Dit sou nie ’n verskil gemaak het nie. Hy is so . . . gevoelloos. Hy wys geen emosie nie. Is hy met almal só? Of hou hy net nie van my nie? Het hy maniere as ander mense by is?”

“Daar is so baie van Ivan Malan wat jy nie weet nie.”

Ná ’n paar kilometer tussen die donker duine stop Smittie by die hek en klim uit om dit oop te maak. Daarna ry hy deur en sluit die hek weer sorgvuldig agter hom. Hulle draai in die teerpad in en Smittie versnel.

“Is ‘Ivan Malan’ sy regte naam en van?” vra Ragel om die stilte te verbreek.

“Ja, hoekom?”

“Maar net nuuskierig. Ek verstaan nou eers hoekom jy die eerste kontak in jul eienaardige vennootskap is. As hý die bemarking moes doen, het julle van honger doodgegaan.” Sy bedoel dit as ’n grap, maar Smittie lag nie.

“Wie ís hy, Smittie?”

Dan sug hy en sê sag: “Vergeet dit.”

“Sê my, Smittie, asseblief. Dit sal nie maak dat ek van hom hou nie, maar ten minste dat ek hom beter verstaan.”

“Net twee goed,” sê Smittie streng. “Net twee goed, en jy sê nooit vir hom ek het dit vir jou vertel nie.”

“Ek belowe.”

“Het jy na die klompie plate op sy boekrak gekyk? Die langspelers?”

“Ek het hulle nie eens raakgesien nie.”

“Daar is ’n klompie – so twintig. Alles rock. Popgroepe met die naam van Deep Purple, Black Sabbath, Emerson, Lake en Palmer. Slade. Nazareth. Sê dit vir jou iets?”

“Nie veel nie, behalwe dat hy die afgelope klompie jare nie eintlik belê het in nuwe musiek nie.”

“Presies,” sê hy.

“Wat bedoel jy?”

“Ivan se musieksmaak het in die sewentigerjare vasgesteek. En, ek is jammer om te sê, ’n deel van sy persoonlikheid ook.”

“Maar dan moet hy hom regruk. Jy het gesê jy gaan my twee dinge vertel.”

“Ivan se agtergrond is effens anders as . . . die gewone. Hy het sekere . . . letsels opgedoen. Sy emosionele ontwikkeling . . .”

“Is dit ’n verskoning?”

“Seker nie. Net ’n verduideliking.” Smittie dink na. “Sy lewe kon soveel anders gewees het. Maar die noodlot loop soms eienaardige paaie.”

“Jy praat in raaisels.”

Hy glimlag. “Ek het nie ’n keuse nie.” Dan weer ernstig: “Juis weens sy omstandighede, sy persoonlikheid, het iemand hom raakgesien. Sy potensiaal geïdentifiseer . . . hom gebruik. ’n Soort tuiste gegee, as jy dit só kan noem.”

“Wie, Smittie? Hoekom is jy so geheimsinnig oor die man? Dit kan sekerlik nie só erg wees nie? Jy kan maar vertel. Het hy ’n kriminele rekord? Was hy in die tronk? Ek gee nie om nie. Solank hy vir Dirk Buchner opspoor, gee ek nie om wie hy is of waar hy was nie.”

Smittie skud sy kop. “Dit is nie my besluit nie.”

Ragel aanvaar dié stelling in stilte. Sy het ’n plan.

Daar is wolke voor die halfmaan.

Sy voeteval is sonder geluid op die nat sand, 'n enkele ry spore wat kort-kort deur die branders uitgewis word. Sy asemhaling is reëlmatig, diep, gesinchroniseer met die reëlmaat van sy bene en arms.

Sy gedagtes is deurmekaar.

Hy kry nie 'n vashouplek nie. Buchner is 'n groot, gladde reptiel. Niks wat die vrou vir hom gesê het, gee vir hom 'n voor die hand liggende vashouplek nie. Geen wonder die polisie het moed opgegee nie.

Maar hy weet daar moet iets wees. Kaptein Sutherland sou raad gehad het. "Almal laat spore na. Almal se ego's is te groot. Jy dra iets saam met jou waarmee jy vir die wêreld wil wys wie jy is. Kry hom op sy handtekening. Of sy foto. Of sy identiteitsnommer. Ons laat spore na, van ons geboorte af tot met ons dood. Die stelsel is gemaak daarvoor. Dokumente. Rekords. Gaan soek. En as al die amptelike bronne nie werk nie, soek na sy ego. En jy sal hom kry."

Ivan weet die amptelike bronne sal niks van Buchner wys nie. Hy is goed. Professioneel. As die polisie nie eens 'n vingerafdruk kon kry nie . . . Ragel het na die polisiefoto's gekyk. Nee, kaptein Sutherland, die amptelike bronne lewer niks op nie.

Sy gedagtes maal en sif. Hy kategoriseer die inligting, skuif dit in sy kop rond, ondersoek, selekteer.

Hy hoor die vrou se stem, want dit is aan al die inligting gekoppel. Sy is die bron. En hy sien haar gesig voor hom. Haar vol lyf. En haar vel en haar oë en haar pyn en haar woede en haar drif. Sy liggaam reageer.

Hy vloek. 'n Stroom obseniteite. Begin weer van voor af die inligting sorteer en analiseer. Iewers moet daar 'n beginpunt wees.

Ragel slaap diep en lank. Sy word eers wakker toe die son helder deur die venster skyn. Sy strek uit, leun dan weer terug teen die kussings.

Eers winkel toe. Dan gaan sy haar plan in werking stel. Sy voel goed. Dit voel vir haar of daar weer sin in die lewe is. Sy staan op, was en trek aan.

By die winkel is Frikkie in 'n Beethoven-klaviersonate-bui. Ragel haal die CD uit en vervang dit deur 'n vrolike Mozart-opera.

Frikkie kyk verbaas op en glimlag.



Iets het met haar gebeur.

“Moenie gaan sit en dink nie. Sit help niks. Al gehoor jou brein sit in jou sitvlak? Dis waar. Veral wat julle betref. Staan op as jy wil dink. Nog beter, doen iets. Werk met jou hande. Of stap. Of hardloop. Maar moenie sit nie. As jy wil dink, gee vir jou brein suurstof.”

Hoeveel keer het hy nie na Sutherland gesit en luister in die sweetwarm sinkplaatgeboutjie wat hulle as klaskamer gebruik het nie. Die lang man met die geheimsinnige agtergrond. Die man wat iets van alles geweet het. Wat hulle gedryf het. Dag ná dag ná dag. En die meeste nagte ook. Maar hy het geweet wat hy doen.

Ivan staan met net 'n kortbroek aan in die son. Die sweet tap. Sy hande is vol houtstof. Hy hou die blokkie met skuurpapier in albei hande vas en skuur die noordelike muur van sy huis ritmies op en af. Hy het die houtwerk net enkele weke gelede alles afgeskuur en behandel. Maar hy moet werk. Sodat hy kan dink.

Die inligting in sy kop is feitlik alles al georden, geliasseer, sodat hy dit later weer kan oproep. Al die lêers met die naam *Ragel Bergh* daarop. Om sorgvuldig deur te blaai. Om Dirk Buchner in sy brein te kan skep, te hêrskep.

“As jy nie verbeelding het nie, moet jy huis toe gaan, na Mamma toe,” het Sutherland gesê. “Ek verkies een kruppel denker met verbeelding bo tien superatlete sonder grysstof. Verbeelding is die sleutel tot alle denkprosesse. Gebruik dit.”

“Ek probeer,” prewel Ivan terwyl hy die skuurpapier om die houtblokkie in sy hand vervang. “Ek probeer.”

Die sekuriteitswag lei Ragel deur die koerant se redaksionele kantore. Joernaliste sit agter rekenaarskermse en tik hul berigte. Dan stop die wag voor die deur van die biblioteek. Ragel bedank hom en gaan in. Agter 'n toonbank, tussen rye en rye staalkabinette, sit 'n middeljarige vrou.

“Hallo. My naam is Ragel Bergh. Ek hoop u kan my help,” sê Ragel so vriendelik moontlik.

Die vrou is nie beïndruk nie. Sy lig net haar wenkbroue agter die silwerraambril.

“Ek het 'n boekwinkel hier in Langstraat. 'n Kliënt het 'n boek van 'n vreemde skrywer by my kom soek. 'n Afrikaanse romanskrywer. Ek weet

niks van hom af nie. Nie eens hoeveel boeke hy al geskryf het nie. Julle liasseer mos alles wat geskryf word onder mense se name en vanne . . .”

“Ja,” sê die vrou en die wenkbroue sak.

“Sy naam is Ivan Malan. Het julle iets oor ’n Ivan Malan?”

Carla kom om die hoek van die huis gestap en tjank saggies as sy sien hy is nog besig in die son. Sy draai om en stap terug na die koelte van die stoep.

Ivan se hande en arms is besmeer van die houtverniss. Die sweet loop lang spore van sy kop teen sy nek en rug af. Die kwas beweeg asof vanself.

Hy weet hy het vir Ragel gesê daar is ’n paar ooglopende leidrade. Hy weet hy het gelieg. Al wat ooglopend is, is dat Dirk Buchner tien teen een sy geld verdien. Want om ’n paar weke saam met Ragel Bergh deur te bring, kan hoë eise aan ’n mens stel. Behalwe haar . . .

Die kwas is vir ’n oomblik stil. Dan fokus hy opnuut op die probleem. Buchner.

Voorkoms. Persoonlikheid. Modus operandi.

Hy het ’n lys gemaak van aannames. Soos dat Buchner nie in of om die Kaap sal woon nie. Professionele swendelaars werk nooit waar hulle bly nie. En andersom. Sy huis, waar hy die vrugte van sy arbeid kan uitstal en geniet, sal sekerlik nie naby die groen weivelde wees nie. Want daar is te veel potensiële goedgelowiges met geld wat in plekke soos Johannesburg, Pretoria en Kaapstad rondloop. Beteken dit dat Buchner op die platteland bly? Iewers op ’n klein dorpie ’n normale, gerespekteerde lewe voer? Moontlik.

Nog ’n aanname is dat Buchner en sy trawante moontlik net een keer per jaar werk. Om in Suid-Afrika gereeld mense uit reusebedrae te swendel, gaan baie vinnig aandag op jou aktiwiteite vestig.

As hulle dit net jaarliks aanpak, is die uitsoek van die slagoffer, die uitwerk van die strategie en die uitvoer daarvan van kardinale belang. Die navorsing en beplanning wat dit sou verg, laat hom vermoed dat hulle nie te ver van ’n stad sal wees nie.

Buchner, of wie hy ook al in werklikheid is, is waarskynlik ’n man wat weet hoe om die lewe te geniet. Wat nie omgee om ’n Porsche te ry as hy werk nie, al trek dit aandag. Wat in ’n gimnasium oefen. Wat onder die ligte sal lê vir ’n kunsmatige sonbruin. Al is dit deel van die vermomming. Want Buchner is professioneel genoeg om te weet dat die skyn nooit te ver van die waarheid mag wees nie. Veral as jy saam met jou slagoffer slaap. Want ’n verkeerde woord in die middel van die nag . . .

As die verdomde vrou net meer van motors geweet het. Meer opgelet het na registrasienommers. Dit kon Buchner se eie motor gewees het.

'n Man wat 'n vrou se diepste gevoelens kan manipuleer, moet 'n reuse-ego hê.

'n Ego wat mag dikteer dat hy 'n kans sal waag. Al ís hy professioneel. 'n Ego wat mag meebring dat hy dalk net een van die bewyse van sy ware identiteit, sy wêrklike lewe, by hom sal wil hou, soos 'n uithangbord.

En dit kan die . . .

Ivan staan stil, die kwas tussen blik en muur.

Al het sy nie die registrasienommer gesien nie – dalk kan hy die Porsche opspoor. Hy druk die kwas in die blik en stap haastig om huis toe.

Die vrou kom ná 'n leeftyd tussen die staalkabinette uit. “Daar is niks onder skrywers of kunstenaars nie. Net dié onder algemene name: misdaad.”

Haar hart sit in haar keel.

“Baie dankie,” sê sy vir die vrou met die silwerraambril en steek haar hand gretig uit na die bruin kartonlêer.

“O nee,” sê mevrou en waai met 'n staatsmanagtige wysvinger in die lug. “Jy moet eers hier teken.”

Ragel neem die pen wat op die toonbank lê en teken op die aangeduide plek.

“Jy mag dit nie hier uitneem nie. Daar is 'n fotostaatmasjien. As jy dit wil fotostateer, kan jy 'n teller by my kry. Dit is twintig sent per fotostaat.”

“Dankie.” Ragel neem die lêer. Op die liasseerkaartjie staan: *Malan, Ivan*. Dan sleutelwoorde, seker om te help met die liassering of opspoor daarvan. *Landdroshof. Diefstal. Vonnis*.

Terwyl sy na 'n tafel stap, het sy 'n gewaarwording van teleurstelling. Sy herken dit. Amper soos om uit te vind wat in jou Kerskous is voor Kersfees. Jou nuuskierigheid is bevredig, maar die uitsien en opwinding is verby.

Sy gaan sit by die tafel en plaas die dun bruin lêer voor haar. Dan maak sy dit oop.

Daar is net 'n enkele uitknipsel in. Dit is 'n klein beriggie met 'n enkelkolomfoto – onmiskenbaar Ivan Malan. Maar lank gelede. Op die foto is hy amper nog seun. Krulhare kort gesny, die gesig nog skraler as nou. Maar die oë ontstel haar. Daar was iets in sy oë . . .

Ragel lees die berig. *Opgeskorte vonnis vir motordief*, sê die opskrif.

*Die 19-jarige Ivan Malan, van geen vaste adres, is gister tot vier jaar gevangenisstraf gevonnis nadat hy skuldig bevind is aan motordiefstal.*

*Die vonnis is vyf jaar lank opgeskort, op voorwaarde dat die beskuldigde nie 'n soortgelyke misdaad pleeg nie.*

*Landdros H.J. Bouwer het in sy uitspraak gesê daar was verskeie omstandighede wat tot versagting van vonnis aanleiding gegee het. Malan is 'n eerste oortreder, hy het pas sy diensplig voltooi en het geen onmiddellike familie nie.*

*Die saak spruit uit 'n voorval verlede maand toe Malan die duur Duitse motor van die bekende beroepswedder, mnr. O.J. Ericson, by die Killarney-renbaan gesteel het. Die motor is later in Simonstad teruggevind. Daar was sowat R7 000 se skade aan die voertuig.*

*Mnr. J.J.J. van Rensburg het vir die staat opgetree en mnr. C. Conradie vir die verdediging (pro deo).*

Ragel kyk vlugtig na die datumstempel op die berig. Veertien jaar gelede. Dit kan nie ál wees nie. Maar sy vorm 'n persepsie van sy verlede. 'n Jong man, eintlik nog seun, wat sy diensplig voltooi en nie weet waarheen nie. Hy steel 'n motor. Uit frustrasie? Vir die pret? Omdat hy geld nodig het? Dit maak nie saak nie. Maar dit is die eerste tree op die misdaadpad. Hy word gevang en hou nie daarvan nie. Hy raak slimmer. Het Smittie nie gepraat van “die mense wat sy talente raakgesien het” nie? Het Ivan met 'n groep geharde misdadigers deurmekaar geraak? 'n Soort moderne Oliver wat geskool is deur die plaaslike, moderne weergawe van Fagin en die Artful Dodger?

Haar verbeelding moenie met haar op loop gaan nie. Maar dit is moontlik. Het Smittie met hom bevriend geraak en hom tot inkeer gebring? Hom oorreed om die kronkelpad van misdaad en swendelary te laat vaar? En liever sy talente aan te wend om mense te help? Sy kan dit glo van Smittie.

Sy kyk weer na die berig. Kan dit al wees? Sou hy nooit weer met die gereg bots nie? Moontlik het die groep geharde misdadigers hom geleer om uit die kloue van die polisie te bly.

Ragel geniet die spekulasie, die speurwerk. Maar sy is gefrustreerd. Sy het nie regtig gedink sy gaan hier iets oor Ivan Malan opspoor nie. Toe die vrou die lêer aangee, was haar opgewondenheid groot. Maar nou lyk dit alles so min. En so onskadelik. Motordiefstal? Veertien jaar gelede? Ag nee.

Hy het die bakkie gekoop toe hy sy huis gebou het. Om die boumateriaal mee aan te ry. En gewoon geraak aan die krapperige ratkas en sweetreuk in die kajuit.

Die Datsun is vyftien jaar oud. Die roes het pokmerke oral oor die bakwerk laat uitslaan. Die verf is vaal en kleurloos. Maar dit pas hom. Dit trek nie aandag nie, bied hom anonimiteit in die druk Kaapse verkeer. Daarom het hy dit gehou, sy enigste vervoer as hy hier is.

Ivan stroom geduldig saam met die verkeer. Stad toe. Die vuil ruite is in skrilte kontras met sy kleredrag. Hy het 'n donkerblou broek en bypassende, modieuse sportbaadjie en das aan. Die klere moet help met die beeld wat hy wil voorhou.

Maar die bakkie pas nie in nie, en daarom parkeer hy 'n paar straatblokke van sy bestemming af. Hy skuif sy das reg en maak sy oë toe. Hy is Chris Brown. Chris is anders, baie anders. Hy loop anders en praat anders en dink anders.

“Sien die karakter, sy agtergrond, sy persoonlikheid, sy doelstellings, sy selfbeeld. Glo in hom.” Sutherland het dié lesing gebruik om by sy gunstelingonderwerp uit te kom. “Onthou: jou bewussyn kan nie onderskei waar die boodskap vandaan kom nie. Sê vir jouself 'n honderd keer in tien minute jy voel sleg, en jy sál sleg voel. Oortuig jouself dat jy iemand anders is, en jou bewussyn gló dit. Bedrieg jouself. Onthou net om weer terug te keer na die werklikheid.”

“Jou bewussyn kan nie onderskei nie.”

“Mense glo wat hulle sien . . .”

Die twee hooftemas van al Sutherland se lesings oor die kuns van bedrog.

Hy klim uit en neem die aktetas. Hy haal parkeergeld uit en skiet die muntstuk in die lug op. Dit tuimel in die sonlig. Hy vang dit behendig met dieselfde hand. 'n Jong vrou stap verby. Hy glimlag vir haar. Sy glimlag terug. Hy voer die meter en stap op die sypaadjie langs, 'n man vol vuur vir die lewe. 'n Man wat 'n slag wil gaan slaan.

Die plek se naam is Loganbury's Classic Cars. Agter die groot vensters van die vertoonlokaal staan 'n Lamborghini, twee Ferrari's en twee Porsche's. Die Lancia en Alfa Romeo Spider lyk amper of hulle nie daar hoort nie. Teen die mure is groot spieëls en plakate van klassieke sportmotors. Een verkoopsman is besig om met 'n jong man in 'n leerbaadjie by die rooi Testarossa te gesels.

Die ander verkoopsman sien hom inkom en kyk Ivan met 'n geoefende oog op en af. Koper of lastige nuuskierige? Hy kan nie onmiddellik besluit nie.

Ivan glimlag breed en steek sy hand uit. “Haai. My naam is Chris Brown. En ek het ’n sakeaanbod wat jy nie kan ignoreer nie,” sê hy met ’n foutlose Engelse aksent.

“Bruce Taylor,” sê die verkoopsman agterdogtig. “Kom sit.”

Terwyl hulle aanstap na die lessenaar, voel Ivan hoe die adrenalien weer vloei. Net genoeg om hom daaraan te herinner dat die vakansie verby is. Dit is lekker om weer te werk.

Taylor gaan sit agter sy lessenaar, waarop net ’n telefoon, ’n krapblok en ’n gietystermodel van ’n grys Lotus Esprit staan. Taylor het ’n das aan met ’n Lancia-wapen op by ’n wit hemp. Sy gesig wys ’n padkaart van fyn rooi aartjies, ver paaie van leë bottels.

Ivan begin praat, in die konstante, opgewonde stroom woorde van die ervare verkoopsman, sy liggaamstaal informeel, oop, met genoeg direkte oogkontak. “Nou ja, as alles goed gaan, kom trek ek dalk een van die dae vir my een van jou Porsches uit. Kyk, die ding werk só. Ek het nou onlangs my eie posbemarkingsmaatskappy begin. Ons voer produkte in van Taiwan, Japan, die VSA, en bemark dit dan deur advertensies of ’n briewe-aksie.”

Taylor maak sy mond oop om iets te sê, maar Ivan gee hom nie kans nie.

“Maar soos jy weet, is die ding met posbemarking maar altyd jou databasis. Ek sê altyd in dié bedryf is jy net so goed soos jou databasis. En dit is waar jý inkom, Bruce. As ons saamwerk, kan jy vir jouself ’n lékker klompie geld maak . . . En dalk nog ’n kliënt ook bykry. Wat sal jy aanbeveel? Moet ’n mens nou Porsche koop? Of Ferrari?”

Ivan glimlag breed, innemend, vertroulik, asof hy en Taylor al klaar iets gemeen het. Maar Taylor het die instinktiewe wantroue van die motorhandelaar. “Ek dink nie ek verstaan so mooi nie,” sê hy en haal ’n pakkie Dunhill uit sy bosak. Hy lig die deksel en bied vir Ivan een aan.

“Nee dankie, ek is nog nie groot genoeg nie.” Chris Brown lag hartlik vir sy eie grappie. Taylor verroer nie ’n ooglid nie.

“Goed, soos ek sê, ek voer goed in. Ek het ’n wonderlike boek wat ek nou uit Engeland kan invoer. Vierhonderd volkleurbladsye, glanspapier, hardeband, ’n versamelaarsitem.”

“Ja?” sê Taylor, verskuild agter die sigaretrook.

“Die boek gaan oor Porsche. Alles oor Porsche. Die geskiedenis, die prestasies, die modelle, die spesifikasies. Alles. En honderde foto’s. Het ek gesê dis in volkleur? ’n Ongelooflike boek.”

Ivan leun sameswerend oor die lessenaar en sit sy hand langs sy mond, asof hy gaan skinder. “En weet jy wat,” sê hy sag. “Ek voer die goed in teen ’n ongelooflike winskoop. Spotgoedkoop. Ek en jy gaan ’n helse klomp geld maak.”

Daar het ’n lig agter Taylor se oë aangekom, maar die frons op sy voorkop het nog nie heeltemal verdwyn nie. “Maar waar kom ék in die prentjie? Ek gaan nie boeke hier in die vertoonlokaal verkoop nie. Dit pas nie ons styl nie.”

“Nee,” troos Ivan. “Ek doen al die verkope. Jy moet my net help met die databasis.”

“O?”

“Kyk, daar is nie ’n Porsche-eienaar in dié land wat nie so ’n boek sal koop nie. En dit is ouens met geld dié. En status. Hoe duurder die boek, hoe meer sal hulle dit wil hê. Kry jy vir my die name en adresse van Porsche-eienaars in Suid-Afrika en . . .” – Ivan leun weer vorentoe – “. . . ek gee vir jou die helfte van die netto wins. En dit kan meer as tienduisend wees.” Ivan leun terug, ’n tevrede man.

Taylor is onseker. Die geld klink goed. Baie goed. Maar daar is net een probleem . . . “Waar gaan ek die name en adresse kry?” vra hy, meer aan homself as aan Ivan.

“Hou julle nie tred met die sportmotors in dié land nie? Moenie vir my sê dié prestige-motorhandelaar het nie ’n databasis nie.”

Taylor lyk hartseer. “Nee, ons het nie. Ons het dit nog nooit nodig gehad nie. Ons is nie soos gewone motorhandelaars wat ons bekommer of ons kliënte tevrede is nie. Kan jy dink dat iemand nie met ’n Testarossa tevrede kan wees nie?”

Ivan lyk nou opreg teleurgesteld. Hy staan op. “Ai, dit is jammer. Ek het gedink ons kan . . .”

Taylor spring op, sy hand uitgestrek. “Wag, wag. Sit vir ’n oomblik. Daar móét ’n manier wees . . .”

Ivan sak weer in die stoel neer. Taylor krap met oorgawe agter sy oor. Sy oë is na die dak gerig. Hy dink diep. Hy ruil hande en ore. Hy krap met ’n pen op die krapblok voor hom. Dan verhelder sy gesig.

“Ek dink ek het dit.”

“Wonderlik,” sê Ivan.

“Die klub.”

“Hoe nou?”

“Die Porsche-klub van Suid-Afrika. Hulle behoort al die name en adresse te hê. Ek kan hulle net bel en vra of hulle kan help.”

“Bruce, jy is manjifiek. Briljant. Met ’n natuurlike aanleg vir direkte posbemarking.” Ivan praat weer sagter. “Ons gaan groot geld maak, pêl.” Hy steek sy hand in sy hemsak. “Kan ek my visitekaartjie vir jou hier los? Dan bel jy my as jy iets van die klub gehoor het?”

“Ja, geen probleem nie.”

Ivan kry nie ’n visitekaartjie in sy hemp se sak of sy baadjiesak nie. “Is die goed al weer op. . .? Só baie mense wat ’n ou kaartjie wil hê. Maar dit is besigheid, nè. Wag, ek skryf my nommer vir jou neer.” Hy trek die krapblok nader en skryf die nommer van die veilige lyn by Smittie neer.

Taylor is vuur en vlam. “Ek gaan netnou bel. Ek het die klubbestuur se telefoonnommers iewers. Dan vra ek dat hulle die bates vir ons stuur.”

“Die databasis?”

“Dis reg, die dasabates.”

Hulle staan op en skud blad asof hulle al jare vriende is.

“Ek wag vir jou oproep,” sê Ivan en loop uit. Eers in die bakkie gooi hy die Chris Brown-persona van hom af. Met hartseer. Hy het net van dié verkoopsman begin hou.



Smittie hou nie van dié soort ding nie. Hy kan nie toneelspeel nie. Maar Ivan kon nie sy eie telefoonnommer vir die verkoopsman gee nie. Die skakelkode sou nie sin maak het nie.

Die wit telefoon lui. Die een met die ongelyste nommer. Wat hulle net vir uitsonderlike gevalle gebruik. Smittie konsentreer. “Good Hope Direct Marketing.”

“Kan ek met meneer Brown praat, asseblief?” vra Taylor in Engels.

“Ons besturende direkteur is nie op die oomblik in nie. Kan ek ’n boodskap neem?” Smittie hoop hy klink geloofwaardig.

“O. E . . . Ja. Sê asseblief vir hom Bruce Taylor het gebel. Van Loganbury’s. Ek het slegte nuus vir hom. Die Porsche-klub sê hulle gee nie hul dasabates vir enigiemand nie.”

“Hul wat?” Smittie is verbysterd.

“Hulle dasabates. Jy weet, name en adresse,” sê Taylor ergerlik, asof Smittie ’n moroon is.

“Ja, natuurlik. Dit is jammer.”

Taylor is nou meer gemoedelik. “Ja, die ouens is moeilik, jong. Maar hulle sê die bates is streng vertroulik. Hulle lede sal dit nooit toelaat nie. Sê vir Chris ek is jammer. Ek sal kyk of daar nog iets is wat ek kan doen. Maar ek twyfel.”

“Goed, dankie, meneer Taylor.” Smittie sit die gehoorbuis terug op die mikkie, verlig dat die oproep verby is, teleurgesteld oor die nuus.

Hy tel weer die gehoorstuk op en begin Ivan se nommer skakel.

Hy en Cyclops ken mekaar. Hulle het al voorheen kragte gemeet. En elke keer het Cyclops gewen.

Die ysige koue van die Atlantiese oseaan syfer deur sy rubberpak. Die smaak van rubbersnorkel en soutsee maak sy mond droog. Maar hy sal die reusekreef dié keer met geduld uitoorlê.

Cyclops skuil in ’n skeur onder ’n groot, mosselbegroeide rots. Ivan het hom al ’n paar keer vlugtig gesien. Hy is nie meer die diep rooibruin van jonger krewes nie. Die groen van mikro-organismes het al oor die groot lyf gegroei. Dit maak dit moeiliker om die kreef te sien. Maar hy moet eet. Hy moet uitkom.

Ivan dobber op die oppervlak rond en skop nou en dan die webbe van die paddavoete om in die regte posisie te bly.

Hy sien twee ander krewes wat oor die sand van die diep poel beweeg. Hulle is groot genoeg. Maar hy soek vir Cyclops. Die een met die een oog op 'n stok.

Smittie se oproep het hom ontstel. Hy was seker die Porsche sou die deurslag kon gee. Nou is hy terug waar hy was. Sonder 'n plan. Sonder 'n manier om Buchner op te spoor. Miskien moet hy die ding los. Dit sal die eerste keer wees dat hy opgee, maar jy kan nie altyd aan die wenkant wees nie. Die vrou is in elk geval net 'n irritasie. Maar daar is die uitdaging. Om Buchner te uitoorlê. Vir die eerste keer in meer as twee jaar meet hy kragte teen iemand wat ten minste sy gelyke is. Die ander was amateurs. Dit voel amper soos die ou dae.

Hy weet hy is besig om die waarheid te onderdruk: Ragel Bergh se houding.

Sy respekteer vir Smittie. Sien vir Ivan Malan net as iemand wat haar geld wil hê. Hy wil haar wys. Homself bewys. En hy haat dit.

Hy sien 'n beweging onder die rots. Cyclops kom skuins-skuins uit, versigtig. Sy enkele oog draai rond. Hy gee 'n skuifelpassie. Nog een.

Ivan haal diep asem en duik na onder, maar hy hou die rots tussen hom en die kreef. Cyclops is op pad uit om te gaan wei. Hy gryp die punte van die rots in sy hande vas en loer versigtig oor, sy voete skoppend om teen die gety te werk. Daar is hy. Die kreef is besig om die stukkies niemandse land oor te steek na die volgende skeur. Ivan duik, 'n swart skaduwee in die grys-groen water. Die kreef sien hom en die stert knipmes. Cyclops skiet na die skeur. Ivan pyl op hom af. Dit word 'n wedloop. Ivan steek sy hand uit om die groot dop net agter die kop vas te vang. Dan verdwyn die kreef in die skeur met net 'n walm sand as getuigenis van sy vlug.

Ivan skiet boontoe en blaas die snorkel uit met 'n plofslag van frustrasie. Ek sal jou kry, ou grote. Ek sal jou kry.

Boef Beukes is verras om Ragel by sy kantoordeur te sien instap.

“En toe, kom jy kyk of jou belastinggeld produktief aangewend word?”

Ragel glimlag en maak haarself op een van die ongemaklike houtstoele voor sy lessenaar tuis. “Ek kom 'n guns vra, Boef.”

Beukes leun agteroor en strek sy groot lyf uit. “Dit is 'n nuwe een. Kan ek jou voorstel aan een van my knap speurders? Hier is 'n hele paar ongetroudes.”

“ ’n Mens kan sien jy is onder Mignon se invloed. Ek het beter dinge om te doen as om man te soek.” Maar sy sê dit sonder verwyd, want sy het sy hulp nodig.

“Nou waarmee kan ’n arme dienaar van die geres jou help?”

Ragel maak haar handsak oop, ’n groot donkerbruin leersak met knippe en ritssluiters. Sy haal ’n papier uit. “Boef, die man het ’n groot klomp boeke by my bestel. Amper R13 000 s’n. Hy sê hy is ’n versamelaar. Ek het min van wat hy soek in voorraad. Nou moet ek die goed bestel, of gaan soek. Maar ek ken hom nie. Nog nooit van hom gehoor nie. En ek weet van al die groot versamelaars in die land.”

Boef leun vorentoe en neem die vorm. Sy groot, besproete hande verdwerg dit.

“Dit is die bestelvorm. Jy sien dit is almal skaars boeke. En daar is sy naam. Hy wou nie ’n adres gee nie. Ook nie ’n telefoonnommer nie.”

“Dit is nie ’n misdad nie. Wat van die kredietnavraagplekke?”

“Ek het klaar laat vra. Sy krediet makeer niks.”

“Nou wat wil jy hê moet ek doen?”

“Ek wil weet of hy ’n kriminele rekord het.”

Beukes kyk op, in haar oë. Ragel se hart krimp. Weet hy sy lieg?

“Ek mag dit nie doen nie.”

“Hoe bedoel jy?”

“Dit is oneties. Hy het die reg tot privaatheid, selfs al het hy iewers in die verlede ’n misstap begaan.”

Ragel se gesig wys haar teleurstelling. Dan lieg sy voort. “Ek is net só versigtig. Ná Dirk Buchner. Ek kan nie bekostig om die boeke te bestel en dan daag hy nooit weer op nie . . .”

“Hoekom het jy nie aangedring op ’n adres en telefoonnommer nie?”

Ragel voel hoe die blos oor haar wange sprei. Sake is besig om anders te verloop as wat sy gedink het. Die leuen is besig om haar in haar eie strik te laat trap.

“Ek . . . e . . . het nie gedink nie.”

Sy weet hy gaan haar nie help nie. Hy sien deur haar. Sy was verkeerd om haar vriendskap met Mignon so uit te buit. Sy haat haarself oor haar eie selfsugtigheid.

Skielik praat Boef. “Net die een keer.”

“Hoe . . .”

“Ek sal dit dié een keer vir jou doen. Maar nie weer nie. En jy vertel dit vir niemand nie. Anders wil almal sulke gunsies hê.”

Die verligting daal oor haar neer. “Boef, jy sal nie weet hoe ek dit waardeer nie.”

“Jy beter.”

Hy bestudeer die vorm. “Ivan Malan. Ek hoop dit is sy enigste name. En ek hoop nie daar is dertig verskillende rampokkers met dieselfde naam nie. Ek sal jou bel. Gaan maak nou geld in jou boekwinkel.”

Twee ander krewes moes sy gekwete ego ontgeld.

Ivan neem ’n vuurwarm stort en maak ’n stewige beker koffie terwyl sy aandete in die pot op die stoof tot pienk verkleur – die kleur van die sonsondergang wat die groot venster na die stoep vul. Carla lê in die deur en droom drome van dobermanns agter draad, maar Cassius sit op sy pos in die vensterbank. Want hy weet die nat rubberpak wat op die stoep droog word, beteken kreef. En hy lek solank lippe af.

Ivan gaan sit by die houttafel, die koffiebeker in albei hande vasgeklem. Hy staar na die vuurlose kaggel. Die oplossing, weet hy, lê in die groot geld. As jy groot geld maak, wil jy dit wys. Die twee impulse is onafskeidbaar. Die honger na geld is ’n honger na status, om aan die wêreld te wys wie jy is.

Buchner is iewers besig – nou, op hierdie oomblik – om sy lyf ryk man te hou. Om sy inkomste te wys, om ’n vrou daarmee te beïndruk en te verlei, om ’n vriend of ’n kennis van sy status te oortuig. En hy laat spore na. Die vraag is: Het hy dié sindroom heeltemal afgeskud toe hy sy rol vir Ragel Bergh moes vertolk? Of kon hy nie verhelp om iewers iets van die ware Dirk Buchner te laat deurskemer nie?

Ivan sif weer van voor af deur die inligting. Kyk hy iets mis? Waar lê die spoor en wag? Wat het Ragel Bergh gesê? As sy net beter kon onthou. As haar emosies en hormone nie so betrokke was by Buchner nie, sou sy dalk meer kon onthou.

Hy kyk na sy horlosie om te sien hoe lank die krewes al kook. Staar weer by die venster uit, na die skemer wat die kleur uit die sonsondergang pers.

Horlosie.

Sy het gepraat van ’n duur horlosie. “Een van daardie plattes in wit goud.” Hy hoor haar stem.

Wat weet hy van horlosies? Duur horlosies. Basies drie wat as werklik uitsonderlik beskryf kan word. Rolex. Patek Philipe. Louis XIV. Die

chronometers van die rykes. Maar Rolex is nie plat nie. Een van die ander twee. Ingevoer, net hier en daar by spesiale juweliershandelaars beskikbaar. Lewenslange waarborg.

Die waarborg. Dit moet geregistreer word. Iewers. By 'n invoerder. 'n verspreider.

Hy sit die beker neer. Cassius kyk gesteurd op.

Dit is 'n moontlikheid. 'n Laaste strooihalm.

Hy staan op, stap uit en met die trap af. Hy skuif weer die leiklip wat die kluisdeur se skakelpaneel versteek. Die deur swaai oop. Hy skakel die ligte aan en stap binne, na die ry staalkabinette teen die linkerkantste muur. Die heel eerste een is die bêreplek vir die lêers. Hy trek die laai oop wat *A-E* gemerk is en laat sy vingers oor die inhoud loop. Dan haal hy die een uit waarop staan *Bergh, Ragel*.

Dit is 'n dun bruin dokumentlêer met 'n klomp netjies gebinde los skryfpapier daarin, almal in Smittie se klein, amper vroulike handskrif. Hier en daar het Ivan in sy slordige groot gekrabbel aantekeninge gemaak toe hy die polisieman – Beukes – geskakel het om Ragel se storie te toets.

Op die eerste blad het Smittie al Ragel se besonderhede neergeskryf: adres van die boekwinkel, huisadres, telefoonnommers. Hy memoriseer die huisnommer en wil die lêer weer in die vakkie sit. Dan onthou hy die foto. Hy het dit die eerste keer gesien voor hy haar ontmoet het. Hy onthou sy gevoelens terwyl hy die lêer weer oopmaak en daarna kyk. Gedink sy was mooi, met die hoed in die hand, die hare wat waai in die wind, die effense glimlag, die ligte frons, amper weerloos in monochroom. Haar sensualiteit was toe nog sonder persoonlikheid. Nou, nadat hy haar gesien het, is dit anders.

Wanneer hy die telefoon optel om haar te skakel, is daar geen skakeltoon nie. Die lyn is dood, sonder elektroniese krapperigheid. Hy swets. Cassius, wat geduldig vir die kreef sit en wag, kyk weer gesteurd op.

Hy is gewoond aan kragonderbrekings. Hulle werk gereeld aan die toevoer noudat Saldanha so uitbrei. Werk hulle aan die telefoonkabels ook? Dit is moontlik. Hy sal moet ry. Môre? Nee, dit kan nie wag tot die volgende dag nie. Hy moet vanaand weet. Sodat hy kan aangaan. Hy sit die stoof af en stap kamer toe om te gaan aantrek. Cassius kyk hom met groot oë agterna.

Ragel sit-lê in 'n stoel voor die televisie. Sy het net 'n sweetpakbroek en T-hemp aan, reg vir gaan slaap, maar nog glad nie vaak nie. Die Amerikaanse

aksiereeks verveel haar. Sy blaai deur 'n tydskrif en wonder of Boef by Mignon is. Hy sou seker gebel het as hy al tyd gehad het.

Die telefoon lui in die voorportaal, onder die trap. Sy skrik en vlieg op.

“Ek is jammer ek het so lank gevat. Maar dit gaan maar dol,” sê Boef.

“Is jy nog by die werk?”

“Ja. Nuwe saak het vandag ingekom. Die eerste 48 uur . . .”

Ragel voel skielik skuldig. “En nou het ek jou ook nog met 'n ding opgesaal. Ek is jammer.”

“Vergeet dit. Ek het goeie nuus.”

Haar hart spring.

“Dié Ivan Malan is skoon. Geen kriminele rekord nie.”

“O.”

“Jy klink teleurgesteld.”

“Nee, e . . . Nee. Glad nie. Ek is bly. Ek is net jammer dat ek jou al die moeite laat doen het.”

“Geen moeite nie. Ek kan dink dat die ding met Dirk Buchner jou agterdogtig gemaak het. Maar onthou. Ek het dit nooit gedoen nie.”

“Dankie, Boef. Ek waardeer dit.”

“Lekker slaap. Ek gaan seker nie vannag in die bed kom nie.”

“Sterkte.”

Sy sit die telefoon neer en bly by die tafeltjie staan. Geen kriminele rekord nie? Dit is onmoontlik. Sy het dan die berig gesien. Met sy foto by. Het Boef regtig gekyk? Hy sal mos nie vir haar lieg nie. Sy stap stadig terug na haar stoel. Dit maak nie sin nie.

Die deurklokkie lui. Ragel ruk uit haar gedagtes, skuldig. Dit is natuurlik Mignon wat nie alleen by die huis wil sit terwyl Boef werk nie.

Sy draf voordeur toe, verlig dat sy nie met die raaisel hoef te worstel nie. Sy maak die deur oop en sien vir Ivan Malan. Haar oë rek wyd en haar mond gaan stadig oop en toe.

“Ek is jammer. Is dit 'n slegte tyd? Ek kan . . . Dit kan wag tot môre.” Hy staan ongemaklik rond, sy hande in sy uitgewaste denimbroek se sakke, sy skouers breed in die wit hemp, sy heupe smal.

“Nee,” sê Ragel. Dis amper 'n gil.

Hy is effens oorbluf deur die reaksie op sy besoek.

“Kom in.” Dan besef sy hoe sy lyk en vee outomaties haar hare reg terwyl sy die deur verder ooptrek. Sy sien hy kyk na haar. Sy oë vertoef vir

'n oomblik op haar borste wat sonder steun teen die T-hemp beur. Sy verwyт haarself oor haar keuse van klere. Maar hy is die laaste mens . . .

Ivan stap in en kyk nuuskierig rond. Ragel maak die deur agter hom toe en beduie na die sitkamer. “Sit solank. Ek wil net . . . Sal jy koffie drink?” Sy is in die war, onverhoeds betrap. Weet hy iets?

“Dankie,” sê hy, geamuseer deur haar ongemaklikheid. “Is jy seker dit is 'n goeie tyd? Ek kan jou môre bel. My telefoon werk nie. Hulle is seker weer besig om die kables te las . . .”

“Nee, nee. Sit. Ek is nou terug.”

Sy vlieg op met die trap, vies vir haar reaksie, vir sy houding, vir sy oë op haar borste. Sy trek die sweetpakbaadjie aan en hardloop weer af met die trap kombuis toe om die ketel te gaan aanskakel. Sy gebruik die tyd in die kombuis om haar ewewig te herwin. As sy met 'n skinkbord, koffie en 'n paar gekoopte beskuit uitkom, staan hy by die boekrak in die voorportaal en snuffel. Sy onthou skielik hoe Dirk Buchner dieselfde gedoen het voor hulle die eerste keer uitgegaan het.

Ivan neem die skinkbord by haar. Hulle gaan sit en sy neem koffie en 'n beskuit.

“Dit is baie onverwags,” sê sy en sien hoe hy kennis neem van die sweetpakbaadjie. Die verdomde man. Hy laat haar so ongemaklik voel.

“Ek is regtig jammer. Maar ek dink ek het iets. En ek het inligting nodig.”

Hy sit die skinkbord op die koffietafel neer en gooi suiker in sy koppie.

“Ek het gedink . . . Jy het gesê jy het 'n hele paar leidrade wat jy kan opvolg,” sê sy, want sy herroep hul gesprek by sy huis.

“Ek het. Maar dit was 'n doodloopstraat,” vervaardig hy 'n antwoord.

“Wat wil jy weet?” Sy sien hy byт honger aan 'n beskuit en wonder skielik wie vir hom sorg, vir hom kos maak.

Hy kou en sluk. “Die horlosie wat Buchner gedra het. Kan jy dit onthou?”

“Ek het vir jou gesê, het ek nie? Dit was duur. Van wit goud. Baie plat. Met 'n goue band.”

“Kan jy onthou watter soort dit was?”

“Is dit belangrik?”

Hier gaan ons al weer, dink hy. Kan sy nie net die vrae beantwoord nie? Maar hy begin gewoonд raak aan haar reaksie. Hy kan dit ignoreer. “Dit is.”

Sy dink na terwyl sy die koffie drink. Die stilte rek uit. Hy eet nog 'n beskuit. Hy is regtig honger, dink sy. “Nee, ek is nie seker nie.”

“Sal jy die naam herken as jy dit hoor?”

“Ek dink so.”

“Patek Phillipe?”

“Nee. Nie só bekend nie . . .”

“Louis XIV?”

“Ja! Nee . . . Ja. Ja. Ek dink só. In fyn letters. Goties. Fyn Gotiese letters. Louis XIV. Dis reg.”

“Dankie. Dit kan baie help,” sê hy met meer gevoel as wat hy bedoel het.

“Hoe gaan dit jou help?”

Hy ontwyk die vraag. “Ek weet nog nie.”

Sy frons, ergerlik. “Ek kan nie glo dat jy 'n honderd kilometer in die nag ry om 'n vraag te kom vra wat jy nie weet hoe dit jou gaan help nie.”

Hy sit sy koppie neer. “Jy is die skoorsoekerigste vrou wat ek in my lewe nog ontmoet het.”

“Ek? Wie dink jy is jy? Meneer Vlekloos? Meneer Goeie Maniere? Jy is 'n buffel, Ivan Malan. En die tyd het gekom dat jy my dinge begin sê.”

“Ek sal jou sê as dit nodig is,” sê hy kortaf, maar Ragel laat dit nie verbygaan nie.

“Ek is nie 'n kind waarvoor jy nie sekere goed kan vertel nie. Dit is my goeie reg om te weet. Dirk Buchner het my bedrieg. Ek wil weet.”

Ivan gee moed op. “Wát wil jy weet?”

Sy het nie gedink hy sal ingee nie. Sy is onkant betrap, maar druk deur. “Alles. Wie is jy? Wat het die horlosie met Dirk te doen? Wat gaan jy doen om hom te kry?”

“Wie ek is, het niks met jou te doen nie.”

Dit is vir Ragel die laaste strooi. Sy sit haar hande voor haar mond. Haar humeur en haar trane veg om voorrang. Albei seëvier.

“Maar wie ék is, het alles met jóú te doen?” sê sy woedend terwyl die trane rol. “Jy kan my met jou vrae uittrek tot niks oorbly nie. Jy breek my oop en kyk na elke stukkie. Jy wil alles van my weet. My gevoelens, my persoonlike goed. Alles. Maar jy is die groot geheimsinnige held. Die man met die masker. Wel, ek weet meer van jou as wat jy dink. Jy is nie so geheimsinnig nie. Steel jy nog karre, meneer Vlekloos?”

Sy weet sy het te ver gegaan. Haar woede is weg, en ook haar selfrespek. Sy het te veel verliese gely in dié geveg. Sy val terug, agter 'n skerm van



trane. Maar sy sien hy sit net daar na die koppies op die tafel en staar.

[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

## 6

Dit is 'n ou wond, wat al lankal toegegroeï het. Dit sal nie meer bloei nie.

“Ek het jou onderskat,” sê hy sag en kyk in haar oë.

Sy kyk af, moeg vir haarself en haar beheptheid, haar eie pyn. Sy het nie die reg gehad nie.

“Wat wil jy weet?”

Sy sê niks. Sy snuif en staan dan op. Sy loop op met die trap en gaan haal sneesdoekies. Wanneer sy weer afstap, wonder sy of hy nog daar sal wees. Sy het al haar kanse verspeel. Sy sal hom nie kwalik neem as hy net loop en haar en haar probleme vir ewig met rus laat nie. Maar hy sit steeds in sy stoel, sy oë op haar gerig.

“Ek is jammer. Ek het iemand geword wat ek nie ken nie. En ek het geen verskoning nie.” Sy gaan sit en trek haar lang bene beskermend teen haar op, arms om die knieë.

“Wat wil jy weet?” herhaal hy, sy oë steeds op haar.

“Ek het nie die reg om enigiets te weet nie. Ek is jammer.”

“Miskien is jy reg. As ek in jou kan rondkrap, het jy ook seker 'n reg.”

“Ek het al my regte prysgegee toe ek . . .”

Hy sien sy is leeg. Hy sien dit in haar oë, hoor dit aan haar stem. En begrip vir haar, vir wie sy is en wat sy geword het, glip deur sy brein soos 'n paling, skielik, vinnig en dan is dit weer weg en 'n gevoel van jammerte bly agter.

Hy sal haar vertel. Hy wil haar skielik vertel, troos met sy woorde, maar om te onthou, is nie altyd so maklik nie.

Die pyn vreet aan hom. Almal kon huis toe gaan na iemand toe. Net hý nie. Sy huis is in sy kop. Dit wat oor is ná twee jaar van militêre identiteitloosheid.

O, hy was goed. Goed genoeg vir alles waarmee hulle hom kon toets. Een van die bestes. Hy was honger. Die soort waarna hulle gesoek het. Is jy 'n man? Wil jy dit bewys? Daar is plekke in die weermag waar ons die ware manne versamel. Spesiale eenhede wat die hoogste eise aan jou stel. Kan jy uithou? Kan jy fisiek uithou tot jou liggaam te moeg is om te skree en dit net jou wilskrag is wat jou laat aanhou om een voet voor die ander te sit? Is jy bereid om te leer hoe om 'n ander mens van vlees en bloed te haat? Om

hom dood te maak op 'n honderd verskillende maniere? Kan jy al die kennis in jou kop hou? Van hoe om uit die veld te leef met net 'n bajonet aan jou gordel. Hou jy van die stamp van die geweer teen jou skouer en die reuk van kordiet in jou neusvleuels? Ons het die plek vir jou. As jy goed genoeg is. Ons sal van jou 'n ware man maak. Twee jaar lank tot jy vergeet van die pyn van jou pa en ma se dood. Ons sal jou pa en jou ma wees. Ons sal vir jou sorg. Vir jou 'n harde bed gee, soms 'n dak oor jou kop, soms 'n warm maaltyd. Wat meer het 'n man nodig?

Ragel wil hê hy moet ophou. Sy wil dit nie hoor nie. Dit was 'n speletjie, voorheen. Toe sy na Ivan Malan se verlede gaan soek het. Maar dit is nie meer 'n speletjie nie. Hy kyk na haar terwyl hy praat, maar sy weet hy sien haar nie. Hy is verdwaal in sy eie kop.

Hy was genoeg van 'n man. Hy kon alles vat. Die opleiding. Die slapelose nagte van fisieke uitputting, die doodse moegheid. Hy kon dit alles vat en nog meer. Die Grens was die groot toets. Angola. Dae van hitte en spanning, nagte van koue en vrees. Water wat na die plastiek van die bottel smaak, veldrantsoene. Vlieë en muskiete en die dood en die hitte en die koue en valse kameraadskap en die dood wat lê en wag in 'n landmyn of 'n trapdraad of 'n mortierbom of 'n Russiese koeël of 'n lem.

Hy kon dit vat. Want hulle het hom geleer. Maar hulle het vergeet om hom te sê hoe hy moet maak as hy uitkom.

Slapelose nagte in 'n dakkamer in Oranjezicht. Leë dae van drentel van sinlose werk na sinlose werk. Vroue wat kom en gaan, want hy moet steeds bewys hy is 'n man. Tot sy geld opraak en die vet teef hom en sy goed uit die dakkamer gooi. En hy dié met geld begin haat. Die duur motors en die duur huise. Dit is so maklik om in te breek en te vat wat jy nodig het. Terwyl die ryk gek voor sy televisie sit en winde opbreek, steel jy sy vrou se juwele en sy geld uit sy broek se agtersak wat oor die bed gegooi is. Dit is so maklik. Geld om in goedkoop hotelle te bly voor die olierige bestuurder met die puisiegesig jou weer uitgooi omdat jy gisteraand in jou dronkenskap oor die trappe opgegooi het. Voer die ryk gek se geld aan die perde. Verloor en gaan haal weer. Hy het sy sleutels in die aansitter gelos, te ryk om om te gee, jy wil hom leer jy is 'n man wat veertien biere kan drink, jy krap die ratte in beskonkenheid en gooi sy kasset (*Mantovani's Greatest Hits Vol. 2*) by die venster uit en laat die bande skree en die radio rock speel tot jou hart die tempo van die musiek najaag en jy ry na nêrens en jy word

stinkend wakker in 'n polisiecel en jou mond proe slegter as die water uit 'n plastiekbottel . . .

Sy kyk in sy oë, maar hy sien haar nie dadelik nie. Dan fokus hy weer.

“Ek was so bliksems jonk.”

Sy is te moeg om te huil. Te moeg gedra aan haar eie bagasie. Te moeg om haarself nog meer te haat vir die herinneringe wat sy in hom oopgekrap het. Te moeg om weer te skerm en verskoning te vra. Sy weet sy sal nooit verskoning kan vra nie.

En sy weersin in haar is uitgewoed. Sy drif oor haar geneuk met sy verlede is weg.

“Nou weet jy.”

Hy staan op en stap uit. Sy hoor hoe hy die voordeur saggies agter hom toetrek, hoe hy later wegry. Sy sit met haar knieë teen haar opgetrek tot die nag stil is, tot haar kop vooroor val van die vaak. Sy staan op, styf van die koue, en gaan sluit die voordeur. Dan strompel sy met die trap op en weet dat dit nie verby is nie. Dirk Buchner is nog in haar. Hy is steeds besig om aan haar te vreet soos 'n kanker. En sy kan nie meer terugveg nie. Sy sal hom eers moet uitwis.

Net voor sy aan die slaap raak, doem die raaisel van Ivan Malan se verdwene kriminele rekord weer voor haar op, maar sy het nie die energie om daaroor te tob nie.

Dit was die eerste keer dat hy enigiemand vertel het. Smittie het geweet, want hy het toegang tot sy lêers gehad. Maar dit is die eerste keer dat hy iemand in sy eie woorde vertel het.

Hy voel vry.

Die bakkie se bakwerk mag geroes en onaantreklik wees, maar daar skort niks met die enjin nie. Om die waarheid te sê, hy het 'n splinternuwe enjin laat insit nadat hy die bouwerk afgehandel het.

Nou is hy haastig om by die huis te kom. Hy het nog 'n leidraad. Dié keer een met potensiaal. Hy wil aan die gang kom. Toe hy op die Weskuspad is, trap hy die versneller diep in. Die bakkie beur vorentoe.

Smittie het die alarm in die hek vir hom geïnstalleer. Om die grensdrade met verklikkers toe te rus of om trapdrade oral op sy 40 hektaar tussen die nasionale pad en see te stel, sou 'n mors van tyd en geld wees. Daar is nog wildsbokkies, hase. En buitendien, as iemand ongesiens wil inkom, iemand met 'n professionele agtergrond – daar is die afgelope paar jaar nie meer só iemand nie. Wel 'n paar amateurs wat hom graag weer sou wou sien.

Maar 'n alarm om hom te waarsku as iemand met die hek peuter, gee hom genoeg tyd om te reageer. Daar was al 'n paar hengelaars wat sy stuk see wou kom probeer. Selfs 'n klomp drankbenewelde manne wat gedink het dit is maar net plaasgrond, oop seisoen vir haasjag.

Wat hy by die huis wil wegsteek, is in die kluis, waar niemand kan in nie. Hy het net 'n waarskuwing nodig.

Daar is 'n sensor in die hek wat 'n sein huis toe stuur as dit oopgemaak word. Net hy en Smittie weet waar die skakelaar aan die hekpaal is wat dit deaktiveer. As die alarm afgaan, beteken dit iemand het die sterk ketting en slot oopgedwing. 'n Ontvanger in sy kombuis ontvang die sein en laat 'n Smittie-vervaardigde swart kassie elektronies gil, 'n hoë geluid soos 'n tegnologiese muskiet.

Maar daar is nog 'n ontvanger van die sein. In die bakkie. Smittie het dit later ingebou op Ivan se aandrang – om hom vroegtydig te waarsku as hy op pad hek toe of huis toe is. Die reikafstand van die sein is agt kilometer oor die plat kontoere van die Weskus.

Sy eerste impuls is om die rem te trap, en dit neem 'n sekonde of twee voor hy besef wat die geluid is.

Hy los die rem en trap weer die versneller. Hy is nog drie, vier minute van die hek af. Genoeg tyd. Die moontlikhede flits deur sy kop. Smittie het gewaarsku dat roes die ingewande van sy handewerk kan beskadig. Vals alarm? Of weer hengelaars? Kwajongens?

Sy ligte is op helder. Hy ry opsetlik verby die hek. As dit iemand met kwade bedoelings is, sal hulle sit en luister na die verkeer.

Die hek staan wyd oop, met die ketting wat slap hang.

Iemand het ingegaan.

Fok. Hy is nie nou lus om streng-vriendelik met hoopvolle vistermanne te redekawel nie. Hulle vra so mooi. Daar is so min plekke nog oor waar daar nog vis is. Kan hulle nie maar asseblief . . .?

Boonop moet hy versigtig ingaan. Te voet. Want 'n mens weet nooit. 'n Uur of twee vermors, want dan moet hy weer terugkom vir die bakkie.

Hy sien sy grensdraad wat weg van die pad loop, see se kant toe, en sit die ligte skielik af. Dan skakel hy die enjin af en trek af.

Sy hand gly onder die instrumentpaneel in en hy voel die koue metaal van die haelgeweer, die Smith-en-Wesson 3000. Hy haal dit behendig uit. Die kolf is teruggeswaai teen die buik van die wapen. Hy hou dit so. Weer steek hy sy hand onder die paneel in en bring die ammunisie gordel te

voorskyn. Die geweer het agt rondtes in sy magasyn. Die gordel hou nog twintig 12-boor-patrone.

Hy klim uit en druk die deur saggies agter hom toe. Terwyl hy die gordel om sy middellyf vasmaak, is die nag skielik stil ná die lawaai van die bakkie se enjin. Die uitspansel is onmoontlik helder bo hom, die maan nog nie op nie. Hy kry die reuk van die bossies wat deur die bakkie se wiele platgetrap is.

Hy swaai die geweerband oor sy skouer en stap na die hoekpaal. Hy spring oor die draad en begin in die rigting van sy huis draf, sy oë vinnig besig om aan die sterlig gewoon te raak.

Die telefoon.

Met 'n ruk van die ingewande wat adrenalien in sy bloedstroom stort, onthou hy die telefoon wat dood is.

Die geweer is skielik in sy hande. Hy versnel sy pas, maar onthou dan van sy wit hemp, wat hom soos 'n baken teen die grysgroen van die duinplante sal laat uitstaan.

Hy gaan staan 'n oomblik stil en pluk die hemp af. Sy vel is donkerder as die hemp, maar steeds nie goeie kamoeflering nie. Dit sal ook nie help om grond oor sy bolyf te smeer nie. Die verdomde sand is skoon. Hy hardloop verder, ritmies, beheers, sy oë soekend in die rigting van die huis wat nog minstens vier kilometers ver is, sy ore gespits.

Fisante vlieg links van hom op met 'n gekwetter.

Sy hand het die pompaksie van die geweer al voltooi as hy van die skrik herstel.

Jy kan net sowel 'n ligfakkel opstuur en sê jy is op pad.

Hy kies sy pad tussen die duine en die bosse deur en bid dat die pofadders vannag diep wegkruip. Die minute tik verby, sy voeteval byna onhoorbaar op die sand.

Hy hoor die see al harder raas. Hy is naby, die duin voor hom bekend. Hy draf op na die kruin en syg neer. Sy huis is afgeëts teen die sterre en die fosforsee. Die ligte is af. Hy het die kombuislig aangelos. Iemand was hier. Is hier.

Sy asemhaling keer vinnig terug na normaal, maar sy hart klop oorverdowend in die stilte. Carla. Hoekom blaf Carla nie? Sy sou hom hoor aankom het met haar fyn gehoor.

Sy hartklop bedaar. Hy verwens die geraas van die branders. Dis asof dié geluid alles oorheers.

Hy lê stil, sy oë soekend na tekens van lewe. Sy horlosie se wysers is dofgroen. Tien voor twaalf. Vyf voor. Twaalfuur. Hekse-uur. Hy lê tot die nuwe dag tien minute oud is. Dan gly hy af teen die duin en staan versigtig op, span en strek sy spiere wat styf en koud geword het. Hy sal moet nader gaan. As hulle daar binne wag, is hulle geduldig. En stil.

Hy hardloop gebukkend van skuiling na skuiling, lae bosse wat hoegenaamd nie toereikend is nie. Al hoe nader.

Maar hy het die gebied tot twintig meter van die huis af skoongemaak. Want as hy in die huis sou wees en daar is aanvallers buite . . .

Dan is net die niemandsland voor hom. Die huis hurk in skaduwees. Hulle sal hom van die pad se kant verwag. Gaan om, see se kant toe.

Weer van bos tot bos. Tot die krans af see toe voor hom is. Al met die rotslys langs, gebukkend, so vinnig as wat hy kan, tot onder die trap wat aflei van die agterstoep. Hy sien die kluisdeur is nog onsigbaar. Hulle het dit nie gekry nie. Miskien nooit daarvoor gesoek nie. Hy staan onder die trap en laat weer die minute verbygaan, sy ore soekend na 'n teenwoordigheid in die huis.

Maar net die see is hoorbaar.

Tyd om in te gaan. Kondisionering neem oor. Soos hy soveel keer geoefen het onder Von Schaurot se wakende oë. Die wapen voor hom, sy vinger liggies op die sneller, gebukkend, en skielike rukbewegings om elke hoek.

Op met die treetjies. Die agterdeur is oop.

Waar is Carla?

Die woonvertrek en kombuis is chaos. Die verslete gemakstoele se ingewande is oral rondgestrooi. Ook die potte, panne, messegoed, breekgoed. Sy boeke en plate lê tot binne-in die kaggel.

Hy weet skielik hulle is al weg.

Hulle het iets kom soek. Dit gekry of moed opgegee. En die aftog geblaas. Want as hulle vir hom gewag het, sou hulle nie die hek oopgelos het nie. Dit sou hom gewaarsku het.

Maar hy maak eers seker. Die twee slaapkamers. Die badkamer. Die spens. Die vloere lê besaai met die inhoud van elke kas.

Dan die voordeur, wat op 'n skrefie oopstaan. Hy stoot dit met die loop van die haelgeweer oop, al is hy al seker dat hulle weg is.

Die bloed glinster in die dowwe lig. Hy weet dit is Carla voor hy haar sien lê, haar voorlyf op die stoep, haar agterlyf op die trap wat afloop na die

sand.

Hy staan stil, die geweer op haar gerig.

Net leegheid. Dit is al wat hy voel. Want hy het al voorheen die dood gesien. Van mense. Van makkers en van die vyand. Hy het alte goed geleer om die fisieke en emosionele reaksies te onderdruk.

Sy is net 'n dier.

Was net 'n dier. Syne. Die bliksems.

Hy laat die wapen in sy hande sak en tree oor die bloedplas op pad na die trap, om net te kan wegkyk na die duine. Om die woede ruimte te gee. Dan sien hy die papier langs haar lê, die enkele vel wat liggies beweeg in die naglug. Hy tel dit met een hand op. Dit is 'n gewone foliovel, dubbel gevou. Hy maak dit met 'n draai van die gewrig oop. Die ink staan helder uit op die wit papier.

*JY GAAN BETAAL.*

Net dié woorde, in drukletters, groot, almal hoofletters, in 'n amper kinderlike handskrif.

Hy moet vir Smittie waarsku. Terwyl sy verstand nog spartel om te begryp, weet hy hy sal vir Smittie moet waarsku. Gou. Want as hulle hom kon opspoor, sal hulle weet van Smittie. En Smittie kan homself nie verdedig nie. Maar hy kan nie vir Carla só los nie.

Jy is belaglik. Ry nou. Na Smittie toe.

Hy besluit om 'n ou seil in die motorhuis te gaan haal. Die deur staan oop, soos hy dit gelaat het. Maar die paar kartondose vol bougereedskap, ou verfblikke en afvalmateriaal lê ook deurmekaar op die vloer. Hulle was hier ook. Hy swaai weer die geweer om sy skouer en krap tot hy die seil kry. Dan stap hy terug stoep toe en gooi dit oor Carla.

Sonder om 'n lig aan te skakel, gaan haal hy 'n hemp op die vloer in die kamer. 'n Donkerbruin een. Dit bring skielik warmte teen sy koue vel. Hy laat alles so en stap uit, verby die bloed en die seil op die voorstoep.

Hy draf weer die nag in, terug na die bakkie.

Hy maak seker dat niemand hom agtervolg nie.

Smittie bly in Plattekleef. Dit is 'n groot dubbelverdiepinghuis van rooi siersteen, hoog op teen die Tygerberg, met 'n uitsig oor die noordelike voorstede en Tafelberg.

Die buurt is stil in die vroeë oggendure. Ivan klop hard, bang dat die deur onder sy hand gaan oopswaai, bang dat hy te laat is.

Hy klop drie keer voor 'n lig aangaan en hy 'n geskuifel binne hoor.



“Wie is dit?” Smittie se stem klink verward, bang.

“Ivan.”

Die grendel en slot gaan oop. Dan staan Smittie voor hom in ’n blou kamerjas, sy hare deurmekaar, sy oë op skrefies, ’n kortloop .38 in sy hand, vloer toe gemik.

“Daar is moeilikheid,” sê hy met sekerheid.

Ivan loop in en sluit die deur agter hom.

“Ek gaan die water opsit.” Hulle stap deur die groot woonvertrek wat deur die oorspronklike eienaar beplan is as ’n kuierplek met banke en stoele, dalk ’n televisie en hoëtroustel.

Smittie skakel die lig in die verbygaan aan en die modellandskap word helder verlig – berge en valleie, plato’s en bosveld, ’n miniatuurwêreld op ’n reusetafel, deurkruis deur ’n netwerk van spoorlyne waarop die perfekte replikas van die wêreld se bekendste treine staan en wag vir ’n hand op ’n skakelaar.

Smittie kyk nie eens daarna nie. Hy stap verby kombuis toe met Ivan agterna. Terwyl die ouer man die koppies en bestanddele uithaal, begin Ivan vertel, in kort, presiese sinne. Hy is klaar wanneer Smittie die koffie op die kombuistafel neersit. Hulle sit en drink ’n rukkies in stilte.

“Hulle het iets gesoek. En toe hulle dit nie kon kry nie, die boodskap gelos. Dit is al verduideliking wat ek het,” sê Ivan, wat die rit hierheen gebruik het om sy gedagtes te orden.

“Wie?”

Ivan skud sy kop. “Daar is drie moontlikhede. Dit is iemand uit Die Firma se dae, iemand sedert ek en jy saamwerk, of dit het iets met Ragel Bergh te doen.”

Smittie kyk onbegrypend na hom. Hy lyk verwese, onskadelik met sy ongekamde hare en sy grys stoppelbaard. “Dit help nie veel nie.”

“Die kans is goed dat hulle van jou weet. Jy sal moet weggaan, Smittie. Tot ek uitgevind het wie dit is.”

“Hoe kon hulle jou opgespoor het?” vra hy sag, asof hy nie gehoor het wat Ivan sê nie.

“Wie weet? Dalk jou en die vroumens nou die dag gevolg. Of gelukkig geraak toe hulle my iewers in die stad gesien het. As dit iemand van Die Firma is, kon hulle al lankal geweet het. My agtervolg het toe ek die laaste keer van oorsee teruggekom het. Dit is nie belangrik nie. Ek moet jou eers by ’n veilige plek kry.”

Indien Smittie die dringendheid in sy stem gehoor het, gee hy geen teken daarvan nie. Hy reageer nie.

“Hoor jy my?”

“Ek hoor.” Hy kyk skielik op, asof hy Ivan vir die eerste keer werklik sien. “Maar ek gaan nie wegkruip nie.”

“Smittie, dit is die verkeerde tyd om hardkoppig te wees. Ek kan nie toelaat dat jy . . .”

Smittie hou sy hand in die lug vir stilte, sy kop omlaag op een skouer, ’n oordrewe gebaar van geduld. “Ek is nie hardkoppig nie. As hulle iets aan my wou doen, sóú hulle al. Dink ’n bietjie. As hulle jou wel deur my opgespoor het, sal hulle nie die kans laat verbygaan om iets aan my te doen nie. En die nota. ‘Jy gaan betaal’. Nie ‘Julle gaan betaal’ nie. Ek dink nie hulle soek my nie.”

Ivan huiwer vir ’n oomblik, want Smittie klink seker van sy saak. Dan protesteer hy: “Jy kan nie seker wees nie. Asseblief, Smittie. Al is dit net vir ’n paar dae.”

“Nee. As hulle my wil hê, sal hulle wag tot ek terugkom. Wie weet hoe lank hulle al vir jou wag, hoe lank hulle gesoek het. As dit uit Die Firma se dae is, kan dit jare wees. Ek gaan nie weghardloop nie. Dit is my huis dié. Al wat ek het.”

Hy haal die rewolwer uit sy kamerjassak en sit dit op die tafel neer. “Hier is drie alarmstelsels. En dié. Ek bly”

Ivan ken hom goed genoeg om te weet dit sal nie help om te stry nie. “Ek bring môre vir jou ’n ordentlike wapen. Met daardie ding gaan jy net iemand nog kwater maak.”

“Jy kan bring wat jy wil. Nog koffie?”

“Nee dankie. Ek moet terug. Gaan kyk wat weg is. Miskien sê dit iets. Cassius gaan soek. Vir Carla begrawe . . .”

“Ek is jammer.”

“Dit was net ’n hond.” Maar Smittie kan in sy stem hoor dat hy lieg.

Teen dagbreek gooi hy die gat toe. Tussen die duine. Net 'n plek, sonder merker of sentimentaliteit.

Dan begin hy regpak, inventaris neem. Die Uzi is nog veilig in die bed se kopstuk agter 'n houtvaldeurtjie.

Hy kan geen stelselmatigheid in hul soektog kry nie. Hulle het alles deurgesoek vir nugter weet wat. Teen elfuur is hy amper klaar met die huis, maar kan nog geen afleidings maak nie. Dan hoor hy Cassius roep, van buite.

Die kat staan aan die voet van die treetjies by die agterstoep, sy oor plat, stert swiepend, onseker. Toe hy vir Ivan sien, draf hy vinnig die trap op. Hy gaan sit in die middel van die kombuisvloer en begin selfbewus te was, asof hy verras is deur die orde wat teruggekeer het.

Hulle het om die een of ander onverklaarbare rede die krewes op die stoof gelos. Ivan haal dit uit die water en breek die vleis uit in Cassius se bord. Hy het al te veel emosie getoon met Carla. Die twee krewes is die bewys dat hy bly is die groot gemmerkat is ongedeerd. Die kat kan sy neus en oë nie glo nie. Hy spring op die bord af toe Ivan dit voor hom neersit.

“Die huis is nou weer joune.”

Cassius hoor hom skaars.

Hy ry eers Saldanha toe om die telefoonprobleem te gaan rapporteer. Die vrou by die poskantoor sê dit sal 'n paar dae duur. Dan ry hy weer na Smittie toe met oë wat slaap nodig het en 'n brein wat nie wil ophou maal nie.

Die kort, ronde man is met sy treine besig. Hy laat Ivan inkom en stap dadelik weer terug na waar hy die treine met 'n ingewikkelde elektroniese rangeerbord beheer.

Die Trans-Karoo skiet geëlektrifiseerd oor 'n vlakte. Ystererts is op pad na Saldanha in 'n onmoontlike lang trein agter vier dieselenjins. Die Appeltrein skud deur 'n tunnel en fluit met 'n kunsmatige stoompluim wat soos 'n haanstert agterna borrel.

“Iets gekry?” Smittie vra dit asof hy reeds die antwoord ken. Hy druk 'n skakelaar en al die modelle kom tot stilstand. Die stilte is oorverdowend.

“Nee.”

“Wat gaan jy doen?”

“Aangaan. Hulle sal weer probeer. Ek is nou reg.”

“Aangaan?”

“Met Ragel Bergh se ding.”

“Is daar iets wat jy nog kan doen? Die Porsche-idee het nie gewerk nie.”

Ivan vertel hom van die horlosieleidraad.

“Dit gaan net nog ’n databasis wees wat jy nie in die hande kan kry nie.”

“Nie maar net nog een nie. Louis is nuut in dié land – dalk al driehonderd verkoop. Die databasis is kleiner. En ek sal dié keer ’n ander strategie volg, nie weer vra daarvoor nie.”

“Gaan jy inbreek?” vra Smittie afkeurend, asof dié tipe optrede benede hom is.

“Ek moet eers uitvind wie die invoerders is. En waar hulle is. Carlotti’s in Burgstraat is al wat Louis aanhou in die Kaap. Sover ek weet. Hulle sal kan sê.”

“Nou toe, gaan bel.”

Sodra hy wegstap telefoon toe, hoor hy die wieletjies begin weer raas, soos ’n menigte insekpote op ’n houtvloer. Hy skud sy kop en glimlag.

“Johannesburg,” sê hy aan Smittie ná die oproep. “Consolidated Jewellery Imports.”

“Wanneer trek jy?”

“Eers slaap. As ek môre ’n vlug kan kry . . .”

Dit lyk of Smittie intens konsentreer op die bewegende meganiese ruspes voor hom. Maar dan sê hy skielik: “Jy sorg dat ek elke dag weet waar jy is. Ek . . . Daar kan boodskappe wees.”

Ivan weet wat hy bedoel. Hy kan nie ’n glimlag onderdruk nie. Smittie wys nooit sy besorgdheid nie. Maar sy geforseerde onvriendelikheid, sy streng gesigsuitdrukking verrai hom.

“Wat is snaaks?”

“Niks.”

“Dit is net verliefdes wat vir geen rede staan en glimlag.” Smittie is knorrig, vies omdat Ivan deur hom sien.

“Op wie sou ek verlief wees?”

“Ek wou sê dit sal jou goed doen om vir ’n mooi jong vrou te werk.”

“Mooi, en so mal soos ’n haas, Smittie. Maar jy sal dit nie wil glo nie.”

“Daar is niks met haar verkeerd wat ’n bietjie simpatie en ondersteuning nie kan regdokter nie.”

Ivan vertel hom van die vorige aand. Van Ragel wat agter sy rug gaan snuffel het. En haar fut wat uit was toe hy haar vertel. Tot sy verbasing skud Smittie toe-oë van die lag.

“Is dit snaaks?”

“Wie is die een wat altyd sê hy sal weer in vroumense begin belangstel as hy een ontmoet met moed en durf en veggees?”

“Wat het dit daarmee te doen?”

“Dink jy nie dit het moed en durf en veggees gevat om in jou verlede te gaan rondkrap nie?”

“Glad nie. Net tipiese vroulike nuuskierigheid.”

“Jy verdien haar nie.”

“Is dít nie ’n genade nie.”

“Ek wonder of jy nie dalk besig is om soos Hamlet se ma te raak nie?”

“Ekskuus?”

“You doth protest too much.”

“Verskoon my, ek het nie die voorreg van ’n skoling in die lettere gehad nie. Ek bring môre vir Cassius,” sê Ivan en stap uit.

Smittie glimlag en trek ’n paar hefboompies om treine van spore te laat verwissel. “Jy het nie letterkundige opleiding nodig om verlief te raak nie,” prewel hy vir homself en lag só dat die Oranje-snel tussen Reddersburg en Bloemfontein ontspoor.

Ivan hou by ’n restaurant in Blouberg stil en eet ’n groot bord pasta. Dit is laatmiddag as hy by die huis kom, want hy het ’n paar keer stilgehou, skielik omgedraai. Maar daar is niks. Niemand wat hom agtervolg nie. Hoekom sou hulle? Hulle weet nou waar hy bly.

Dit is hul taktiek wat hom die meeste pla. Terrorisme. Slaan toe in die middel van die nag, saai soveel chaos moontlik en verdwyn weer. Intimidasie. Laat die opponent onstabiel steier onder die onsekerheid van wanneer jy weer met minagting gaan toesak.

Daarom kan dit net iemand uit Die Firma se dae wees. Die ander, van die afgelope paar jaar, was gewone mense, of amateurs wat gedink het hulle kan met meerdere grofgeskut ander intimideer.

Behalwe die mense wat Ragel Bergh om die bos gelei het. Hulle het geweet wat hulle doen. Maar hoe? Sou hulle iemand hê wat ’n ogie oor Ragel Bergh hou, selfs ná hulle klaar is met haar? Net om seker te maak dat sy nie ’n gelukkie tref en op hul spoor kom nie? Hoogs onwaarskynlik. Nie

tipies deel van 'n swendelaar se modus operandi nie. Maar nie onmoontlik nie. Hy sal Ragel Bergh môre vra.

Voor hy op die bed neerval, haal hy die Uzi uit en gaan dit na. Hy raak met die kort masjienpistool op sy bors aan die slaap. Net wanneer Cassius in die laatnag op sy bed spring, word hy wakker. Hy trek 'n kombers oor hom en die kat en slaap verder.

Voor sonop is hy uitgeslaap, ongeduldig om aan die gang te kom. Hy maak ontbyt en mis vlugtig die groot swart hond se teenwoordigheid in die kombuis. Cassius eet en stap uit. Maar Ivan keer hom voor.

“Jy sal moet wag tot jy by Smittie is voor jy gaan jag. Anders kry ek jou nie weer nie.”

Hy maak die kat in die badkamer toe, gaan sit in sy gemakstoel met 'n pen en papier en begin stelselmatig sy planne deurgaen. Oor en oor. Tot hy tevrede is dat die lys wat hy saamgestel het, volledig is.

Daarna stap hy af kluis toe. Vir die eerste keer sedert hy ingetrek het, twee jaar gelede, deursoek sy oë die duine, die strand, selfs die see, vir iemand wat dophou.

Onder, in die neonverligte vertrek, begin hy die items op die lys bymekaarmaak. Eers: die twee identiteite bou. 'n Laai in 'n staalkabinet lewer twee identiteitsboekies op, met bypassende tjekboeke en kredietkaarte. Toepaslike dokumente. Werklike rekeninge met werklike geld.

Twee goed gebruikte reistasse uit die pakplek bo die werkbank. Elke identiteit het sy eie bagasie. Klere vir elke tas uit die staalkabinette. Skoene, kouse, langbroeke, baadjie, hemde, dasse. Twee stelle toiletware. Kontant vir die twee beursies uit die heel onderste laai van die staalkabinet op die regterkantste punt.

In normale omstandighede sou hy dalk 'n rewolwer saamgevat het om die een beplande identiteit mee af te rond. Nou moet hy meer as een neem. Tot hy uitgevind het wie sy bloed soek.

Die SIG Sauer P220 of die Baretta 84 BB saam met die Uzi bo in die kamer. Hy vat die P220 omdat dit betroubaar is. 'n Rewolwer vir die polisie-identiteit? Die Colt Python sal goeie balans wees met sy groter trefkrag. En vermoë om mense die skrik op die lyf te jaag. Die Mateba moet maar wag. Die Hammerli, infrarooi-visier en -kopstuk, die swart gemodifiseerde rugsak en sy inbraakapparaat gaan ook saam, hoewel hy

nog nie weet of hy dit gaan gebruik nie. Hy pak dit alles in 'n groot swart duffelsak wat langs die reistasse geplaas word.

Die laaste item kom ook uit 'n staalkabinet: 'n smal leertassie. Die vervalsingstel. Met foliopapier, stensils, ink in verskillende kleure, stempels. Ook dit gaan in die swart sak.

Hy dra die tasse op, kry die Uzi, sit Cassius in die mandjie wat hy so haat en ry na Smittie toe nadat hy die huis sorgvuldig gesluit het.

Weer maak hy seker niemand agtervolg hom nie.

En die vraag: Hoekom word hy nie agtervolg nie?

“Ek sal vir jou 'n sleutel moet gee. Dis in en uit en in en uit,” brom Smittie. Hy het een van die huis se ruim slaapkamers as 'n werkwinkel ingeruim. Ivan is elke keer verstom deur die netheid van die vertrek. Hier hou Smittie letterlik duisende elektroniese onderdele byderhand. Gereedskap, stukke lokomotief en treintrok, materiaal om nog landskap by te voeg of te verander op die uitgerekte toneel wat in die sitkamer op die tafel staan, handleidings en naslaanwerke, alles in foutlose orde gerangskik. Smittie is besig om mikroskyfies op 'n geïntegreerde stroombaanpaneel te pas. 'n Klein soldeerstafie se punt rook nog. Hy loop in en skakel die apparaat af.

Hy neem die katmandjie by Ivan en stap kombuis toe. Die kat spring verlig uit en begin dadelik aan die melk drink wat Smittie in 'n piering gooi.

“Nou het ek weer vir 'n slag ordentlike geselskap.”

Ivan sê niks. Maar hy onthou die eerste keer toe Cassius hier kom loseer het. Die kat het by sy huis aangekom kort nadat hy klaar gebou het. 'n Maer, verwese dier met 'n vuil, kollerige pels en ribbes wat wys. Van nêrens. Hy het hom net nou en dan gesien – skielik om 'n hoek, 'n paar blink oë in die bakkie se kopligte as hy laataand by die huis kom ná 'n aand van skaak by Smittie.

Toe, een donker, stormagtige nag, het die kat op die voorstoep kom skuil. Ivan het hom jammer gekry en oorskietsnoek uitgesit. Die volgende oggend was dit weg.

Die kos op die stoep het 'n ritueel deur die winter geword, tot hy een aand voor die kaggel gesit en lees het, en die dier druipnat voor die venster verskyn het. Ivan het die deur oopgehou. Hulle het geluidloos vir mekaar gekyk, mekaar gemeet. Eindelik het die kat ingehardloop en senuweeagtig voor die kaggel gaan sit, bewend van die nat koue. Elke beweging van Ivan dopgehou, agterdogtig. Ivan het die deur op 'n skreef oopgehou, wat die kat gerusgestel het. Hy het later gaan slaap, met die kat wat nog by die vuur lê.

Van daar het dinge vinnig ontwikkel. Hulle het mekaar leer vertrou. Cassius het begin staatmaak op sy kos, vet geword en die pels het begin blink. Tot Ivan die eerste keer moes weggaan. Omdat Smittie al kennis gemaak het met die dier, was dit die voor die hand liggende oplossing. Die reëling het al drie gepas.

Cassius se eerste ontmoeting met die treine het egter amper alles verongeluk.

Die skarrelende modelle was een te veel vir sy instink. Hy het op die tafel gespring en hulle bygedam, kruis en dwars gehardloop en elke bewegende ding met sekure poot van die spoor geklap.

Smittie het byna 'n hartaanval gehad.

Maar hy het aanvaar dat dit die kat se instink was. Cassius het nog nooit die pak slae vergeet nie. Sedertdien het hy 'n ereplekkie – 'n uitsig oor die modellandskap op een van die rakke teen die muur, waar hy met begerende oë en net 'n stertpunt wat beweeg, wys dat hy sy kans afwag. Vir ééndag.

“Waarmee is jy besig?” Ivan wys met sy duim in die rigting van die werkkamer.

“As hulle professioneel is, gaan hulle afluisterapparaat aan die telefoon koppel. Of in die huis. Ek bou 'n aftaster.”

Ivan se gesig wys dat hy nie heeltemal verstaan nie.

“Om enige meeluistermeganisme mee op te spoor.”

“Ek verstaan.”

“Ek het die telefoon al bekyk. Hy is skoon. Behalwe as hulle die lyn tussen hier en die eerste rangeerkas bloei. Maar ek twyfel. Dit kos poskantoorgoedkeuring. En as jy dit nie het nie, is die risiko te groot.”

“Ek moes daaraan gedink het,” sê Ivan.

Smittie is effens verontwaardig. “Dit is my afdeling, jy weet.” Hy stap terug na die werkkamer.

Ivan gebruik die telefoon om 'n plek op 'n vliegtuig te bespreek. Die vlug vertrek laatmiddag. Hy skakel ook 'n huurmotormaatskappy en 'n driesterhotel in Johannesburg.

Hy nooi Smittie om saam te gaan eet by 'n nabygeleë restaurant, maar Smittie praat binnensmonds oor die feit dat hy te besig is, en Ivan gaan haal wegneemetes. Hy is al gewoond aan sy vriend se buie. Hulle twee verskil hemelsbreed, maar daar is ook ooreenkomste. Soos die manier waarop hulle 'n gesprek oor of erkenning van hul hegte vriendskap vermy.



Ivan skets oor ete die buitelyn van sy planne aan Smittie. En kry eenlettergeregte antwoorde. Tot hy sê hy wil weer vinnig met Ragel gesels.

“Waaroor nou weer?”

Ivan probeer geduldig wees. “Ek wil weet vir wie sy gesê het ek help haar.”

Smittie frons en sit sy mes en vurk neer. “Sy sal vir niemand sê nie. Jy sal die skuld vir die inbraak op iemand anders moet pak.”

“Ons sal sien.”

Wanneer hy aanstalties maak om te loop, vra Smittie weer dat hy gereeld moet kontak maak. Ivan besef hoe bekommerd die ouer man regtig is. Maar Smittie steek dit dadelik weer weg met sy afskeidswoorde: “Stadig met Rageltjie. Sy kan nie help dat jy onbeholpe met vroumense is nie.”

“Ragel Bergh, jy gaan my sê wat gaan aan, al moet ek dit uit jou uit trek.”

“Daar is niks fout nie,” sê Ragel lusteloos.

Mignon sit oorkant haar lessenaar in die boekwinkel, ’n groot frons op die voorkop. “Jy was nou die dag nog soveel beter. Ek en Boefie was seker jy is oor die ding.”

“Dit lyk my nie ek is nie,” sê Ragel moeg.

“En jy gaan nie eens terugveg nie?”

“Jy kan nie teen ’n spook baklei nie.”

Buite die kantoor, in die winkel, is Frikkie besig om met ’n aantreklike middeljarige vrou te gesels oor die beleggingswaarde van ’n eerste uitgawe van ’n Edgar Allen Poe-bundel. Hy is net so dronkgeslaan deur Ragel se skielike insinking, maar het besluit om nie sy musiek daarby aan te pas nie. Hy speel al die hele dag vrolike Mozart-serenades in die hoop dat sy haar swartgalligheid sal afskud.

Die lang, skraal man wat by die deur inkom, laat hom opkyk oor die vrou se skouer. Die man lyk te haastig om ’n kliënt te wees.

“Verskoon my,” sê Frikkie vir die vrou en stap na die man, wat tussen die rakke staan en rondkyk.

“Kan ek help?”

“Ragel Bergh? Is sy hier?”

“In die kantoor. Daar agter,” sê Frikkie en wys met sy vinger. Die man skuur tussen hom en die rak verby, half ongeskik. Frikkie wonder of dit iemand van die polisie is. Geen maniere nie. Hy stap terug na die middeljarige vrou, wat ook die man met haar oë volg.

Ragel is eers bewus van Ivan as hy aan die glasdeur klop. Sy teenwoordigheid is vir haar net so 'n groot verrassing as toe hy twee dae gelede by haar huis opgedaag het. Haar oë rek. Mignon is net betyds om dit raak te sien nadat sy vinnig omgekyk het toe sy die klop gehoor het.

Ivan steek sy kop by die deur in. “Kan ek jou vir 'n oomblik sien?”

Ragel staan op, maar Mignon spring haar voor. “Nee, kom in. Ek wag buite.”

Sy gee Ragel 'n kyk wat sê: “Hoekom het jy my nie gesê nie?” maar Ragel maak of sy dit nie sien nie. Ivan hou die deur vir Mignon oop en kom dan in.

Ragel wil hom vra of dit sy gewoonte is om op die mees onverwagte, ongeleë tyd besoek af te lê, maar sy bly eerder stil.

Hy sit nie, maar leun oor die stoel oorkant haar. “Ek is op pad Johannesburg toe. Die horlosie kan die leidraad wees wat ek soek.”

Sy knik, onseker hoe om te reageer.

“Ek wou net kom seker maak. Vir wie het jy almal vertel dat ek jou help?”

“Niemand nie.”

“Is jy seker?”

“Ja.”

Hul vorige gesprekke het 'n patroon gevolg waarvan sy nou afwyk. Ivan besef dit en kan dit nie verstaan nie.

“Nie vir die prokureur wat jou die nommer gegee het nie?”

Sy skud haar kop. Nee.

“Geen vriend of kennis nie?” Hy kyk na agter, na die winkel. “Of kollega nie?”

“Niemand nie.”

“Is jy . . . Skort daar iets?”

“Ek sal regkom.”

Hy gee moed op met dié neutraliteit. “Ek hou kontak met Smittie. Hy sal jou seker laat weet as daar iets is.” Hy draai om en maak die deur oop.

“Dankie . . .” sê sy, maar dit klink of sy iets wil byvoeg. Hy draai om en kyk. “Dankie,” sê sy weer, met finaliteit.

“Dis 'n plesier,” antwoord hy outomaties en maak die deur toe. Hy sien die beeldskone blonde vrou wat buite gewag het, kyk na hom en hy glimlag ongemaklik vir haar op pad uit.

Mignon kan nie gou genoeg by Ragel terugkom nie. Sy begin al praat toe sy by die deur inkom. “Jy moes gesê het dis man-moeilikheid . . .”

Ragel hou haar hand in die lug. “Dit is sake. Nie plesier nie.”

“Daardie man? Liewe genade. As ek nie vir Boefie gehad het nie . . . Wie is hy? Wat doen hy? Daardie oë. Vergeet die sake, Rageltjie. Dit is pure plesier daai.”

“Vergeet dit, Mignon. Jy ken hom nie.” Dan dink sy vir ’n oomblik na en voeg by: “Ek ken hom ook nie.”

[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

Dit is byna onmoontlik om op die Rand se snelweë seker te maak jy word nie agtervolg nie.

Maar hy ry eers na 'n ander hotel en sit 'n rukkie in die gehuurde blou Golf om te sien of daar ander motors ook indraai. Dan stap hy in en gaan vra die vrou by ontvangs of daar 'n Zatopek Smit ingeboek het. Sy soek deur die rekord, maar kry niks. Hy bedank haar en stap uit. Die parkeerterrein is steeds stil.

Dan ry hy na die hotel waar hy plek bespreek het, ses straatblokke verder wes, in die middestad.

Daar was 'n tyd in sy lewe dat hotelkamers sy tuiste was. Hy ken die eensaamheid daarvan, die onpersoonlikheid. Die groot bed met die uitgeslaapte holte aan die telefoon se kant. Hy slaap gewoonlik aan die teenoorgestelde kant omdat dié deel van die bed nog ferm is.

Hy pak net een tas se klere uit. Die ander een sluit hy bo in die hangkas toe nadat hy al die vuurwapens daarheen oorgeplaas het.

Hy het op die vliegtuig geëet en maak reg vir slaap. Maar die slaap wil nie kom nie. Hy staar na die flikkerende televisiestel wat 'n komedie op die fliekkanaal vertoon terwyl hy weer sy brein deursoek na antwoorde.

*JY GAAN BETAAL.*

Hy het die dood van een van Spano se honde veroorsaak toe hy die skildery gaan haal het. Is daar 'n verband? 'n Oog vir 'n oog? Dis moontlik. Selfs tipies van die Fransman van Marokkaanse afkoms wat sy misdaadsindikaat vanuit neutrale grondgebied bestuur. Maar daar is geen manier hoe Spano hom kon opspoor nie. Nee, dit is Firma-besigheid. Of die Buchner-sage. Hy sal nog uitvind.

Dan beplan hy sy dag en skakel die televisiestel af.

Ivan leen ná ontbyt 'n tikmasjien by die hotel. Hy berei eers die lasbrief se briefhoof met die vervalsingstel voor. Dan tik hy die bewoording.

Net voor hy uitgaan, bel hy vir Smittie.

“As jy binne die volgende 48 uur die spesiale lyn beantwoord, sê dit is Kaapstad Moord en Roof en kaptein Sutherland is in Johannesburg besig met 'n ondersoek.”

Smittie se sug is duidelik oor die honderde kilometer hoorbaar. “Jy weet ek is nie goed daarmee nie.”

“Jy was nog altyd goed genoeg.”

Smittie verander die onderwerp. “Cassius het gisteraand die geveg van sy lewe gehad. As hy só lyk, wil ek nie die ander kat sien nie.”

“Hy kan nie uit die moeilikheid bly nie.”

“Ja. Net soos sy baas.”

Hulle groet en dan trek Ivan aan. Die bruin Grasshoppers, bruin broek, wit hemp, te breë groen das en geblokte baadjie wat al ’n paar jaar lank uit die mode is. Hy beskou homself in die spieël. Al wat nog kort, is die bult onder die blad. Hy haal die Colt Python en sy leerskede uit en trek dit onder sy baadjie aan. Dan sit hy die lasbrief, die identiteitsdokumente en die beursie in sy sak.

Consolidated Jewellery Imports beslaan die helfte van ’n verdieping van ’n ou gebou in Kruisstraat. Terwyl hy in die gang af stap, laat hy sy skouers effens vooroor hang, soos ’n man wat ietwat onder die druk van te veel werk en te min salaris is. Maar steeds nie gaan opgee nie.

Die vrou by ontvangs lyk of sy al diep in die sestig kan wees. Sy suig gretig aan ’n sigaret en blaai deur ’n Engelstalige oggendkoerant.

“Kan ek help,” sê sy in Engels met die rasperstem van ’n kettingroker.

Hy praat ook Engels, maar ietwat gebroke, met ’n swaar Afrikaanse aksent. Sy houding is amptelik, selfversekerd, soos iemand wat daaraan gewoond is om bevele te gee, gesag af te dwing.

“Ek soek na die persoon in beheer,” sê hy en haal ’n kaart uit wat hom identifiseer as kaptein Johan Sutherland, Moord en Roof, Suid-Afrikaanse Polisie. Hy het wrang geglimlag toe hy die kaart destyds vervaardig het. Die werklike Sutherland sou nie daarvan gehou het nie. Hy het homself altyd as verhewe bo gewone wetstoepassers gesien.

Die vrou se oë rek effens, maar sy woon in ’n stad waar alles moontlik is en enigiets kan gebeur.

“Dit sal meneer Searll wees. Net ’n oomblik.” Sy tel die skakelbord se gehoorstuk op en druk ’n paar knoppies. “Die polisie is hier. Nee, ek weet nie. Goed.” Dan kyk sy na Ivan. “Hy is nou hier. Sit solank.”

Searll verskyn in die deur voor hy kan sit. Die man lyk soos Einstein – welige snor, groot bos deurmekaar hare, effens oorgewig. Hulle stel hulself bekend en Searll nooi hom na sy kantoor, ’n deurmekaar vertrek met ’n klompie kartondose wat op die grond staan.

Teen die muur is 'n groot plakkaat wat 'n sigaret met 'n rooi streep daardeur vertoon. Die opskrif is: *Smoking is dangerous to your health*. Op die lessenaar, bo-op 'n duisternis dokumente, is nog 'n teken: *Thank you for not smoking*.

Searll maak verskoning vir die gebrek aan netheid met 'n hulpelose swaai van sy hand. “Nooit genoeg pakplek nie. Wat bring 'n Kapenaar na Sodom en Gomorra? Waarmee kan ons help, kaptein?”

Ivan haal die lasbrief uit sy sak, maar oorhandig dit nie.

“Ons ondersoek 'n motordiefstalsindikaat, meneer Searll. En al wat ons van die meesterbrein agter die ding weet, is dat hy 'n Louis XIV dra. Hou van duur juwele. Sal self nie omgee om die geld te hê wat die goed kos nie.”

Hy bly vir 'n oomblik stil, asof hy besef dat hy afdwaal. “Maar nou ja. Die probleem, moet ek eerlik vir u sê, is dat ons leidrade opgedroog het. Die man is soos 'n paling. Seepglad. Ek moet 'n deurbraak maak, meneer Searll. Anders gaan die baas my ga . . . ek bedoel . . . die baas gaan ongelukkig wees.”

Searll verstaan. “Ai, base, base. Maar hoe kan ek help? Sê net. In my bedryf kan ek nie bekostig om kwaai-vriende met die polisie te wees nie.”

“Ek verstaan die Louis het 'n lewenslange waarborg.”

“Dis korrek. Op alles. Waterdigtheid, skokbestand, stofbestand. Alles.”

“Ek het gehoop daar is rekords van die eienaars van die horlosies. Hulle moet seker die waarborg iewers registreer.”

“Inderdaad, kaptein, inderdaad.” Searll is duidelik trots op die manier waarop die waarborg gehanteer word. “Maar wag, ek weet wat jy wil hê. Jy soek die rekords.” Hy lyk ingenome dat hy die speurspeletjie net so goed soos die polisie kan speel.

Ivan glimlag in erkenning vir die man se knap afleiding. Searll gaan voort.

“Maar dié rekords is konfidensieel, kaptein. U moet verstaan, dit is uitsoekmense dié. Net die suksesvolste . . .” Hy besef hy is besig om die polisieman in die gesig te vat. “. . . e . . . net die rykstes, die mense wat die regte tyd op die regte plek was.” Hy gee moed op. “Die rekords is konfidensieel.”

“Die polisie het groot begrip daarvoor, meneer Searll. Ons sou nie die rekords opeis as dit nie 'n noodgeval was nie.”

“Opeis? Julle kan dit nie opeis nie.”

Ivan oorhandig die lasbrief. “Ek is bevrees ons kan. Dié hofbevel is vanoggend deur regter Olivier uitgereik. Maar ek is bereid om met u ’n ooreenkoms aan te gaan.”

Hy sien Searll neem kennis van die leerskede onder sy baadjie en die metaal van die groot rewolwer, maar hy sê niks. Searll kyk vlugtig na die dokument met sy amptelike seëls en oordadige briefhoof.

“As u my toelaat om deur die rekords te gaan, hier, in die gebou, hoef ek hulle nie te verwyder nie. U behou beheer en is verseker dat dit vertroulik gehanteer word.”

Searll vee met sy hande oor sy haredos, asof hy daarmee hoop om orde te bring. Sy oë flits tussen Ivan en die lasbrief.

“En die alternatief?”

“Die lasbrief sê ek kan die rekords saam met my Kaap toe neem. Vir ’n tydperk van dertig kalenderdae.” Ivan het geen idee wat die verskil tussen ’n gewone dag en ’n kalenderdag is nie, maar dit klink wetlik, amptelik.

“Aijajaijajai,” sê Searll en vee weer oor sy hare. “Miskien moet ek eers met my prokureur praat.”

Dit is presies wat Ivan nie wil hê nie, maar hy bly stil. Sy slag is gelewer. Te veel teëstribbel kan die man voor hom laat lont ruik.

“Kaptein, jy gee my die versekering die rekords sal nie my perseel verlaat nie?”

“Absoluut.”

“Die Switsers moet net nooit uitvind nie.”

“Ek is die laaste een om hulle te sê.”

“Aijajaijajaijajai.” Dan staan Searll op. “Kom, ek gaan wys jou waar ons dit bêre.”

Hy lei Ivan in ’n gang af, tot by ’n deur met ’n traliehek. Searll haal ’n groot bos sleutels uit en soek onmiddellik die regte een uit. Hy sluit oop en stap in. Ivan stap agterna. Die vertrek is vol metaalrakke wat tot teen die dak strek. Die rakke is tot oorlopend toe vol. Kartondose staan ook op die vloere rond. Heel agter, teen ’n muur, is ’n gehawende lessenaar. Bo die lessenaar staan nog rakke vol lêers. Searll soek met sy vingers en haal dan ’n dik swart plastieklêer uit. Op die rugkant staan *Louis XIV*.

“Hier is dit, kaptein.” Hy vryf denkbeeldige stof van die lêer af. “Ons gebruik dit net om die nuwe verkope te liasseer. Jy kan dink, teen R45 000 stuk is dit nie horlosies wat probleme gee nie.”

“Is dit alles?”

“Kaptein, daar is maar min mense wat soveel vir ’n horlosie sal betaal. In Europa, Amerika, Japan is dit ’n ander saak.”

“Wat maak die goed so duur?”

“Snobwaarde, kaptein. Eksklusiwiteit. Die wêreld draai om eksklusiwiteit. En, natuurlik, die goud. En die diamant in die middel van die horlosie se gesig. Maar hulle betaal om by hul vriende te kan spog. Dis hartseer, maar dis waar.”

Searll oorhandig die lêer plegtig, maar hy is duidelik nou besig om oor sy gunstelingonderwerp te praat.

“Sê my, kaptein, hoekom koop mense juweliersware? Hoekom kan ek ’n bestaan – ’n goeie bestaan – daaruit maak om juweliersware in te voer? En nie goedkoop goed uit Taiwan of Korea nie. Net die beste uit Switserland. En Italië en Frankryk en Duitsland? Laat diamantringe en goue halssnoere en duur horlosies iemand mooier lyk? Nee, kaptein. Ek maak my lewe uit spog uit. Mense wil spog. Hulle wil wys hulle is beter as ander. Meer suksesvol. Nou wie is ek om hulle nie te help nie? Teen ’n prys, natuurlik. Hier staan ek, kaptein, danksy die snobisme van die wêreld,” en hy hou sy hande voor hom soos ’n kunstenaar wat pas op die verhoog gestap het en die applous van die skare erken.

Ivan skud sy kop, asof meegevoer. “Ongelooflik, meneer Searll. Ons is amper in dieselfde beroep. Op my beurt moet ek weer probeer keer dat snobisme handuit ruk.”

Searll geniet dit. “Jy is reg, kaptein. Jy is reg.”

Hy wys na die stoel wat by die lessenaar staan. “Sit gerus, en werk daardeur. As jy klaar is, skree net in die gang af. Hulle sal kom oopsluit. Ons hou maar toe. Die versoeking is groot vir party. Maar ek hoef jou niks daarvan te vertel nie.”

Ivan sien hoe Searll die houtdeur ooplos, maar die staalhek agter hom sluit. Dan haal hy ’n notaboek en pen uit sy sak, gaan sit en slaan die dik lêer oop.

Die inhoud is in chronologiese volgorde, van die eerste horlosie wat verkoop is tot, heel agter, die laaste. Daar is effens meer rekords as wat hy verwag het – met die eerste oogopslag meer as 400. Elke aankoop het twee dokumente: die naam van die persoon wat dit gekoop het, en die naam van die eienaar. In sommige gevalle is dit dieselfde mens, maar daar is ook baie wat verskil. Ivan neem aan dat dit in dié gevalle as geskenke vir geliefdes bedoel is.



Die rekords dui ook aan wie die kleinhandelaar was, wanneer dit verkoop is en of dit 'n mans- of vrouehorlosie was. Daar is ook adresse en telefoonnommers van die eienaars.

Dit halveer min of meer die stof wat hy moet deurwerk omdat hy net in manshorlosies belangstel. Dan begin hy skryf.

Die bejaarde ontvangsdame kom teen eenuur in met 'n koppie kitskoffie en 'n olierige hamburger en skyfies. Sigaret in die mond vra sy om verskoning vir die gehalte van die kos, maar verduidelik dat dit die beste is van die kafees in die omgewing. Hy bedank haar. Toe sy weer uitgaan, wonder hy hoe sy en haar antirookbaas hul verskillende standpunte hanteer.

Hy ignoreer die vier rekords wat die afgelope twee maande se verkope aandui, aangesien Buchner toe al sy Louis gehad het. Teen vieruur is hy klaar. Hy het elke inskrywing genommer en het 232 name, met adresse en telefoonnommers, as hy die notaboek toeklap en na die staalhek toe stap. 'n Werker in 'n oorpak wat in die gang af stap, gaan roep op Ivan se versoek vir Searll.

Hy bedank die man en verseker hom dat die lang arm van die gereg altyd regstaan om hom te help. "As u ooit in die Kaap kom, kom kuier. Almal ken my by Moord en Roof," nooi hy joviaal.

Die lig buite is skerp, sonnig en warm, 'n droë hitte waaraan hy elke keer moet gewoond raak as hy in die noorde is. Die lang sit en sy stywe litte smee dat hy die een of ander vorm van oefening moet doen. Maar hy haat dit om in die stad te gaan draf. Die besige verkeer, die brandstofdampe, die baie oë maak dit 'n straf.

Terug in sy hotelkamer doen hy dertig minute se strekoefeninge, opsitte en opstote, tot die bloed weer vryelik sirkuleer en sy spiere los is. Dan vat hy die notaboekie en begin die inligting orden.

Daar was geen Buchner nie, soos hy vermoed het. Maar daar is twee name met soortgelyke voorletters: D.B. 'n Derek Brown van Johannesburg en 'n Dimitri Benvovic in Pietermaritzburg. Hy sal hulle eerste bel.

Net meer as 140 van die name is in die PWV-gebied. Veertig woon in Natal, sowat dertig in die Skiereiland en die ander is versprei oor die res van die Kaapprovinsie, die Vrystaat en Namibië. Hy weet hy kan eers op die eienaars aan die Rand, in Natal en Namibië konsentreer. Die kanse dat Buchner se permanente adres in die Kaap is, is skraal. Hy rangskik elke gebied se name bymekaar en maak 'n rangorde waarmee hy môre kan begin. Dan bel hy vir Smittie, net om te hoor hy hoef nie so baie te bel nie,

die aftaster het geen meeluisterapparaat opgespoor nie en die ronde man is besig om 'n replika van 'n stoomlokomotief te spuitverf en kan nie nou sit en ginnegaap oor die telefoon nie.

Ivan skud sy kop terwyl hy die gehoorbuis terugplaas. Smittie is die goedhartigheid self as daar geen spanning in sy lewe is nie. Dit sal oorwaai. Hy moet net die bliksems kry wat Carla doodgemaak het.

Hy trek die Sutherland-klere uit, stort, trek 'n denim, sporthemp en sandale aan en stap af na die hotel se eetsaal.

Daar heers die tradisionele gedemptheid in die groot eetvertrek, waarheen net die hotelgaste gewoonlik kom: mense wat daar eet omdat hulle moet, nie omdat hulle die keuse het nie. Die warmte van 'n restaurant waarheen mense gaan as hulle iets wil vier, al is dit net samesyn, is afwesig. 'n Klomp vreemdes bymekaar gegooi.

Hy eet lig en gaan stap dan deur die stad se strate, nou stil en byna verlate. Hy drentel voor winkelvensters, stap verby 'n gesellinklub en loer nuuskierig, maar die glasvensters is toegeverf. Amy's Escorts. 'n Polisiemotor ry stadig verby. Die twee insittendes kyk belangstellend na hom. Hy ignoreer hulle. Dan stap hy terug hotel toe.

Die voorportaal van die hotel is stil. Iemand is besig om by ontvangs te registreer, 'n bejaarde sakeman sit op 'n gemakstoel en wag vir iemand; twee portiers staan stil-stil en gesels. Hy wag voor die hysbak en sien hoe die vrou wat geregistreer het, haar swaar tas optel en dit in sy rigting sleep. Die portiers staan nader, maar sy wuif hulle weg. Dan is sy langs hom. Hy kyk na die liggies van die hysbak. 9, 8, 7, 6, 5 . . .

“As hulle help, wil hulle 'n footjie hê,” sê die vrou langs hom, effe uitasem van die tas se sleep.

Hy kyk na haar en glimlag hoflik. Sy is mooi maar nie meer jonk nie. Veertig? Vyf-en-veertig? Haar swart hare hang in digte kartels om haar kop, onopsigtelik uit 'n bottel. Haar grimering effens te dik aangesit. Sy het 'n wit bloese aan, wat span oor 'n ruim boesem. Die swart romp wys 'n effens te groot agterstewe, maar die bene tussen soom en swart hoëhakskoene is slank, welgevorm.

Wanneer sy die hysbak se roepknoppie, wat reeds brand, met 'n rooi geverfde vingernael druk, wonder hy vlugtig hoekom mense dié sinlose aksie so dikwels uitvoer. Dan gaan die hysbak se deure oop. Hy staan opsy en laat haar voor stap. Sy sleep die tas in. Hy volg. Hy druk sy verdieping.

Agt. Sy druk ses. Hy staar weer na die liggies bo die deur, bewus van haar sterk parfuum.

“Hotelle,” sê sy retories.

Hy glimlag weer as ’n antwoord. Die ongemak in hysbakke het hom nog altyd geamuseer, maar hy het nog nooit ’n oplossing daarvoor gekry nie. Hulle kom op die sesde verdieping tot stilstand. Sy gryp weer die tas se handvatsel.

“Nou ja, hier gaan ons al weer.”

“Kan ek nie help nie?” vra hy en steek sy hand na die tas uit.

Die vrou skud haar kop en glimlag. “Netnou wil jy ook ’n footjie hê,” sê sy en lig haar wenkbroue in wat moontlik bedoel word as ’n suggestiewe gesigsuitdrukking.

Hy glimlag weer, dié keer verleë, want hy was nog nooit goed met dié soort sosiale spel nie. Dan besef hy sy verwag hy moet daarop reageer, maar sy staan al buite en die deure skuif toe.

Twee gewaarwordings spoel gelyktydig oor hom. Die een is van verligting dat hy uit die situasie gered is, die ander is ’n begeerte na haar wat amper soos ’n pyn in hom opskiet. Die moontlikheid van ’n nag saam in die hotelkamer, haar parfuum wat hom omhels, haar warm lyf, haar oop, warm mond . . .

Hy skud sy kop. Dis tegelyk ’n poging om hom uit die gedagtegang los te ruk en ’n siddering van lus en frustrasie. Amper tien maande, besef hy. Tien maande sedert hy laas ’n vrou se naakte vel teen syne gevoel het. Die jonge Catherine, songodin van die strande in San Diego, goue Kaliforniese vroulikheid. *Catherine the Great*. So het sy haarself herdoop toe hy waardering uitgespreek het vir haar seksuele behendigheid en stamina.

Hy slaap sleg, ’n nag vol halfvervulde drome van die vrou in die hysbak, Catherine en Ragel Bergh.

Almal het so half moed opgegee met haar. Frikkie gaan outomaties aan om die winkel te bestuur – byna alle aspekte daarvan. Sy kyk net nou en dan na die kolomme wat inkomste en uitgawes aandui.

Sy het nog nooit vir Frikkie alles vertel nie. Hy ken net ten dele en het aanvanklik hard probeer om haar by die werk betrokke te kry. Hy het haar raad gevra, al het hy die antwoorde geken; kliënte na haar verwys, al kon hy help – enigiets om haar belangrik en gewaardeer te laat voel.

Maar hy het nou moed opgegee. Soos Mignon en Boef. Hulle sê dit nie, maar sy weet. Almal hoop nou sy sal mettertyd verbeter.

Sy hoop self so. As sy by die winkel aankom en deurstap na haar kantoor ná 'n roetinegroet aan Frikkie, besef sy dat sy nie opsien teen óf uitsien na die dag wat voorlê nie. Dit gaan maar net nóg 'n dag wees wat moet verbykom. Tot Ivan Malan ook laat weet hy kan niks uitrig nie. En sy haar stukkende siel soos 'n mankolieke motor vir 'n versiening moet neem – met die hoop dat 'n sielkundige aan haar kan verduidelik hoe die lewe lekker kan wees.

Die telefoon lui en sy wag dat Frikkie moet optel. Hy skakel die oproep deur na haar.

“Ek bel net om te hoor hoe dit gaan.” Sy herken Smittie se stem.

“Goed.”

“Ha, jy klink nou soos ek voel. Wat jy nodig het, is terapie.”

'n Oomblik lank dink sy hy verwys na die soort wat sielkundiges bied, maar dan gaan Smittie voort. “Wat van middagete iewers?”

Sy het nie die energie daarvoor nie. “Dankie, Smittie, maar ek kan nie. Ek was die afgelope maande baie min by die winkel. Ek moet inhaal.”

Hy wil nie bes gee nie. “Aandete. Ek ken 'n lieflike plekkie in Muizenberg . . .”

Sy sug. “Te veel mense. Buitendien, ek is nie goeie geselskap nie.”

“Bog. As jy moeg is vir die skares, kom eet by my. Hoe klink bobotie, geelrys met rosyne, Kanonkop Cabernet . . .”

Sy gee in, deels omdat sy nuuskierig is om te sien waar hy bly, deels omdat sy nie aan nog 'n verskoning kan dink nie. “Nou goed, hoe laat?”

Net ná ontbyt begin Ivan met die lys. Hy skakel heel eerste die twee horlosie-eienaars wie se voorletters D.B. is. Dimitri Benvovic se Oos-Europese aksent is só swaar dat hy nie eens deur sy beplande vraelys gaan nie. Dit kan nie Buchner wees nie. By Derek Brown se huis antwoord 'n diep, sensuele vrouestem in Engels. Ivan begin met die stemtoon en intonasie van iemand wat dieselfde oproep al honderde kere moes maak.

“Goeiemôre. My naam is John Phillips en ek verteenwoordig Consolidated Jewellery Imports in Johannesburg. Kan ek met meneer Brown praat, asseblief?”

“Hy is nie op die oomblik hier nie. Is daar 'n boodskap?” Die vrouestem is hoflik, maar koel.

“Ai, dis jammer. Maar miskien kan u my help. Ons is besig met 'n opname oor kliëntetevredenheid. Hy het een van ons horlosies gekoop. Die Louis XIV. Weet u of hy tevrede is daarmee?”

Die stem se koelheid neem af. “O ja, uiters tevrede. Dit is 'n pragtige stuk werk, hoor.”

“Natuurlik, egte Switserse vakmanskap. Juffrou . . . is dit juffrou?”

“Dit is naby genoeg.”

“Ek gaan met u oop kaarte speel. Ons wil baie graag 'n advertensieveldtog van stapel stuur, waarin ons sê watter soort mense die Louis XIV dra. U weet, om te wys hoe eksklusief dit is. As u net 'n oomblik van u tyd sal afstaan. Ek wil net meneer Brown se ouderdom en beroep hê, as u nie omgee nie. Dit is net om die reklameveldtog meer geloofwaardigheid te gee. En ons koppel natuurlik nie name aan ons statistieke nie.”

“Derek sal daarvan hou,” lag sy. “Hy is 85 jaar oud en hy is afgetree. Al wat hy deesdae doen, is om in te meng met die opvoeding van sy kleinkinders. Ek hoop dit help.”

Ivan probeer die teleurstelling uit sy stem hou en bedank haar. Hy sit die telefoon neer en trek 'n streep deur Derek Brown en Dimitri Benvovic. Skote in die donker. Die geluksgodin het nog nie vir hom begin glimlag nie.

Hy skakel die volgende nommer. Dit gaan 'n lang dag wees.

Hy is daarop voorbereid dat die meeste van die mans nie by die huis gaan wees nie. Maar sommige het hul werktelefoonnommers op die waarborgdokumente ingevul. By ander se wonings is daar 'n huishulp, 'n antwoordmasjien, 'n vrou, kinders.

Teen middagete het hy nog net sewentien oproepe afgehandel. Hy besluit dit is te min, en bestel 'n hamburger van kamerdiens en skakel voort. Vieruur is hy gefrustreerd en siek en sat vir die hotelkamer. Hy het eers by die klein lessenaartjie in die kamer begin. Later het hy op die bed gelê en bel, nog later op die vloer uitgestrek. Nou is daar nie meer wesenlike moontlikhede oor nie.

Die name wat hy doodtrek, word stadig maar seker meer. As hy ná sesuur dit nie meer kan hou nie en sy dag se werk tel, is dit 39 mense wie se besonderhede hy gekry het. By vier was daar geen antwoord nie en drie huishulpe het gesê hulle weet nie hoe oud hul werkgewer is of watse beroep hy beoefen nie.

Hy krap sy hardloopskoene uit die kas, trek 'n kortbroek en frokkie onder sy oudste sweetpak aan en kies koers parkeerterrein toe.

Hy trotseer die laaste van die spitsverkeer wat uit die stad vloei en ry met Jan Smuts uit tot in 'n rykmansbuurt waar die groot bome lang skaduwees in die stil strate afgooi. Dan parkeer hy in 'n systraat, trek die sweetpak uit en begin draf, noord. Hy probeer konsentreer op die raaisel van die mense wat die boodskap gelos het, maar die voorstedelike tonele wat by hom verby beweeg, stimuleer herinneringe uit sy eie jeug wat enigiets anders verdring. Dié tyd van die middag. Hy en sy maats wat op die groot grasperk rugby speel, nog te jonk om te vry, maar oud genoeg om daaroor te praat – kilojoules seksuele energie wat in die lewe-en-dood-spel op die grasperk uitgewoed word. Sy ma wat op die voorstoep verskyn met 'n skinkbord rinkelende koeldrankglase en hulle wat met versteekte glimlagte vir mekaar loer en wonder of sy gehoor het hoe hulle die jongste, vreemde vloekwoord in hul monde rondgerol het.

Sy ma se stem wat hom ná donker terugroep na die veiligheid en warmte van hul huis, 'n klokhelder klank wat hom oor straatblokke heen bereik het. Sy pa wat in die kombuis by die tafel sit, besig om die koerant te bestudeer en nou en dan iets interessants oor die politiek, krieket, rugby of boks voorlees. Hulle drie saam by die etenstafel, swaar gelaai met vleis, rys, aartappels, twee, drie soorte groente, die nageregte waarvoor sy pa so lief was. Soms het sy pa en ma stil hul verskille vir die slaapkamer laat wag, maar die kombuis was hoofsaaklik 'n plek waar hulle saam gelag het, dikwels gelag het.

Hy aanvaar die beelde wat sy brein vir hom terugspeel sonder verwyf maar met 'n verlange wat soos 'n hand om sy hart druk. Hy het al so baie

kere gewonder hoe sy lewe sou verloop het as dit nie vir daardie trekker en sleepwa in die mis was nie. Watter beroep sou hy beoefen het? Sou hy nou een van die menigte gewees het wat van nege tot vyf swoeg en ná ure werk aan hul huwelike, wat net nooit op koers wil bly nie?

Nou is dit te laat. Drie-en-dertig jaar oud, te laat vir verandering.

Hulle het afgespreek dat Smittie haar kom haal. Sy wend 'n halfhartige poging aan om mooi te lyk en is net halfklaar as hy aan die voordeur klop. Sy gaan maak die deur oop, vra dat hy moet sit en stap weer op met die trap.

Wanneer sy tien minute later afkom, staan hy ook die boekrak in die voorportaal en bestudeer, soos die twee voor hom.

Op pad na sy huis toe gesels hulle oor haar boeke en die suidoos wat die afgelope twee dae stormsterkte waai.

By Smittie se huis sien sy die pynlik netjiese grasperk en beddings en wonder of Smittie getroud was. Hy sluit die deur oop en vra haar om in die voorportaal te wag. Hy draf om en skakel iets aan wat 'n dowwe lig oor die groot woonvertrek gooi, maar sy kan nie uitmaak wat dit is nie. Sy hoor die bésige geluide, maar snap nie wat dit is voor hy die voorportaal se lig afsit en haar aan haar hand om die hoek lei nie.

Verstom slaan sy haar hand oor haar mond – voor haar is 'n naglandskap met liggies wat flonker by miniatuurstasies, uit die binnekant van kompartemente, as soekende oë vooraan lokomotiewe. Sy stap woordeloos om die tafel, haar oë blink. Smittie hou haar dop, trots, dankbaar vir haar byna kinderlike verwondering aan sy skepping.

“Dit is jou treine,” sê sy eindelijk, maar haal nie haar oë van die tafel af nie.

“Ja,” sê Smittie en hy lag van pure lekkerkry. Ragel begin vrae vra met 'n wysvinger wat telkens nuwe ontdekkings uitwys.

Smittie beantwoord elke vraag, vertel haar hoe hy begin het, skets elke lokomotief, elke treintrok se geskiedenis. Hy wys haar hoe die rangeerbord werk, laat haar self oor 'n paar treine se bestemmings besluit. Ragel vergeet van haar depressie. Sy gil as sy amper 'n goederetrein en 'n voorstedelike pendeltrein laat bots, lag as Smittie met 'n paar vinnige knoppies die situasie red.

Later roep Smittie halt en neem haar deur kombuis toe, waar die tafel feestelik gedek is met sjampanjeglase van kristal, silwer eetgerei en 'n

spierwit tafeldoek. Die reuk van bobotie laat Ragel skielik besef hoe honger sy is.

Hy skink van die vonkelwyn en hulle gesels eers voor hy opskep. Dan, terwyl hulle eet, trakteer Smittie haar op staaltjies van die blapse wat hy al met sy stokperdjie gehad het, van tonnells wat ingeval het, berge wat gaan lê het, lokomotiewe wat van die tafel gespring het. Hy is in sy element en laat haar só lag dat haar kos koud word en hy dit in die mikrogolfoond moet opwarm.

Ivan besluit om ná sy stort dadelik te gaan eet en dan weer 'n paar telefoonoproepe te maak voor dit te laat is. Die draf het hom honger gemaak. Hy skep by die buffettoonbank van die hotel se restaurant 'n stewige bord in en gaan sit in 'n hoek. Die enigste ander gaste wat eet, is 'n bejaarde paartjie wat sag gesels by die venster.

Hy eet stadig, met konsentrasie, en let nie op as die vrou inkom en vir haar kos inskep nie. Eers as sy langs hom by die tafel staan, kyk hy op.

“Ek weier om alleen te eet,” sê sy en sit haar bord op die tafel neer voor sy 'n stoel uittrek. “Ons ken mekaar al darem, of hoe?” Sy glimlag en gaan sit.

Ivan het 'n mond vol kos wat hy vinnig moet kou en afsluk. “Sit gerus,” sê hy hoflikheidshalwe, steeds half uit die veld geslaan.

“Maar ek is bereid om te betaal vir die geselskap,” sê sy met dieselfde ophaal van wenkbroue as in die hysbak. “Kan ek vir jou 'n dop koop?” Sy het 'n rooi romp, wit bloese en bypassende rooi baadjie aan. Die bloese is oopgeknop tot net bo haar bra. Sy oë talm 'n oomblik lank op die roomkleur van die vel waar haar borste bymekaar kom. Sy sien dat hy kyk, maar probeer nie die kledingstuk toeknoop nie.

“'n Koeldrank, dankie. Maar asseblief, laat ek betaal.” Hy sukkel om in beheer te bly van die situasie, sukkel om sy glimlag eg te laat lyk. Hoekom sou sy hóm kies?

Dan besef hy: Hul ontmoeting in die hysbak was dalk nie toevallig nie. En haar huidige teenwoordigheid ook nie.

“Definitief nie. Dit is al erg genoeg dat ek my so aan jou opdwing. Jy moet nie die verkeerde idee kry nie, hoor!” Sy glimlag met 'n perfekte stel spierwit tande en wink 'n kelner nader. “Koeldrank? Is jy seker?”

Hy knik. “Coke, dankie.” Sy bestel 'n klein botteltjie wit wyn. Wanneer die kelner wegstap, vra sy: “Is dit 'n saak van beginsel, of is jy net bang ek



gaan misbruik van jou maak as jy te veel drink?” Weer die glimlag en die opgetrekte wenkbroue. Haar tong lek oor haar vol, rooi lippe.

Haar onverbloemde flirtasie stimuleer hom byna onmiddellik, maar die alarm begin al hoe harder skril in sy brein. Is sy dalk een van Hulle? Hy glimlag weer ongemaklik.

“Nee, dit is ’n soort beginsel.” Hoe kan hy vir haar sê dat hy net een of twee keer per jaar dronk word, wanneer hy klaar gewerk het en iewers, gewoonlik onder Smittie se wakende oog, met doelbewuste toewyding gaan sit en die een bier ná die ander afsluk tot die kettings afgegooi is en hy kan huil en lag en onthou sonder grense. “Alkohol is jou grootste vyand as jy op ’n sending is. Dit doen iets aan jou brein, laat jou kop sag word, verbreek jou konsentrasie. As jy wil suip, suip as jy terugkom, of net voor jy gaan. Maar as jy besig is om vir my te werk, drink jy nie,” was Sutherland se opdrag. En selfs noudat hy nie meer vir hom werk nie, bly hy daarby.

“Ek is mal oor beginselvaste mans. Watter ander beginsels het jy waarvan ek moet weet?”

“Niks noemenswaardig nie.”

“Dis goed,” sê sy, en hy voel die opwindning in hom styg terwyl die alarm steeds voortloei.

“Ragel, ek moet net weet. Hoe op aarde het jy van Ivan se motordiefstal uitgevind?” Smittie gee haar ’n bakkie brandewynpoeding aan.

Sy het die aand geniet, haar wange is rooi van die vonkelwyn en rooiwyn daarna, van die gesellige warmte van die kombuis en die uitbundigheid van Smittie se vertellings. En hy vra haar die vraag op so ’n geselstrant dat dit haar nie pla nie.

Ragel vertel hom van haar besoek aan die koerant se biblioteek, haar verbasing oor die foto en die berig. Hy lag oor haar vindingrykheid en nuuskierigheid.

“Maar daar is iets wat ek nie verstaan nie, Smittie. Hy het erken dat hy dit gedoen het, maar toe ek vroeër ’n vriend in die polisie vra om sy kriminele rekord na te gaan, was daar niks.”

“Beukes?”

“Ja. Maar jy hoef jou nie te bekommer nie. Ek was baie diskreet.”

“Ek glo jou.”

“Ek het al gewonder of Boef regtig gekyk het.”

“O, hy het sekerlik. Maar hy sou niks kry nie.”

“Hoekom nie, Smittie?”

“Ai, Rageltjie, ek kan nie praat nie. Aanvaar net dat die rekords verwyder is.”

“Verwyder?”

“Nog poeding?”

“ ’n Klein skeppie, asseblief. Moenie die onderwerp verander nie, Smittie. Iewers in Johannesburg is ’n man besig om namens my op te tree, en al wat ek van hom weet, is dat hy moeilik grootgeword het, emosioneel afgestomp is, in die weermag was en in sy dronkenskap ’n duur motor gesteel het.”

“Jy is ’n nuuskierige mens.”

“Ja. Vreeslik.”

Smittie haal sy pypsak uit en begin met die stopproses. “Het jy al gewonder hoekom jy so graag wil weet wie en wat Ivan is? Afgesien van blote nuuskierigheid.”

Sy dink na en haal haar skouers op. “Daar is geen ander rede nie.”

Smittie kyk op. “Ek verskil van jou.”

“Hoekom?”

“Ek het ’n teorie – noem dit ’n filosofie – maar ek wil jou nie verveel nie.”

“Probeer. Ek belowe om nie aan die slaap te raak nie.”

Hy glimlag en sit die pyp in sy mond. Dan steek hy dit aan en trek daaraan sodat die rook na die kombuislig opbolling. “Ons was nog altyd bang vir verandering. Vir dié dinge waaroor ons geen beheer het nie. Van die vroegste tye af. Dit is iets wat alle godsdienste gemeen het. ’n Verklaring van die onbekende, die onbeheerbare. Maar sedert die Renaissance, toe ons besef het dat daar ’n sinvolle manier is om die patrone van verandering te ondersoek, van hoe dinge inmekaar steek, het ons dit begin navors. Die mensdom staan die afgelope paar eeue, maar veral die laaste vyf dekades of wat, baie tyd daaraan af om die aard van die onbekende te ondersoek. Sodat ons dit kan voorspel. O, die produkte van dié navorsing het al wonderlike uitvindings tot gevolg gehad. Kyk net waar staan ons tegnologieë op elke wetenskaplike gebied vandag. Maar dit is my – en ’n paar ander teoretici – se mening dat een van die motiverings vir al dié navorsing bloot ons vrees vir verandering is. En hoe voorkom ons verandering? Deur ons omgewing te beheer. Sou jy daarmee saamstem?”

“Dit klink . . . aanvaarbaar.”

“ ’n Goeie voorbeeld is die studie van geskiedenis. Historici en historiograwe sal skerp van my verskil, maar die vak Geskiedenis het geen empiriese waarde nie. Dit is bloot interessant vir baie mense – vir my ook – om te weet hoekom die Honderdjarige oorlog plaasgevind het. Maar het die studie van geskiedenis al ooit nut gehad? Ek twyfel. Tog hou ons aan om dit na te vors, met die hoop dat dit ons sal leer om die toekoms te kan voorspel. Maar ek dink nie dit sal ooit werk nie. Want geskiedenis word deur mense gemaak. En mense is nooit voorspelbaar nie. Selfs met die sielkunde. Oneksakte wetenskap, of hulle dit nou wil weet of nie.”

Hy druk met sy pypsteel in die lug om sy standpunt te benadruk.

“Maar kom ons praat van die natuurwetenskappe. Feitlik alle vertakkinge daarvan is daarop ingestel om inligting te sif en te orden sodat ons kan voorspel wat in die toekoms gaan gebeur. In Chemie weet ons hoe twee stowwe gaan reageer as dit saam met ’n spesifieke katalisator in sekere omstandighede bymekaar gesit word. In Fisika kan ons voorspel hoe vinnig ’n liggaam gaan beweeg as ons dit aan ’n sekere hoeveelheid energie blootstel en wrywing uitskakel. Medici weet wat ’n spesifieke farmaseutiese middel sal doen aan ’n bekende siektetoestand, sterrekundiges weet tot op die breukdeel van ’n sekonde hoe lank dit die aarde neem om een keer om die son te beweeg. Hulle kan dus voorspellings maak.”

Hy sit die pyp neer.

“Die punt is, ons wil voorspel, want daardeur kan ons ons voorberei om veranderinge te hanteer, te vermy, te bestuur. Soos ek sê, die wetenskap het natuurlik ook ’n hele klompie ander doelstellings, maar ek vermoed dat dit die belangrikste subjektiewe dryfveer is. Is jy nog met my?”

Sy knik, sit vooroor en laat haar ken op haar hande rus.

“Goed. Dieselfde geld vir my en jou. Ons spandeer ’n groot deel van ons lewe om dinge só in te rig dat ons die minste moeite het om veranderinge die hoof te bied. My stokperdjie, byvoorbeeld. Ek beoefen dit dalk deels omdat ek iets wil bou waaroor ek beheer het. Of dit nou ons werk of ons persoonlike lewe is, ons het ’n roetine, stelsels, norme, waardes, wat alles orden, wat alles help om verandering te bestuur. Hoe klink dit sover?”

“Ek stem in breë trekke saam.”

“Mooi, want nou kom die ontknoping. Ek ken Ivan al ’n hele paar jaar lank. En mense se reaksie teenoor hom is redelik voorspelbaar. Hulle hou glad nie van hom nie, of hulle vrek van nuuskierigheid. Hoekom? Want hy

tree nie op soos die meeste van ons geleer is nie. Hy krap ons geordende optrede deurmekaar. Ons kan nie sy optrede voorspel nie en daarom kan ons nie 'n gesprek met hom, of 'n vriendskap, of 'n sosiale interaksie beheer nie. Dit is my respektvolle submissie, soos hulle in die howe sê, dat 'n groot deel van jou nuuskierigheid daarop gerig is om hom na te vors sodat jy uiteindelik voorspellings oor sy optrede kan maak, en só in jou interaksie met hom groter beheer kan bewerkstellig.”

Smittie leun agteroor en vat weer sy pyp. Ragel leun steeds op haar hande. Dan lig sy haar kop. “Ek kan met niks wat jy sê, drasties verskil nie. Dit is grotendeels waar.”

Hy glimlag. “En daarin lê die geheim van alle suksesvolle teorieë.”

Sy glimlag saam, frons dan. “Maar hoekom is hy so anders?”

“Aha. 'n Uitstekende vraag. En die antwoord gaan ongelukkig net ten dele wees. Omdat hy, in 'n tyd wat deurslaggewend in sy vorming as mens was, nie aan dieselfde invloede as ek en jy blootgestel was nie. Dié tydperk in ons lewe waarin ons geëksperimenteer het met vriendskap en liefde, allerhande soorte verhoudings, was hy besig met ander dinge, in abnormale omstandighede.

“Hy het nooit geleer om 'n volwassene te word nie. Waar hy was en wat hy gedoen het, mag ek nie sê nie. Maar dít kan ek jou sê – en jy moet dit in gedagte hou elke keer dat jy met Ivan Malan te doene kry: In sy wêreld het hy geleer . . . Nee, is hy geprogrammeer met die wete dat mense net nuttigheidswaarde het, of nie het nie. Hulle is óf die bron van inligting óf probleme. Hy is nie geleer om emosionele bande met ander te bind nie, maar om ander se emosies te verduur. Hy is geleer om te oorleef. Hy sien ander as hoogstens tweedimensioneel. Daarom sien hy homself dalk as tweedimensioneel.”

“Ek het jou iewers verloor.”

“Ek dink ek het myself iewers verloor. Kom ons probeer 'n voorbeeld. Onthou jy sy reaksie toe Cassius die rot voor jou kom neersit het?”

Sy lag. “Baie goed. En my reaksie? Onthou jy dit?”

Hy lag weer hartlik. “Maar te goed. En dit was snaaks. Die hele petalje was snaaks. Maar Ivan kon nie die humor daarin sien nie, want hy kon nie jou reaksie verstaan nie. Volgens sy agtergrond is 'n mens nie veronderstel om vir rotte bang te wees nie. Sy standpunt was tien teen een dat jy vir Cassius moes prys, omdat die kat aan jou eer betoon het. Sy . . . kom ons noem dit ‘skoling’, maak nie daarvoor voorsiening dat jy driedimensioneel

is nie. Dat jy 'n vrou is met inherente aversies, soos byvoorbeeld vir rotte nie.”

Daar is 'n geluid by die venster en Cassius maak skielik sy verskyning. Hy spring dadelik van die vensterbank af en stap na Ragel.

“Praat van die duiwel,” sê Smittie en hy grinnik. Cassius vlei hom aan teen Ragel se been. “Ek sorg vir hom as Ivan moet weggaan. En dit is die meeste van die tyd.”

Hy staan op en skep van die oorblywende bobotie in die kat se piering. “Daar is nog 'n voorbeeld. Ivan kom baie goed klaar met Cassius. En hy het met Carla goed klaargekom. Want diere is . . .”

“‘Het’? Hoe bedoel jy hy ‘het’ goed met Carla klaargekom?”

“Hy het jou nie gesê nie?”

“Wat gesê nie?”

Smittie sit die piering op die grond neer en Cassius storm daarop af. “Vergeet dit.” Hy kom sit weer.

“Liewe genade, maar julle is vol geheime.”

Smittie haal sy skouers op. “Omstandighede.”

“Jy wou sê?”

“O, waar was ons? Diere. Ivan kom goed klaar met diere, want hulle is tweedimensioneel. Hulle eet en slaap en haal asem en soek nou en dan aandag. Maar hul emosionaliteit is beperk.

“Maar jy en Ivan kom goed oor die weg. Hoekom?”

“Omdat ek hom verstaan. Ken. En miskien omdat dit 'n uitdaging is om hom te probeer verander.”

“Hoekom wil jy hom verander?”

“Omdat dit deels my skuld is dat hy is wie hy is. En voor jy begin vrae vra daaroor, dit is ál wat ek gaan sê. Ek voel verantwoordelik. Die een of ander tyd sal hy moet aanpas by die normale lewe. En ek probeer hom leer hoe om dit te doen. Dit gaan moeilik. Stadig. Dit verg geduld, want hy is nie voorspelbaar of beheerbaar nie. En ook nie altyd hier nie.”

“En wat doen hy as hy nie . . . e . . . werk nie?”

“Hy reis. 'n Oorblyfsel van sy . . . kom ons noem dit sy vorige betrekking. Hy reis die wêreld vol. Moet my net nie vra wat hy doen as hy reis nie. Ek weet nie. Ek het al probeer vra, maar hy antwoord ontwykend. As jy wil weet, sal jy self moet vra. Miskien vaar jý beter.”

“Smittie, my en Ivan Malan se gesprekke is soos veldslae. En ek verloor elke keer. Óf ek voel sleg oor iets wat ek sê óf ek voel sleg oor iets wat hy

sê. Die kanse dat hy my meer oor homself sal vertel, is maar skraal.”

“Hy het jou van sy kriminele oortreding vertel.”

“En van sy weermagopleiding en hoe verlore hy was toe hy uitgekom het. Maar dit het my só sleg laat voel dat ek nooit die vrymoedigheid sal hê om weer te vra nie.”

“Jou nuuskierigheid is te sterk. Jy sal wel die een of ander tyd genoeg moed bymekaar skraap.”

Hulle het hulself voorgestel. Hy gebruik die naam waaronder hy ingeboek het, Johan Sutherland. Sy is Wendy Marais. “My pa is Afrikaans, my ma Engels.”

“En wat doen jy? Vir ’n lewe?” Hy het die vraag verwag kort nadat sy kom sit het. En nog nie heeltemal die regte antwoord geformuleer nie. As sy een van Hulle is, weet sy wat hy doen of het ’n sterk vermoede. As sy nie is nie, wil hy homself nie vaslieg nie. Hy het niks gedoen om sy geskepte identiteit te vestig nie.

“Niks op die oomblik nie. Jy kan maar sê ek is tussen betrekings.” Dit is naby genoeg aan die waarheid. Maar hy moet die aandag van homself weglei. “En jy?”

“Mediese verteenwoordiger. En jy kan nou my werk kry as jy dit wil hê.”

Hy soek meer inligting. “Vir wie werk jy?”

“Hockner Farmaseuties in Port Elizabeth. En jy, Johan, waar kom jy vandaan? Wat het jy gedoen voor . . . vroeër?”

Die gevaar van ’n verlede saamflans, is dat dit so maklik is om jouself te weerspreek. Daar is ’n oplossing, het die regte Sutherland gesê: “Wees vaag, asof jy skaam is oor iets. Asof jy nie wil hê mense moet krap en ’n geraamte ontdek nie. Die meeste sal dit respekteer.”

“O, dit en dat. Ek soek nog na my ware roeping. En ek kom van die Kaap af.”

Sy lig weer die wenkbroue. “’n Man met ’n verlede. Ek is mal daaroor.”

“Het jy ook ’n duistere verlede, Smittie?”

Hy het weer sy pyp opgesteek en teug met oorgawe daaraan. Die tafel is afgedek. Hulle leun albei gemaklik terug.

“Ek het gewonder wanneer jy daarby gaan kom. Jy moes ’n speurder geword het.”

Sy por hom aan.

“Ek was in die akademie.” Hy wys met sy duim in ’n rigting. “Hier by die universiteit. Klas gegee. Navorsing gedoen.”

“ ’n Professor? Ek moes geweet het – met al die geleerde teorieë. Wat was jou vak, professor?”

“Fisika.”

“Is jy nie effens te jonk om al afgetree te wees nie?”

“Ek het so bietjie vroeër gegaan. Die alewige gebrek aan geld vir navorsing het my gefrustreer.”

“En hoe het jy vir Ivan ontmoet?”

Smittie lag. “Jy is ongelooflik.”

Maar sy sê niks, wag net geduldig op ’n antwoord.

“Jy kan maar sê hy was ’n student van my.”

Ragel leun vooroor met haar elmboë op die tafel. “By die universiteit?”

“Nee,” sê hy en blaas ’n rookwolk die lug in. “Nie by die universiteit nie. En daarmee is die onderwerp afgesluit, Rageltjie. Wat van ’n bietjie likeur?”

Sy het hom al gevra of hy getroud is “of so iets”. En ontwykend oor die aard van haar werk gesels. “Ag, net ’n saai werk wat beteken dat ek die een dokter na die ander vir ete moet uitneem. En almal dink hulle kan jou in die bed ook kry. Maar ek soek my manne uit.”

Nou, ná ete, heers daar ’n ongemaklike stilte. Hy weet sy verwag van hom om die leiding te neem. Maar hy het dié stap al oorweeg en verwerp. Nie dat hy nie wil nie. Die begeerte na haar is soos ’n gespanne veer in sy binneste. Maar as sy gestuur is, as dit deel van ’n plan is, sal hy nie die leiding hoef te neem nie. En as sy nie gestuur is nie, wil hy sien hoe ver sy sal gaan. Dit is nie die eerste keer dat sy dit doen nie. Daarvoor is sy te behendig. “Nou ja, Johan, ek dink dit is tyd dat ek seker maak die kamer wat ek gekry het, steek nie af by die ander nie.”

Hy is onseker wat sy bedoel. Sy verduidelik. “Dit beteken dat jy nou die voorreg het om my jou kamer te wys. Genade, is al die Kaapse mans so bot?”

Sy kamer? Waar die dokumente en aantekeninge van die dag se werk oor die plek gesaai lê?

“My kamer is . . . Jammer, die plek lyk soos ’n varkhok.”

Sy frons effens, asof sy moed wil opgee. Hy besef dat hy nie te ver moet gaan nie.

“As jy my joune wys, belowe ek om te sê hoe dit met myne vergelyk. En as myne môre beter lyk . . .”

Wendy glimlag skielik breed en die geligte wenkbroue is terug. “Ek wys jou myne en jy wys my joune? Dit klink half bekend. Kom ons loop.”

Die rit in die hysbak is ongemaklik. Sy hou haar oë op sy gesig en hy kan haar asemhaling hoor. Nadat sy haar kamerdeur agter hulle toegemaak het, trek sy die rooi baadjie uit. Dan hou sy haar arms uit na hom toe.

“Kom hier.”

Hy sit sy arms om haar. As sy gestuur is, doen sy dit goed.

’n Deel van sy brein word ’n toeskouer, afkeurend. Maar sy liggaam help hom om die skyn te bewaar. Sy skuur haar onderlyf teen syne.

“Ek kan voel jy hou van my,” sê sy en soen hom terwyl haar hande sy gordel begin losmaak.



Haar geesdrif, haar vol liggaam, haar sagte vel, haar avontuurlustige aptyt was eg. Sy het die inisiatief geneem, wou sy lenige lyf geniet, gebruik. Hy het haar haar sin gegee en eindelik 'n gemeenskaplike orgasme bewerkstellig wat hulle albei uitasem en natgesweet gelaat het. Sy het in die waai van sy arm aan die slaap geraak en hy het na haar groot, ronde borste met die ligroos tepels gelê en staar en gewonder hoe lank dit gaan wees voor hy weer binne 'n vrou kan kom, om te voel hoe die opgekroptheid van die lang wag soos 'n rivier uit hom vloei.

Wanneer die drif nie meer in hom bruis nie, die frustrasie uitgepomp is, is die leegheid weer daar. In die vroeë oggendure tel hy haar kop liggies van sy arm af, staan op, trek die kombers oor haar, trek sy klere aan en loop in die stil gang af, terug na sy kamer.

As hy uittrek en eindelik in sy eie bed klim, ruik hy nog haar parfuum. Voel hy nou beter? Maar voor die leegheid hom weer kan oorweldig, kom die slaap, diep en droomloos.

Die son se strale deur sy venster maak hom ná agt wakker. Nadat hy gewas en geskeer het, begin hy weer bel.

Ragel bel eers die administratiewe afdeling van die Universiteit van Stellenbosch van die winkel af, omdat Smittie vaagweg in daardie rigting beduie het.

Die vrou by die personeelafdeling sê hulle het geen rekord van 'n professor Zatopek Smit nie.

Dan bel sy die Universiteit van Kaapstad. "Professor Smit het drie jaar gelede afgetree, juffrou. Kan ek u deurskakel na professor Schuitema? Hy is nou hoof van die departement."

"Dit is nie nodig nie, baie dankie." Sy sit die gehoorstuk terug en glimlag. Smittie se geskiedenis is darem nie heeltemal so duister nie.

Die aand by Smittie was vir haar 'n verrassing – veral omdat sy besef het sy kan nog lag. Hy het haar eers ná een by die huis kom aflaai met 'n belofte dat hy haar sal skakel sodra hy iets het om te rapporteer oor Ivan se doen en late. En toe sy vanoggend opstaan, was haar gemoed nie meer heeltemal so swaar nie.

Want Smittie het haar groot skuldgevoel verlig. Hy het nie gedink haar speurwerk oor Ivan Malan se verlede was verkeerd nie. En nou het sy 'n nuwe uitdaging wat voorlê: Sy moet nog uitvind waar Ivan 'n student van Smittie was. En sy dink sy het 'n manier gevind om dit te doen.

Hy skakel Port Elizabeth toe en vra om met die verkoopsbestuurder te praat. Dit is 'n vrou. “Dokter Sutherland hier, van Johannesburg. Ek wil u net graag gelukwens met u keuse van verteenwoordigers. Ek het vandag vir Wendy Marais ontmoet. Sy is regtig professioneel . . .”

“Wendy wie?” vra die vrou van Hockner Farmaseuties.

“Wendy Marais. Sy is 'n aanwins . . .”

“Dokter, ek waardeer dit dat u skakel, maar daar werk geen Wendy Marais by Hockner nie.”

“O. Het ek dan nou deurmekaar geraak?”

“Daar is so baie maatskappye wie se mense dokters deesdae besoek. U het seker net nie haar werkgewer se naam goed gehoor nie.”

“Dit is sekerlik wat gebeur het. Jammer, hoor.”

Die intrige is besig om te verdiep. Wendy met die sagte lyf is nie wie sy voorgee om te wees nie. Is haar naam regtig Wendy Marais? En vir wie werk sy? Hy tik met sy vingers op die gehoorbuis. Sy het gisteraand gesê sy gaan nog twee dae lank in die hotel wees. Hy sal uitvind. Dit kan dalk net die eerste deurbraak wees.

Dan begin hy weer skakel – eers die nommers waar daar nie gister antwoord was nie, dan nuwes. Vir middagete gebruik hy weer kamerdiens. Daar is strepe getrek deur 57 name van die PWV-gebied. Nog 93 om te gaan voor hy by die res van die land se potensiële Dirk Buchners uitkom. Die min slaap van die vorige nag haal hom skuins ná drie in as hy lomerig word en sukkel om op die nou eentonige gesprek met elke verdagte te konsentreer. Maar hy druk deur. Met die telefoon op sy maag gebalanseer doen hy opsitte en beenoptrekke om die bloed weer te laat sirkuleer.

Om presies twee-en-twintig minute voor vier skakel hy die nommer van ene Michael Bosman.

Die telefoon lui lank. Net toe hy wil neersit, antwoord 'n vrouestem.

“Hallo.”

“Goeiemiddag. My naam is John Phillips en ek verteenwoordig Consolidated Jewellery Imports in Johannesburg. Kan ek met meneer Bosman praat, asseblief?”

“Hou aan,” sê sy kortaf. Ivan hoor hoe sy skril skree: “Michael. Dis vir jou!” Dan, ná ’n paar oomblikke. “Die een of ander man van ’n juweliersplek.”

Die man antwoord. Aggressief, ongeduldig. ’n Diep stem, jonk en selfversekerd. “Bosman.”

“Goeiemiddag, meneer Bosman. Jammer ek pla. My naam is John Phillips en ek verteenwoordig Consolidated Jewellery Imports in Johannesburg.”

Weer die ongeduld. “Ja?”

“Ons is besig met ’n opname oor kliëntetevredenheid. U het een van ons horlosies gekoop. Die Louis XIV. Is u nog tevrede daarmee?”

“Ja.”

“Meneer Bosman, ons is ook besig met navorsing vir ’n nuwe reklameveldtog. Sal u omgee om net vinnig een of twee vragies te beantwoord?”

Alles nog roetine. Ivan gaan meganies deur sy vervelige ritueel. Maar nou is Bosman agterdogtig. “Watse vrae?”

“Ons gaan ’n kliënteprofiel saamstel om te wys ons kliënte is topmense, A-inkomstegroep. Professionele beroepe. Ek wil net u beroep en ouderdom weet, asseblief.”

Daar is vir ’n oomblik stilte. Dan vra Bosman, met heelwat agterdog in sy stem. “Wie het jy gesê is jy?”

“John Phillips van CJI.”

“Wat is jou telefoonnommer daar?”

Ivan sit skielik regop. Hier is iets besig om te gebeur. Hy dink vinnig.

“As die tyd nie nou geleë is nie, kan ek later skakel, meneer Bosman.”

“Gee my jou telefoonnommer. Ek sal jou skakel.” Bosman is nou aggressief.

“Ons lyne is permanent in gebruik, meneer Bosman. Wanneer sal dit u pas as ek weer skakel?”

“Dit sal my nie pas nie. Dié nommer is ongelys. Julle het geen reg om my te skakel nie. My persoonlike besonderhede het niks met julle te doene nie. As julle my weer pla, sal ek julle gaan aankla.”

Dan sit hy die telefoon neer.

Ivan staar na die gehoorbuis. Dit is die eerste oproep wat iets oplewer. Hy kyk na sy lys. Nommer 73. Net oor die PWV se halfpadmerk. Dan skakel hy telefoonnavrae.

“Ek het ’n bietjie van ’n noodgeval hier. Ek moet iemand verwittig van naasbestaandes wat in ’n motorongeluk was, maar het net ’n ongelyste telefoonnommer en daar is nie antwoord nie. Hoe kan ek maak om die adres te kry?”

Die vrou aan die ander kant is vriendelik. “Wat is die nommer? Ons het dit op rekenaar.”

Hy gee die nommer. “Net ’n oomblik.” Dan is sy terug. “Die adres is Hoewe 53, Pilkingtonstraat, Midrand, meneer.”

Ivan bedank haar en sit die telefoon neer. Dit is tyd om so ’n bietjie uit die hotelkamer te kom. Hy staan op, rek uit en begin die apparaat bymekaar maak vir die werk wat voorlê. Die Nikon met die 600 mm-telefotolens, die Falcon-verkyker, die Colt in die skouerskede. Hy gooi dit in die swart rugsak, trek die deur agter hom toe en storm by die hotel se brandtrap af. Dit is lekker om weer aan die gang te wees.

Hy koop ’n kaart van Johannesburg en omstreke by ’n boekwinkel en ry uit met die N1. In Midrand hou hy stil en soek die straatnaam op die kaart. Hy kies die regte roete en ry.

Die dorpsgebied eindig skielik. Dan is hy tussen die hoewes. Groot huise met twee of drie verdiepings, hier en daar ’n grasdak, staan weg van die pad af, verskuil tussen bome. Pilkington is lank en reguit, onlangs geteer.

Nommer 51 het ’n nommer teen die klippoort by die hek, maar die een langs aan het net ’n netjiese wit ingang, met geen nommer op nie – net ’n bordjie wat sê: *This property is protected by Genesis Radio Alarms.*

Hy ry verby, tot by die volgende ingang, waarop 55 staan. Dan draai hy terug en kyk goed na die huis agter die nommerlose ingang. ’n Groot dubbelverdieping in Spaanse boustyl, goed versteek agter ’n ry seringbome in volle blom en ’n paar groot witstinkhoutbome. Die huis is meer as 200 meter van die pad af.

Hy swets onderlangs. Dit gaan nie maklik wees nie. Wat hy soek, is ’n foto van Michael Bosman om vir Ragel Bergh te gaan wys. Maar eers moet hy self die man sien. As die man duidelik te oud, te kort, te vet of wat ook al is, kan hy aangaan met sy oproepe.

Hy ry stadig weg. Die pad is sigbaar van die huis af. Hy wil nie aandag trek nie. Hy kyk na die hoewe aan die ander kant van die pad, op soek na skuiling as hy die ingang wil dophou. Daar is niks. Net kortgevrete gras, ’n paar koeie wat daarvoor verantwoordelik is, en ’n paar rooi miershope. In nommer 53 se grondgebied is daar egter die murasie van ’n ou

arbeidershuis, omtrent 50 meter van die pad af en 20 meter van die hoewe se inrypad. Maar dit is steeds meer as 150 meter van die huis af.

Ivan ry terug hotel toe. Hy kan niks doen voor dit donker word nie. Iemand het 'n boodskap onder sy deur ingestoot. *Ek gaan so teen sewe-uur eet.* – W.

Hy sal haar ook nog moet hanteer. Maar hy is nie haastig nie. Dit is nog 'n uur voor hy haar in die restaurant sal gaan soek. Hy stap na die telefoon en skakel.

“Kaapstad Moord en Roof,” sê die bekende stem aan die ander kant.

“Jy kan nou maar daardie een maar los. Dit was toe nie nodig om dit te gebruik nie.”

“Dankie dat jy my nou eers sê. En hoe gaan dit met die Groot Wit Hoop in die Noorde?”

“Jou bui klink beter.”

“My bui is altyd goed. Dit is jy wat nog die kuns van lewensblyheid moet bemeester.”

Ivan ignoreer dit. “Ek dink ek het iets.”

“O?”

“Ek gaan vanaand probeer om 'n foto te neem. En te kyk watse motor hy in die motorhuis het. Ek het jou raad nodig. Gaan 400 ISO met die lang telefoto vinnig genoeg wees as ek hom in die huis afneem? Sê nou maar in 'n sitkamer, deur die venster.”

“Kantgordyne?”

“Ek weet nog nie.”

“Dit klink nie goed nie. Het jy niks vinniger nie?”

“Ek kan môre kry. Maar ek is nie lus om te wag nie.”

“Het jy die 200 mm-zoom saamgevat?”

“Ja.”

“Gebruik liever dít. Dit behoort te werk. Stel die kamera op 800 ISO en laat hulle die film daarvolgens ontwikkel. Swart-wit?”

“Ja. Maar dit gaan beteken dat ek nader sal moet gaan.”

“Dit is mos waarvan jy hou.”

“Geweet jy sal simpatie hê.”

Wendy sit al en eet toe hy in die restaurant instap. Sy is vanaand meer informeel aangetrek – 'n blou blokkiespatroonhemp en 'n blou denim. Die hemp is weer oopgeknoop om haar borslyn te beklemtoon. Hulle gesels

aanvanklik ongemaklik, asof niks tussen hulle gebeur het nie, tot sy oorleun en Ivan se hand druk. “Dit was wonderlik. Gisteraand.”

Hy glimlag skeef en is dankbaar vir die kos in sy mond. Dan besluit hy om op te tree.

“Ek wou jou al gisteraand gevra het. Ken jy nie vir Gerhard Roussouw nie? Hy werk ook vir Hockner.”

Sy lyk dadelik ongemaklik. “Roussouw? Daar werk so baie mense.”

“Hy is ook ’n verteenwoordiger. Al jare lank.”

“O.” Die vrou voor hom is besig om te bloos, besef hy. Die gloed sprei met haar nek af tot by die vou van haar borste.

“Ek . . . Miskien moet ek bieg,” sê sy en kyk na haar bord kos.

“Ja?” sê hy en hou sy oë op haar gesig.

Sy kyk op. “Ek werk nie vir Hockner nie.”

Ivan sê niks. Hy kyk net na haar, vir ’n teken dat sy weer gaan lieg. Sutherland het gesê daar is min mense wat kan lieg sonder ’n verklikker. Sommige mense vat aan hul ore, sommige vryf hul neus, ander maak ’n oordrewe handgebaar. “As jy wil lieg, kyk iemand in die oë, hou jou hande stil en sê wat jy wil sê.”

“Ek . . . Dit is nie dat ek wou jok nie. Dit is net . . .” Sy kyk op in sy oë, haar mes en vurk in haar hande, stil langs haar bord. “Ek . . . is getroud.”

Hy kyk steeds na haar.

“Skok dit jou?”

“Nee. Is dit veronderstel om my te skok?”

Sy sit die mes neer en haal ’n sneesdoekie uit die hemp se bosak. Sy vee oor haar bolip daarmee. “Nee. Seker nie. Ek . . . ek is net nie baie trots op myself nie.”

“Hoekom het jy gelieg oor waar jy werk?”

“Omdat ek nie wou gehad het jy moet my oor ’n week of so bel nie. Ek is ’n mediese rep. Vir Chartreuse-Duvall. In Port Elizabeth. Maar ek het ’n man en twee kinders. En ek soek nie komplikasies nie.”

“Ek verstaan.”

“Jy dink seker nou ek is . . .” Sy voltooi nie die sin nie. Hy laat die stilte rek, omdat hy nie weet wat om te sê nie. Sy kan steeds besig wees om te lieg. Maar dan is sy goed. En as sy goed is, is sy gevaarlik. Maar intussen moet hy saamspeel.

“Ek dink niks. Elkeen het die reg om self te besluit.”

Sy druk weer sy hand, 'n gebaar van dank. “Ek sal jou nie kwalik neem as jy my nie vanaand weer wil . . . sien nie.”

“Ek het 'n afspraak vanaand.” Haar oë sak neer, bord toe. Hy borduur voort. “ 'n Werksafspraak.”

“Natuurlik.”

“Ek weet nie hoe laat ek terugkom nie. Sal ek jou opklop vir koffie?”

Sy glimlag weer. “Dit sal lekker wees. Ek gaan nie vroeg slaap nie.”

Hy parkeer die blou Golf net voor nege in Midrand se dorpsgebied en begin stap. Dit is net oor die vier kilometer na die huis toe. Hy het die kamera en verkyker in die rugsak oor sy skouer.

Die huis is helder verlig. Hy klim oor die doringdraadheining wat heuphoogte die hoewe omring en dink terug aan die muur by Spano se landgoed. Vanaand sal dit aansienlik makliker gaan.

Wanneer hy nader aan die huis kom, hoor hy musiek. Hy loop haastig, stil na die laning bome om die huis. Die deel wat suid front, aan die pad se kant, het net klein venstertjies, vermoedelik die badkamers en kombuis. Aan die oorkant is die motorhuis. Dit is sy eerste bestemming. As hy om die hoek van die motorhuis loer, sien hy die noordekant van die huis. Die voordeur, 'n groot dubbele houtdeur, is net regs van die motorhuis. Die res van die huis, van die voordeur af verder regs, is omring deur 'n hoë baksteenmuur met hier en daar dekoratiewe gate om by die Spaanse boustyl aan te pas. Die musiek kom van agter die muur.

Dan hoor hy iemand in 'n swembad induik. Hulle is besig. Dit pas hom goed.

Daar staan geen ander motors voor die motorhuis nie. Dus geen gaste nie. Die drie oproleure van die motorhuis is toe.

Hy voel aan die eerste. Dit is gesluit. Die tweede en die derde ook. Verdomp. Hy wil nie tyd mors nie. Die lig bo die voordeur verlig hom helder. As hy eers die slot moet bewerk . . .

Dan sien hy die houtdeur om die hoek – net langs die voordeur. Hy glip om en probeer dit oopmaak. Die deur swaai oop. Hy beweeg vinnig in en maak die deur toe. Hoog teen die agterste muur is twee klein venstertjies. Die lig wat inskyn, is net genoeg sodat hy die drie motors kan sien. 'n Toyota 4x4-bakkie, 'n 3-reeks BMW en, teen die agterste muur, gehurk in die donker, 'n silwer Porsche 911 Turbo.

Die seringbome aan die noordwestekant van die huis behoort hom 'n uitsig oor die swembad te gee.

Terwyl hy van die motorhuis na die bome sluip, sê hy stilweg dankie vir die geluksgodin wat dit 'n soel somersaand gemaak het. Die grootste boom staan net buite die ligkring wat van die swembad afkomstig is. Hy klim versigtig om nie die takke onnodig te roer nie.

Die muur maak dit vir die eerste twee meter se klim onmoontlik om die mense by die swembad te sien. Maar dan ontvou die toneel soos hy vorder. Hy skuif hom in 'n mik reg.

Die rooikopvrou wat uit die swembad klim, is so kaal soos die dag toe sy gebore is. Sy hand reik onmiddellik na die Falcon in die sak wat voor sy bors hang, maar selfs met die blote oog kan hy haar 20 meter ver duidelik sien. Haar liggaam is byna perfek. Sy stap met afgemete treë na waar 'n handdoek op 'n sonstoel lê. Dan het hy die Falcon voor die oë en sukkel koorsagtig met die fokus.

Haar bene is lank en slank, amper gespierd, met kuite wat bol onder die songebrande vel. Sy vryf eers haar hare met die handdoek en hy sien haar klein borsies op en af wip. Haar middel is dun, die boudjies ferm. Dan begin sy haar bolyf afdroog en hy fokus op haar gesig. Sy is mooi, sonder 'n greintjie grimering, 'n rosige vel wat glinster in die skerp ligte wat om die swembad aangebring is.

Hy besef hy hou sy asem op, blaas dit dan weer lank uit. Haar naakte sensualiteit, haar onbewuste wikkeldans met die handdoek betower hom. Hy kan sy oë nie wegskeur nie.

Dan hoor hy 'n manstem. Hy swaai die verkyker na links. 'n Man kom by groot glasdeure uitgestap, 'n vol drankglas in elke hand. Hy sê iets vir die vrou.

Is dit Bosman? Hy het ook nie klere aan nie. Sonbruin gebrand, stewig gebou, sterk skouers en arms, sterk bene. Hy is skoongeskeer, sy dik bruin hare amper borselkop gesny. Sy geslagsdeel hang prominent uit 'n bos skaamhare.

Ivan se brein registreer die ouderdom, die gelaatstrekke. Kan wees. Die songebrande vel . . . Die arrogansie van die kaal figuur, die



meerderwaardigheid, die selfvertroue, die Porsche in die motorhuis . . .

Kan net wees.

Bosman stap na die vrou en gee haar drankie vir haar. 'n CD-speler staan op 'n plastiektafel langs die sonstoele. Bosman draai dit harder en rockmusiek pols die nag in. Ivan is dankbaar vir die lawaai. Hy haal die Nikon uit en stel die ISO terug na 400. Daar is genoeg lig.

Bosman het op die sonstoel gaan lê. Die kamera se motoraanjaer sing. Die vrou stap oor na Bosman. Sy gaan sit langs hom en teug aan haar drankie. Die kamerasluiser klik oop en toe, oop en toe. Die vrou sit haar drankie neer en sit haar hande op Bosman se maag, palms na onder. Haar hande druk teen sy maagspiere en skuif na bo, na sy harige bors, oor sy klein tepels. Hy leun agteroor. Ivan hoor hom lag. Die vrou se hande beweeg na onder. Stadig.

Dan skop die sluis vas. Die film is vol.

Die telefoon lui haar wakker en sy kyk na die groen syfers van haar elektroniese wekker. 01:25. Sy staan swaar op, stap met die trap af en onderbreek die skril geluid.

“Hallo.”

“Ragel?” Dit is Smittie se stem.

“Weet jy hoe laat dit is?”

“Ivan dink hy het vir Dirk Buchner gekry.”

Sy is skielik helder wakker. “Wanneer? Waar?”

“In 'n huis buite Johannesburg. Hy het foto's geneem. Hy bring dit môre vir jou om uit te ken.”

“Nee,” sê sy beslis.

“Hoe nou?”

“Nee. Hy hoef nie te kom nie. Ek gaan soontoe.”

Die verkoopsbestuurder van Chartreuse-Duvall is nie beskikbaar nie. Ivan praat met die sekretaresse.

“Ek is op soek na mevrou Wendy Marais. Kan u my dalk sê . . .”

“Wendy is in Johannesburg, meneer.”

“O, dit is jammer . . .”

“Is dit persoonlik? Ek kan u haar man se werksnommer gee?”

“Nee dankie. Ek is 'n ou vriend. Ek wou net kom dagsê. Sê my, is sy nog 'n blondine?”

“Nee, meneer. Sy is 'n swartkop vandat sy vir ons werk.”

“Dankie, hoor.”

Sy is ’n getroude mediese verteenwoordiger. Met ’n jeuk vir jonger mans.

En nou, terwyl die oggendson ’n blink baan lig deur die hotelkamer se gordyne maak, wonder hy skielik hoe lyk haar man. Vaal? Futloos? Of net onbewus? Ry hy die sagte plompheid van sy vrou se lyf tot sy klein geluidjies agter in haar keel maak en haar bene hoog teen haar maag optrek – met die valse geloof dat hy die eksklusiewe uitlokker van dié reaksies is? Kan daar ’n groter vernedering wees as om jou vrou se lendene te deel?

Die telefoon onderbreek sy gedagtegang. “Slaap jy nie in jou kamer nie? Wag, moet liewer nie sê nie.”

“Smittie! En ’n mooi dag vir jou ook, hoor.”

“Ek bel net om te sê jy hoef nie vanmiddag te vlieg nie. Ragel het die agtuurvlug geneem. Sy behoort oor ’n uur daar te wees. Jy kan haar op die lughawe gaan haal.”

Sy het die vlugtyd gebruik om redes vir haar vreugde te soek. En dit gekry.

Dit is die haat wat haar siel laat juig. Gisteraand toe sy die telefoon neersit en opstap kamer toe om te gaan pak, het dit soos ’n springgety deur haar gespoel.

Nie verligting omdat Dirk Buchner – dalk – opgespoor is nie. Nie die vooruitsig van herwinning van haar geld of selfrespek nie. Net die haat. Asof dit deur die maande en die hoop wat gekom en gegaan het, getemper is tot ’n sonderlinge suiwerheid.

Sit ’n huppel in jou stap met vlekvrige haat.

Jy is ’n snaakse mens, Ragel Bergh. Sy glimlag vir die vlugkelner wanneer sy afstap.

Terwyl sy die lughawegebou binnegaan, soek haar oë naarsstiglik na die lang, skraal figuur van Ivan Malan. Hy staan half eenkant onder ’n tamaai advertensiebord wat wyn reklameer. Dan sien hy haar en stap nader.

“Waar is die foto’s?” vra sy toe sy nog twee tree van hom af is.

Hy frons. “By die hotel. Ek moet hulle nog ontwikkel.”

Haar gesig registreer haar teleurstelling. “O.”

“Ek het vanoggend eers gehoor jy kom. Ek sou . . .” En dan besluit hy hy skuld haar geen verskoning nie. “Jy moet jou ander bagasie dáár gaan kry.”

“Dit is al wat ek het.” Sy lig die leerdrasak in haar hand op. “Ek het net vir Buchner kom uitken. Ek vlieg vanaand weer terug.”

Die geluksgodin glimlag nog steeds vir my, dink hy, en stap na die uitgang met Ragel op ’n drafstap agterna.

Hulle ry in stilte na die hotel, tot hy haar sê dat sy in die hotelkamer moet gaan wag.

“Hoekom kan ek nie saamkom nie?”

“Omdat ek met ’n liegstorie die foto’s wil ontwikkel.”

“Ek kan saamlieg.”

“Ek is seker jy kan, maar dit sal nie my storie pas nie.” Sy stemtoon is finaal.

Ragel pruil en draai half weg van hom af. Laat haar maar nors wees. Hy het nie nou tyd vir haar kinderagtigheid nie.

Hy gaan laai haar by sy hotel af en gee haar sy kamersleutel. Dan ry hy na ’n groot fotografiese handelaar in Hillbrow, waar hy verduidelik dat hy ’n privaatspeurder is met “sensitiewe” foto’s wat hy graag self in hul donkerkamer wil ontwikkel. Die bestuurder verstaan. Dit is Sodom dié. Hy neem Ivan deur.

Ragel het besluit om die tyd in sy hotelkamer tot haar voordeel te gebruik. Sy sluit die deur agter haar en gaan sit op een van die gemakstoele, terwyl sy alles om haar waarneem. Die kamer is netjies, die bed opgemaak, met geen teken dat hier al twee dae lank iemand bly nie.

Dan sluit sy die hangkas oop. Sy klere hang in netjiese rye. Onder staan sy skoene – hardloopskoene, gemakskoene en ’n paar Grasshoppers. Sy skud haar kop. Smaak verskil.

As sy die klere wegskuif, sien sy daaragter twee tasse. En onder dit ’n swart seilsak, halfverskuil.

“Aha,” sê sy en tel die tasse uit om by die sak te kom. Die een tas is leeg, voel sy, die ander een vol. Die seilsak is swaar. Sy sleep dit tot langs die bed, gaan sit dan en rits die sak oop. Haar asem slaan weg.

Heel bo lê ’n reuserewolwer met ’n lang loop, nog in sy leerskede. Dan ’n swart masjienpistool met kort loop. Sy haal die vuurwapen met versigtige vingers uit, haar kop half weggedraai, asof sy bang is die ding gaan onverwags af. ’n Derde wapen glim silwer in die lig wat deur die venster val. Sy sit die vuurwapens langs mekaar op die bed neer. Wat verwag die man, die Derde Wêreldoorlog? ’n Swart rugsak, ’n swart leersakkie en ’n swart leertas maak die res van die sak se inhoud uit. Onder, in ’n netjiese ry, lê klein kartondosies met ammunisie vir die wapens. Sy ondersoek eers die inhoud van die leersakkie. Dit bevat ’n paar lang, dun instrumente wat soos skroewedraaiers lyk, ’n bos eienaardige sleutels en ander instrumente wat sy glad nie herken nie.

“ ’n Dief in die nag,” prewel sy. Die sleutels oortuig haar daarvan. Sy was reg. Ivan Malan, Direkteur: Misdaad. Was nog altyd. En dit is net Smittie wat hom op die regte pad hou deur hom vir mense soos sý te laat werk. Of miskien doen hy tussen die inbrake en rooftogte deur so nou en dan welwillendheidswerk. Amper soos regsgeleerdes se pro deo-werk. Maar sy moet nog . . .

Daar is ’n geklop aan die deur, sag maar duidelik. Ragel versteen, haar hande bewe van die skrik. Sy haal diep asem. Seker net kamerdiens. Sy sal hulle nie laat inkom nie. Sy stap deur toe en maak dit op ’n skrefie oop, net genoeg om te kan sien wie buite is.

’n Vrou staan voor die deur. Sy het ’n grys romp, wit bloes met valletjies en ’n grys snyersbaadjie aan wat by die romp pas. Swart hare, rooi lippe. Mollig. Die vrou kyk verward na Ragel se gesig wat om die deur loer. “Kan ek help?” vra Ragel versigtig.

“Jammer, ek dink ek het die verkeerde kamernommer.”

“Vir wie soek jy?”

“Johan Sutherland. Ek is seker hy is in 806.”

Ragel sug van verligting. “Nee, dit is ’n fout. Dit is meneer Malan se kamer dié.”

“Ek is jammer ek het gepla.” Die vrou draai om en stap in die rigting van die hysbakke. Dan steek sy vas net voor Ragel die deur toestoot. “Verskoon my, maar het meneer Malan vanoggend ingeboek?”

“Nee, hy bly al twee dae lank hier.”

Nou is die vrou se gesig verkreukel deur ’n frons. “ ’n Lang, aantreklike man met swart krulhare?”

“Dis reg.”

“En sy van is Malan?”

Ragel besef dat Ivan onder ’n ander naam ingeboek kan wees. Sy het geen idee hoe om dié saak verder te hanteer nie.

“Ek ken hom as Malan. Maar miskien . . .”

Die vrou se oë soek na ’n ring aan Ragel se vingers. “Is jy sy vrou?”

Ragel giggel voor sy dit kan keer. “Nee. Hemele behoede.”

“Verwag jy hom terug?”

“Binnekort.”

“Sê vir hom Wendy was hier. Net ingeval dit die regte kamer is.”

Die vrou verdwyn om die hoek. Ragel stoot die deur toe en gaan leun daarteen. Johan Sutherland? En die vrou? Wie is sy? Hy is hier om te werk,

nie om met vet vrouens te flanker nie. Daardie rooi lippe . . .

Dan onthou sy die vuurwapens op die bed. Sy stap vinnig daarheen en begin wegpak. Sy hoop dit is alles in die regte volgorde. Sy bêre weer die seilsak onder die twee tasse en sluit die kas agter haar. Dan gaan sit sy op 'n stoel, skakel die televisie aan en staar na 'n geslotebaanfiek wat einde se kant toe staan. Maar haar kop is besig met ander vrae.

Meer as 'n uur later is daar weer 'n geklop aan die deur. Dié keer is dit Ivan. Hy kom haastig in met 'n donkerblou kamerasak oor die skouer. Hy loop na die lessenaar en haal die sak van sy skouer af.

“As jy Johan Sutherland is, stuur Wendy groete,” sê sy en hou hom fyn dop.

“Dankie,” sê hy en rits die sak oop.

“En ek het gedink jy is hier om te werk.”

Hy hoor die sarkasme in haar stem, maar haal die bruin koevert met die foto's uit. “Wil jy na die foto's kyk?” vra hy.

Sy staan nader. Hy haal die pak groot swart-wit foto's uit die koevert en gee dit aan haar. Heel bo is die een van die man wat op pad is na die vrou met die drankies in sy hand – vollengte in sy adamsgevaad.

Die manier waarop sy haar asem intrek, sê vir hom dit is Dirk Buchner. Stadig, die voorspel tot 'n sug, die opbou van energie vir 'n verwagte ontbering. Ragel gaan sit op die bed. Haar hand bewe as sy die foto's een vir een op die bed neersit. Man by naakte vrou. Neem die drankie. Gaan sit op sonstoel. Vrou ook by. Sy laggende gesig, haar hande op hom. Haar hande beweeg. Een vir een. Die bewing van haar hand word minder. Haar gesig sonder uitdrukking. 'n Soort hipnose. Tot die laaste foto geluidloos op die hotelbed se pasteldecken val.

“Sy was die sekretaresse,” sê sy emosieloos.

Hy kyk vraend na haar.

“Van Sitterd se sekretaresse.”

“En dit is Buchner.”

“Ja.” Byna geluidloos.

“Daar was 'n Porsche in die motorhuis.”

Sy staan op en stap na die venster. Die haat in haar het verander. Dit trek haar nou af na die dieptes van bejammering, na die donker toe.

Sy ken daardie liggaam. Die gesig lyk effens anders. Snorloos, die hare baie korter. Sy ken daardie liggaam.

Dirk Buchner.

Die rooikopteef. Sy houvrou. Het hy haar in die aande vasgehou en binnegedring en saam met haar gelag oor Rageltjie Bergh, oor Rageltjie Bergh se ernstige gesiggie wanneer hy met haar seks het, oor haar sotlike liefdeswoorde, haar blindelingse vertrouwe, haar eenvoud, haar hormone wat haar lyf laat skud en rammel soos 'n lokomotief en dan moet hy vashou, vir die rit van sy lewe tot sy fluitend en hortend die stasie instoom, tot alles verby is en sy hom net wil vashou, want sy voel verlore en verlief en bang vir die lewe . . .

En nou kom haar trane.

Hy is skielik spyt hy het nie maar net Bosman se gesig vergroot en dit alleen gewys nie. Sy optrede was kinderagtig, maar hy wou haar skok, haar arrogansie stuit. Hy sien haar skouers ruk, die blink strepe oor haar wange, maar sy maak geen geluid nie. Dan loop hy nader en sit sy hand op haar skouer, half onbeholpe. Sy leun vooroor, teen sy bors, en gee uiting aan haar emosie, 'n huil van frustrasie en woede en vernedering. Sy hand tik haar skouer saggies, ritmies met sy palm, asof hy 'n kind troos.

Later bedaar sy en vlug selfbewus na die badkamer. Hy leun teen die venster terwyl hy aan 'n nuwe perspektief herkou. Hy kon haar pyn voel.

Hy sien sy kamersleutels op die bedkassie lê en gaan tel dit op.

Hy neem die kamerasak en stap kas toe. As hy dit oopsluit, sien hy die getuienis. Die tasse is nie simmetries opmekaar soos hy dit gelaat het nie; die duffelsak se draband maak sy boog na regs, nie na links nie.

Dis sy, weet hy dadelik. Verdomde nuuskierigheid. Maar hy sluk sy kwaad, want hy kan nie nou met haar praat nie.

Hy neem haar vir middagete na 'n lewendige Italiaanse restaurant in Braamfontein. Haar oë is effens rooi, maar sy is kalm.

Skielik vra sy hoekom hy 'n skuilnaam gebruik. Hy verduidelik hoe hy die name van Louis-eienaars in die hande gekry het, hoe hy gereed was om Smittie se veilige nommer en die hotel se besonderhede te gee as Searll agterdogtig was.

“En Wendy?” vra sy sag.

“ 'n Hotelgas. Ons het gesels.” Hy sluk swaar aan sy humeur. Ragel Bergh moes in die eerste plek nie hier gewees het nie. Sy het in sy tasse gekrap. En nou krap sy in sy persoonlike lewe. Hoekom vertel hy nie vir haar die volle waarheid nie? Dit het niks met haar te doen hoe hy sy nagte deurbring nie.

Dit is haar totale gebrek aan aggressie wat hom verhoed. Asof die foto's haar gees finaal geknak het. Hy sug diep en wink 'n kelner nader. Hulle bestel, sit dan in stilte tot die pizzas kom.

“Wat gaan jy nou doen?” vra sy.

“Jou geld terugkry.”

“Hoe?”

“Ek het 'n plan.”

“Mag ek weet?” Haar stem is steeds sag, sonder sarkasme of verwyt.

“Ek hoop om die Ikarus-faktor te gebruik.”

“Teen Dirk Buchner?”

“Sy naam is Michael Bosman.”

“Wat ook al.”

“Hoekom nie?”

“Hy is 'n deskundige op die gebied. Wat laat jou dink jy kan dit beter doen?”

Hy sny aan sy pizza terwyl hy verduidelik. “Die naam daarvan kom nie verniet uit die mitologie nie. Dit is universeel. Jy kan seker wees dat Bosman net so lief is vir geld soos die res van ons. Moontlik nog meer. Anders sal hy nie 'n beroep volg wat hom vir twintig jaar in die tronk kan laat beland nie. As die swendel goed genoeg gedoen word, kan jy die mees uitgeslape mens in die wêreld daarmee vang. Solank hy net gierig genoeg is.”

Sy knik en eet. “Hy is goed. Jy sal versigtig moet wees.”

“Ek het die afgelope dekade, en langer, niks anders gedoen as om te leer hoe om versigtig te wees nie.”

“Waar?”

“Hier en daar.”

Stilte. Sy onderneem om die leidraad wat Smittie haar gegee het, dat Ivan 'n soort student van hom was, môre op te volg.

“Jy wil baie graag weet wie ek is.” Dit is 'n stelling, nie 'n vraag nie.

“Kan jy my kwalik neem? Jy en Smittie is só geheimsinnig daaroor. 'n Mens sou sweer jy het vir die geheime diens gewerk.”

“Dit is ek. Agent 008. Dit is jy wat in my kas gekrap het.” Maar daar is nie 'n angel in sy aantyging nie.

Sy kyk hom vierkant in die oë. “Ja. Dit is al hoe ek gaan uitvind watter geraamtes daar weggesteek is.”

“Ek sal jou vertel sodra die tyd reg is.”

Sy glimlag. “Ek sal weet voor die tyd reg is.”

“Ek twyfel.”

“Is daar niks wat ek kan doen om te help nie? Met jou plan, bedoel ek.”

“Nee. Nie nou nie. As daar iets is, sal ek laat weet.”

“Is dit ’n belofte?”

“Het jy nie geweet jy kan Agent 008 altyd glo nie?”

Sy lag hard, verbaas dat sy kan, onverhoeds betrap deur sy sin vir humor. Sy ken hom nie.

Ná ete neem hy haar terug lughawe toe. Sy steek vas by die hek van die aankomssaal, asof sy nie net wil groet nie.

“Hou maar die onkoste laag. Dit kom uit my sak,” probeer sy skerts.

Hy glimlag. “Ek sal probeer.” Dan is sy weg en hy draai om en ry terug hotel toe.



Sy laaste aand saam met Wendy is 'n mislukking. Hy probeer verduidelik dat Ragel 'n soort van 'n werkgewer is, maar weier besonderhede. Sy wil weet wat sy regte naam is, maar hy sê Johan Sutherland is goed genoeg.

Toe hy teen halfeen terugstap na sy kamer, wonder hy hoekom vroue 'n man wil besit. Sy verlede, sy hede, sy geheime. Hulle wil alles hê. Hulle gee nie voordat hulle nie eers neem nie. Dan sluit hy die Wendy-hoofstuk af. Hy het baie om te doen.

Sy eerste bestemming die volgende dag is 'n motorhawe in Soweto. Die wit geverfde gebou dra die legende *Joe's Garage*. In kleiner skrif staan: *We repair all makes of cars. Specialists on minibuses taxis.*

Hy stap in en vra waar Joe Moroka is. Die bejaarde vrou by die ontvangskantoor verwys hom na die werkwinkel. Vyf mans is besig om aan vier verskillende motors en minibusse te werk. Hy vra die naaste een waar Joe is. Dan skuif 'n man op 'n trollie onder een van die minibusse uit en staan op. Hy toring bo Ivan uit, sy reusetorso bultend onder die blou oorpak. Hy kyk af na die man voor hom sonder om te glimlag.

“Jy is te maer, wit man.”

“Jy is te vet, swart man.”

Die ander mans in die werkwinkel staan met groot oë en kyk – die skraal blanke man en die swart reus wat mekaar aanstaar, albei op die bal van hul voete, gereed vir die ander.

“Nog steeds geen maniere nie.”

“Hoflikheid word verdien.”

“Eendag, Boer, gaan iemand jou maniere leer.”

“Maar nie jy nie, Joseph Moroka. Jy is te vet en te lelik.”

Die massas spiere in die swart man se nek bult. Sy gesig verwring en daar gaan 'n sug van vrees deur die omstanders. Is dié witte van sy sinne beroof? Dan stoot Joe Moroka 'n groot hand in die lug en Ivan s'n beweeg blitssnel. Hulle hande ontmoet met 'n klapgeluid en dan bulder Joe van die lag.

“Dit is goed om jou te sien, Malan.”

Ivan lag saam en die ander mans blaas hoorbaar hul opgehoue asems uit. “Hoe lank gelede? Twee jaar?”

“As dit nie meer is nie.” Joe sit sy arm om Ivan se skouers en draai na die ander. “Ek en dié Boer het mekaar baklei. Jare lank. Maar ons het eenkeer saam baklei. En ’n beter span het julle nog nooit gesien nie. Een aand in Melville. ’n Hotel skoongemaak. Daardie manne wonder seker nóú nog wat hulle getref het.”

Die ander glimlag, verlig. Hulle ken hul baas se legendariese krag en humeur.

“Toe, toe, spring aan die werk, kêrels. As Malan kom kuier, is dit óf groot drink óf groot guns.”

Hy lei Ivan na ’n klein kantoortjie waar motoronderdele op staalrakke gesaai lê. “Sit. Koffie? Iets sterkers? Of werk jy?”

“Ek werk, Joe.”

“Dan is dit ’n guns. Is jy nog vryskut?”

“Ja. Ek soek na ’n swart vrou wat inligting vir my kan bekom.”

“Watse soort inligting?”

“Dit is ’n lang storie. Maar jy hou mos van stories.”

“Dit is reg, Boertjie. Vertel my.”

“Schuitema,” sê die persoon oor die telefoon, baie onvriendelik.

“Môre, professor. My naam is Ragel Botha. Ek is by die *Bellville and Northern Gazette* en ons is besig met ’n artikel oor professor Zatopek Smit. Ek het gewonder of ek ’n oomblik van u tyd kan kry om met u oor hom te gesels.”

“Hoekom praat julle nie met hom nie?” Schuitema is duidelik geïrriteerd.

“Professor Smit is so beskeie, weet u. Ons sou graag ander menings ook wou kry.”

“Wanneer wil jy kom?”

“So gou moontlik.”

“As jy oor ’n halfuur hier is, kan ek jou sien.”

Haar naam is Katrina en sy is jonk, klein en tengerig, met skerp, intelligente oë en vinnige, skielike bewegings soos ’n voëltjie. Joe Moroka lyk soos ’n berg langs haar, maar sy word hoegenaamd nie deur sy grootte geïntimideer nie.

“Dié Boer het ’n werkjie vir jou. Hy is ’n vriend en ek sal dit baie waardeer as jy hom kan help. En as hy jou nie goed genoeg betaal nie, sal ek sy arm breek.”

“Watse werk?” vra sy onmiddellik en kyk na Ivan.

“Vertel haar die storie. Dit is ’n mooi storie. En sy sal daarvan hou om ’n vark soos Bosman te help vastrek.”

Ivan vee ’n paar onderdele eenkant toe en gaan sit op die lessenaar se blad. Dan sug hy en begin weer van voor af.

“Ek is baie dankbaar dat u my kon sien, professor.”

Die man gee ’n steun, amper soos die bulk van ’n bul. Hy lyk hoegenaamd nie soos ’n akademikus nie. Hy is lank, asketies, met hoë wangbene, ’n fyn neus, ’n breë mond en netjiese kort hare wat al deurspek is met grys. Ragel se eerste gedagte nadat hy homself voorgestel het, is dat hy soos ’n middeljarige filmster lyk. Maar dit is duidelik dat hy min lus het vir ’n besoek van die pers. “Jy moet maar jou vrae vra.”

“Hoe lank het professor Smit saam met u gewerk?”

“Lank. Veertien, vyftien jaar. Hy was my promotor vir my tweede doktorsgraad.”

“En u het hom opgevolg as departementshoof?”

“Ja.”

“Watter soort navorsing het hy gedoen?”

“Juffrou, dit is die soort vrae wat jy hóm kan vra. Ek het nie tyd vir ginnegaap nie.” Hy beduie in die rigting van ’n stapel dokumente op sy lessenaar.

Ragel vererg haar vir die man se onbeskoftheid, maar druk met hoflikheid deur. “U is reg. Dit is net . . . professor Smit is baie vaag oor sy werk.”

“Min gewone mense het begrip vir gevorderde fisika, juffrou. Sy werk het ingewikkelde navorsing behels. Veral dele van sy werk in die elektronika . . .”

“Was dit sy spesialiteit?”

Schuitema knik.

“Wat ons eintlik wil weet: Het hy net by die universiteit klas gegee?”

“Waar anders?”

“Hy het vaagweg genoem dat hy ander . . . studente gehad het.”

“Ek weet nie waarvan jy praat nie.”

“Weet u of hy enige betrokkenheid gehad het by iets buite die universiteit?”

Schuitema kyk skielik met nuwe belangstelling na haar. “Jy sê jy is van die *Bellville and Northern Gazette*?”

Haar hart begin vinniger klop. “Dis reg.”

“Wie is jou redakteur?”

“Ek kan nie sien wat dit met ons onderhoud te doene het nie.”

“Juffrou Botha, julle is besig om jul neuse in sake te druk wat niks met julle te doene het nie. Ek het geweet dit was ’n fout om jou te laat kom.”

“Ek verstaan nie.”

Hy staan op. “Dié onderhoud is verby. As jy nog vrae het, bel vir Smit. Nou moet jy my verskoon.”

Dit neem hom langer as twee uur om sy lys te voltooi. Elke denkbare deel van sy nuwe identiteit wat Bosman kan nagaan, moet geskep en gevestig word.

Hy sit in sy hotelkamer en werk by die klein skryftafeltjie, en hersien sy lys oor en oor en oor. Dit verg net een swak skakel en sy groot swendel gaan soos ’n kaartehuis inmekaar tuimel. Bosman sal agterdogtig wees. Hy sal alles nagaan, elke feit self bevestig of laat bevestig.

Teen laatmiddag is hy klaar. Die lys is lank. Dit gaan baie werk wees. Tydrowende werk.

Moet hy Ragel Bergh se aanbod om hulp aanvaar? Nee. Hy het nog altyd alleen gewerk. Maar aan die ander kant wil hy graag klaarmaak. Die vrou is net moeilikheid. Hoewel dit beter gegaan het voor sy terug is.

Hy besluit om nie te besluit nie. Daar is ’n karateklub in Houghton wat groot genoeg is dat hy anoniem kan oefen tussen die horde ander. Hy sal besluit as hy terugkom.

Ragel is alleen by die winkel as Smittie ingestap kom. “Ek dag jy het hulp hier.”

“Smittie! Dit is ’n verrassing. Frikkie is Stellenbosch toe vir naslaanwerk.” Dan onthou sy met ’n skuldige gewete haar besoek aan Schuitema die vorige dag en wonder of telepatie nie meer as net bespiegeling kan wees nie. Net nadat sy navraag gedoen het oor Ivan of Smittie, verskyn hulle uit die niet. “En waaraan het ek dié besoek te danke?”

“Hoekom lyk jy so skuldig?” vra hy.

“Ek?”

“Kan dit dalk iets te doene hê met ’n Ragel Botha van die *Bellville and Northern Gazette*?”

Sy bloos bloedrooi. Dan lag Smittie geluidloos, die oë toe. “Ons het ook nie geweet wat ons opsaal toe ons besluit het om jou te help nie,” sê hy

nadat hy die lag onder beheer gekry het. “Jy moes Schuitema gehoor het. Hy was seker dat jy vir die staat werk en besig was met ’n amptelike ondersoek.”

Ragel bloos nog steeds, ondanks Smittie se gebrek aan afkeer. “Ek weet nie wat hom daardie idee kon gee nie. Ek was pateties. Die paar skote wat ek in die donker gaan skiet het, was nutteloos.”

“Schuitema was nie die enigste wat gister gebel het nie. Daar was ook ’n naamlose oproep. Van iemand wat glo net as Agent 008 bekend wil staan. Hy wil weet of jou aanbod om hulp nog staan . . .”

Sy is verstom. “Wil Ivan hê ek moet hom help?”

“Ek dink hy wil jou uit die kwaad hou. As jy onder sy toesig werk, kan jy nie in kaste, biblioteke of mense se verleides rondkrap nie.”

“Dis ook waar.”

“Nee, ek terg maar. Hy sê as jy bereid is om te help, kan julle dié ding gouer afhandel. Daar is iets anders wat hy ook moet . . . hanteer nadat hy jou gehelp het.”

“O?”

“Nog ’n staatsgeheim, Rageltjie. Wil jy gaan help?”

“Niks sal my groter vreugde verskaf as om ’n aandeel te hê in die vernedering van Dirk . . . Michael Bosman nie. Wanneer moet ek daar wees?”

“Nie so haastig nie. Daar is een voorwaarde.”

“Ek het geweet dit is te goed om waar te wees. En ek weet wat dit is. Ek belowe om nie in sy kaste of sy verlede te krap nie.”

“Nee, dit is effens minder ingewikkeld. Hy is bekommerd dat jy en Bosman mekaar toevallig kan raakloop. Hy wil hê jy moet jou voorkoms verander.”

Sy oë soek tussen die passasiers vir Ragel Bergh, maar hy herken haar eers as sy bly hom is. Haar lag is klokhelder tussen die rumoer van die lughawegebou.

“Enige moontlikheid om ’n eensame vrou ’n geleentheid te bied?” vra sy. Hy kan nie help om te glimlag nie, maar verwonder hom aan hoe anders sy lyk. Haar hare is baie kort gesny en blond gekleur. Sy lyk asemrowend mooi.

“ ’n Blondine,” hoor hy homself sê.

“Het jy iets teen blondines?”

Hulle stap na die vervoerband wat die bagasie inbring. “Ek sal daaraan gewoonnd moet raak.”

“Ek het swart oorweeg, maar dit het my te veel aan Wendy laat dink.”

Hy kyk na haar, sien die fyn glimlag om haar mond. “Touché,” sê hy. “Hoeveel tasse het jy gebring?”

[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

Ragel leun terug in die warm skuimbad en maak haar oë toe. Sy is stokflou. Om saam met Ivan Malan te werk, is geen grap nie. Hy is 'n slawedrywer, 'n veggeneraal, 'n puntenerige baas wat presies weet wat hy wil hê.

Die afgelope drie dae het vir haar nuwe perspektiewe gebring. Soos dat sy nie meer aan sy professionaliteit twyfel nie. En dat sy brein sistematies, berekend werk – en krimineel. Ongetwyfeld krimineel.

Van die lughawe af is hulle direk hotel toe. Sy het skaars haar goed uitgepak gehad toe hy aan die deur klop, haar op 'n stoel oorkant hom laat sit en begin vertel presies wat hulle in die volgende twee weke moet vermag.

Dit was anders as al hul vorige gesprekke. Dié keer was hy volkome in beheer. Sy het na die skerp, skoon lyne van sy wenkbroue, sy neus en sy kakebeen gesit en kyk, na die glinsterende swart oë, die sterk hande wat voortdurend beduie terwyl hy praat. En sy het geluister. Terwyl sy plan voor haar ontvou, het die opwinding daaroor, die waaghalsigheid daarvan haar geïnspireer en haar ingewande in vrees en geesdrif laat saamtrek.

Hy het haar haar opdragte gegee, netjies neergeskryf in die notaboek wat hy uit sy sak gehaal het. Toe hulle buite die hotel kom, was daar 'n wit Toyota Conquest van 'n huurmotormaatskappy wat vir haar gewag het. En sy kon begin werk.

Sy moes die woonstel gaan soek. Dit moes voldoen aan sekere vereistes. 'n Gegoede buurt – verkieslik 'n meenthuis, een wat duur en smaakvol en ietwat pretensieus is.

Hy sou gaan soek na die ou woonstel, 'n afgematte plek waar die Groot Verloorders van die lewe bly. En na die kantoorruimte sou hulle saam soek, want sy was verantwoordelik vir die dekor. Aan die einde van dag een het sy eers teen agtuur by die hotel aangekom, moeg ná die vlug en die aktiwiteit van die dag. Oor ete in die hotel se restaurant kon sy rapporteer dat sy nege verskillende woonstelle en meenthuise saam met eiendomsagente besoek het. En net een, 'n drieslaapkamer-meenthuis in Bryanston, was na haar smaak. Maar sy het reeds 'n hele paar afsprake vir die volgende dag gehad.

En ja, sy was versigtig om te sê sy soek 'n blyplek vir haar broer, meneer Richard Potgieter, wat onlangs 'n baie suksesvolle saketransaksie afgehandel het en vir minstens 'n jaar lank wil huur.

Hy het aan haar vertel dat hy die ou woonstel gekry het. “Dit is langs Joubertpark. Die gebou is moeg en vuil. Een- en tweeslaapkamerwoonstelle. Ek is nou amptelik op die register as 'n voormalige inwoner wat een maand gelede met 'n sug van verligting uitgetrek het. Nadat ek elf jaar lank 'n voorbeeldige inwoner van Tikvah House was.”

“Hoe het jy dit reggekry?” Sy wou weet hoe sy kop werk, hoe die ratte van die onderwêreld inmekaarsteek.

“Die opsigter is 'n Roemeen. Hy het ses jaar gelede hierheen gevlug. Hy weet hoe moeilik die lewe kan wees. Ek het hom vertel ek wil 'n groot lening by die bank aangaan. Om my eie sakeonderneming te begin. Maar my kredietgeskiedenis lyk nie so goed nie. Hy verstaan dat 'n mens soms die stelsel so 'n bietjie moet buig om uit die spiraal van armoede te kom. Die R500 wat ek hom gegee het, het gehelp.”

“Geld wat stom is . . .”

Hy het sy kop geskud. “Die geld was net 'n hulpmiddel. Dit is my hartseer verhaal wat die deurslag gegee het. Hy kon daarmee identifiseer.”

Ragel het gefrons. “Een van my dosente op universiteit het gesê enige misbruik van die emosies kom neer op pornografie. Pla dit jou nie om mense só te . . . manipuleer nie?” Daar was net opregte nuuskierigheid in haar vraag, amperse verwondering.

“Een van my . . . dosente het gesê jy moet vir mense gee wat hulle wil hê, laat sien wat hulle oë wíl sien en hoor wat hul ore wíl hoor.”

“En wie was dié dosent? Miskien het ek ook by hom klas gedraf,” het sy probeer, maar hy het die lokaas daar laat lê.

Dag twee was weer vir haar vol eiendomsagente en potensiële blyplekke. Sommige was te luuks en duur, ander weer te aangeplak en goedkoop. En in die proses het sy Johannesburg se noordelike voorstede leer ken, die speelplek van die rykes van alle rasse en kleure, waar die eiendomsagente hul verhuurbare ruimte bemark met sinsnedes soos “Die bure se Ferrari het eers in dié motorhuis gestaan omdat dit effens groter is” en “Lyndon Williams het nou net hier uitgetrek. Jy weet, die bekende ontwerper”.

Haar aanbeveling toe sy en Ivan by 'n stil eetplekkie in Mellville hul rapporteringsvergadering hou, was dat hy die volgende dag ook na die plek



in Bryanston moet gaan kyk, want sy kon niks beters opspoor nie.

Hy het die dag met sy vervalsingstel deurgebring. Die produkte van sy arbeid het hy uit 'n bruin koevert gehaal en ná ete voor haar op die tafel uitgestal.

'n Lisensie wat Richard Eugene Potgieter magtig om as privaatspeurder en ondersoekagent op te tree in die Republiek van Suid-Afrika. Die dokument het tekens van gebruik getoon en sy wou weet hoe hy dit so bruin en verslete kon laat lyk.

“Rooibostee, 'n duim en 'n voorvinger,” het hy geantwoord en vir haar gewys hoe hy die papier tussen sy vingers gevryf het.

Hy het ook 'n briefhoof voor haar neergesit. *Richard E. Potgieter. Privaatspeurder. Diskresie is ons wagwoord.* En 'n visitekaartjie met dieselfde strekking. Maar adresse en telefoonnommers het op albei ontbreek.

“Eugene?” het sy gevra.

“Die wêreld is opgemaak uit mense met tweede name wat hulle liever wil verswyg. Dit gee geloofwaardigheid, die skyn van waarheid.”

Sy het gegrynsag. “Jy, meneer Richard Eugene Potgieter, is 'n skelm.”

Dag drie het vroeg begin. Toe hy haar vir ontbyt ontmoet, kon sy sien hy is besig om 'n snor te kweek. Hy het snaaks gelyk, amper soos 'n tienderjarige seun wat sy manlikheid met die groeisel wou bewys. Sy het hom daarvoor gespot en hy het verleë gelag en gesê dit is deel van die kamoefflering.

Hulle is eers saam na die meenthuiskompleks in Bryanston. Villa Dolce Vita. Hy het dadelik sy goedkeuring oor haar keuse uitgespreek. Sy was trots daarop, verras oor hoe goed dit haar laat voel het.

Hy het in die naam van Richard Potgieter 'n jaarkontrak vir die meenthuis geteken en 'n deposito en drie maande se huur vooruit betaal. Sy het hom “Boet” genoem voor die eiendomsagent en dié toneelspelery verskriklik geniet. Op pad terug het sy kort-kort na hom gekyk, “Boet” gesê en dan onbedaarlik begin giggel.

Haar straf was om op en af in die middestad se strate te loop. Hy het die vorige dag 'n lys van beskikbare kantoorruimte gemaak, en nou was hulle besig om daarna te kyk in 'n tempo wat die giggel gou stilgemaak het.

Ivan het presies geweet waarna hy soek. Sommige geboue is bloot op hul straatfront-voorkoms afgekeur, ander as hulle in die voorportaal staan, nog ander eers as hulle die deur na die huurbare kantoor oopstoot. En weens die

skaarsheid aan parkeerplek in die middestad, het hulle van gebou na gebou gestap. En sy moes draf om by sy lang treë te bly.

Toe hy voor die heel laaste gebou van die dag gaan staan, het hy “Dié een” gesê en die treetjies na die derde verdieping twee-twee uitgedraf. Toe sy by kantoor 313 aankom, het hy klaar besluit dat dit die kantoor van Richard E. Potgieter, voormalige privaatspeurder, nou kaatjie van die baan, moet wees. Sy het net uitasem met hom saamgestem.

Nou, waar sy uitgestrek in die warm borrelbad lê, weet sy haar pa was reg toe hy gesê het daar is niks soos ’n dag se harde werk om ’n mens goed te laat voel nie. ’n Behaaglikheid daal oor haar neer, maar sy weet sy kan nie lank lê nie. Ivan wil netnou die volgende dag se planne met haar bespreek.

Hulle eet in die hotel se restaurant. Die kelner behandel Ivan met groot ontsag. Hy wonder vlugtig of dit iets te doene het met die feit dat hy die afgelope week of wat so ’n verskeidenheid vroulike eetmaats gehad het.

“Kan jy onthou hoe die privaatspeurder in Kaapstad se kantoor gelyk het?” vra hy vir Ragel nadat die kelner sy koeldrank en haar wyn afgelewer het.

“Bricknell? Steve Bricknell? O ja. ’n Mens kan dit nie vergeet nie.”

“Beskryf dit vir my.”

“Stowwerig. Dit was baie stowwerig. Asof hy nie veel van sy tyd daar deurgebring het nie. En deurmekaar. Lêers wat oral rondlê. Foto’s teen die mure. Die foto’s was hartseer.” Sy neem ’n slukkie wyn. “Ek weet nie of dit sy manier was om sy sukses te adverteer nie, maar die foto’s het almal net een verhaal vertel. Dié van ’n gebroke huwelik. Dit was sy beroep. Die teenoorgestelde van ’n leraar. Dominees sluit die huwelik, Bricknell ontsluit hulle. Ek onthou ek het daarna nogal gedink dit is ironies dat so baie huwelike met foto’s begin en weer met foto’s beëindig word.”

“Sal jy sy kantoor kan naboots? In die plek waar ons vanmiddag was?”

Sy sien kantoor 313 in haar geestesoog en besef hoe goed sy oordeel was. Die gebou en die lokaal het dieselfde stowwerige, hartseer atmosfeer as wat sy in Bricknell se werkplek ervaar het. “Maklik,” sê sy.

“Daar is ’n lang lys van tweedehandse meubelhandelaars in die Geelbladsye. Jy behoort by hulle iets te kry wat oud en stowwerig is. Maar sorg asseblief dat jy ’n staalkabinet in die hande kry waarvan die slotte nog werk. Nog beter – laat hulle ekstra slotte aansit.”

Dit is duidelik dat Ragel dié vereiste nie mooi verstaan nie. Hy verduidelik. “As ons ’n paar honderd lêers moet maak oor ondersoeke wat Richard Potgieter sou gedoen het, gaan ons nog maande lank hier wees. Daarom moet ons die skyn van waarheid skep. ’n Paar sappige, geloofwaardige lêers op die lessenaar, en ’n staalkabinet, wat ons swaar laai met ou koerante, maar só sluit dat dit te veel moeite sal wees om dit oop te breek. Bosman sal seker maak dat ek is wie ek sê ek is, maar hy sal verkies om nie spore van sy teenwoordigheid te laat nie.”

Sy kan maar net nie gewoond raak aan die werking van sy kop, die fyn detail waaraan hy dink nie. Maar sy wil dit nie wys nie.

“Jy moet onthou om vir die kunstenaar wat die naam op die deur verf, te vra om dit oud en gevestig te laat lyk. Hulle kán dit so doen. En moenie dat hy sy kenteken of ’n reklameplakker daar aanbring nie. Ons wil nie hê iemand moet weet hoe onlangs dié werk gedoen is nie.”

“Wat gaan jy môre doen?” steek sy haar verwondering weg.

“Die heel eerste ding is om ’n telefoon vir 313 te kry. Ek het die nommer vir ’n hele klompie goed nodig.”

“Jy gaan weke wag daarvoor.”

“Telkom belowe selfdedagdiens aan ’n sakeonderneming in die middestad. Dan moet ek koerante toe. Bosman sal wonder hoekom Richard Potgieter se naam nie in die telefoonboek voorkom nie. Ek sal ’n antwoord moet hê. Ek gaan ’n lopende kleinadvertensie in die twee dagblaaie plaas. Vir die volgende drie maande of wat. En sê dit is my manier van adverteer. Dit is moeite om ver terug te gaan soek na só ’n advertensie. Ons moet maar hoop hy hou net ’n paar uitgawes dop.”

“Is jy met ’n natuurlike talent vir dié soort ding gebore of het jy dit aangeleer?” Daar is respek in haar stemtoon.

Hy lag. Sy het hom nog net ’n paar keer sien lag. Dit verander sy gesig. Sy mond, gewoonlik sonder prominensie, glimlag breed om spierwit tande te wys, daar verskyn kepies langs sy mondhoeke en sy oë wys fyn humorplooitjies. Sy hou van hom as hy lag.

Maar dan is die oomblik verby en hy is weer saaklik, ernstig. “En dan gaan ek vir jou foto’s neem. Vir die kantoor se muur. En die briefhoofde en visitekaartjies klaarmaak, noudat ons die adres het. O, voor ek vergeet. Hier is ’n klompie getekende tjeks. Vir die onkoste. Maar jy moet wikkel. Ons moet nog die plek in Bryanston ook gaan regkry.”

Sy knik. “Van tjeks gepraat. Hoe gaan jy verseker dat Bosman nie in Richard E. Potgieter se banksake rondkrap en agterkom hy is ’n bedrieër nie?”

“Die enigste inligting wat hy van Potgieter se bank kan kry, is of daar voldoende fondse vir ’n spesifieke transaksie is. Vir banksake of ’n saldonavraag moet hy ’n bank-navraagnommer bekom, wat onmoontlik is. As hy dus kredietwaardigheid toets, sal die bank vir hom kan sê meneer Potgieter staan heel sterk, baie dankie.”

“Ek begin so stadig maar seker bly word jy is aan my kant, Ivan Malan.”

“Wag maar eers tot ons jou geld het voor jy te bly word.”

“Een laaste vraag. Jy het vandag ’n paar snaakse roetes gevolg om Bryanston toe en terug te ry. En jy kyk vreeslik baie in die motor se spieëltjie. Is dit nie ’n bietjie paranoïes nie? Daar is mos geen kans dat Bosman weet waarmee ons besig is nie.”

Moet hy haar vertel van die inbraak by hom? Van die makabere boodskap? Vroumense het die manier om hulle te bekommer.

“Dit is maar roetine.”

“Eienaardige roetine wat jy het . . .”

Dit neem haar net twee dae om die plek in die stowwerige, geloofwaardige kantoor van ’n privaatspeurder te omskep.

Sy kon nie help om haar kennis van Amerikaanse privaatspeurder-televisieprogramme te voeg by haar ondervinding van Bricknell se kantoor nie. Sy het swart blindings voor die venster gehang en ’n spotgoedkoop antieke lessenaarliggie by een van die tweedehandse meubelhandelaars gekoop.

Die lessenaar is stokoud, maar van donker kiat. Sy wens sy kan hom saam met haar terugneem as alles verby is. Met liefde en aandag kan sy wonde op sy blad heel, die lendelam pote laat herstel, die laaie se vashaak laat regmaak . . .

Die foto’s wat Ivan geneem het, pas perfek. Hy het met ’n lang telefoto-lens, in swart-wit, paartjies afgeneem in parke, in restaurante, in hotelle se voorportale, by woonstelle se deure. Onskuldige mense greinerig vasgevang in ’n onsimpatieke lensopening en sluiterspoed, wat agterdog op hul aktiwiteite saai. Ivan het die foto’s ook met tee bygedam. Sommige is geel en lyk oud, ander is dofgrys.

Die staalkabinet is haar groot trots. Dit was eenmaal wit, maar die tekens van die tyd het groot happe uit die emalje geneem. Die staal is egter nog

stewig. En 'n ewe stewige metaalpyp loop van bo na onder deur elke laai se handvatsel. Die pyp is heel bo platgemaak, sodat die groot springslot daardeur kan gaan. Om in sy binneste te kan krap, sal jy die hele kabinet moet vernietig.

En natuurlik die woorde op die deur. *Richard E.*

*Potgieter.Privaatspeurder.*

Sy het Ivan alle toegang tot die kantoor streng verbied. Net die mense wat die meubels kom aflewer het, die naamverwer en die telefooninstalleerders is ingelaat. Nou staan hy met sy lang, seningrige lyf teen die deur en leun, sy nuwe swart snorretjie soos 'n ruspe wat oor sy bolip seil, en kyk met sy donker oë oor haar handewerk. Sy leun arms gevou teen die lessenaar, veilig in die wete dat sy goeie werk gedoen het.

“Nie sleg nie.”

“Jy kan beter doen as dit.”

“Dis goed,” sê hy.

Sy skud haar kop. Hy glimlag en die ruspe stuiptrek. Sy moet haar lag onderdruk.

“Nou goed, dit is baie goed. Nee – uitstekend,” gee hy toe.

Sy kan haar oë nie van die snor afhou nie. Dit wip op en af as hy praat, asof die ruspe op 'n tak sit wat hewig in 'n stormwind rondgeswaai word. Sy lag haar diep, hartlike lag wat haar haar skouers laat teruggooi en die vel oor haar lang, mooi keel laat span. Hy dink eers sy lag omdat hy eindelijk die waarheid gepraat het, en hy glimlag weer. Die lag oorval haar, ontnem haar van krag. Sy gaan sit op die lessenaar, magteloos, terwyl dit aansteeklik by haar uitborrel.

“Ek het nie geweet dit is só snaaks nie,” sê hy, en kan nie help om ook te lag nie.

“Jou snor,” proes sy dit.

“My wat?” vra hy, maar hy vat aan die groeisel, 'n bewys dat hy gehoor het.

Sy lag eers weer en bring dit dan meer onder beheer. “Jou snor. Dit pas jou nie.”

Die glimlag verdwyn van sy gesig. Die ruspe sak minstens 'n sentimeter en sy kraai.

“Ek weet. Dit is vir die rol. Ek doen dit nie vir myself nie,” sê hy vies. Hy draai om en stap uit.

Ragel lag voort. Nou ook die wete dat sy vir die eerste keer teen Ivan Malan aan die wenkant was.

Hulle staan in die leë sitkamer van Villa Dolce Vita. Hy praat, maar kyk haar nie in die oë nie. Moontlik omdat hy verleë is oor sy reaksie die vorige dag op haar lagbui, moontlik omdat hy skaam is vir die snor.

“ ’n Mens moet die idee kry dat Richard Potgieter onlangs ingetrek het en nog geen idee het hoe om die plek te laat lyk nie. Die man het skielik geld gekry. Baie geld. Maar hy weet nie mooi wat om daarmee te doen nie. Sy smaak is nog dié van ’n sukkelaar. Verstaan jy?”

Hulle het nie die vorige aand saam geëet nie. Toe sy later na sy kamer skakel om te hoor of sy maar alleen moet gaan eet, was daar nie antwoord nie. Sy het kamerdiens gebruik en vir Smittie gebel. Hy het die storie só geniet dat sy gedink het sy kan die telefoon hoor skud soos hy op sy kenmerkende manier lag. “Moenie ophou om vir hom te lag nie. Dit doen hom goed,” was Smittie se afskeidswoorde.

Ivan se snor staan vanoggend darem effens stewiger, maar sy probeer dit maar doelbewus miskyk. Verder luister sy aandagtig en maak of sy nie sy ongemak opmerk nie.

“Ek verstaan,” sê sy onderdanig, maar nie oordrewe nie.

“Sal jy dit kan doen?”

“O ja. Nouveau riche à la suburbia. Bekende styl in binnenshuise versiering.”

Hy kyk agterdogtig of sy nie spot nie. “As alles reg verloop, gaan Michael Bosman na dié plek toe kom. ’n Paar keer. Wat ons hier doen, moet méér as geloofwaardig wees. Dit moet álles van my as Potgieter sê. Dit kan die hele operasie maak of breek. Beskou dit dus in ’n ernstige lig.”

“Ek sal,” sê sy plegtig. Die wete dat Dirk Buchner/Michael Bosman hier gaan wees . . . Sy gaan meer as haar bes doen. Haar manier van terugbetaling.

Ivan is besig om in te pak as sy aan sy hotelkamerdeur klop en ingelaat word. Die tas wat sy identiteit as kaptein Johan Sutherland, SAP, se klere hou, staan reg by die deur. Dit moet saam met Ragel teruggaan Kaap toe. Die swart duffelsak staan langs die bed en hy is besig om die Richard Potgieter-klere op die bed reg te kry. Op die klein skryftafeltjie staan ’n kartonkassie met dokumente.

“Ek is amper klaar, dan kan ons ry.”

Sy gaan sit op die skryftafeltjie se stoel en hou hom dop. Sy bewegings is ekonomies sekuur wanneer hy die klere netjies opvou en in die tas pak.

“Wie het jou geleer opvou? Ek hoor die meeste mans laat hul vroue die inpakwerk doen.”

“Ondervinding.”

“Wat is dit dié?” Sy begin grawe in die kartonkassie.

“Die goed waarmee ek Bosman opgespoor het. Consolidated Jewellery Imports se rekords.”

Sy kyk vlugtig daardeur. Bo-op die lyste wat hy gemaak het, inligting gerangskik in sy netjiese handskrif. Dan, die lang lys name en telefoonnommers. Haar oog val op die bladsy waarop Bosman se besonderhede voorkom. Ivan het sy naam in blou ink omkring, met ’n uitroepteken daarnaas.

“Wat gaan jy hiermee doen?”

“By Dolce Vita in die braaiplek verbrand. Bosman mag dit in geen omstandighede sien nie.” Hy kyk tevrede na die klere wat alles in die tas gepak is. Dan stap hy badkamer toe om sy wassakkie en toiletware te gaan haal.

Sodra hy om die hoek verdwyn, neem Ragel die dokument en sit dit op die ingewing van die oomblik in haar handsak. ’n Soewenier. ’n Herinnering aan die Groot Terugbetaling.

Dan kom hy haastig terug.

“Kom, ons moet wikkkel. Daar is nog werk by Dolce Vita. En ons kry vanaand besoekers.”

“Wie op aarde . . .”

“Jy sal sien.” Hy neem die Sutherland-tas. “Kom ons vat eers dié na jou kamer toe.”

Wanneer hulle eindelijk met al die bagasie buite die hotel staan, sien sy Ivan stap na ’n blinknuwe, bloedrooi BMW 325I.

“En dié?”

“Richard Potgieter se splinternuwe ryding.” Hy sluit die bagasieruim oop en begin inpak.

“Het jy dit gekoop?”

“Bruikhuur.”

“Is die onkoste vir dié ding nie besig om handuit te ruk nie?”

Hy slaan die bagasiebak toe en leun daarteen. “Ons sal dit van Bosman verhaal.”

“Ek wens ek het jou optimisme gehad.”

“Ek ook,” sug hy. “Ek ook.”

“Wat beteken dit?”

“Niks nie.”

Sy wil iets sê, bedink haar, ruk haar om en stap na haar wit Toyota. Sy sluit oop, klim in, slaan die deur toe en trek met skreeuende bande weg. Hy kyk haar kopskuddend agterna.

By Dolce Vita gebruik sy haar sleutel en gaan solank in. Die meubels, wat vroeër die dag afgelewer is, staan nog in hul plastiekomhulsels in elke vertrek. ’n Paar kartonkaste vorm eilande in die middel van elke vloer. Sy besluit om by die hoofslaapkamer te begin en stap deur. Dan hoor sy Ivan se motor. Sy sien deur die gordynlose venster hoe hy uitklim en volgepakte geel plastieksakke van die agterste sitplek neem. Dan kom hy binne en stap na die kombuis. Sy is baie nuuskierig oor die inhoud van die sakke en stap agterna.

Hy begin uitpak. ’n Bottel Bell’s whisky, twee bottels Grand Cru, ’n bottel jenewer, bottels koeldrank, twaalf biere, skyfies, grondboontjies en rosyne. Drie pakke van ses glase elk, vir wyn, bier en whisky.

“Jy moes my gesê het dit is die daknatmaak vanaand. Dan kon ek my partytjieklere aangetrek het.”

“Ek het jou gesê ons kry gaste. Maar dit is werk. En van die drank is vir die dekor van die woonstel.”

“Mag hulle my sien?”

“Hulle is aan die Cowboys se kant.” Hy prop die yskas in en sit die bottels wyn daarin. Dan kyk hy na haar. “Waar begin ons?”

“In die slaapkamer.” Sy stap terug soontoe. ’n Tamaai waterbed en ’n kopstuk van swart geverfde hout met bypassende bedkassies staan nog ongerangskik in die hoofslaapkamer. Die waterbed se matras is nog nie gevul nie. Hulle begin skuif en werskaf. Sy hang die gordyne met swart-en-rooi streep patroon op; hy skuif die bed en kassies reg, koppel die twee rooi bedlampies, hang die abstrakte swart, rooi en wit kunsafdrukke op wat halfnaakte nimfe voorstel, en koppel dan die ingeslote pyp aan die kraan om die bed te water te laat.

Hy gaan haal sy bagasie en begin die tas se inhoud in die ingeboude kas inpak. Die swart duffelsak bly in die middel van die vloer staan. Ragel stop ’n duvet in ’n oortreksel wat by die gordyne pas, rangskik dit saam met rooi kussings op die bed, trek die kantgordyn finaal reg en gaan staan dan in die



deur, hande op die heupe, met die sweet wat fyn pêrels op haar voorkop laat uitstaan.

“Dis common,” sê sy en blaas haar kort kuif van haar voorkop weg. “Baie common. Maar dit werk.” Ivan glimlag effens vir haar. Sy is verlig om te sien dat die ruspe vinnig besig is om in ’n snor te verander. Sy sal hom teen môre al weer in die oë kan kyk.

Die slaapkamer se versiering was haar verantwoordelikheid. Sy het soos ’n tienderjarige gegiggel toe sy die waterbed in die meubelhandelaar se vertoonlokaal raakgesien het. Dit pas perfek, het sy dadelik geweet.

Hy maak die kas se deure toe. “Is jy reg vir die sitkamer?”

“Nie voor jy my gelukwens met die slaapkamer nie.”

“Geluk. Kom, daar is nog baie werk.”

Hy het die sitkamer se meubels uitgesoek om by Richard Potgieter se nuutgevonde rykdom te pas. ’n Bruin sitstel van egte leer, twee tweesitplekbanke, twee stoele. ’n Groot bruin koffietafel. ’n Beige staanlamp. Sy het die herfsmotief-gordyne gekies, en die vier populêre kunswerke in sepia – dolfyne wat voor die boeg van ’n skip spring, in ’n eensame baai ’n sierlike boog bo die water maak, branders ry . . .

Hulle skuif reg. Hy begin om die ingewikkelde bedrading van ’n oordadige hoëtrousetel te koppel. Dan volg die groot televisie, die videomasjien met sy duiselingwekkende aantal outomatiese funksies. Dit begin skemer word buite.

“Wanneer kom die gaste?” Sy vee met die agterkant van haar hand die sweet van haar voorkop af. Daar is ’n stofkol teen haar wang, haar kort hare is deurmekaar.

Hy kyk na sy horlosie. “Seker so oor ’n uur.”

“Ek kan nie tot dan toe wag nie. Wil jy ook van die wyn hê? Dit behoort al lekker koud te wees.”

Hy skud sy kop en verdwyn agter die televisiestel met ’n skroewedraaier. Sy stap kombuis toe, gooi ’n ruim glas Grand Cru in, kom terug en sak in een van die stoele neer. Die sitkamer begin vorm aanneem. Sy kyk goedkeurend na sy keuse van meubels en bykomstighede. Dit pas by die indruk wat hulle wil skep. Sy hou hom dop terwyl hy rondbeweeg om drade te koppel, verskuiwings te doen. Sy bewegings is vinnig, glad, selfversekerd.

Dirk Buchner het haar aan ’n dier herinner, onthou sy. Maar haar herinneringe is nie meer objektief nie. Sy wil hom nou assosieer met ’n

reptiel, glad en afstootlik. Ivan Malan weer is . . . ’n groot kat. Sy herken skielik die ooreenkoms tussen hom en die gemmerkleurige Cassius. Ewe vol nukke ook.

Daar is ’n geklop aan die deur.

“Nee,” sê sy, sit die glas op die koffietafel neer en draf in die rigting van die slaapkamer.

“Waarheen gaan jy nou?”

“Kyk hoe lyk ek. Niemand mag my só sien nie.” Sy verdwyn om die hoek. Hy stap kopskuddend deur toe en maak oop. Joseph Moroka staan die kosyn vol, ’n breë glimlag op sy gesig. Katrina Maponyana staan geduldig agter die groot man en wag.

“Ietsie om die dak mee nat te maak. Jy het mos oor die telefoon gesê jy trek in,” sê Moroka. Hy stoot ’n bruin papiersak met sy groot vuus nader en buk om by die deur in te kom. “Egte Russiese wodka. En Katrina het allerhande interessante nuus vir jou.”

Ivan nooi hulle om te sit. Moroka wil dadelik van die wodka hê; Katrina wys drinkgoed van die hand. Dan verskyn Ragel in die deur. Moroka kyk goedkeurend na die kaalvoet vrou in die donkerblou denimbreek en ligblou T-hemp. Ragel vergaap haar aan die gaste – hul kontras. Ivan stel haar aan Moroka voor.

“Nooit gedink dié dom Boer sal sulke goeie smaak hê nie, juffrou Bergh.”

“Ragel,” sê sy en hou onmiddellik van hom. “Maar ons is net sakevriende.”

“Dit sal nog verander. As hy nie dommer is as wat ek gedink het nie. Laat ek jou voorstel aan Katrina Maponyana. Deeltydse spioen vir Malan, heeltydse regstudent by Wits.”

“Regstudent? Jy het my nie gesê nie,” protesteer Ivan terwyl die vroue mekaar met die oë meet.

“Net die beste, Boertjie, net die beste.”

Hulle gaan sit. Ivan vra hoekom Katrina ingestem het om hom te help. Haar klein handjies fladder wanneer sy praat. “Dit is ’n manier om veronregtes te beskerm. En studente het altyd die geld nodig.”

Ragel bied vir Katrina wyn aan en gooi vir hulle in. Wanneer almal weer sit, begin Katrina rapporteer.

“Ek het gaan werk soek as huishulp. Die vrou is ongeskik, die een met die rooi hare. Haar naam is Margo MacDonald. Sy het gevra of ek kan

kook, maar die salaris wat sy aangebied het . . .” Sy skud haar kop om haar ontevredenheid te wys. “Daar is ander werkers ook, ’n tuinier, ’n vrou wat skoonmaak, was en stryk. Hulle kla ook oor die geld en die behandeling. Hulle bly in ’n kleihuis agter op die hoewe. Nie eens elektrisiteit nie. Ek het ook daar gaan bly. Hulle het niks vermoed nie. Die man, Bosman, praat glad nie met die werkers nie, net die vrou . . .”

Ragel sit penorent, haar oë wyd van verbasing. “Het jy by Michael Bosman gaan spioeneer?”

Moroka en Katrina kyk na Ivan. Hy lyk skuldig. “Ek het nog nie kans gehad om haar te vertel nie.”

Ragel sien haar kans. “Hy vertel my niks. Maar ag, hy is ook só skaam.” Moroka lag.

Ivan se voorkop plooi in ongeduld. “Wat het jy uitgevind, Katrina?”

“Hulle is snaakse mense. Die radio speel die hele dag lank. Net popmusiek. Daar is geen boeke in die huis nie. Net ’n paar vrouetydskrifte wat sy lees. Hy doen niks. Lê by die swembad of gaan ry met sy Porsche. Hy het ’n kamer op die tweede verdieping met die koppe van wilde diere teen die muur. Daar is ’n leeu, olifanttande, baie bokke. Die was-en-stryk-vrou sê hy gaan jag in die winter op sy eie plaas naby Ellisras. En daar is ’n woonstel aan die Suidkus . . .

“Hulle kry ook nie eintlik besoekers nie. Daar was een aand ’n man wat kom eet het. Groot, middeljarig. Ek moes garnale maak. En ek haat dit om aan die goed te vat.”

Hulle glimlag vir haar gesig wat in afsku vertrek.

“Dit kan Van Sitterd wees,” sê Ragel. Ivan knik.

“Ek het verder net vir middagete kos gemaak. Hulle het baie keer uitgeëet. Die ander huishulp sê hulle eet by ’n buiteklub daar naby. Daar is glo gholf, tennis, perde. Hy is op die bestuur van die klub. Daar hang ’n sertifikaat in sy jagkamer. Langs die een wat sê hy het ’n swart gordel in kung fu.”

Ivan prewel met ’n sweem van ’n glimlag: “Kung fu?”

“Ja.” Katrina leun terug, haar taak afgehandel.

“Hy het dus geen ander werk nie?” vra Ragel.

“Niks. Die huishulp sê hulle het ’n vaste jaarlikse roetine gevestig in die afgelope twee jaar. Van September tot April is hulle by die huis. Mei en Junie is sy jagmaande. Dan is hulle op die plaas. En van Julie tot September is hulle aan die Suidkus.”

“Ek vermoed hulle beplan hul volgende swendel op die jagplaas, terwyl die Suidkus-uitstappie net ’n rookskerm vir die uitvoering van die planne is,” sê Ivan.

“Hy lyk vir my baie verveeld op die oomblik. Sy ook maar. Sy het darem die huishouding om te reël. Maar hy doen niks.”

“Dit is goed.”

“Is hulle getroud?” vra Ragel.

“Ek weet nie,” sê Katrina. “Sy dra nie ’n ring nie. Daar is ook nie troufoto’s iewers in die huis nie.”

“Dit is nie belangrik nie,” sê Ivan ongeduldig. “Die buiteklub – wat is die naam daarvan?”

“Die Premier Country Club. Speelplek van die rykes. Die Mercedesse en BMW’s staan glo naweke daar ingeryg.”

“Katrina, jy het uitstekende werk gedoen.” Ivan staan op en stap slaapkamer toe. “Dit is tyd dat ek jou betaal.”

Hy kom terug met ’n bruin koevert in sy hande en gee dit vir die tengerige vrou. “As jy dink dit is nie genoeg nie, moet jy sê. Ek wil nie hê Joe moet my arm breek nie.”

Sy glimlag en weeg die koevert met haar hand. “Dit voel asof dit meer as genoeg is, dankie. Dit is geld wat goed aangewend sal word.”

Joe hou sy glas uit. “Kom, Malan, laat ons drink en oor die ou dae gesels.” Hy kyk na Ragel. “Het jy geweet ek en hy was aartsvyande?”

“Wat ek van hom weet, is nie genoeg om ’n posseël mee vol te skryf nie, Joseph. Maar vertel my gerus. Ek is baie nuuskierig.”

“Oor my dooie liggaam,” sê Ivan, en Joseph Moroka lag.

“Skaam vir jou herkoms, Boertjie?”

“Dié keer is dit ’n beginselsaak,” sê Ivan en gaan skink van die wodka.

Hulle stap ná twaalf saam met Moroka en Katrina uit, groet in die straat by die motor en kyk die rooi ligte agterna tot dit om die hoek verdwyn.

Dan is die straat stil.

Hulle staan ’n rukkie langs mekaar. Bewussyn van die nag en afskeid en afgesonderdheid kom langamerhand.

Ragel stap skielik voordeur toe. “Dit is tyd dat ek teruggaan hotel toe.”

“Ja.”

“Ek moet jou eers help opruim.”

“Daar is nie veel nie.”

Hy hou die deur vir haar oop. Sy stap in, tel die glase en koffiekoppies op en neem dit kombuis toe.

Die glas en porselein se gewoonlik fyn geluide is luid in die stilte. Sy draai die krane oop – oorverdowende watervalle.

Hy maak die drankbottels bymekaar, soek na iets om te sê. Sy voeg skottelgoedseep by. Draai die krane toe.

“Die wodka is . . . eg. Wil jy hê?” Hy skink vir homself.

Haar hande is in die skottelgoedwater. “Ek wil net proe.”

Hy haal vir haar ’n skoon glas uit die kas uit. “Jy en Joe was vyande?”

“Proe.” Hy hou die glas vir haar.

Sy droog haar hand af en neem dit. Elkeen teug. Haar oë rek. “Dit is . . . eg.”

“Die lekker is in die warm nagloed, die nasmaak. As dit goeie wodka is.”

“Het Joe vir die polisie gewerk?” Saggies, byna ongemerk.

Hy kyk na haar, sluk weer van die wodka. Sy spoel die glase en koppies uit en plaas dit langs die wasbak, onderstebo. Sy weet hy kyk vir haar.

Die vloeistof gly in sy keel af; die hitte daarvan vloei terug, na bo.

“Nee.”

Sy trek die prop uit die wasbak. Die seepwater gorrel in die pyp af. Hy sien haar lyf in die denim, die ronding van haar boude. Die fyn lyn van haar nek wanneer haar kop vooroor gebuig na die uitlopende water kyk.

Sy kyk om, sien hom. Sy kyk weg.

“Ek moet ry,” sê sy halfhartig, want sy sien die leë hotelkamer voor haar geestesoo. En die alternatief kan sy nie sien nie.

Sy draai om, vermy sy oë.

“Daar is . . . jy het nog wodka.”

Sy tel die glas op, stap na die sitkamer. “Ek moet nog my sandale soek.”

Sy gaan sit op ’n stoel, selfbewus. Hy stap agterna, wodkabottel en glas in die hand.

Sy kyk rond na hul handewerk, sien niks. Sluk aan die wodka.

Hy skakel die hoëtrousetel aan. Die komponente se geel en rooi liggies flikker, brand dan helder. Die klank sis deur die sprekers. Hy druk ’n knop, draai een. Klassieke musiek tuimel die vertrek binne, sag en vol. Hy draai die knop weg.

“Nee . . .”

Hy draai terug.

“Dit is Beethoven,” sê sy.

Hy kyk na die luidsprekers.

“Vierde klavierkonsert.”

“O.”

“Andante con moto.”

Sy het ’n blou T-hemp aangehad, daardie aand. Toe hy na haar huis teen die berg gery het om te gaan vra oor die horlosie. ’n Blou T-hemp waarteen haar borste geleun het, die tepels eksoties, sensueel, vroulik teen die materiaal afgeëts, onthou hy.

“Ek ken nie klassieke musiek nie.”

Die klavier trap fyn spore.

“Dit is mooi,” erken hy, ontslae van die visioen van die T-hemp.

“Ja. Musiek met . . .” Sy kom halforent. “Ek sal moet ry.”

Hy hou die bottel omhoog. Sy hou haar glas. Hy skink. Bewe haar hand effens?

Hy wonder of sy bang is. Waarom sy nie opstaan en ry nie. Hy kyk in haar oë. Donker, bruin. Sien haar skoonheid. Hy wil vorentoe leun en sy hand oor die gladheid van haar wang trek, langs haar oor verby, teen haar nek af, tot waar haar bors ’n kloof maak.

“Waarvan hou jy?” vra sy.

Hy skrik effens.

“Musiek,” verduidelik sy.

Haar stem. Iets in haar stem. Sy teug doelbewus om ontslae te raak daarvan.

“O.”

Hy dink.

“Niks gefosis . . .” Hy hou op met praat. Probeer weer. “Niks gesofistikeerd nie.” Elke lettergreep ’n meesterstuk. Hy sien haar oë is op sy mond as hy praat. “Rodriques. Black Sabbath en Uriah Heep en Nazareth. Dylan. Kristofferson.”

Sy sê niks, kyk weg van sy mond af, kyk na haar glas, drink dit leeg, kom tot ’n besluit en staan op. “My sandale . . .”

Sy stap na die slaapkamer.

Hy volg haar met sy oë. Teleurgesteld én verlig.

Hy wag. Sy kom nie uit nie. Hy staan op. Hy weet waar die sandale lê. Hy gaan staan in die deur van die slaapkamer. Hy sien haar, sandale in die hand, uit die badkamer kom.

Hy trek sy lyf dun in die deur, sodat sy kan verbykom.

In die sitkamer volg die orkes die tema van die klavier.

Sy kyk na hom, haar glimlag skeef en niksseggend, en sy stap verby hom waar hy in die deur staan. Sy hand haak aan haar arm, 'n georkes-treerde toevalligheid.

Sy weifel, huiwer, draai half na hom toe. Sy skuif haar voete om haar balans te herwin en hy soen haar.

[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

Hulle lê op die waterbed langs mekaar. Haar kop is op sy skouer, teen sy wang, haar regterbors op syne, haar knie oor sy bene.

Hy verwonder hom aan die ligtheid van haar aanraking, die warm kalmte van haar lyf. Netnou was sy 'n vuur, 'n hooggoond, toe 'n vlam. Nou 'n gloeiende kool.

Waarom is hy nog hier?

Gewoonlik loop hy. Gewoonlik jaag die verwondering hom op. Verwondering oor die post coitus-hartseer wat sy bewussyn versluier, die afloop van die liefde, die leegheid, hoe hy homself ná die orgasme kon vind en verloor.

Dit is nou dieselfde. En anders.

Hy voel haar ooglid teen sy wang beweeg. Hy draai sy kop en sien een groot bruin oog. Hy het gedink sy slaap. Hy trek die kombers met sy voet nader, bedek hulle dan.

Die andersheid. Met Catherine, die songodin van Kalifornië, met dié voor haar, met Wendy-deur-Rodin was die dringendheid van die lyf, die dryfkrag om die manlike ego in stand te hou en met 'n voortreflike seksuele vertoning dieselfde.

Hy was 'n toeskouer van sy eie passie. Kyk na die man en vrou. Kyk hoe hulle wriemel, kyk na die spasmas, kyk na die stroefheid van die mond, die desperaatheid, die vasberadenheid om te ontsnap, 'n hormonale ontvlugtingsroete. Tot die orgasme sekondes van intensiteit bring, 'n kruin, 'n afgrond. En dan val hy. Deur 'n lug van helder werklikheid, waarin hy homself ontmoet – en nie van die vreemdeling hou nie. Tot in die troebel water van ongemaklikheid oor die vreemdheid van die liggaam langs hom. Tot in die dryfsand van selfverwyte en swartgalligheid en depressie oor alles wat kón gewees het. Dan sou hy opstaan om te ontvlug aan die intimiteit, iewers te gaan sit en met sy hande deur sy hare vryf, oor en oor en oor, en wonder hoeveel van homself hy gegee het, begin om die gordyne weer dig te trek – vir homself en vir die ander liggaam wat nog daar op die bed iewers lê.

Versadig. In 'n sekere sin onversadig. Afwagtend vir die dae om weke te word, tot begeerte weer die oorhand kry. Nou wag hy vir die verwyte en die



ongemak. Bekommer hom oor die feit dat dit nie wil kom nie.

Haar hand beweeg op sy bors. Vingers wat die vel oor sy ribbes streel, 'n ou litteken verken.

Begrip vorm in hom, stadig, soos 'n inkomende gety. Vermoedes word bevestig en hy begin deure in sy kop toetrek as veiligheidsmaatreëls. Hy soek na ander denke, nuwe onderwerpe, weerligafleiers.

Hy kyk na die fynheid van haar hand op sy bors, die vernuftige ontwerp daarvan, visualiseer die netwerk van senuwees wat bevele van haar brein na spiertjies stuur om elke klein beweging uit te voer. Die grys massa agter die bruin oë, onder die kort blonde hare, die liasseerkabinet van haar lewe, met die geheime lêers waarin niemand ooit sal kyk nie, miskien nie eens sý nie.

Daar, iewers, is 'n lêer met sy naam op. Dun, met netjiese velle wit papier daarin, waarop haar netjiese handskrif dringende vrae geskryf het. Wie is Ivan Malan? Wát is Ivan Malan? Waarom? Waarom dié intense nuuskierigheid? Die dringendheid? Wat maak dat sy so onkeerbaar na inligting oor hom soek?

En hy keer. Hou deure en gordyne toe. Die Groot Vreemdeling. Hy weet dit is sy agtergrond. Maar dit is nie al nie. Miskien wil hy haar nie vertel nie omdat hy self nie weet nie. Haar asemhaling is diep en reëlmstig, maar haar vingers trek nog steeds sy torso na, stadig, asof sy die kontoere daarvan wil memoriseer.

“Jy gaan dalk teleurgesteld wees as jy alles weet.”

Sy antwoord nie. Haar vingers staan net vir 'n oomblik stil.

“Van my.”

Sy skuif haar kop effens, op soek na 'n meer gemaklike posisie. Haar kort hare is hier teen sy mond. Hy ruik die volheid en vroulikheid daarvan, voel die veerligtheid teen sy baard, sy vreemde snor. Maar sy sê niks.

Wat is daar om te vertel? Waar dit begin het? Hiemee dan nog 'n aflewering van . . . dramatiese musiek . . . die Ivan Malan-sage. 'n Held. Ha! Hy kon seker een gewees het. Wat het die landdros gesê? Jy het 'n keuse. Ons het almal 'n keuse.

Is dit waar sy storie begin? Voor 'n landdros, 'n ou man met rooi hare en grys slape en 'n wysvinger soos 'n politikus wat kwaad was vir die stelsel, want hy wou vir Ivan Malan laat toesluit. “Ek moet vir jou 'n opgeskorte vonnis gee.” Teleurgesteld daaroor.

“Die landdros het gesê 'n mens het altyd 'n keuse,” sê hy vir Ragel Bergh.

Waarom? Wil hy homself gaan soek, om te weet wanneer die andersheid gekom het? Hóékom die andersheid nou gekom het? Hoe hy ontslae kan raak daarvan?

“Ek het vir hom gelag, want keuses was vir mense wat kon huis toe gaan.”

Hy bly stil. Hy hoor hoe sy opgehou het met asemhaal. “Toe ek uitloop uit die hof, was daar twee van hulle.”

Sy haal weer asem, sag, asof sy hom nie wil onderbreek nie.

En hy maak sy oë toe en hy sien die helderheid van die sonlig ná die somberheid van die hofgebou en hy hoor die straatgeluide en hy draai links en stap af stad toe en die enigste genot is die boeie wat nie meer om sy polse is nie en skielik is hulle langs hom.

“Malan.” Dit is die lang een wat praat. Net so lank soos hy. Skraal. Lang nek. Sterk kakebeen, bruin hare kort, netjies. Hy lyk soos ’n dienaar van die gereg.

“Julle is te laat.”

Hulle antwoord hom nie. Wag net vir ’n verduideliking.

“Die landdros het klaar die preek afgesteek. Die een dat ek in die tronk hoort.”

Die ander een is kort. Middeljarig. Swart hare, grys slape. Dieselfde kort, netjiese haarstyl. Grys pak klere, ’n stil das, blink swart skoene. Skraal. Die Laurel en Hardy van die gereg. Laurel doen blykbaar die praatwerk.

“Ons het vir jou ’n proposisie.”

“Wat? As rolmodel van ’n misdadiger by die polisiekollege? Om die konstabeltjies mee bang te maak?” Hy is doelbewus arrogant. Nie een van die twee is jonk nie. Hulle moet dus senior range bekleë. En hy wil hulle geen respek betoon nie.

“Ons is nie van die polisie nie.”

Hy was só seker daarvan dat hy eers dink die skraal een lieg vir hom. Maar as hy in die gesig soek vir bevestiging van die leuen, besef hy die man praat die waarheid. Nie die soort wat speletjies speel nie.

“Wie is julle?” Sy bravade het verdamp.

“Iemand wat jou kan help.” Laurel maak ’n eienaardige handgebaar, ’n amperse koninklike wuif van die hand.

“Kom ry saam,” sê hy en tree van die sypaadjie af. ’n Groot wit Ford gly langs hom in en kom tot stilstand. Laurel hou die agterste deur oop. “Dit kan jou lewe verander.”

Daar is 'n tafel en twee stoele in die kamer. En swaar gordyne voor die venster. Laurel beduie hy moet gaan sit, Hardy neem plaas op die ander stoel en maak 'n bruin lêer op die tafel oop.

Die rit in die motor was sonder gesprek. Hulle het weerskante van hom gesit. Die bestuurder het nie omgekyk nie, maar Ivan kon sien hy was jonk, met 'n militêre haarstyl. Hulle het na die suidelike voorstede gery. Sy kop het oorgeloop van die vrae, maar hy het stilgebly, as bewys dat hy nie vir hulle bang is nie. Hy het voor hom uitgestaar, sy swetende hande op sy skoot gevou.

Voor die huis het Laurel uitgeklim en die deur oopgehou.

“Kom.”

Die huis is weggesteek agter 'n boomryke tuin, effens verwaarloos. Hardy het gevolg. Laurel het die voordeur oopgemaak. Net die knop gedraai. En deurgestap na die kamer met die toe gordyne en die tafel en twee stoele.

Laurel het teen die muur geleun en 'n sigaret aangesteek.

“Ivan Malan,” sê hy deur die sigaretrook, sy gesig onduidelik in die skemer van die kamer. “Gebore op 10 April 1958 in Johannesburg. Skoolgegaan in Florida. Vader was 'n rekenmeester, moeder 'n huisvrou. Enigste kind. Intelligensiekwosiënt van 138. Uitstekend gevaar op skool tot hy sy ouers in 'n motorongeluk verloor. Voltooi skoolloopbaan onder toesig van Herman Ollewagen, broer van sy oorlede moeder. Matriekuitslae gemiddeld. Opgeroep na 1 SAI, Tempe, Bloemfontein, 1976. Doen aansoek om spesiale diens. Gekeur vir Drie Verkenningseenheid. Aangewys as beste dienspligtige in die groep se basiese opleiding. Twee sitasies vir voortreflike diens tydens operasies in Angola en Suidwes. Word 'n offisierskursus en 'n permanente aanstelling aangebied, maar wys dit van die hand. Waarom, Malan? Waarom het jy nie gebly nie?”

“Wie is julle?”

“Waarom het jy nie gebly nie?”

“Ek was moeg vir al die kak.” Sy woordkeuse is opsetlik, in opstand teen die skending van sy privaatheid, teen die man se absolute selfvertroue. Maar hy weet daar was ander redes hoekom hy nie in die weermag sou bly nie. Soos die pyn wat maar altyd teruggekom het, die depressie wat soos 'n donker kombers oor hom geval het, 'n klewerige kombers waarmee hy nagte deur moes spartel. Hy het aan almal bewys dat hy die beste was, maar

dit het nie gehelp nie. Toe vlug hy voor die pyn en die depressie en die eensaamheid tussen honderde ander soos hy.

Die man ignoreer sy woorde. “En hoe sien jy die toekoms?”

Die toekoms? Hy wil in Laurel se gesig lag. Iemand soos hy hét nie ’n toekoms nie, want die toekoms wil hóm nie hê nie. Hy besluit om die man se kalmte, sy onverstoorbaarheid te koggel. “Hoekom? Het julle ’n pos vir ’n profeet?”

Laurel het na die tafel gestap en die sigaret in ’n asbak doodgedruk. “Jy kan maar die houdinkie laat staan. Ons weet wie jy is. Ons weet presies hoe taai en onverskrokke jy is. Ons weet ook hoe bang en onseker jy is. Ontspan. Ons het ’n werksaanbod. Jy kan dit vat of jy kan dit los. Al wat ek nou vra, is dat jy my vrae so eerlik moontlik sal antwoord. Verstaan jy dit?”

Die man se stem is rustig, geduldig, sonder ’n sweem van meerderwaardigheid. Net absolute selfvertroue. Ivan knik.

“Goed. Kom ons begin weer. Hoe sien jy die toekoms?”

Ivan haal sy skouers op. Hy soek na woorde.

“Sou dit ’n akkurate opsomming wees as ons aanvaar dat jy geen onmiddellike planne het nie?”

“Ja.” Sy stem is skor, onseker.

Die man loop steeds om en om die tafel, sy hande agter sy rug saamgevou, sy kop effens vooroor. Die korter, ouer man, blaai steeds deur die bruin lêer.

“Goed. Ons verteenwoordig die . . . noem dit die militêre gemeenskap. En daar buite,” hy maak ’n handgebaar in die rigting van die venster, “verkeer ons in ’n staat van oorlog. Jy was deel daarvan. Die opsigtelike deel. Dié deel waarin die slagveld afgebaken is deur linies, deur grense. Daardie oorlog vind plaas binne sekere reëls, sekere beperkinge. ‘Konvensioneel’ is die woord wat dikwels gebruik word.”

Hy gaan staan langs die deur, weer met die rug teen die muur. Hy haal sy pakkie sigarette uit, kies een en steek dit aan met ’n metaalaansteker. Hy kyk na die dak.

“Ongelukkig is dit so dat dit nie die enigste fout is wat ons moet verdedig nie. Daarvoor sentreer die konflik in die land te veel op ideologieë. Die ‘totale aanslag’, soos ons staatspresident dit so akkuraat beskryf het, beteken ook dat ons ons man moet kan staan op ander terreine. Neem nou maar die Nasionale Intelligensiediens, die Veiligheidspolisie, Militêre Intelligensie . . .”

Hy tik die sigaret se as op die mat en druk dit met sy skoen se punt. Dan stap hy weer, van muur tot muur. Ivan se oë wil hom volg, maar hy besluit daarteen. Hy staar na die houtblad van die tafel voor hom.

“Ongelukkig is dit so dat elkeen van dié sekuriteitsarms van ons land gebind word deur hul amptelikheid. Hulle het amptelike lyne van rapportering, amptelike begrotings, amptelike verantwoordelikhede. En hulle is so groot, so burokraties. Besluite neem weke, selfs maande. Inligting kan verstrengel raak in die web van amptelikheid. Vinnige optrede word gepootjie. Inisiatief verdwyn in dié amptelikheid.”

Die skraal man stap oor na die tafel en druk die sigaret langs sy gestorwe makker dood. Hy gaan sit skuins op die tafel en kyk na Ivan. “Ons het nie dié probleme nie. Want die somtotaal van ons instansie se gesagstruktuur sien jy hier voor jou. En as jy besluit om aan te sluit, is jy werknemer nommer drie. Met ’n maksimum totaal van sestien. As jy nie die vier of vyf konsultante in ag neem nie.”

Ivan lig sy kop. “Wie is julle?”

Die skraal man staan op en stap weer rusteloos na die deur, waar hy omdraai en langs ’n nuwe roete terugstap. “O, ons het verskeie name oorweeg. Maar, omdat ons militêre verbintenisse het, het ons uiteindelik besluit om net as Die Eenheid bekend te staan. In eie geledere, natuurlik. Want buite Die Eenheid weet net een ander mens van ons.”

Hy het by die tafel geëindig. Dan draai hy weer om. “Verskoon my.” Hy stap deur toe, maak dit oop en gaan uit. Hardy kyk op van die lêer, in Ivan se oë, maar hy sê niks. Hy meet my, dink Ivan. Hy staar terug. Laurel kom terug met ’n stoel in die hand. Dit is ’n metaalkombuisstoel wat nie by die ander twee langs die tafel pas nie.

“Ons moet nog stoele kry,” sê Laurel en sit die stoel by die tafel neer. Hy stap terug deur toe, maak dit toe en kom sit. Hy sit op die punt van die stoel en leun vooroor, na Ivan.

“Jy wil ook seker weet wat ons name is. Dit kan ek ongelukkig nog nie vir jou sê nie. Intussen kan jy my as ‘kaptein’ aanspreek. En vir hom as ‘kolonel’.” Hy wys in die rigting van die man met die lêer.

Ivan knik. Die kaptein gaan voort, sy stem rustig, maar sy liggaam nooit stil nie. Terwyl hy vooroor geleun sit, beweeg sy linkerknie op en af in klein rukbeweginkies. “Wat ons jou kan bied, is seker die volgende vraag wat ek sal moet beantwoord. Ten eerste: opleiding. Die intensiefste opleiding waaraan ’n mens blootgestel kan word. Een volle jaar daarvan. Deur

spesialiste, die beste wat ons geld kon koop. Jy sal in twaalf maande meer leer as wat studente in vier jaar op universiteit leer. Wat gaan ons jou leer? Te veel om op te noem. Maar kom ek probeer. Eerstens, om te oorleef. Maar ook om te manipuleer, om mense uit jou hand te laat eet, om vriende te maak, om mense te beïnvloed. Ons sal jou leer om geld te maak in enige land ter wêreld. Om 'n klomp tale te kan praat soos 'n moedertaal. Om op elke denkbare manier inligting te versamel. Om mense met jou hande te beseer of te elimineer. Om elke wapen bekend aan die mensdom te kan gebruik. Om toneel te speel – beter as 'n Shakespeare-akteur. Wat is daar nog, kolonel? Ons gaan van jou 'n vakman maak. Elektronika, motorwerktuigkunde, hoe om vragmotors te bestuur . . . diepseeduik . . . 'n vlieglicensie . . . valskermspring . . . maar dié kan jy doen.”

Die kaptein staan op. Die sit het te lank geword. “Maar bowenal gaan ons vir jou 'n huis gee. 'n Tuiste. 'n Plek waarheen jy kan terugkom. Waar jy veilig sal wees. Waar jy later ander kan leer. Ons gaan vir jou 'n toekoms gee.”

Hy weet die man is besig om hom te manipuleer, om aan hom die geelwortel te gee waarna hy smag. 'n Broederskap. Om aan iets te behoort. 'n Tuiste. 'n Toevlugsoord. Hy wil dit alles in die ernstige gesig teruggooi. Vir hom sê hy kan sy werk, sy opleiding, sy toekoms in sy gat steek. Maar hy weet hy gaan dit vat. Want daar is niks anders nie.

“Stel jy belang?”

Hy kyk in die man se oë. “Dit is al wat ek het.”

Die kaptein glimlag en stap nader. “My naam is John Sutherland,” sê hy, “en dit is kolonel Braam Otto. Kom ons ry.”

Die Plaas. Hy het laatmiddag daar aangekom. Saam met dieselfde motorbestuurder in dieselfde Ford. Eers van Kaapstad na Laingsburg. Daar het die motorbestuurder vir hom gevra of hy koeldrank wil hê. Hul enigste gesprek. By Leeu-Gamka regs, op die Fraserburg-pad. Toe, met stofpaadjies, oor godverlate vlaktes, tot op Die Plaas.

'n Ou opstal, gerestoureer, witgekalk. “Kom,” het die motorbestuurder gesê en vooruit geloop na die voorafvervaardigde geboutjie waar hy en die ses ander sou slaap, 'n kaserne, 'n militêre slaapsaal.

Die Plaas. Met die ou sinkskuur wat in 'n lesingsaaltjie omskep is. 'n Stowwerige werf waar die warrelwinde in die somer die enigste lafenis in die droë, versengende hitte geword het. Behalwe die stinkende groen slymwater van die dam by die windpomp, 'n kilometer van die opstal af.

Die tuiste. Een jaar van sy lewe daar deurgebring. Elke klippie op die werf, elke pol van die veld leer ken.

Twee rekrute was reeds daar. Jonk, net soos hy. Die ander drie het in die volgende week gekom. Hul oë was wild, net soos syne.

En toe, die “konsultante”. Sensei Matsimoru. Hulle het nooit uitgevind wat die klein Japannees se voornaam was nie. “You will call me Sensei,” was die opdrag, en almal het gehoorsaam, sonder uitsondering. Hulle het baie bespiegel oor Matsimoru. Die legende was dat hy in die jare vyftig een van die Japanse Karate-assosiasie se kampioene was. Dit het toewyding geverg sonder om geld in te bring. Matsimoru het glo later as lyfwag vir die hoof van ’n smokkelkartel begin werk, om die pot aan die kook te hou. Toe die smokkelbaas van hom verwag om sy talente vir moord in te span, het die klein Japannees geweier. Sy vrou en kinders is om die lewe gebring. Hy het wraak geneem deur die baas en sy naasbestandes in ’n nag van bloed en geweld uit te wis. En toe het hy na Afrika gevlug.

Hoeveel daarvan waar is, sal hy nooit weet nie. Maar dit is wat hy weet. Sensei Matsimoru, met die skoongeskeerde gesig en die gladgeskeerde kop, wat hulle eers fiks gemaak het. Hy was al iewers in die onpeilbare jare van Oosterse vyftig, maar hy het saam met hulle gehardloop, elke oggend voor die son opkom. Kilometers deur die veld. Hy het hulle geleer om te beweeg, om asem te haal, om energie te bespaar.

En wanneer die son opkom, het hulle op die stofwerf aangeblaas gekom en in ’n halfmaan om hom gaan staan. Van lompe vakleerlinge tot ligvoetse meesters. Dít in een jaar. Genadeloos gedryf tot elke spier geskree het van die pyn. Hardloop, oefeninge, kata’s. Karatebewegings oor en oor en oor tot hulle almal dit tot in die fynste mikrometer perfek kon doen.

Sy filosofie van ’n gesonde liggaam het Matsimoru aan hulle voorgehou as evangelie. Tot hulle dissipels geword het.

Von Schaurot. Die huursoldaat wat van Duitsland na België na die Kongo gegaan het. En daarna nie ’n burgeroorlog in Afrika misgeloop het nie. Hulle het agteraf bespiegel dat al die hare wat Matsimoru afgeskeer het, deur die Goeie Vader aan Von Schaurot gegee is. Hulle het hom Dolfie genoem, maar nooit voor hom nie. ’n Verkorting van Adolf. Hitler. ’n Militaristiese mannetjie wat, so het die gerug gelui, selfs op aandag geslaap het.

Hy was altyd hoflik. Het hulle as “menere” aangespreek “omdat ek julle as offisiere beskou”. Aan sy voete het hulle geleer, swetende middag ná

swetende middag in die sinkklaskamer, van die vuurwapens van die wêreld.

Op die skietbaan by die droë lopie het sy stem in die Duitse aksent oor die Karooveld gedra: “Nie die sneller trek nie, menere, druk hom. Soos die ferm bors van ’n jong vrou.” En dan het hy heimlik geglimlag, soos ’n man vol herinneringe.

Zatopek Smit. *Die Prof.* Die derde lid van die konsultante se sogenaamde “kortgat-brigade”. Smittie het elke Vrydag gekom, met ’n Cessna van Die Eenheid wat op die veldjie langs die huis geland het. En Sondae teruggevlieg. En elke naweek vir hulle geleer van die wondere van elektronika. Meeluisteraparaat, radiosenders, opsporingsmeganismes, alarmstelsels, radarontduiking, gevorderde elektroniese tydmeganismes vir plofstof.

Ivan was die enigste een van die ses “studente” wat skaak gespeel het. Smittie het hom uitgesnuffel en uitgedaag. Hulle het Saterdagoggend buite die slaapsaal gesit, twee stoele, ’n leë ammunisiekie, ’n kers en die skaakstel wat Smittie hom present gegee het, gekerf uit geelhout en swarthout.

In die winter het hulle in die opstal se kombuis gesit, by die koolstoof waar ou Abraham, die kok en faktotum, hul etes voorberei het. Smittie, pyp tussen die tande, rustige stem, wat Ivan se verlede stuk vir stuk langs die skaakbord aangehoor het, wat hom wou leer van die lewe, van mense. Die man wat kon lag vir homself en vir die snaakse ou wêreld waarin hulle geleef het.

Mejuffrou Alberta Lochner. Die taalkonsultant. Oujongnooi. Lank en groot gebou, skouers soos ’n rofstoeier. Iets in die veertig. Kort hare, manshemde, mansbroeke en -skoene. Hulle het haar *Butch* genoem wanneer sy nie kon hoor nie. Haar growwe stem het hulle daartoe gedryf om die “klastoetsies” te slaag. Frans, Duits, Spaans, Engels. Sy was Maandae tot Woensdae daar. Niemand het geweet waar sy bly nie. Elke Maandagoggend het sy in haar vaal Land Rover opgedaag, presies om 07:15. Met ’n wynrooi reistassie en ’n swart aktetas. Mejuffrou het in die agterste kamer van die opstal geslaap. En in die laatmiddag alleen deur die veld gaan stap in haar “veldklere”: kakiebroek, -hemp en velskoene. Woensdagmiddag is sy weer in ’n stofstrepie daar weg. Na iewers. Hulle het bespiegel.

Stas Nel het gemeen sy bly in die Knysnawoude – saam met ’n gay gorillawyf. Stas was die grapmaker onder die ses. Dit was hy wat eerste met die byname was. Hy wat Die Eenheid herdoop het na Die Firma.



Maar vir Sutherland kon hy eers nie 'n bynaam kry nie. Sutherland, wat hul dae volgemaak het. Hulle het sy stem gehaat, sy rustelose op en af stap in die sinkklaskamer verafsku, maar hulle het na hom geluister.

As Sutherland net sy talente wou inspan, kon hy die suksesvolste gewoontemisdadiger in die wêreld gewees het. Hy het alles geweet. Omkopery, afpersing, vervalsing, rooftogte, swendelary, manipulasie, selfbeheer, sielkunde, terrorisme, insurgensie, teeninsurgensie, seksualiteit, smokkelary, valutatransaksies, rekenaarmisdaad, toneelspel, vermomming, propaganda, teenpropaganda – elke denkbare faset van kriminele optrede wat aan die mensdom bekend was.

“Hy is erger as Al Capone,” het Stas Nel eindelijk besluit. En Sutherland het sy bynaam gekry.

[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

Sy het geskuif op die bed. Haar kop is op 'n kussing. Haar oë op Ivan Malan wat op sy rug lê, na die dak staar, byna onbewus van haar.

“Toe, ná die jaar, moes ons gaan werk. In Europa, die Oosblok, die Midde-Ooste, selfs twee operasies in Afrika. Maar ons velle was die verkeerde kleur om op ons kontinent goed te vaar. Van die ander het opdragte in die VSA en Suid-Amerika uitgevoer. Inligting, altyd inligting, veral oor wapenstelsels. Maar daar was ook ander werk. Suiwer spioenasie op die opposisie, waarvan Joseph Moroka 'n lid was. Ek en hy was sewe maande lank in Parys gestasioneer, hy by die opposisie se kantoor, ek as 'n eenman-operasie. My opdrag was om hom te agtervolg. Hy was die wapenaankoper vir Umkhonto. Dikwels tussen Parys en Marseilles gereis. Ek moes die bron van die wapens opspoor en dit permanent laat opdroog. Joe was goed. Hy het vermoed daar is iemand op sy spoor.

“Ek het begin briefies kry wat hy in treine en restaurante vir my gelos het. *Boertjie, jy is te dom. Gaan liever huis toe en speel met die Mabenza. Of: Ek haal vandag om 15:00 die trein na Boekarest, Boertjie. Wees betyds.*”

Hy glimlag effens, vir die eerste keer. “'n Geheime agent met 'n sin vir humor.”

Dan is die glimlag weg. “Ek het hom begin respekteer, al was hy een van die Ander. Ons het mekaar se gesigte oor afstande gesien. Hulle het probeer om my te agtervolg, ek het probeer om hul stertjie te ontglip. Maar ek het sy wapenbron opgespoor en toegestop. Hy het nie daarvan gehou nie. Maar dit het die briefies vinnig laat opdroog.”

Hy bly stil, kom onwillig terug na die werklikheid. Hy draai sy kop, kyk na haar.

“En Katrina?” Haar stem is sag.

“Ek het haar maar verlede week ontmoet.”

Sy verwerk dié inligting, vra dan: “Dink jy sy en Joseph het iets aan?”

Hy glimlag vir die werking van haar brein. Sy glimlag saam.

“Onmoontlik,” sê hy.

“Hoekom?”

“Omdat Joseph Moroka mans verkies.”

Sy sit halforent. “Hy is gay?”

Hy knik. “Dit was sy ondergang. Een van die ander intelligensie-arms van die staat het dit uitgevind – en vir hom ’n lokval gestel, met ’n mooi jong swart man wat aan ons kant was. Dit is waarom Joseph Moroka vandag ’n werkwinkel besit. Hy kon op die generale staf van Umkhonto gewees het.”

“Het jy die werk geniet?”

“Soms. Soms was dit opwindend, gevaarlik. Maar dit was dikwels roetine, weke van verveeld iemand dophou, agtervolg. Of net wag vir jou volgende opdrag. Daar was tye wat ek die werk verafsku het . . .”

Hy loop ’n draai in sy herinneringe, sy oë toe, asof hy dit wil wegsteek vir haar.

“Dit was anders. Op die grens was dit ’n speletjie. Ek bekruip jou en jy bekruip my en ons skiet op mekaar en jy sien nooit die bloed en verminking en die dood deur jou toedoen nie. Net nou en dan, maar jy weet nie of dit jón skoot was wat die skade gedoen het nie.”

Hy maak sy oë oop.

“Die eerste keer was net ses maande nadat ek begin het. Die eerste eliminisie. Istanboel. In ’79. Hy was die verskaffer van kleefmyne aan die opposisie, deur na Zambië. Ek het hom deur die teleskoop leer ken. Elke haar op sy hoof . . .”

Sy vinger wat die sneller van die Walther WA2000 saggies druk, die groot geweer wat ruk teen sy skouer, die Turk se kop wat oopgaan.

“Ek wil dit nie weer doen nie.”

Sy verander die onderwerp doelbewus. “Wanneer het jy . . . van werk verander?”

Hy kyk op, in haar oë. “Die hervorming het ons sonder werk gelaat. Sonder ’n vyand. ’n Geheime leer sonder vyand . . . Ons is teruggeroep. Sutherland en die kolonel het nie geweet wat om met ons te doen nie. Ons was ’n potensiële verleentheid. Om ons oor te plaas na gewone militêre eenhede sou papierwerk verg. En verduidelikings. Hulle kon dit nie doen nie. Toe kry ons elkeen, ná maande se onaktiwiteit, ’n brief en ’n tjek. ’n Goue handdruk. Die begroting moes gesteier het, want die tjeks het ’n hele klompie nulle gehad. En tussen die reëls kon ons lees: vat die geld en bly stil. Sommige het die geld gevat en nié stilgebly nie. Jy lees die koerante. Jy weet.”

Sy knik. “En toe begin jy en Smittie met julle . . . onderneming?”

“Dit was half toevallig. Ek het nie geweet wat ek sou doen nie. Ek was nie meer die dwalende oudsoldaat van ses, sewe jaar tevore nie, maar ek was vir net een ding opgelei. Eers besluit om net te reis. Die werk het my ’n dors na ander lande, ander kulture gegee. Maar ek het altyd teruggekom. Eenkeer vir Smittie gaan opsoek. Later weer. Hy het toevallig genoem dat hy ’n vriendin het met ’n probleem. Sy het die verkeerde huwelikskeuse gedoen en feitlik al haar besittings verloor. Ek het so bietjie gehelp. Sy was ruimskoots dankbaar. Sy het weer van iemand anders geweet . . . Dit het stadig ontwikkel, informeel, sonder voorbedagte rade. Maar dit was iets waarin ek my opleiding, my ondervinding kon toepas. En dit het geld ingebring. Om weer te reis.”

Hulle lê langs mekaar. Sy kyk na hom. Hy kyk na die plafon. Hy wil hê sy moet weer aan hom raak. Haar warmte teen hom, haar hare teen sy wang en sy oor, die reuk van haar in sy neusvleuels. Maar hy weet sy kan nie nou nie. En hy kan haar nie met ’n arm nader trek en teen hom aandruk nie.

Hy verwonder hom aan die verandering in hom en aan die eienaardigheid van menslike optrede en die stilte wat tussen hulle gekom het.

In die donker ure van die oggend roer sy op die waterbed en die monstrositeit klots en beweeg. Hy hoor haar giggel. Dan leun sy oor, soen hom saggies op sy oog, staan op, maak stil-stil haar goed bymekaar en gaan in die badkamer aantrek. Sy sluip uit. Hy hoor haar motor toe sy wegy.

By die lughawe het hy nie die vaagste benul hoe om die afskeid te hanteer nie. Sy sien dit, en sê dan: “Jy sal versigtig wees.”

“Ek sal.”

“Sien jou in die Kaap.” Sy soen hom vinnig op die mond. Die reuk van haar hare, die aroma van haar parfuim, die gewig van haar hand op sy skouer, en dan is sy weg, ’n vrou in ’n ligblou somerrok wat vinnig by die deurgangpunt waai en dan verdwyn.

Hy bly staan. Asof sy weer sal verskyn. Dan draai hy teësinnig om, want vir die eerste keer in baie jare voel hy alleen. Hy dwing sy gedagtes na dit wat voorlê. Dit is tyd dat hy en Michael Bosman mekaar ontmoet. Sodat hy sy werk kan klaarmaak.

Die Premier Buiteklub is ’n oase in die vaal Hoëveldse landskap. Hy kom laatmiddag daar aan, in sy BMW, geklee in die oordadigheid van Richard Potgieter. Gholfspelers set op die laaste perk; die breë stoep is volgepak deur mense wat die son onder wil drink. Binne, by die lang kroeg van

eikehout, sit nog 'n paar wat nie die verskoning nodig het nie. Hy stap daarheen, selfversekerd, vol bravade. Die kroegman groet vriendelik.

“Howzit, chief. Dubbel-whisky met ys, asseblief.”

Die kroegman hou kennelik nie daarvan om as “chief” aangespreek te word nie, maar hy het al alles gesien. Hy kyk ondersoekend na Ivan, maar bedien die drankie.

Hy slaan dit met een gladde beweging van die arm en kop weg. “Vanaand word daar feesgevier, chief. Nog een, asseblief.”

Weer bestudeer die kroegman hom. Hy drink dié een stadiger.

Bosman en die rooikopvrou kom drie whiskies later ingestap. Ivan sit opsetlik met sy rug na die tafels en stoele in die vertrek en sien eers vir Bosman as hy 'n bottel witwyn by die kroeg kom bestel. Hy kyk nie eens in Ivan se rigting nie en noem die kroegman op sy naam.

“Sit dit op my rekening, chief. En vra vir die mense daar onder wat hulle wil hê.” Ivan beduie na die ander punt van die kroegtoonbank, waar twee mans en 'n middeljarige vrou gesels. Sy woorde is afgemete, soos 'n man wat ietwat moet konsentreer om sy uitspraak sonder 'n sleep van die tong te hou.

Bosman kyk verbaas na die man by die kroeg. “Dit is nie nodig nie, vriend. Maar dankie.”

“Ek glo daaraan om my geluk te deel.”

“Dankie.” Bosman is nie lus om in 'n geselskap betrokke te raak nie. Hy neem die bottel wyn en twee glase en stap terug na sy tafel. Op pad groet hy na links en regs.

Ivan bestel nog 'n whisky. Die kroegman frons. “U moet maar stadig. Dié goed kan giftig wees.”

“Ek kan my drank vat, chief. Vanaand moet ek feesvier.”

Die man skink die whisky sonder verdere kommentaar. Ivan draai om, een elmboog op die kroegtoonbank, en kyk na die vertrek wat al hoe voller begin word, 'n glimlag wat sy mond skeef trek. Hy wieg effens heen en weer, asof op maat van die sagte musiek wat iewers uit luidsprekers in die dak opklink.

“Nou wanneer kom die vroumense, chief?” Sy glimlag is groot, innemend, asof hy die man insluit by 'n eksklusiewe klub van manlikheid.

'n Paar mense by tafels daar naby kyk gesteurd op. Die kroegman reageer nie op sy jovialiteit nie. “Hier is nie eintlik vroue wat alleen kom nie, meneer.” Die frons verdiep.

Ivan draai weer om. Hy sal Bosman se aandag weer moet trek. Die whisky is besig om sy tol te eis, maar hy het sy onderbewussyn oor en oor hiervoor geprogrammeer. Dan mors hy opsetlik van die drank op sy baadjie en hemp. Sodat hy sterker moet ruik, sodat hy 'n verskoning het om deur die vertrek te stap.

“Dié goed het groter gif as wat ek gedink het, chieft. Waar is die badkamer?”

Die man beduie, sy houding nou openlik afkeurend. Ivan staan op en begin stap, sy oë op die vloer, 'n versigtige tred, die een voet lynreg voor die ander, oordrewe konsentrasie.

Daar is niemand in die badkamer nie. Hy urineer, kyk dan in die spieël terwyl hy sy hande was. Sy oë is al effens bloedbelope. Hy glimlag skeef vir die man met die swart snor voor hom.

“Jy is dronk.”

Dan draai hy om en stap uit.

Bosman is besig om met die rooikop te gesels. Hy is oor sy stoel gedrapeer soos 'n man wat tuis is, vol selfversekerdheid. Ivan gaan by die tafel staan, wiegend van been na been. Hy kyk na die vrou, dan na Bosman, wat gestoord sy monoloog onderbreek.

“Jy weet, jy is 'n bevoorregte man,” sê Ivan. Sy tong struikel teen die einde van die sin.

Bosman onderdruk duidelik sy irritasie. “Hoe so, vriend?”

“Beeldskone vrou aan jou sy, lid van dié klub . . .” Hy waai sy arms dramaties om die gebou om hom in te sluit. “Geld. Jy moet geld hê om hier lid te wees . . .”

Bosman glimlag geduldig en wil dan met sy gesprek voortgaan. Ivan gee hom nie die geleentheid nie.

“Ek het ook nou die geld. Nou moet ek net vir my ook 'n rooikop kry.” Hy lag, asof hy 'n humoristiese stelling gemaak het. “Die geld is die maklikste.” Amper asof vir homself. “So maklik.”

Daar gebeur iets in Bosman se gesig. Die oë vernou vir 'n oomblik en swiep vinnig oor Ivan se klere, sy gesig. Dan keer die frons weer terug.

Maar dit was genoeg. Die aas is aan die hoek. En die prooi swem nader.

“Laat ek julle nie pla nie. Ek het nog feeste om te vier.” Hy stap weg sonder om terug te kyk. Bosman sê nie ’n woord nie. Ivan gaan sit weer by die kroeg. “Chief, dit is tyd vir bier en schnapps. Laat ons ons nie met die dinge van kinders besig hou nie.”

“Moet meneer nog bestuur?”

“Chief, ek het mos gesê ek kan my drank vat.”

Die kroegman lyk nou onseker. “Meneer . . .”

“Skink vir hom, David. En dieselfde vir my – op my rekening.” Dit is Bosman se stem. Hy kom sit langs Ivan en glimlag vriendelik. “Dit is mos my ronde, of hoe?”

Ivan kyk gemaak verras op. Een gedagte woel deur die alkoholwaas tot dit deur die oppervlak van sy bewussyn breek. Die prooi wil proe.

“Michael Bosman.” Hy steek sy hand uit.

“Richard Potgieter. Maar noem my Titch. Almal noem my so.”

Hulle skud blad en sit dan skouer teen skouer, elmboë op die houtblad van die kroeg, en wag vir David om die bier en schnapps te bedien.

“Ek het jou nog nie voorheen hier gesien nie.”

“My eerste keer.” Hy sukkel effens met die uitspraak van die sisklank.

“Is jy ’n lid?”

“Ek wil nou uitvind hoe om aan te sluit.”

“Dalk kan ek help. Ek is op die bestuur – iemand moet jou voorstel.”

David bedien die drankies. Ivan slaan sy schnapps weg, klap sy lippe en teug dan aan die bier. Bosman doen dieselfde. “Jy is besig om ernstig te drink.”

“Ek wil die grootste fees vier in die geskiedenis van die mensdom.”

“Jou verjaardag?”

“Hu-u. Geld. Groot geld.”

“Wat doen jy? Watse werk?”

“Ek het pas afgetree,” sê Ivan en hy lag saggies, asof hy ’n grappie met homself deel.

Bosman se stem bly vriendelik. “En wat het jy voorheen gedoen?”

“Private eye. Maar dit is ’n loser se job. Daar is makliker maniere. Baie makliker.”

“Jy moet my vertel. Ek is al moeg gesukkel vir ’n salaris.”

Sê vir hom hy lieg.

Die drank het ’n miswolk voor sy bewussyn getrek. Hy wil in Bosman se gesig lag. Hy wil ’n vuus in die uitvaagsel se gesig dryf en vir hom sê hy weet alles van sy lewenswyse af. Die foto’s van hom en die rooikop – kaal in die swembad – voor hom neergooi en hom vertel hoe dit Ragel ontstel het. Dié bliksem wat sy Ragel misbruik het.

Maar hy konsentreer. “Ek kan nie vertel nie.”

Bosman bestel nog ’n ronde. “Kom sit by ons, Titch. ’n Man kan mos nie alleen fees vier nie.” Hulle neem hul glase, ’n groot bierglas en ’n klein schnappsglasie. Ivan is onvas op sy voete. Van die bier stort op sy skoene.

“Laat ek jou voorstel aan Margo.” Die rooikop glimlag geforseerd, nie lus vir die gesprek wat voorlê nie. Ivan skud haar hand teatraal en gaan sit. Hy mors bier op die tafel. Bosman roep ’n kelner om te kom skoonmaak en bestel nog drank.

“Titch sê hy het ’n maklike manier van geldmaak. Maar hy is slim. Hy wil nie vertel nie,” sê Bosman. Die rooikop sukkel om belangstellend te lyk.

“Dis nie . . . nie dat ek nie wil nie. Ek mag nie. Groot moeilikheid. Groot moeilikheid.” Sy tong is ’n lomp voorwerp in sy mond wat nie om die woorde kan krul nie.

“Darems seker nie teen die wet nie.” Margo se stem is nasaal, haar intonasie oordrewe asof sy met ’n kind praat.

“Ek praat nie.” Hy kyk na die twee, sy oë sonder fokus. “En wat doen julle?”

Margo aarsel. Bosman gryp in. “Sy is . . . ’n Mens kan haar seker ’n huisvrou noem. En ek is ’n beleggingskonsultant.”

Inderdaad.

“Help mense ryk word, nè?”

“Presies.”

Die gesprek neem ’n slingerpad oor die klub, oor gholf wat Richard Potgieter nie speel nie, maar daaraan dink om mee te begin, oor waar hulle bly, die hoë koste van ’n nuwe blyplek. Hulle bestel weer ’n paar keer. Bosman en die vrou moet die gesprek stuur. Die alkohol stel hom net in staat om kort, onvoltooide sinne by te dra. Hy besef die grense van sy uithou vermoë is naby. “Ek moet . . . bed kom. Te veel fees.”

“Nog een vir die pad.” Bosman wink ’n kelner nader.

“Te veel.”



“Jy sal nooit kan bestuur nie. Maar ons sal help. Margo kan saam met jou ry.”

Die vrou kyk skerp na Bosman, maar hy ignoreer dit. Ivan glimlag skeef en probeer sy gesig suggestief trek. “Kan gevaarlik wees.”

“O, sy is alles gewoond.” Bosman help hom op. Hy hou aan sy arms vas terwyl hulle uitstap. Koppe draai om hul vordering te volg. Die rooikop kom agterna. Ivan beduie waar sy BMW staan. Bosman spreek sy goedkeuring oor die motor uit. Hy help Ivan met die sleutel, gee hulp as hy inswaai op die passasiersitplek.

“Laat Margo bestuur. Dit is baie veiliger.”

Die vrou wag agter die motor. Bosman loop na haar toe. Ivan laat sy kop op die sitplek se stut rus. Sy aarde draai. Hy hoor hoe Bosman en die rooikop fluister. Sy protesteer oor iets, maar hy kan nie die woorde uitmaak nie. Bosman klink streng, asof hy opdragte gee. Sy stribbel teë. Fluisterstemme in die nag. Hy verloor tred met die tyd.

Die deur aan die bestuurder se kant gaan oop. Die rooikop swaai haar bene in en sit. Sy het ’n geel romp, ’n rooi-en-geel geblomde bloes aan. In sy beskonkenheid onthou hy haar klein, hoë borste.

“Bryanston het jy gesê.”

Hy kyk na haar. Die blos op haar wange is van humeur. Haar ooghare is netjies uitgedun. Haar neus is reguit, fyn, uit melkwy marmer gebeitel. Haar lippe is dun, sonder grimering, haar tande perfek. Sy het ’n sprinkeling sproete oor haar neus. Hy grinnik dronk. “Hy vertrou jou.”

Sy ignoreer die aanmerking en trek weg. Hulle ry in stilte. Hy maak sy oë toe. Alles volgens plan. Hy moet net hou. Alles volgens plan.

“Jy moet nie nou slaap nie. Jy moet beduie.”

“N1. Dan sementpad. Wes. Bryanston-afrit.” Sy mond is droog. Hy wil nog ’n bier hê. “Nie slaap nie. Baie dronk. Jammer.” Sy eie stem klink ver, half onhoorbaar, ’n gemompel. Die musiek van die klub se kroeg klink nog in sy ore. Gesigte dans voor sy geestesoog verby. Die kroegman se frons, Bosman se oordrewe hartlikheid, afkeurende blikke van die ander mense.

Dan voel hy haar hand op sy been. Sy reaksie is te stadig om te skrik. Hy maak sy oë stadig oop en draai sy kop moeisaam na haar. Nou weet hy watter opdrag Bosman vir haar in die parkeerterrein gefluister het. Hy sien haar gesig, ’n grynsag, dun lippe weggetrek van wit tande, sonder gevoel. Hy weet sy sukkel. Sy is nie lus vir die dronk man nie, maar Bosman het sy bevele gegee . . . Hy lig sy wenkbroue in ’n vraag.

“Ons kan mos maar pret ook hê,” sê sy, onoortuigend, soos die grynslag. Haar stem eggo deur sy kop. Hy het dit nie verwag nie. Hy het gedink Bosman sal die inligting uit hom pers, uit hom dwing. Hy is nie reg hiervoor nie.

“Te dronk.”

“Ons maak vir jou koffie. Ons moet nog gesels. Ek kry so min die kans.” Hy fokus op haar stryd. Hy wil lag. Sy probeer so hard om opreg te klink. En sy speel so swak toneel. Die lag loop oor, van sy brein na sy stembande, na sy mond. Saggies.

“Wat?”

“Te dronk.”

“Die koffie sal jou regruk. Jy sal sien.”

Hulle ry in stilte verder, die nag donker, die flitsende ligte van die verkeer maak patrone voor sy toe oë. Haar hand verwissel ratte, keer dan terug na sy been. Op en af, ’n meganiese aksie van bobeen en knie. Hy sien haar weer langs die swembad, dieselfde fyn hande op Bosman se harige lyf. Hy wil haar nie hê nie. Haar hand steeds op sy been, suggestief, vol belofte. Sy neem eindelijk die afrit na Bryanston. Hy beduie in enkele woorde waar sy moet draai.

“Oulike buurt,” sê sy wanneer hulle voor die deur van die meenthuis stilhou. Haar stem minder geforseer, sy is inderdaad beïndruk deur sy omgewing. Sy stap om. Hy klim uit, onvas op sy voete.

“Hou aan my vas.” Haar skouer is skraal, benerig onder die dun materiaal. Sy kyk om, na agter. Hy sien dit, maar kan nie sy sinapse laat kontak maak nie. Die aksie gaan by sy bewussyn verby. Hulle skuifel na die voordeur.

“Ons is amper daar.” Sy het nog die motorsleutels in haar hand. Hy neem dit en wys vir haar watter een om te gebruik. Die deur swaai oop. Sy help hom in. Hy skakel die lig aan en val op ’n stoel neer. Sy staan langs die deur, haar oë soekend deur die vertrek.

“Ek maak gou vir ons koffie.” Hy knik net, oë toe, en luister hoe sy deur die kaste soek na die bestanddele, die deur van die yskas, die gerinkel van koppies en teelepels, die water wat kook. Dan is sy weer daar. “Hier is te veel lig.” Sy skakel die sitkamer se lig af en hulle sit in die skemerte van die kombuis se lig wat ’n straal deur die deuropening gooi.

“Kom sit hier by my.” Sy tik met haar palm op die bankkussing langs haar. Hy staan moeisaam op en gaan sit langs haar. Sy het ’n koppie in haar

hand.

“Ek het klaar melk ingegooi. Suiker?”

“Twee.” Sy stem is skor, te hard. Hy beur orent, probeer die alkohol teenwerk.

“Lekker plekkie wat jy hier het, skat.”

Hy wil weer lag.

“Hoe op aarde kry ’n privaatspeurder dit reg om so iets te bekostig?” Bosman het vir haar heelwat gesê in die minute agter sy motor. Hoe lank was dit? Hy kan nie onthou nie.

“Gelukkige gehad.” Hy spoel die smaak van dronkenskap uit met die soet koffie.

“Jy gaan vanaand nog ’n gelukkige kry, as jy soet is.” Sy is blatant, haar hand weer op sy been, haar rooi hare teen sy gesig, ’n nat soen in sy nek. Hy stort sy koffie in sy piering en glimlag skaapagtig vir haar.

“Jy is so mooi.” Hy bedoel dit.

“Ek slaap nie saam met iemand wat vir my dinge wegsteek nie.” Die grynslag is terug op haar mond, ’n geforseerde glimlag wat haar lippe teen haar tande laat vassit, hier vlak voor sy gesig, sy hele visie met haar rosige skoonheid gevul. Amateur. Sy is nie so goed soos Bosman nie. Te haastig. Oorywerig. Sonder finesse. Sutherland sou vir haar gelag het. As hy haar onder hande kon neem, kon leer.

Maar vanaand is hy Richard Potgieter, platvloerse privaatspeurder wat ’n gelukkige gehad het. Hy moet praat. Hy sluk die koffie af en leun terug, sy bene lank voor hom uitgestrek.

“Geen geheime.”

Haar hand maak sy das los, dan sy hemp se knope. Dit beweeg na binne, oor sy torso. “Vertel vir Margo van jou gelukkige.”

“Mag nie sê nie.”

Sy ruk haar hand terug en maak aanstalties om op te staan. “Miskien moet ek maar vir Michael bel om my te kom oplaai.”

Ja. Doen dit. Los my. Maar hy weet hy moet praat. Haar gebruik as die skakel.

“Moenie.”

“Jy het geheime vir my.”

“Mag nie sê nie. Groot moeilikheid.”

Sy vlei haar weer teen hom aan, haar hare in sy gesig, haar nat lippe op sy oor, ’n fluisterstem. “Jy kan my vertrou, skat.”

“Ek wil. Moet met iemand praat.”

“Praat met my.” Haar warm tong in sy oor, ’n vuurdans.

“Egskeidingsaak gewees.”

“Ja.” Haar gesig weer hier voor hom, haar oë op sy lippe. Groen oë. Sy wag, haar liggaam gespanne. Sy wil ook klaarmaak. Hy kry haar jammer, ’n oomblik lank. Gewetenlose teef. Hy sukkel regop, sy hand op haar skouer. “Sy vrou het gedink hy slaap rond. Ek moes hom dophou.” Dan bly hy stil, kry sy gedagtes reg. Hy moet dit reg laat klink. Maar die woorde is daar in sy onderbewussyn. Dit moet net reg klink. Hy is dors.

“Bier. In die yskas.”

Sy staan vinnig op en verduister vir ’n oomblik die lig wat uit die kombuis skyn as sy by die deur ingaan. Dan is sy terug met twee oopgemaakte bottels. Toe sy gaan sit, skuif sy die geel romp doelbewus op. Haar bene blink in die flou lig, gespierd en perfek. Hy kyk. Sy stop die bier in sy hand en sluk van haar eie, haar vry hand weer hoog op teen sy been.

“En toe?” Stemtoon minder dringend. Sy weet die einde is naby.

“Hy het ’n skelm gehad. Wou eers die vrou sê. Maar . . . werk. Uitgevind van sy werk.”

Hy besef hy praat onsamehangend. Hy kan nie meer konsentreer nie. Hy maak sy oë weer toe, sy kop agteroor, bottel teen die lippe, yskoue vloeistof in sy keel. Sluk. Haar hand weer terug na sy been. Waarskuwing.

“Werk by Surelife. Beleggings. Aandele.”

“Ja.” Weer aanmoediging.

“Foto’s. Wys hom die foto’s. Van hom en sy skelm. Swartkop. Groot tiete.” Hy gebruik Wendy. Moet haar gebruik. Sutherland sê gebruik die bekende. Hy drink weer, haar hand masserend op hom.

“Sy gesig.” Hy snork ’n minagtende lag. “Geskrik. Sê kinders moet nie weet. Sê hy kan my help. Geld uit aandele. Net soveel as wat ek wil. Groot geld. Los gelukkie. Sonder einde. Foto’s. Die foto’s is by my.” Hy leun terug. Dit is verby. Maar sy is nie seker sy verstaan nie.

“Gee hy vir jou die geld?”

Sy moet nou weggaan. Hy kan nie meer sy oë oopkry nie. Net slaap. Die aarde laat stilstaan. Maar haar hand is dringend, maak hom seer. Sy sit die bier op die tafel neer langs die koffiekoppies. Haar ander hand weer by sy hemp in.

“Ek moes jou nie die bier gegee het nie. Kom, skat. Geen geheime nie.” Die desperaatheid is terug in haar stem.

“Hu?”

“Gee hy vir jou die geld?”

“Ja. Nee. Eers vir hom. Koop aandele. Weet watter. Dan vir my. Kontant. Nooit tjek. Al hoe meer. Duisende.”

Haar hande is weg van hom af. Hy forseer sy oë oop. Sy neem ’n sluk uit die bottel en kyk nadenkend voor haar uit, besig om die inligting na te gaan, te soek vir nog vrae. Bosman is streng, dink hy. Sy is bang vir hom. Sy wil nie foute maak nie. Van iewers dring dit tot hom deur dat hy binne karakter moet bly. Hy steek sy hand uit na haar, kry haar nek beet, trek haar stadig, sonder krag nader.

“My gelukkie.”

Sy lê teen hom aan, ’n lewelose bondel vlees en bene. Hy wil haar kop na hom toe draai. Sy verstyf en wurm uit sy omhelsing. “Jy is te dronk, Potgieter.” Die walging onmiskenbaar in haar stem. Sy staan op, haar hande in haar hare, vinnige bewegings om dit netjies te kry. Dan vryf sy die kreukels uit haar romp. Sy stap deur toe.

“Waar gaan jy . . .”

“Hou jou bek, dronklap.” Die deur klik agter haar. Hy laat sy kop op die kussing val. Dit is verby. Maar het dit gewerk?

Hy hoor ’n motor wegry in die stil nag. Bosman. Hy het vir haar gewag. Die omkyk. Sy brein rebelleer teen die inspanning van dink. ’n Groot moegheid spoel oor hom. Hy sink in die bank in, af, af, af.

Hy besef eers agterna hoe goed Bosman se tydsberekening is.

Die klop maak hom wakker. Dit is skaars lig buite. Die kombuislig brand nog. Sy mond is droog. Sy lyf is taai, in die klere van gisteraand. Sy nek seer en skuins geslaap op die bank. Terwyl hy na die deur toe gaan, begin die pyn in sy slape.

Hy sluit oop. Dirk Buchner beur na binne.

“Ons moet gesels, Potgieter.” Hy kyk na Ivan. “Jy lyk sleg.” Hy stap deur, kyk rond, stap na die slaapkamer. Arrogant. “Waterbed.”

Ivan stap kombuis toe. Hy moet koffie kry. Hy kan sy eie asem ruik. Sy mond smaak na ou drank. Die speeksel het opgedroog. Bosman kom die kombuis in. “Margo sê jy kon nie gisteraand jou handjies tuishou nie.” Bosman is aggressief, in die middel van die kombuisvloer, hande op sy sye.

Ivan is besig met die ketel. Die vrou het die koffiegoed net so laat staan. Die pyn in sy kop is verblindend.

“Ek was dronk.” Sy stem krapperig, soos ’n ou grammofoon. Dan onderdanig. “Ek is jammer.” Sy skouers krom, ineengetrek. Hy moet Bosman die oorhand gee.

“Sy het ’n interessante storie vertel.”

Ivan kyk op. Die lig deur die kombuisvenster is skerper. Dit maak sy oë seer.

“Van jou en iemand by Surelife. ’n Gans wat goue eiers lê.” Bosman glimlag smalend, hande steeds op die heupe. Kaartman.

“Sy droom.”

Bosman is op hom, in ’n oogwink. Groot hande gryp sy oopgeknoppte hemp vas. Bosman se kop sweepslag, skedelbeen teen kraakbeen.

Ivan voel die pyn in sy neus ontplof. Hy val, vloer toe, die sout smaak van bloed in sy mond. Bosman is op hom.

Hy hou sy arms beskermend voor sy gesig, maar Bosman se lippe is weggekrul, sy oë wild, sy vuiste klap twee, drie keer teen Ivan se gesig. Meer bloed in sy mond. Kop klap teen die vloer.

“Asseblief!”

“Ek is nie jou speelmaat nie, Pottie. Ek bliksem vir jou dood.” Nog ’n vuus kom deur sy arms, teen sy oogkas. Warm straaltjie teen sy wang. Die

woede ontplof in Ivan se maag. Adrenalien stroom, refleksie gil deur sy kop. Maar hy beheer dit. Fokus, het Sutherland gesê. Fokus op jou asemhaling. Diep asem. Matsimoru. Asem is die moeder van die liggaam. Hy span sy arms om sy gesig.

“Asseblief.”

Bosman ruk hom orent aan sy hemp. Materiaal skeur. Sy kop teen die kas. Hout splinter. Bloed in sy mond, uit sy neus, uit sy oogbank. Bosman het die ketel in die hand. Stoom. Hy sit sy vlesige skouer in Ivan se bors, die tuit van die ketel voor sy gesig. Die stoom walm in sy oë.

“Die speletjies is verby, Pottie. Jy is nou in die A-afdeling. Wil jy gesels of wil jy brand?”

Bosman se gesig ’n masker van venyn. Hy is goed. Terreur. Tydsberekening. Geen genade.

“Gesels.”

Weer pluk Bosman hom aan die hemp, waarop die bloed rooi uitblom, sitkamer toe. Hy gooi Ivan op die mat neer, sit ’n knie op sy diafragma, die ketel na sy nek gemik. Druppels spat op sy kaal bors.

Jy is beangs. Lyk bang, lyk na ’n verloorder. Jy is uit jou liga. Konsentreer. Jy is bang vir Bosman.

“Wat . . . wat wil jy weet?”

“Gaan jy praat?”

Ivan knik, dringende bewegings van sy kop. Die drukking op sy bors verdwyn, die ketel word verplaas na die tafel. Bosman sit op die punt van die stoel.

“Ek wil weet of Margo die storie reg het. Jy is besig om die man van Surelife af te pers met foto’s van hom en sy skelm?”

Knik. Geesdriftig.

“Jy gee hom die geld, en hy koop aandele.”

Knik.

“Kontant?”

Knik.

“Hoe weet hy wat om te koop?”

Spoeg bloed. “Hy koop vir Surelife. Duisende op ’n slag. Só jaag hy die prys op. Verkoop dan weer myne.”

Bosman kom nader, vat aan die ketel se handvatsel. “Jy lieg vir my, Pottie. Hy mag nie self aandele koop nie. Hulle werk deur makelaars.”

“Ek weet, ek weet, ek weet.” Hy praat haastig asof hy bang is vir nog straf. Sy hand betas die stollende taai bloed op sy gesig. “Hy het ’n makelaar. Dit is waar ek weer my geld gaan haal. Kontant. Ek moet vorms teken. Dit is alles om binne die wet te bly. Ek dink hy maak vir homself ook. Hulle is al twee in die ding.”

“Sweet set-up, Pottie. Julle drietjies. Maar nou gaan ons vier wees. Wat is die opbrengs?”

“Veertig persent. Soms vyftig.”

Bosman fluit saggies, skril deur sy tande. “En die bedrae. Wat was die grootste?”

“Ek het hom sewentigduisend gegee. Honderdduisend teruggekry.”

“En jy dink dit is groot geld, Pottie? Jy is ’n amateur. Hulle speel met jou, Pottie. Hulle lag vir jou agter jou rug. Daai ouens werk in miljoene, jou armsalige swaap.” Bosman kom nader. Ivan beskerm sy gesig. Bosman snork minagtend. Sy hande voel deur Ivan se baadjiesakke. Hy haal ’n beursie uit. “Toe maar. Jy bloei genoeg. Gaan was. Jy lyk sleg.” Hy ondersoek die inhoud van die beursie.

Ivan strompel badkamer toe. Die pyn sny deur sy kop, ’n wit pyn wat brand en steek en sny. Hy trek sy hemp in die stap uit, gooi dit op die vloer neer. Die spieël weerkaats ’n massa van bloed en swelsel; ’n amper onherkenbare gesig staar terug. Dik lip, dik oogbank. Bloed en lug borrel uit sy neus. Maar sy asemhaling is egalig. Beheersd. Hy moet die woede beheer. Die haat.

Water spoel oor sy hande. Yskoue strome wat pienk, dan rooi in die wasbak kolk. Hy spoel sy gesig, hoor vir Bosman agter hom. Hy kyk om. Bosman het ’n visitekaartjie in sy hand.

“Waarvoor staan die ‘E’?”

“Eugene.”

“Hoekom is jy nie in die telefoonboek nie, Eugene?”

“Mors van tyd. Mense soek jou nie onder jou van nie.”

“Hoe kry jy besigheid?”

“Ek adverteer in die koerant.” Hy sit verwyt in sy stem.

“Is jy kwaad vir my, Pottie?” Bosman is sarkasties, meerderwaardig.

Ivan draai terug na die wasbak, en spoel weer sy gesig. Die bloed is gestol en kom moeilik af. Hy trek ’n waslap nader. Dit vlek rooi. Die snye pyn. Hy maak die kassie agter die spieël oop en haal ’n plastiekhoutertjie met pynpille uit.



“Sies tog. Nog ’n babelas ook. Net nie jou dag nie.”

Hy sluk die pille met water in sy bakhand uit die kraan. Hou aan met sluk. Koel water. Soet. Sy geswelde lip laat hom lug insuig, ’n ongemaklike gedrink wat raas. Hy draai om en wil uitstap. Bosman sien die oorblyfsels van die dobermann-littekens aan sy kaal arm.

“Rowwe ou lewe, nè, Pottie? Ek het vir jou slegte nuus – dit gaan nóg rowwer word.”

Ivan haal ’n vars hemp uit die kas. Bosman stap na die sitkamer, sy rug op Ivan gekeer, ’n bewys van sy totale beheer van die situasie. Ivan stap agterna.

“Wat wil jy hê?”

“ ’n Deel van die aksie, Pottie. Beskou dit as jou straf. Jy het jou gisteraand sleg gedra. My eers by die klub in die skande gestee, toe met my stukkies gelol. Jy moet betaal.” Hy kom nader en klem Ivan se kakebeen in sy hand vas. “Luister mooi, Pottie. Ek gaan jou dophou. Jy gaan na jou gans met die goue eiers, en sê vir hom jy wil ’n transaksie doen. Groot. Nie die kinderspeletjies waarmee jy tot nou toe besig was nie. ’n Miljoen, miskien meer. Ek is baie seker jy wil nie nog bloei nie, of hoe?”

Ivan skud sy kop. “Nee.” Bosman stamp hom vir oulaas op die kakebeen.

“En moenie idees kry nie.” Hy swaai die visitekaartjie in die lug. “Ek weet waar om jou te kry, Pottie. En ek sal weet waar jy is, elke oomblik van die dag. Ek is nie ’n amateur nie. Verstaan jy?”

“Ja.” Neerbuigend.

“Gaan praat met jou vriend. Hoe sê hulle altyd? Don’t call us, we’ll call you.” Hy trek die deur agter hom toe, maak dit dan onmiddellik weer oop.

“Hoe lank bly jy al hier?”

“ ’n Week of twee.”

“En voor dit?”

“Hillbrow.”

“Waar in Hillbrow, Pottie?”

“Tikvah House.”

Bosman kyk lank na hom, ondersoekend. “Jy weet, Pottie, ek het meer van jou verwag. Jy is so ’n mooi groot kêrel. Jy het nie guts nie. Ek is teleurgesteld.” Dié keer laat hy die deur oop as ’n laaste teken van sy minagting. Ivan luister hoe die voetstappe op die plaveisel knars, hoe die Porsche se enjin aangeskakel word. ’n Skree van bande, ratverwisseling, en dan stilte. Voëls kwetter vrolik in die vroeë oggend.

Hy maak die deur saggies toe en draai om. In die middel van die vertrek gaan hy staan. Hy bal sy vuiste. Die skreeu kom uit sy ingewande. Al die frustrasie, al die woede, al die pyn.

Maar ook triomf. Want die hoek is ingeslaan. Die prooi is aan die lyn. Nou die laaste deel. Wal toe.

[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

Ragel sing saam met die grootmars uit *Aïda*. Uit volle bors. Frikkie skud sy kop. Dit is wonderlik. Sy is weer haar ou self. Hy wil só graag weet wat die laaste ruk met haar gebeur het. Maar sy sê niks. Sy glimlag net. En sing. En dans tussen die boekrakke as daar niemand in die winkel is nie.

Sy lag baie. Haar ou lag. Diep en hartlik, vir dinge wat nie regtig baie snaaks is nie. Maar hy gee nie om nie. Hy hoop net dit hou.

Die telefoon lui. Sy hardloop by hom verby en tik hom met die plathand op die boud. Hy bloos. Sy lag. Dan antwoord sy die telefoon.

Smittie hoor die opgewektheid in haar stem. “Ek was bang hiervoor.”

“Waarvoor, Smittie?”

“Toe maar. Ivan het gebel. Goeie nuus. Bosman het die aas gesluk. Maar groot. Groter as wat hy gedink het.”

Genoegdoening daal op haar neer. “Dit is meer as goeie nuus. Wanneer kom hy terug?”

“Hy sê dit is amper verby. Kwessie van ’n paar dae.”

“Smittie, soms is die lewe nie so sleg nie.”

“Ragel, Ragel, Ragel.”

“Wat? Jy klink soos my pa.”

“Jy moet oppas.”

“Waarvan praat jy, Smittie?”

“Ek het jou vertel van Ivan Malan. Jy gaan baie geduld nodig hê.”

“Smittie!”

“Jy kan protesteer as jy wil. Maar jy is gewaarsku.”

“Ek het geduld. Moenie jou bekommer nie.”

“Ons gesels weer.”

“Dankie, Smittie. Ook vir die waarskuwing.”

Ivan rus ’n dag lank, ’n dag waarin hy die swelsels en die babelas behandel. Iewers daar buite wag Bosman. Hulle sal hom nou dophou. Richard E. Potgieter sal aan skok ly. Laag lê. Van die skrik herstel. Hy is nie haastig nie.

Die volgende dag is die spoor van Bosman se geweld op sy gesig nog daar, maar ’n donker bril versteek dit deeglik. Hy gaan eers na kantoor 313.

'n Groen Mazda 323 agtervolg hom van Bryanston tot in die stad. Dit kom nooit naby genoeg dat hy kan sien wie die bestuurder is nie.

Bosman was net so minagtend met sy nagaan van Richard Potgieter se besonderhede. Die deur staan oop. Die hout om die slot is 'n massa splinters.

Bosman wil hê hy moet weet hy was hier. Nog intimidasie. Wys wie is baas. Binne is die lêers wat op die tafel was, se inhoud op 'n hoop gegooi bo-op die lessenaar. Die swaar gegrendelde staalkabinet lê op sy sy. Die slotte en staalversperring is nog daar, 'n duik van frustrasie is in die kabinet geskop. Nog 'n plan wat gewerk het.

Hy leen 'n skroewedraaier by die opsigter, wat wil weet of hulle die polisie moet laat kom. Ivan verduidelik dat daar niks weg is nie. Net 'n bang man wat sy vrou verneuk het. Die opsigter sê 'n groot wit man het die vorige dag kom vra hoe lank Ivan al daar 'n kantoor het. Die opsigter het gesê al 'n paar jaar, net soos Ivan gevra het hy moet. Ivan haal sy beursie uit en gee die man nog vyf R50-note. Hy bedank hom.

Die groen Mazda staan verder af in die straat. Hy skud hom maklik af deur oor 'n rooi verkeerslig te ry. Die Mazda is te ver agter om hom in te haal. Hy ry na die N2 om seker te maak daar is nie nog 'n stertjie nie, en draai dan om, Hillbrow toe.

Die opsigter by Tikvah House verdien ook R250. Ja, daar was 'n man wat kom vra het. Seker van die bank. Maar hy het sy woord gestand gedoen. Vir die man gesê Potgieter het elf jaar lank hier gebly. En Ivan moet net praat as hy weer kan help.

By die meenthuis is net die Mazda se neus om die hoek sigbaar. Ivan gaan in en trek 'n pak klere aan. Dan stap hy weer uit en ry na die hoofkantoor van Surelife in Rosebank. Die Mazda se volgfstand het verminder. Hy kan sien daar is net een insittende, maar dit kan 'n man of 'n vrou wees. Dit maak nie saak nie.

Die Surelife-gebou is 'n moderne kompleks, met terrasse en rankplante wat teen die vaal beton afhang. Ivan parkeer die BMW en stap na die hoofingang. Uit die hoek van sy oog sien hy die Mazda ry verby, draai onder in die straat om en parkeer dan oorkant, onder een van die talle groot eikebome.

By die ontvangstoonbank vra Ivan of daar iemand is wat vir hom kan help met die uitneem van 'n polis. Die mooi swartkop vrou is professioneel en hulpvaardig. Sy vra hom om te sit terwyl sy iemand skakel. Hy sit op die

grys ontwerperstoele van die voorportaal en kyk deur die glasvensters na buite. Die bestuurder van die Mazda hou die ingang dop. Dit lyk na 'n man. Dalk Van Sitterd. Bosman se hele bende is betrek.

'n Jong man in 'n netjiese grys pak, sy hare borselkop gesny, kom joviaal na Ivan aangestap en vra hom om na een van die besoekerskamers te kom. Ivan verduidelik dat hy 'n groot kontantbedrag wil belê. Die jong man brei 45 minute lank uit oor die voordele van 'n aantal versekeringsprodukte. Ivan sê eindelijk hy het tyd nodig om te dink, maar sal die geld seker oor 'n dag of twee bring. Hy neem die jong man se visitekaartjie en steek dit in sy sak. Dan stap hy terug na sy motor. Die Mazda volg hom huis toe.

Ná donker is daar 'n harde klop aan die meenthuis se deur. Ivan maak op 'n skrefie oop. Bosman stoot die loop van 'n 9 mm-Ruger deur die opening. “Maak oop, Pottie. Tyd vir kuiermense.”

Hy trek die deur vinnig oop en hoop sy gesig wys vrees. “Dit is nie nodig vir die pistool nie.”

“Met vuilgoed soos jy kan 'n mens nooit seker wees nie, Pottie.” Hy druk die Ruger in sy baadjiesak en gaan sit op 'n stoel.

“Kom sit. Vertel my wat jou maatjie sê. Wat is sy naam nou weer?”

“Al maak jy my dood . . . Ek mag nie sê wie hy is nie.”

“Natuurlik nie, Pottie. Want dan raak jy oorbodig, 'n vyfde wiel aan die wa. Maar ek is nie 'n onredelike ou nie. Hou maar sy naam. Wat sê hy?”

“Hy is skrikkerig . . .”

“Hy sit aan, Pottie. Daardie ouens skrik nie vir groot bedrae nie.”

“Hy sê een laaste keer. Maar dan wil hy die afdrukke en die negatiewe hê.”

“Gaan jy dit vir hom gee?”

“Ja . . .”

“Jy lieg, Pottie. Ek sien dit in jou oë. Jy gaan 'n ekstra stel afdrukke hou. Is ek reg?”

“Ja.”

“Ek ken jou soort. Jy is gemors, Pottie, maar jy is gierig. Ek hou daarvan. Ek kan jou dalk nog gebruik vorentoe.” Bosman bly vir 'n oomblik stil asof hy die moontlikhede oorweeg. “Ons dwaal af. Wat sê jou maatjie? Wanneer kan ons die groot slag slaan?”

“Oormôre. Dan is sy baas in die Kaap. LOA-vergadering.”

“Mmmm. Dit is gou, Pottie. Maar ons kan 'n plan maak. Waar gee jy hom die geld? Ontmoet julle iewers?”

“In sy kantoor.”

“Is julle mal? Is daar nie mense wat hom dophou nie?”

“Hy sê vir die mense ek is ’n konsultant. Hulle gebruik baie konsultante. Vir nywerheidsaandele, mynbou . . .”

“Julle is skelm, Pottie. So skelm. Dit was nie jou idee nie, was dit?”

“Syne.”

“So gedink. Ek was gister by jou kantoor. Het jy my boodskap gekry?”

“Dit was nie nodig om die deur te breek nie.”

“Moenie vir my sê jy kan nie ’n nuwe een bekostig nie.”

Ivan bly stil. Bosman lag. Hy stap nader. Skielik is die pistool uit, die koue loop in Ivan se gesig. Hy retireer tot teen die sitkamermuur. Bosman staan teen hom, ’n arm oor sy keel, die ander boor die loop onder sy wangbeen in. Pynlik. Bosman se oë is weer wild. “Ons moet mekaar mooi verstaan, Pottie. Dié ding kan skeefloop. En dan . . .”

Hy trek die slot van die pistool stadig terug. Die rondte klik uit die magasyn na die loop, die dood gemeet in millimeters van ’n snellervinger se beweging, die loop steeds beurend onder sy wangbeen in. “Ek sal jou vrekmaak, Pottie. Ek weet alles van jou af. Ek sal jou gaan soek, waar jy ook al is. Verstaan jy?”

Hy kan nie sy kop skud nie. Hy maak sy oë vinnig oop en toe.

“Ek hoop so, Pottie. Eergisteraand was niks. As jy dink dit was seer . . .” Skielik is die pistool weg. Net die gevoel teen sy wang bly oor. Bosman glimlag, amper vriendelik. “Maar as jy saamwerk, Pottie, kan jy self ’n paar rand maak. Hoeveel kan jy ingooi, oormôre?”

Hy vryf die plek op sy wang waar die pistool hom gekneus het. “Tagtigduisend.”

“Mickey Mouse. Maar as dit al is wat jy het . . . Ek gaan negehonderdduisend ingooi, Pottie. En ek soek veertig persent. Anders is dit jou probleem. Sê vir Hoesenaam. Véertig persent.”

Bosman staan nog voor hom, die pistool voor sy bors, die vry hand se wysvinger op en af met die loop, amper ’n liefkosing. “Ek kom jou haal, Pottie. Ons ry in jou kar tot by Surelife. Sorg dat jy jou geld reg het. En dan parkeer ons voor die hoofingang. En daar wag ek vir jou, Pottie.” Die Ruger se kop lig weer, die loop word ’n tunnel. “Maar ek vertrou jou nie met al daardie geldjies nie. Die plek het drie uitgange, Pottie. En ek sal elkeen gedek hê. As jy by een uitkom met die tassie vol geld in jou hand, skiet ons

jou net daar plat. En nie met dié speelgoed nie. Met grofgeskut. Goeters waarmee 'n mens leeus jag. Het jy al ooit 'n leeu gejag, Pottie?"

Hy skud sy kop.

"Nie gedink jy het die guts nie. So daar is nie wegkomkans nie, Pottie. Dit is in met die geld, gee dit vir jou maatjie, en kom uit. Dan kom ons huis toe."

"Sal jy my dan uitlos?"

"Eers as ons die tjekkie by jou vriendelike makelaar gaan haal. Tot dan toe, gaan ek jou gas wees. Hoe lank sal ons moet wag?"

"Twee weke."

"Jy gaan moeg raak vir my, Pottie. Want ek gaan van oormôre af kom intrek. As ons van Surelife af kom. Want hoe weet ek jy lieg nie vir my nie? Die tjekkie gaan mos in jou naam wees. En ons wil nie hê jy moet daarmee verdwyn nie, wil ons?"

"Nee."

"Hoe laat moet ek hier wees?"

"So tienuur."

"Sien jou dan. En moenie eers daaraan dink om intussen iets te probeer nie. Ons weet waar jy is, Pottie, elke oomblik van die dag."

Die Ruger verdwyn in sy sak. "Sien jou oormôre, my gansie." Bosman lag en draai om. Hy maak weer nie die deur toe nie.

Richard Potgieter ry die volgende oggend na Bryanston se sakekern. Dié keer is die Porsche agter hom. Naby. Hulle gee nie om dat hy weet hy word agtervolg nie. Dit is nie Bosman agter die stuur nie. Weer die ouer man, die voormalige Van Sitterd. Hy parkeer naby die poskantoor. Die Porsche volg hom terwyl hy met die sypaadjie langs stap, en dubbelparkeer reg voor die gebou.

Die vrou agter die toonbank registreer die twee koeverte met kansellasiekennisgewings vir kantoor 313 en die meenthuis. Van binne die poskantoor skakel hy die lugredery en bespreek sy vlug na Kaapstad vir die volgende middag. Hy weet nie of Bosman al sy telefoon kon dokter nie.

Dan stap hy bank toe. Die Porsche kruip weer saam. Hy maak 'n onttrekking. Veertigduisend rand. Van sy eie geld. Dis baie, dink hy. Dis baie. Hy haal 'n bruin koevert uit sy binnesak, vra die kassiere vir 'n seilbanksak, plaas die geld in die koevert en die koevert in die seilsak. Sal Bosman dit tel? Hy twyfel. Bosman sal verwag dat 'n bang Richard E. Potgieter nie sy hele neseier wil wag nie. Hy kyk na die banksak. Dit lyk

lekker vol. Hy draai om en stap uit. Die kassiere kyk hom kopskuddend agterna.

By die huis sluit hy die deur agter hom en skakel die televisie aan. Hy het 24 uur om om te kry. Hy gaan haal die swart duffelsak uit die plafon, waar hy dit versteek het, en begin die wapens sorgvuldig skoonmaak terwyl die kinderprogramme van vroegmiddag klankloos op die skerm flits. Teen laatmiddag bestel hy 'n pizza om afgelewer te word. Hy oorweeg dit vir 'n oomblik om vir Van Sitterd, wat blatant oorkant die straat in die Porsche sit en sweet, ook te bestel, maar besef dit sal uit karakter wees. Richard Potgieter is bang.

Die aand wil nie omgaan nie. Hy skuif die klank se glyskakelaar later op en kyk sonder belangstelling na Amerikaanse komediereekse en vertaalde Europese speurverhale. Die nuus lewer binnelandse politieke gekibbel en buitelandse sensasie op. 'n Amerikaanse strooisage, 'n musiekprogram, 'n laataand-fliek, stokoud.

Hy gaan lê op die waterbed. Dit klots en hy onthou. Hy reguleer sy asemhaling en slaap, met Ragel wat teen sy skouer lê, haar kort blonde hare wat sy baard laat jeuk.



Teen nege-uur is hy aangetrek in die flambojante rooi blomdas, blou hemp en moderne grys pak van Richard Potgieter. Die telefoon lui vyftien minute later.

Eers die piep van 'n telefoonhokkie. Dan Bosman se stem. “Pottie, vat jou geldjies en gaan staan voor die voordeur. Jou hande op jou kop.” Die klik as Bosman die telefoon neersit. Ivan stap na die koffietafel. Bosman is beter as wat hy gedink het, besef hy.

Hy neem die koevert waarin hy die geld gesit het, vou dit in die helfte en sit dit in die baadjie se sak. Sy motorsleutels gaan in die heupsak. As hy die deur ooptrek, staan die Porsche steeds voor die deur, maar dit is nie Van Sitterd agter die stuur nie. Iemand anders. Kleiner. Jonger. Sou dit die man wees wat – seker met heelwat grimering en goeie vernuf – die bejaarde Cartwright se rol gespeel het? Dalk. Kan selfs 'n nuwe rekrut wees, of 'n ou lid van die Bosman-maatskappy, wat nie aan die Ragel Bergh-projek deelgeneem het nie.

Wanneer die man hom sien, skuif hy die loop van 'n geweer deur die oop venster van die Porsche. Dis te ver om die kaliber vas te stel, maar dit lyk na 'n jaggeweer, dalk 'n Musgrave. Nie 'n grote nie, maar genoeg trefkrag.

Ivan gaan staan voor die toe voordeur en plaas sy hande versigtig op sy kop. Sy baadjiepunte trek weg van sy sy. Laat die man sien hy is ongewapen.

Minute staan hulle só vir mekaar en kyk. Die Toyota 4x4 kom om die hoek gery. Van Sitterd bestuur, Bosman sit langs hom. Bosman spring uit, sy hand in sy bruin sportbaadjie se sak, die ander hou 'n swart aktetas vas.

“Staan mooi stil, Pottie. Laat ons eers sien of jy plannetjies het.” Bosman sit die tas voor Ivan neer en haal sy hand uit sy sak. Hy draai Ivan om sodat hy met sy rug na die Porsche toe staan, tussen Bosman en die loop van die jaggeweer.

Dan betas hy Ivan van kop tot tone, deeglik. Hy voel die koevert en trek dit uit. Sy vingers voel-voel, maar hy maak dit nie oop nie.

“Jou Mickey Mouse-spaargeldjies. Mooi. Haal nou maar die sleutels uit, dan kyk ons eers of jy nie iets in die BMW weggesteek het nie. Nee, staan

net daar. Jy kan maar jou hande van jou kop afhaal. Netnou dink die bure ons is skurke of iets.”

Hy maak die motorhuis se deur oop en trek die BMW uit. Dan begin hy dit sorgvuldig te deursoek, binne, onder, die bagasieruim, selfs die enjin.

“Mooi, Pottie, jy gedra jou goed. Nie gedink jy het die guts nie. Kom, voor jou maatjie begin bekommerd raak.” Bosman stap na die 4x4 en haal ’n leersak uit, langwerpig, die skede van ’n jaggeweër. Dan is hy terug.

Hy beduie dat Ivan moet bestuur. Hulle ry in ’n konvooi na Surelife se hoofkantoor – die Porsche voor, die BMW in die middel, die 4x4 agter. By die groot gebou se hoofingang ry die ander twee verby, seker op pad na die ander ingange. Bosman beveel hom om te wag tot ’n parkeerplek oopgaan langs die geplaveide paadjie na die ingang. Hy rits die geweesak oop en haal die wapen uit. Mannlicher 5,56 mm. En ’n klein tweerigtingradio. Hy praat kort sinne daarin om vir die ander te sê waarvoor hy wag. Die minute tik verby. Tien. Twintig. Dertig. Dit is warm in die BMW, al is die vensters oop. Bosman stel die ander twee net nou en dan gerus. Hy praat nie met Ivan nie.

’n Motor trek net links van die ingang uit. “Hoog tyd. Toe, Pottie, waarvoor wag jy?”

Ivan swaai die BMW in die parkeerplek in. Bosman neem die aktetas van die agterste sitplek en maak die knippe oop. “Kyk, Pottie, want jy sal nooit weer só baie geld bymekaar sien nie.” Hy lig die deksel. Vyftigrandnote lê langs mekaar, hoek tot kant. Ivan staar sonder moeite. Dit is baie geld. Bosman lag.

“Dit is hoe die superliga lyk, Pottie.” Dan verdwyn die lag. “Ons stap saam in. Ek moet jou by ontvangs los, al wil ek nie. Ons wil nie hê jou gans moet hardlywig raak nie, Pottie. Maar ek wag vir jou daar. Ek het die planne gesien. Hier is geen ander uitkomkans nie. En hier, Pottie, onder my blad is ’n ou groot rewolwer. As jy terugkom, hou jy jou hande ver van jou lyf af tot ons weer hier by die motor is. En selfs al gebeur iets met my, Pottie. Hartaanval of iets, jy verstaan? Daar is ander hier rond. Ons kan skiet, Pottie. Jy sal makliker wees om te tref as ’n leeu op vyfhonderd meter. Moenie met ons neuk nie. Ek skiet jou hier plat, in die straat. En ek is weg voor iemand iets vir jou kan doen. As jy saamspeel, sal jy lank genoeg leef om jou geldjies te geniet.”

“Ek sal niks doen nie. Ek sweer. Moet net nie skiet nie.” Hy laat sy stem bewe, sy oë pleit.

“Kom ons loop, Pottie, voor ek huil.”

Bosman sit die jaggeweër agter die sitplek in. Ivan neem die aktetas. Hulle klim uit. Bosman sluit sorgvuldig. Hulle stap na die hoofingang, Bosman ’n tree agter hom. In die ontvangsgebied soek Bosman vir hom ’n sitplek uit waar hy alles kan sien. Ivan stap na die toonbank. Hy het die visitekaartjie van die versekeringsraadgewer gememoriseer. Hy vra of hy die man weer kan sien. Minute later is hy daar, met sy netjiese haarstyl, sy netjiese klere en sy netjiese glimlag.

Ivan verduidelik dat hy die geld gebring het om te belê. Die raadgewer kyk nuuskierig na die tas, meet die grootte van die belegging met sy oë. Hy lei hulle deur die gang wat na die hart van die gebou strek, na die plek waar hulle privaat kan gesels, buite Bosman se gesigsveld. Ivan kyk nie om nie.

Daar is vorms in die lessenaar se laaie. Hy vra hoeveel Ivan wil belê. Ivan sê hy dink dit is net oor die R900 000, maar hulle moet maar self tel. Die man se oë rek wyd. Sy hande bewe skielik soos dié van ’n baie siek mens. Hy stotter en moet drie keer die aansoekvorm invul. Ivan kies die beleggingsplan wat geen mediese ondersoeke vereis nie. Hy gebruik sy eie naam en adres in die Kaap. Sy eie geboortedatum, persoonsnommer. Die raadgewer laat die ruimte vir die bedrag eers oop. Die raadgewer bestel tee en maak ’n telefoonoproep. Hy praat te veel, maak sinlose opmerkings van dankbaarheid omdat Ivan hom en dié versekeraar gekies het, bied hulp aan met ander beleggings.

Drie ander mans kom ingeloopt. Haastig. Hulle het kom help tel. Wil die meneer nog tee hê? Enigiets anders? Nee, dankie. Hulle begin die geld tel. Een het ’n elektroniese optelmasjien. ’n Ander skryf bedrae neer. Hulle tel. Die aktetas word leeg, die hopies wat elk tienduisend rand verteenwoordig, al hoe meer. Ses-en-veertig minute later is hulle klaar.

“Negehonderdduisend op die kop. Kom ons tel weer. Ons moet die meneer die versekering gee . . .”

“Dit is nie nodig nie, dit sal reg wees.” Hy haal die koevert uit sy sak. “Net dié veertigduisend ook, asseblief.”

Hulle knik weer, vryf die hande, tel. Die adviseur vul die bedrag op die vorm in en begin die voordele verduidelik. Soveel per maand vir die volgende tien jaar, soveel as Ivan iets oorkom, soveel as kontantbedrag ná die beleggingstydperk verby is.

“Het meneer ’n testament?”

“Ek het.” Smittie kry alles, en sal sorg dat Ragel haar deel kry as iets gebeur.

Ivan vra die raadgewer om die kwitansie en polisdokumente per geregistreerde pos Kaap toe te stuur. Hy gee Smittie se posbusnommer en besonderhede. Dan skud hy blad. Die ander mans sit oopmond na die ritueel en kyk en skrik dan uit hul bewondering. Hulle groet. Die jong bemarker stap saam met Ivan.

“Ek wil nou alleen wees,” sê hy en die jong man knik inskiklik, asof hy alte goed verstaan. Hy pomp Ivan se hand op en af, bedank hom oorvloediglik en groet.

Bosman sit en wag, ongeduldig, sy arms oor sy bors gevou. Hy staan vinnig op toe hy Ivan sien. Ivan hou sy hande ver van sy sye. “Asseblief, alles is reg. Alles is reg.”

“Wat het jy daar binne gedoen? Eers sy sekretaresse uitgehelp?” Bosman, sien hy, is vir die eerste keer gespanne.

“Hy wou eers alles tel.”

“Kom ons ry.” Hulle stap uit na die vierwiervoertuig. Ivan maak die deur versigtig oop en swaai sy bene in. Bosman mompel in die tweerigtingradio. Minute later is die konvooi weer gereed.

“Trek uit jou baadjie.” Hy gehoorsaam. Bosman ondersoek die baadjie. Dit is leeg.

“Ry agter die Porsche aan.”

“Waarheen gaan ons?”

“Jou plek. Ek het mos gesê ek kom ’n rukkie by jou kuier.” Bosman se bui het verbeter. “Het alles goed gegaan met jou maatjie?”

“Hy wou my nie glo oor die bedrag nie.”

“En toe?”

“Toe hy halfpad kom met die tel, toe glo hy my.”

Bosman lag. Hulle ry terug na Bryanston. Hy beveel Ivan om die motorhuis se deur oop te maak en die BMW in te trek. “Jy gaan hom nie gou nodig hê nie.” Nadat die motorhuis se deur toegestoot is, neem hy Ivan se arm en hulle stap saam na die 4x4, wat saam met die Porsche in die straat staan. Van Sitterd gee ’n klein seilsportsak vir Bosman aan.

“Vat dit, Pottie.” Ivan neem die sak. Dan wend Bosman hom tot Van Sitterd. “Kom los my vanaand af. Ry nou.” Van Sitterd knik. Die vierwieler en die Porsche ry. Bosman het sy hand in sy baadjie se sak, op die Ruger.

“Kom, Pottie. Net twee weke. As jy soet is, bly jy heel.” Sy greep is steeds op Ivan se arm. Hulle stap na die voordeur. Ivan sit die sak neer en sluit die deur oop. Hy tel weer die sak op en stap in, Bosman agter hom.

“Sit die sak op die tafel neer.” Bosman het die pistool uitgehaal en beduie daarmee. Ivan gehoorsaam. “Trek jou baadjie uit.” Hy doen dit. “Nou jou hemp.”

Bosman rits die sportsak oop. Heel bo lê ’n mediese spuitnaald met ’n kleurlose vloeistof daarin. Haal dit uit.

“Werk nou mooi saam, Pottie. Dan is die twee weke om sonder dat jy dit agterkom.” Hy kom nader, spuit in die een hand, pistool in die ander. Die spuit beweeg na Ivan se arm.

Hy slaan die arm wat die pistool vashou eerste, die kneukels van sy vuus net agter die palm van Bosman se hand, waar die senuwees saamgebondel is.

Bosman brul in verbasing, pyn en woede.

Dan tref die punt van Ivan se skoen hom vol tussen die bene. Bosman se oë rol. Hy syg neer, sy hande tussen sy bene, die pistool en die spuit op die grond. Bosman kreun saggies. Ivan is op hom, pluk sy baadjie van sy nek af tot om sy arms. Hy ruk Bosman orent en stuur hom in die rigting van die kamer. Hy laat hom kop eerste in die waterbed duik. Hy plaas sy knie in die man se rug en haal met een hand ’n breë rol bruin plastiekkleefband uit die bedtafeltjie se laai. Hy draai dit vinnig om Bosman se polse. Dan sy enkels.

“Ek gaan jou vrekmaak.” Bosman het sy stem herontdek. Maar dit het baie van die vroeëre arrogansie verloor.

Ivan haal ’n sakdoek uit die laai en stop dit in Bosman se mond. Sy volgende dreigement word kortgeknip. Kleefband oor die sakdoek, oor Bosman se wange. Die oë peul, die stembande kreun onverstaanbaar.

Hy staan op en haal sy reistas uit die kas uit. Dan die duffelsak uit die plafon. Bosman se oë volg hom, die gekreun nou stil. Ivan sit die bagasie in die sitkamer neer. Hy stap uit na die BMW en gaan haal die jaggeweër. Hy gooi dit langs Bosman op die bed. Hy pluk Bosman orent en sleep hom badkamer toe. Die man staan voor hom, onvas op sy voete wat aan mekaar vasgebind is. Die begeerte om Bosman se neusbeen met ’n handpalm deur sy brein te dryf, is ’n oomblik lank amper oorweldigend.

Hy stamp die man terug. Bosman val. Sy kop klap teen die badrand. Sy oë gaan toe. Hy brul. Maar die oë flits weer oop, vol haat. Ivan trek die deur toe en sluit dit agter hom. Hy neem die reistasse, stap by die voordeur uit en

plaas dit in die BMW se bagasieruim. Hy stap terug voordeur toe, trek dit op knip, klim in die motor en ry.

By die lughawe kry hy sy kaartjie en betaal met 'n kredietkaart. Hy stap deur na die restaurant, maar stop eers by 'n telefoonhokkie. Hy skakel Smittie se nommer. Dit lui lank. Geen antwoord. Waar loop Smittie rond? Maar dit maak nie saak nie. Sy bakkie staan in die parkeerterrein in Kaapstad en wag.

Hy skakel die nommer van Bergh Boeke. Ragel antwoord ná die derde lui.

“Ek is op pad.”

“Ivan! Is jy . . . is alles reg?”

“Alles is reg.”

“O dankie, dankie, dankie.” Dit is 'n skietgebed. “Wanneer sien ek jou?”

“Vanaand.”

“Ek kan nie wag nie.”

Hy sit die telefoon neer en stap na die restaurant. 'n Bier. Dit is wat hy nou wil hê. En dan gaan hy na die waskamers toe stap en hierdie verdomde snor afskeer.

Ragel onthou eers 'n uur later dat sy Michael Bosman se nommer in haar handsak het. Die dokument wat sy in Ivan se hotelkamer geneem het.

Sy het eers die triomf geniet. Die wraak. Maar Dirk Buchner/Michael Bosman weet nie eens dat dit deur haar toedoen is nie. Wanneer sy die nommer onthou, klop haar hart vinniger, maar sy doen nie onmiddellik iets daaraan nie. Die begeerte dat hy moet weet sy het wraak geneem, broei eers. Dertig minute lank. Tot dit in volle wasdom haar dwing om die nommer uit te haal. Sy skakel, kalm en beheersd. Eers die kode, dan die nommer. Dit lui. 'n Vrou tel op. Die rooikop?

“Is dit die woning van meneer Michael Bosman?”

“Wie wil weet?”

“Is hy daar?”

“Nie op die oomblik nie. Is daar 'n boodskap?” Die vrou se stem is kortaf, ongeskik.

Ragel is teleurgesteld. Sy sou graag met Bosman self wou praat. Maar terwyl sy besig is: “Ja. Daar is. Sê vir hom Dirk Buchner is nou dood. Ek is seker hy sal verstaan.”

Sy sit die telefoon terug op die mikkie en kyk af na haar hande. Hulle bewe nie eens nie.

[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

# Deel 3

[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)



# 1

Hy ry instinkties eers na Smittie se huis toe – deel van die ou gewoonte om eers te rapporteer, post mortem te hou.

Sy hart versteen toe hy die voordeur sien.

Dit staan halfoop. En daar is 'n boodskap teen die hout vasgespyker.

*NOU GAAN JY BETAAL.*

Weer die kinderlike handskrif. Geheg aan die deur met die haakspykers waarmee Smittie die bedrading van sy treinlandskap netjies wegsteek.

Die genoegdoening van sukses verdwyn. Adrenalien vloei. Hy draai om en hardloop gebukkend terug na die bakkie wat in die oprit staan. Die Smith-en-Wesson 3000 spring maklik uit sy klampies onder die instrumentepaneel. Terug, met die trap op, kniel teen die muur van die voorportaal. Die huis is grafstil. Duikrol oor die niemandsland van die treinkamer se ingang. Tekens van 'n struweling. Die treintafel naaste aan die deur hang grond toe. Treintrokke, bome, rotse op die vloer.

Iets beweeg na die kombuis se kant toe. Hy sak neer op sy maag, geweer teen die skouer, elmboog op die vloer, vinger op die sneller, bied die kleinste moontlike teiken aan die aanvaller.

Cassius kom om die hoek van die kombuis gestap, sy stert hoog in die lug van die honger. Hy uiter een diep, lang geluid van verwyt oor die leegheid van sy maag.

Dan begin die telefoon lui.

Die kat se optrede is voldoende bewys van die huis se verlatenheid, maar hy bly versigtig, beweeg na die telefoon met die geweer wat lei.

“Ja.”

“Ivan?” Die stem is sag, soos iemand wat in groot pyn verkeer.

“Smittie! Waar is jy? Wat het gebeur?”

“Ek mag net 'n boodskap gee.”

“Wat is dit?”

“Hulle speel nie. Maar verder gaan dit goed in die la . . .” Sy woorde verander in 'n onhoorbare gemompel. Dan is daar 'n ander stem.

“Luister jy?” 'n Man. Diep stem. Aksent.

“Ek luister.”

“Jy het veertien dae om die Vermeer af te lewer.”

Spano. Dit was Spano wat vir Carla . . . Maar hoe het hy vir hom en Smittie opgespoor?

“Die Vermeer?” Hy probeer tyd wen, sy gedagtes orden.

“Ons weet dit was jy, Malan. Veertien dae. Of jou vriend volg dieselfde paadjie as jou hond.”

“Die Vermeer is al lankal terug in die buiteland . . .”

“Maak ’n plan. Jy was slim genoeg om dit hier weg te dra.”

Hulle is gek.

“Is jy daar, Malan?”

“Ja.”

“Veertien dae. Gaan terug na die professor se huis as jy dit het. Ons sal weet as jy daar is.” Klikgeluid as die verbinding verbreek word.

Hy staan met die gehoorbuis teen sy oor. Cassius skuur teen sy been. Die haelgeweer hang grond toe, sy hand nog op die sneller. Sy gedagtes spartel vir ’n verklaring. Daar is geen manier hoe Spano die diefstal van die Vermeer na hom toe kon teruglei nie. Behalwe as . . . Spano het geld, ’n oormaat. Bekom uit ’n smokkelnetwerk met tentakels in Nicaragua, die Middellandse See, Hong Kong. En geld koop inligting. En mannekrag wat bereid is om honde en mense keelaf te sny.

Vrees.

Hy het al vergeet hoe dit voel. Maar hy herken dit, die ou vyand wat soos ’n virus in die brein versprei, ’n coup d’état van die grysstof sodat daar niks oorbly om mee te redeneer, te beplan nie.

Nie Smittie nie. Nie weerlose Zatopek Smit nie.

Dit is Cassius se kop teen sy kuit, die normaliteit van die kat se smeking na kos, die dier se absolute onbewustheid van sy gedagtewarboel, wat hom terugruk na die werklikheid. Hy stap kombuis toe. Cassius, stert regop, draf geesdriftig agterna. Daar is ’n blikkie duur katkos in die yskas. Smittie het die dier bederf. Hy skep in. Cassius eet.

Iets wat Smittie gesê het: “Maar verder gaan dit goed in die la . . .”

In die wat? Natuurlik. Smittie wou vir hom sê waar hulle hom hou. Met die beplanning van die Vermeer-diefstal het hy en Smittie gelag oor Spano se verwysing in ’n plaaslike koerant na sy “landgoed”. Asof dit ’n hele wynplaas is, nie bloot ’n kleinhoeve van 2 hektaar nie . . .

Die media is mal oor die rykes. En Spano se bronne van inkomste is nie wyd bekend nie. In dié land hou hy sy kant skoon. Ondersteun

liefdadigheid. Word gereeld saam met sy mooi Libanese vrou by die opera gesien. BBP-status.

“Verder gaan dit goed in die land,” wou Smittie sê. Landgoed. Hul spotwoord wat ’n gewoonte geword het.

Hy sal weer moet in. Weer die hoogspanningskabel, die trapdrade, die wagte en die dobermanns. Nee. Nie weer só nie. Hulle sal dit verwag. ’n Ander manier.

Die vrees het gewyk voor ’n ander bekende. Afwagting. Krop van die maag wat in ’n nimmereindigende spasma saamtrek, adrenalien wat die hartklop versnel, rusteloosheid, slapeloosheid. Hy sal moet slaap. Want dit moet in die dag gebeur, wanneer hulle dit die minste verwag. Maar wanneer dit die gevaarlikste is.

Iemand hou die huis dop. Dit het hy besef terwyl sy gesprek met Spano nog aan die gang was. Dit is hoekom hulle geskakel het net nadat hy gekom het. Is die telefoon veilig? Hy gaan nie kanse waag nie. Maar hy moet vir Ragel laat weet dat hy haar nie vanaand kan sien nie. Hulle weet duidelik nog nie van Ragel en hom nie. Van hul . . . “verhouding” is nie die regte woord nie. Hy moet vir Ragel hier uithou. Tot hy die saak gehanteer het.

Die kat het klaar geëet en sit nou langs die kosbak en was. Ivan tel hom op, vat die haelgeweer en stap na die bakkie. Op pad haal hy die boodskap van die deur af en druk dit in sy sak. Hy sal dit vir Spano voer. Stukkie vir stukkie.

Hy hou by ’n klein winkelsentrum in Bothasig stil. Die eerste telefoonhokkie se gehoorbuis is afgeruk. Die tweede werk, maar die vetterige smerigheid van die gehoorbuis maak dit moeilik om te gebruik.

Haar stem klink vol afwagting. “Hallooooooooo.”

“Ek kan nie . . .”

“Ivan! Waar is jy?” Suiwer blydschap. Tikkie ongeduld.

“Ek . . . iets het voorgeval. Ek kom nie vanaand nie.”

“Is jy nog in Johannesburg?” Haar teleurstelling is só groot dat hy haar wil vashou. Nie nou nie.

“Nee.”

“Wat gaan aan? Is daar fout?”

“Ek sal jou later vertel.” Hy besef nie dat sy op die verkeerde spoor is nie.

“Dit is Wendy,” sê sy met finale sekerheid. Hy snap.

“Verdomp, Ragel, dit is Smittie. En ek kan nie meer as dit sê nie. Ek wil jou nét so graag sien. Maar dit sal moet wag. Moenie met my of Smittie probeer kontak maak voor ek nie weer met jou gepraat het nie. Verstaan jy?”

’n Klein stemmetjie, bang. “Ja.” Nuuskierigheid seëvier. “Maar wat gaan . . .”

“Geen vrae nie, Ragel. Ek bel weer.” Hy druk die gehoorbuis met finaliteit terug op die mikkie.

Cassius is uitbundig bly om weer by die huis te wees. Hy hardloop met krom rug en gepluimde stert in die gang af en skaats op die los mat in die slaapkamer. Maar Ivan deel nie die kat se vreugde nie. Vir die eerste keer nadat hy teruggekom het van werk of reis is die huis koud en leeg. Hy pak die gereedskap van sy beroep sorgvuldig terug op hul plek in die kluis onder die trap en maak ’n groot vuur in die kaggel. Dan maak hy koffie en gaan sit in sy stoel om te dink, die volgende dag te beplan. Cassius se stoel is leeg. Die kat is uit, jagvelde toe.

Die drang om Smittie te gaan terugeis met ’n aanvalsgeweer in elke hand, is groot. Ry Spano se vesting binne met vuurwapens wat teen sy skouers skop. Wraak, uiting aan sy woede . . . versus sy vrees dat hy nie weer die skadelose man met die stil lag lewend gaan sien nie. Hy was nog nooit emosioneel betrokke by werk nie. Dit was nog altyd ’n goue reël. Maar nou is daar nie ’n keuse nie.

Boonop is hier meer ter sprake as net om vir Smittie na veiligheid te bring. Spano sal ’n permanente bedreiging bly as hy dié ding nie met finaliteit afhandel nie. Dit beteken dat hy die man sal moet uitwis. Of iets soortgelyks . . .

Die polisie stel nie belang in Ivan Malan nie. Daarvoor was hy tot nou toe versigtig. Dit moet so bly.

Hy staan op en kry die aantekeningblok en pen op die boekrak.

Rowwe skets van die landgoed. Spano sal versterkings hê. Dit sal moeiliker as die vorige keer wees. En anders.

Cassius spring by die venster in, ’n groot streepmuis tussen sy kake. Hy stap tot by Ivan se voete en lê die muis op die mat neer. Die knaagdier leef nog, maar is versteen deur vrees. Cassius draai om en stap na sy stoel. Hy spring op en begin was, maar kyk kort-kort vir Ivan.

“ ’n Streepmuis? Lyk my jy het sag geword in die stad.” Die kat se stertpunt wys dat hy groter dankbaarheid verwag het.

“Daar is nog baie rotte daar buite. Moenie jou tyd met streepmuis mors nie.”

Hy skep die muis in een, vinnige beweging op met sy hand. Cassius is dadelik by, sy diep stem vol verwyd. Ivan stap uit by die deur, af met die voorste trap, tot by die eerste vygies. Hy maak sy hand oop en laat die streepmuis uitspring. Die muis verdwyn tussen die plantegroei voor die kat se klou kan keer.

“Kom. Daar is rotte om te vang.” Hy stap terug na die huis, die vuur en sy beplanning.

Die wekker maak hom om 02:00 wakker. Hy staan dadelik op, een vloeiende beweging, tot op die bal van sy voete, omdat die begeerte om nog te lê so groot is. Dowwe pyn agter sy oë. Te min slaap. Bosman het sy tol geëis; die spanning oor Smittie het gevreet aan sy binneste. Strekoefeninge. Laat die bloed vloei. Alles het suurstof nodig. Yskoue stort, druppels wat sy vel steek. Swart broek. Swart langmouhemp. Duffelsak by die slaapkamer se deur. Gereedskap en wapens.

02:20

Die sekelmaan verlig die sandpad hek toe dofweg, maar genoeg om die oorbekende draai en kronkels te herken. Hy het gisteraand probeer om in Spano se kop in te kom. Die Fransman van Marokkaanse afkoms. Geen formele opleiding in terreur nie. Net dit wat die agterstrate van byna elke vuil stad aan die Middellandse See gebied het. Spano is vernuftig, uitgeslape, versigtig, ’n man wat kan oorleef.

Maar Spano het nie die finesse van formele opleiding in die bedriegkuns nie. Dit kan net ’n Sutherland bied.

Daarom behoort daar iemand by of naby die hek te wees. Spano sal nou die druk wil toepas. En voortdurend ingelig wil wees.

02:24

Die laaste duin is 150 meter van die pad af. Hy hou stil en draf vinnig teen die lae duin uit. Gaan lê op die kruin, tussen welriekende struik. Nagverkyker teen die oë. Groen spookbeeld van die hek, die pad.

Dit is ’n kombi, kleurloos in die nag, ’n halfkilometer van die hek af, Saldanha se kant toe. Te ver om te sien hoeveel insittendes daar is.

Die spanning is skielik weg. Hy was reg. Hy het Spano reg gelees. En die werk kan nou begin. Eerste skuif in die spel om Smittie terug te kry.

02:30

Hy het die R4 in sy hand, metaal-terugslaankolf teen sy skouer. Die kombi staan langs die pad, neus wat Kaap toe wys, dertig meter voor hom. Hy het deur die veld gedraf tot hy verby die kombi was, sodat hy dit van agter kon benader. Hulle sal die hek dophou, seker daarvan dat Ivan Malan Spano se opdrag sal uitvoer.

Hy moet eers sien hoeveel insittendes daar is. Wat beteken dat hy baie naby moet kom. En dan vinnig moet besluit. Hy loop gebukkend in die lang gras tussen die pad en die grensdraad. Twintig meter. Tien. Vyf. Skadu's in die bussie. Vere wat sag kraak van 'n beweging. Twee voor. Is daar nog wat op die bankies agter slaap?

Sal Spano 'n hele leërskaar stuur om hom op te pas? By die agterste venster. Vinnige bewegings. Kop oor die vensterlyn. Die bankies is leeg. Die een in die voorste passasiersitplek lê teen die venster en slaap. Bestuurder is wakker, kyk verveeld na die hek. Hy draai die R4 om, trek dit terug en slaan die staal van die kolfarm met geweld teen die venster, presies waar die kop daarteen rus.

Groot kêrel. Gorilla. Baard en snor. Bloei dadelik teen die wangbeen en slaap. Swart strale sypel deur die hare op sy gesig. Bestuurder se kop ruk van die skrik. Hul oë ontmoet vir 'n oomblik. Lang gesig. Soos 'n windhond. Hartseer oë. Bestuurder se arm reik af, na die ruimte tussen die sitplekke. Ivan het die R4 omgedraai. Blitsbreker teen Gorilla se neus, gerig op Windhond. Gorilla moet bewusteloos wees, wit van die oë, stuip trekking van die lippe, speeksel en bloed wat op die behaarde kakebeen meng. Windhond se hand op 'n wapen.

“Jy gaan dit nie maak nie.” Ivan se stem is oordrewe kalm, teatraal, te hard vir die stilte wat neergedaal het ná die donderslag van die ruit wat breek, die fyn geluid van glas wat val.

Windhond se oë steeds op hom, maar die hand beweeg nie verder nie.

“Hande op die stuurwiel.”

Windhond beweeg stadig, vingers wydgesper, oë wat soek vir 'n teken, vir genade, vir 'n uitweg. Hande tot op die stuurwiel.

Ivan verplaas die R4 na sy linkerhand, vinger op die sneller. Sy regterhand toets die skuifdeur se handvatsel. Gorilla kreun saggies; die wond teen die kant van sy gesig bloei steeds vryelik. Die skuifdeur is nie gesluit nie. Hy maak dit oop. Die bestuurder se oë vernou oor die onverwagte klank.

R4 na die regterhand. Spring by skuifdeur in, blitsbreker teen Windhond se kop, linkerhand voel-voel tussen die sitplekke. Dubbelloophaelgeweer. Afgesaagde loop. Hy tel dit op en gooi dit na agter. Die drukking van die R4 teen die bestuurder se kop dwing hom vorentoe, geboë oor die stuurwiel. R4 na linkerhand. Regterhand soek teen Windhond. Geen wapen onder die windbrekerbaadjie nie. Handwapen in 'n skede op die regterheup.

'n Smith-en-Wesson-kortloop .38 Special. Gooi dit ook na agter. Twee kortafstandwapens. Waar is Gorilla se arsenaal?

R4 na regterhand. Linkerhand soek oor Gorilla. Geen handwapen. Was hy net die spierkrag van dié tweemanskap? Tyd om hulle uit die spel te haal. Hy draai die R4 om. Windhond se kop is steeds vooroor gebuig, hande klemmend op die stuurwiel. Hy trek die R4 terug, dan vorentoe. Die kolf klap tussen nek en skedel.

Hy hoor weer Matsimoru se stem: “Dit is net in Westerse fliëks waar een hou op die ken die rampokker bewusteloos kan kry. Jy moet weet waar om te slaan. Die slape is goed, maar die nek is beter, want die hele liggaam se senuwees kom daar bymekaar. As jy elders teen die kop slaan, moet dit geweldig hard wees. Sodat die versnelling van die skedel die brein daarteen kan laat bots. Maar jy gaan só groot skade aanrig.”

Windhond sug soos iemand wat 'n groot teleurstelling ervaar en syg neer oor die stuurwiel.

02:39

Die kombi staan agter die duin, langs die bakkie. Hy stap met die tang en die binddraad na die bussie. Gorilla het skade opgedoen met die hou teen die slaap. Sy asemhaling is nie egalig nie. Skuim om die mond, oë reeds omgedop. Ivan bind eers die voete vas. Die draad is Sutherland se voorskrif. “Tou, enige tou, is dik genoeg om te manipuleer. Skuur die polse of enkels lank genoeg teen 'n voorwerp en die tou sal begin rol en rafel. Elektriese koord is gemors. Dit rek en breek. Maar binddraad is 'n bliksem. Hoe meer jy lol, hoe dieper vreet dit in die vel in. Dit kan nie rek nie en dit kan nie breek nie.”

Hy woel Gorilla en Windhond se hande vas, bind dit aan die stuurwiel. Hy neem die tang en draad terug na die bakkie en haal 'n kort swart flits uit die duffelsak. Hy haal die sleutels uit die kombi en stap om na die enjinkap agter. Die flits speel oor die drade. Hy haal die vonkverdelers uit. Terug na die bakkie. Vonkverdelers en sleutels op die vloer. Dubbele sekerheid. Nou vir deel twee.

03:14

Hy parkeer een straatblok van die Streekdiensteraad se magasyn en motorkamp. Die groot kraaibektang, lopersleutels, die flits, wielsleutel, vooraf gevormde bloudraad, skroewedraaier en drie kort elektriese drade kom uit die duffelsak.

Hy loop rustig deur die stil straat van die nywerheidsgebied.

Diep in 'n wrakwerf, agter hoë ogiesdraad, brand 'n nagwag se vuur laag in 'n konka. Hy stap verby. *Wes-Kaapse Streekdiensteraad. Waterafdeling. Elektrisiteitsafdeling. Departement van Werke. Geen ongemagtigde toegang. Oortreders sal vervolg word.* Op las. Swart, afgeskilferde letters op 'n wit agtergrond. 'n Betonmuur van twee meter, maar die dubbelhek is 'n staalraam met draad oorgespan. Geen teken van sekuriteit nie. Iewers behoort 'n wag te wees, maar dit is die stil uur van die nag wanneer nagdiere slaap.

Die derde loper wat hy in die groot slot inskuif, laat dit oopklik. Hy trek die ketting versigtig deur, sodat dit nie raas nie. Hek oop op 'n skrefie. Hy glip deur.

Die voertuigpark is na regs, ry op ry diensvoertuie – motors, bakkies, vragmotors, almal wit, met die SDR se kenteken en bewoording op die deur. Na links is die eenverdiepinggebou met hoë vensters en 'n sinkdak, vuil wit mure. Groot dubbeldeure in die middel vir voertuie, een enkele deur vir menslike toegang voor en agter. Hy kies koers na die naaste deur.

03:22

Daar is geen teken van 'n alarmstelsel nie. Lopers knars in die gewone deurslot. Hy maak dit oop, glip in en maak weer agter hom toe. Flits uit die broeksak. Eers 'n klompie kantore, deure oop, links en regs. Dan bordjies op die deure wat die inhoud van vertrekke aandui, meestal verkeerde spellings. *Stoor kamer. Gereedskap kamer.* Die deure is gesluit. Hy stap verby.

*Ontspanning en verkleed kamer.* Interessante kombinasie. Die deur is nie gesluit nie. Die vertrek bestaan uit twee dele. Net agter die deur is twee tafeltennistafels en twee vingerbordtafels op die vloer, twee veerpyltjieborde teen die muur. Dan 'n baksteenmuurtjie van 'n anderhalf meter. Daaragter staalsluitkaste, dan storte en toilette. Teen die muur is lae houtbankies, daarbo klerehake teen 'n reling. Oorpakke hang van die hake af. Dit is wat hy soek.



Elkeen dra die geborduurde woorde van sy eienaar se werksverband op die rug. Hy soek na die oorpakke van die elektrisiteitsdepartement se mense. Daar is geen volgorde aan die oorpakke nie. Groot en klein, interdepartementeel, hang langs mekaar soos vriendskappe gevorm het.

Hy spoor drie, vier op met die regte gegewens, maar die vyfde een pas eers. *Wes-Kaapse* staan bo in 'n halfmaan op die rug. *SDR* in reguit blou letters op die wit oorpak. *Elektrisiteit* vorm die onderste halfmaan. Hy trek dit oor sy klere aan. Bo die borssak staan daar *Johnnie*. Die oorpak is effens te ruim. Johnnie is 'n groot man.

03:28

Die staalkaste is almal gesluit, sommige met kombinasieslotte, ander met gewone boogslotte. Hy toets die lopers tot hy een oopmaak met 'n metaal-gereedskapkissie wat duidelik vir elektriese werk bedoel is. Rodney se tools. *Hands off. Hot Rod. I ♥ WP*. Alles in verbleikte swart kokipen op die blou gereedskapkissie. Hy haal dit uit en stap doelgerig na die deur.

03:32

Die wit Ford Escort-paneelwa se deur is gesluit. Hy tel die sekondes af vandat hy die deur se bopunt met die wielsleutel wegbuig van die bakwerk, die bloudraad met die gevormde hakie aan die een punt deur die spleet druk, tot die sluitknoppie opspring in die knyp van die draad. Sewentien sekondes. Nie te sleg nie. Nege was sy beste in die ou dae.

Twee sitplekke voor. Agter is 'n warboel van rolle elektriese koord, insulators en toetsinstrumente. Voor, bo-op die instrumentepaneel, lê 'n logboek. Hy ondersoek dit vlugtig. Elke rit word aangeteken.

Opdragnommer. Tyd uit. Bestemming. Fout. Tyd in. Kommentaar.

Skroewedraaier uit die sak. Hy maak die omhulsel van die stuurstang los om by die drade en sluitmeganisme te kom. Dié stuursluitmeganismes werk met 'n staalpen, wat deur die sleutel se draai in en uit sy skede in die stuurstang beweeg. Moeilik. Hy druk die kraaibektang om die pen. Staal teen staal. Minute tik verby. Die pen is taai. Hy sweet in die warm oorpak. Eindelik die klikgeluid as die tang se kake op mekaar klap, die pen deurgevreet. Hy konnekteer die drade en laat hulle aan mekaar raak. Die enjin swaai. Tikkie petrol. Die enjin vat, stotter, vrek. Smoorklep oop, swaai dit weer, toon op die brandstofpedaal. Dit stotter en brul. Hy sit die ligte aan en begin hek toe ry.

'n Donker figuur in 'n lang, donker jas kom aangedraf, van iewers agter die platdakgebou. 'n Flits ding mee met die paneelwa se ligte. Nagwag.

Ivan hou stil en draai die venster af, die enjin wat nog loop. Die man het net 'n knuppel in sy hand. Sy oë knip-knip nog van die skielike wakker word.

“Waarheen gaan jy?”

Ivan frons, sy elmboog op die vensteropening om die drade by die aansitmeganisme te verdoesel. “Blêrrie substasie in Blouberg het geblaas. En Johnnie is op stand-by, maar hulle werk al van gisteraand aan die kables wat daai lorrie by Silwermyl moer toe gery het. Ma' wat de hel, overtime is overtime.”

Die nagwag knik, verlig dat hy nie berispe is oor sy nagtelike uilknippery nie. “Ek maak vir jou oop.” Hy stap na die groot staalhekke en trek een oop. Ivan ry deur.

03:44

Hy stop agter die bakkie, klim uit en sluit die bakkie oop. Hy plaas sy gereedskap terug in die duffelsak, haal die sak uit, sluit die bakkie en stap na die paneelwa.

04:19

Hy ken die verlate bosboupaadjie wat hy twee weke lank daaglik gebruik het om 'n uitsig oor Spano se landgoed te kry. Hy hou hoog teen Constantiaberg stil en skakel die ligte, die enjin af. Die nag is windstil teen die berg. Hy klim uit en luister, soek na die teenwoordigheid van iemand, maar daar is niks. Dan klim hy agter in die paneelwa, skuif die draadrolle weg en kry 'n lêplek. Minstens negentig minute voor die son opkom. Hy kan probeer om verlore slaap in te haal.

05:39

'n Kwikstertjie land op die dak van die paneelwa en begin met sy skerp bekkie op die metaal pik, op soek na ontbyt. Die geluid bring hom finaal uit die skemer van 'n amper-slaap. Die oggend oorval sy sintuie. Dit is lig, maar die son is nog nie op nie. Voëls kwetter in die veld om hom. Die paneelwa se vensters is toe onder die dou en wasem van sy asem.

Hy maak die agterste deur oop en klim uit. Dit gaan 'n mooi dag wees. Wolkloos. Die suidoos is stil. Die fynbosstruie se takke roer nie. Hy strek en kyk op sy horlosie. Nog minstens drie uur om te wag.

Hy haal die Falcon uit die duffelsak en stap om met die voetpaadjie. Déjà-vu. Hoeveel maande gelede het hy dit nie dag ná dag gedoen nie? En nou is hy terug. Spano is die eerste operasie sedert hy vryskut werk wat suur geword het.

Hy sal uitvind hoekom. Dit mag nie weer gebeur nie.

Bo, teen die bekende rots, gaan hy lê en stel die Falcon in. Die bekende toneel ontvou onder hom – die groot huis, die groot tuin, die muur, die hek. Hy herleef die nag van die Vermeer, sy vlug van die huis na die muur, die skote, die honde, die pyn in sy arm, die hond se koue oë . . .

Vanoggend is daar min tekens dat hulle vir Smittie hier aanhou. Net twee ekstra voertuie in die oprypad na die groot motorhuis. Versterkings?

Twee sekuriteitsmanne by die hekke, in netjiese blou uniforms, soos gewoonlik. Dan kom nog twee om die hoek van die huis, twee dobermanns gedissiplineerd langs hulle. Spano het versterking ingeroep. Die vorige keer was die manne by die hek die enigste bystand wat die omvattende alarmstelsels geniet het. En as daar nou meer is, hoeveel meer? Is die res binne die huis by Smittie?

Hy sal weldra uitvind. Hy swaai die Falcon en begin weer by die hek. Daar is nog heelwat tyd.

07:02

Ivan is honger.

Hy staan van die rots af op. Die oggendson het begin bak teen die oorpak se rug. Hy stap terug na die paneelwa.

In die duffelsak is beskuit en 'n fles koffie. Hy gaan sit agter die stuurwiel en begin eet en drink. Dan draai hy om en trek die gesteelde blou gereedskapkissie nader. Hoe laat begin dié mense werk? 'n Paar van hulle gaan vanoggend baie ongelukkig wees.

Hy pak die gereedskap op die sitplek langs hom en steek sy hand soekend in die duffelsak. Hy het die Heckler-en-Koch CAWS-haelgeweer gebring, maar dit gaan te groot wees om in die kissie te pas. Hy sal moet staatmaak op die Uzi. Twee magasyns. Hy druk die een in die wapen, plaas die ander saam met die wapen in die paneelkissie.

En die Colt Python. Net om respek af te dwing. Hy plaas dit ook in die kissie.

Dan: die spesiale pakket. Die geskenk aan Spano. Hy het dit alles gisteraand in 'n swart plastieksak toegedraai. Die belegging in Spano se toekoms. En in sy eie. Hy sit die gereedskap terug, bo-op die wapens en die pakkie in die swart sak.

Hy skink nog 'n beker koffie en kyk op sy horlosie. Wat sou Ragel nou doen? Nog in die bed, haar heerlike rondings en kurwes tussen vars, skoon lakens? Of is sy al wakker?

07:19

Sy lê in die bad, ongelukkig, gefrustreerd. Terwyl sy die waslap met die koekie parfuumseep smeer, probeer sy weer die gevoel van onheil afskud.

Wat is Ivan Malan se probleem?

Daar was 'n ontstellende gedagte wat in die nag uitgebroei het soos 'n onheilskuiken. En dit het haar laat rondrol in 'n soeke na bewyse vir die teendeel.

Ivan Malan wil haar geld vat.

Sy weet nie waar dit vandaan gekom het nie. Want sy is gek na hom. Maar hoekom tree hy nou skielik so snaaks op? En waar is Smittie? Sy het sy nommer 'n paar keer probeer skakel. Is hy en Ivan kop in een mus?

Daar is heelwat getuienis teen hulle. Heel boaan die lys haar gebrek aan menseoordeel. Kyk hoe het Bosman haar geflous. Ivan se agtergrond. Hy is geleer om te bedrieg, al is dit deur amptelike kanale gedoen.

Maar dit kan nie wees nie. Nie ná hul . . . Hy was so sag met haar, sy oë, sy hande, sy stem. En buitendien, Smittie sal dit nie doen nie.

Wat gaan aan?

Sy laat haar lyf teruggly in die water om die seep af te spoel. Sy sal moet begin roer. Dit is netnou tyd om te gaan werk.

07:27

Ivan stap weer met die voetpaadjie op. Daar is niks anders om te doen as om hulle dop te hou en te wag vir die regte tyd nie. Hy kan nie te vroeg kom nie. Die SDR se manne sal nie vroeg opdaag as daar nie 'n krisis is nie. Hy moet geloofwaardigheid behou.

Hy gaan sit op die rots. 'n Blouvalkie swiep links teen die berg af op soek na die oggend se eerste slagoffer.

Hy stel die verkyker in en ondersoek weer die oorbekende toneel. Die min slaap lê in sy nek, sy skouers, sy oë. Maar die spanning sal hom laat aanhou.

07:51

Ragel gooi die Kellogg's Special K in die bord. Sy het die mooi porselein by die vlooiemark in Groenpunt gekoop. Daar was net twee van die stel oor, maar die fyn, handgeverfde blommietjies al met die rand langs, oranje, groen, oranje, groen, het haar hart gesteel.

Ivan Malan ook. En nou haar geld ook.

Dit kan nie wees nie. Sy haal die halfliter-kartonnetjie met melk uit die yskas. Sy kan nie groter houers koop nie, want sy gebruik nie genoeg nie. Die goed word suur. Soos haar lewe.

Sy kan al Mignon se stem hoor: "Wanneer gaan jy leer, Ragel Bergh. Jy vertrou mense te maklik . . ."

Sy strooi 'n halflepel suiker oor die pap. Sy het só hard gewerk aan haar dieet en aan haar liggaam in die gimnasium om vir Ivan mooi te lyk as hy terugkom.

Sy kou aan die smaaklose ontbyt kos.

Wat help dit alles?

08:06

Die tyd is naby. Hy stap weer terug na die paneelwa. Om met die pad langs na die landgoed te ry, gaan vyftien minute verg.

Hy bêre die Falcon in die duffelsak. Daar is nog een instrument wat hy nodig het. Ter ere van Carla. As die dobermanns lastig raak. Hy haal die rubberskede uit die duffelsak, trek die mes uit, 34 sentimeter van getemperde vlekvrystaal. Hy rits die oorpak oop en heg die mes se skede aan die swart broek se gordel. Dan klim hy in. Hy glimlag. Hy voel soos Rambo. Al is sy hare te kort. Hy trek die logboek nader en skryf iets daarin.

08:17

Sy is wéér laat. Sy hardloop met die treetjies af, 'n mooi vrou in 'n poeierblou plooitjiesromp en wit kortmoubloese, gryp die sleutels op die boekrak by die deur en maak die voordeur se grendel oop.

Terwyl sy motorhuis toe loop, hakke wat klik-klak op die sementpaad-jie, weet sy Frikkie sal vroeg wees en oopsluit. Maar sy is al weer laat. En dit is alles Ivan Malan se skuld.

08:18

Hy hou voor die hek van die landgoed stil. Twee groot suile van klip en sement dien aan weerskante van die hekke as pilare. Die hekke is drie meter hoog, 'n ingewikkelde ontwerp van swart geverfde staal.

Die regterkantste klipsuil omvat ook die deur van die aangehegte geboutjie van die wagte, ook van klip. Rankplante slinger groen oor die mure. Die wag sien hom deur die venster en kom by die deur uit, 'n blou pet wat skeef sit, maag span teen die knope van die ligblou hemp en hang effens oor die donkerblou broek. Swart skoene wat blink in die oggendson. Rewolwer in 'n swart leerskede aan die sy. 'n Swart knuppel aan die linkerkant van die gordel. Swart leersakkie net langs die gespe.

“Ja?”

Ivan trek die logboek nader en kyk daarna. Kyk dan op na die sekuriteitsman. “Julle het meterprobleme, pêl.”

“Hoe só?”

“Supervisor sê die meter loop te vinnig. Ek het 'n nuwe een gebring.” Hy wys met sy duim na die deurmekaarspul agter in die paneelwa.

“Wag net.”

Ivan sien hoe die wag 'n telefoon gaan optel.

Die ander wag loer by die deur uit, nuuskierig. Grys hare, swak vel, die oorblyfsels van swaar aknee.

Ivan voel hoe sy buik saamtrek. 'n Paar van Spano se mense ken hom, het hom dopgehou. Op 'n afstand.

Wag Nommer Een plaas die gehoorbuis terug op die mikkie en sê iets vir Nommer Twee. Hulle kom saam uitgestap.

“Die mense sê hulle weet niks van meters wat te vinnig loop nie.”

Ivan tik ongeduldig met sy vingers op die dak, nadenkend. “Well, dis hulle probleem as hulle te veel wil betaal vir krag.” Hy verskuif sy hand na die drade by die aansitter. “Dan ry ek maar. Hulle moet die supervisor bel as hulle eendag 'n nuwe meter wil hê. Dis nog 'n lang dag voor.” Hy laat die drade aan mekaar raak en die enjin draai.

“Hokaai, hokaai, ek het nie gesê jy kan nie ingaan nie. Sluit oop agter, dat ons kan check.”

Hy skakel die enjin af. “Dit is oop.”

Die wagte stap om die paneelwa na agter. Nommer Een maak die deure oop. Hy het sy knuppel uitgehaal en begin daarmee druk tussen die rolle draad en toebehore.

Nommer Twee stap om na die passasiersdeur. Die drade by die aansitter. Hy moet dit wegsteek. Hy beweeg sy hande. Nommer Twee loer in deur die venster, die littekens op sy vel duidelik, klein bruin ogies, lae voorkop.

“Jissis, maar dit is deurmekaar. Hoe kry jy gewerk?” vra Nommer Een van agter, die knuppel nog soekend tussen die apparaat.

“Ek weet waar elke ding is, pêl.”

“Jy kan ’n atoombom hier wegsteek.”

“Oppas net dat jy nie die Mig Twenty-five en die guided missiles raak druk met daai stok van jou nie, pêl. Ek moet nog terugvlieg Rusland toe vanaand.”

“Ons het ’n grapgat hier, Norman. Ek haat grapgatte.”

Nommer Een maak die deure toe en stap terug na Ivan se venster. “Nou toe, grapgat, jy kan ingaan, maar jy moet gou maak. Die baas daar binne vat nie nonsens van ’lectric kabouters nie.”

Die sekuriteitsman stap deur die wagkamer se deur om die hek oop te maak. Nommer Twee se kop verdwyn by die venster. Ivan onderdruk die sug van verligting.

08:31

Ragel gryp haar handsak op die sitplek langs haar, klim uit en sluit die motor se deur. Dan drafstap sy in die rigting van die winkel.

08:32

Hy ry in die teerpaadjie op, tussen die goedversorgde struik deur. Hy sal so na moontlik aan die voordeur moet parkeer. Nie vir die ingaan nie, maar vir die uitkom, saam met Smittie.

Want niks kan deur die swaar staalhekke wat agter hom toegeswaai het kom nie. Miskien ’n tenk. Maar nie die paneelwa nie.

Voor, by die groot motorhuis, wag die ander twee sekuriteitsmanne vir hom. Die dobermanns sit geduldig langs die wagte, tonge uit, wit tande wat glinster. Hy wonder vlugtig of een van hulle hom sal onthou.

08:35

Sy stoot die winkel se deur oop. Frikkie staan agter in die winkel tussen die rakke. Hy lyk hartseer. Daar is nie musiek wat speel nie.

“Ek is jammer, Frikkie. Ek is al weer laat. Maar dit is darem stil.”

Frikkie sê niks. Hy staan met sy hande voor hom, saamgevou soos iemand wat ’n gehoor wil toespreek. En dis asof sy dik brillense vanoggend nog minder deursigtig is.

“Wat is dit, Frikkie, is alles . . .?”

Die loop van ’n vuurwapen beweeg van agter die rak na Frikkie se kop.

“Ek is jammer,” stamel hy, sy stem klein en bang. Agter die groot pistool verskyn ’n gesig om die hoek van die rak.

Michael Bosman grinnik vir haar.

“Nie gedink ons sal mekaar weer sien nie, Ragel.”

Haar hart ruk.

Die pistool druk teen Frikkie se slaap. Bosman stap agter hom in en gly sy hand om Frikkie se nek. “Gaan sluit vir ons die deur, Ragel, ons wil nie gepla word nie.”

Skok groei in haar. Sy voel hoe haar hande, haar knieë bewe. Haar oë is vasgenaël op die bekend-vreemde gesig. Bosman lyk sleg. Sy oë is rooi, sy stoppelbaard ongeskeer, sy hare onkenmerkend deurmekaar.

Sy stem ontplof in woede. “Maak gou, jou dom teef. Of ek blaas jou maatjie se brein oor jou kosbare boekies.”

Haar liggaam ruk. Sy vlieg om en hardloop na die deur. Sy draai die grendelslot van binne. Dan draai sy om en kyk na Bosman.

“Kom nader. Netnou sien iemand ons.” Hy sleep Frikkie na agter, na haar kantoor. Ragel stap nader. Sy is paniekerig, haar bene lam.

“Waar is my geld?” Hy spoeg die woorde uit met onverdunde haat en afsku.

Sy dink nie daaraan om te sê dit is haar geld nie. Sy antwoord instinktief. “By . . . Ivan het dit.”

“Ivan?” Hy toets die naam in sy mond. “Richard Eugene Potgieter is Ivan. Jou slim vriend. Baie slim. Maar hy het nie geweet hoe dom jy is nie. Julle sou weggekom het as jy nie gebel het nie.” Hy lag. Vir haar, neerhalend. “Armsalige fokken teef.”

08:39

Hy klim uit, gereedskapkissie in die hand. Die wagte kyk na hom, elkeen met ’n tweerigtingradio in die hand. Die honde se koppe draai saam met sy verbystap.



Hy ignoreer die kil houding. “Wat is dit dié? Fort Knox?” Hy moet sy karakter laat leef.

Die een sekuriteitsman praat. “Gaan jy maar net in. Hulle wag vir jou.”

Het hulle hom herken? Vermoed hulle iets? Hy moet ’n Uzi binne die oorpak gehou het. Maar hulle behoort eers vrae te vra voor hulle skiet. Hy is immers veronderstel om die Vermeer terug te kry.

Die voordeur is ’n indrukwekkende kunswerk van ’n wingerdstok en druiwe, gekerf uit die donker hout. ’n Groot koperklopper hang in die middel, ’n miniatuur-druiwetros. Hy lig die swaar arm en laat dit val. Die koperdeurknop draai byna onmiddellik. Die deur swaai oop.

08:41

“Die blond pas jou, Ragel. As ek nie so haastig was vir my geld nie . . .” Bosman is in volle beheer. Hy het Frikkie op die stoel agter haar lessenaar neergedruk. Frikkie se hande bewe kwaai, sy gesig bleek vertrek van vrees. Bosman staan agter hom, die pistool se loop gemaklik op Frikkie se nek geleun. Ragel staan teen die deur, haar bene lam, haar eie hande steeds aan die bewe.

“Waar is jou slim vriend?”

“Ek weet nie.”

Bosman beweeg die pistool blitssnel. Frikkie se kop ruk. Hy maak ’n klein geluid. Sy bril val op die lessenaar neer terwyl bloed uit die sny op sy voorkop begin sypel. Hy gryp dadelik na sy bril. Ragel se hele liggaam ruk van die skrik.

Bosman se stem is kalm, die vroeëre haat uitgewoed. “Ons is gister uit Johannesburg weg met die vierwiel, Ragel. Ek is moeg en ek is ongelukkig. Jy kan dié ding op twee maniere aanpak. Jy kan speletjies speel of jy kan die waarheid praat. En elke keer dat ek jou nie glo nie . . .” Die skerp korrel van die pistool ruk vel en hare. Frikkie slaan sy hande teen sy kop in beskerming.

“Nee!” Woede en haat en vrees vermeng in ’n uitroep wat terselfdertyd bevel en smeking is, ’n arm voor haar uitgestrek asof sy Bosman van Frikkie wil wegweer. “Ek weet nie waar hy is nie. Hy het gisteraand gebel. Hy het gesê hy moet iets gaan doen.” Sy praat vinnig, voor hy weer kan slaan.

“Jy beter die waarheid praat.” Maar hy sien aan haar uitdrukking dat dit so is. Hy sien ook die haat. Hy glimlag vir haar. “Jy is nie meer lief vir my nie, nè?”

[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

08:43

Hy ken nie die man wat die deur oopgemaak het nie. Hy is nie in die blou uniform van die ander wagte nie. Gemiddelde lengte, kort bruin krulhare, skoongeskeer, plat neus, skewe tande, Europese aksent, nie onmiddellik peilbaar nie. Hy het 'n netjiese grys broek, wit hemp en ligrooi das aan.

“Die meter is buite.”

“Is jy die eienaar? Julle het 'n probleem, meneer. Dié ou huise se wiring. Iewers is daar 'n slow short. Ek sal moet binne begin, by die switch box.” Hy praat lakonies, sonder respek, net iemand wat sy daaglikse brood op dié manier verdien. Hy het geen idee of daar iets soos 'n “slow short” bestaan nie. Maar dit klink na vaktaal.

Die man kyk hom op en af en sug. “Ek is nie die eienaar nie. Kom in. Ek wys jou waar dit is.”

Die man draai om. 'n Kortloop Taurus .32 se kolf steek agter by sy gordel uit, duidelik sigbaar teen die wit hemp. 'n Handradio hang teen die gordel.

Die elektrisiën, skadeloos en geamuseerd, die grapgat, moet 'n aanmerking maak. “Met julle boys se firepower kan ons 'n comeback maak in Angola.”

Die skewe tande flits as die kop omkyk. “Hou jou bek en doen jou werk. Of ek rapporteer jou.”

“Okay, okay. 'n Man kan nie eers meer 'n grappie maak nie.”

Hulle stap in die gang af. In die daglig lyk dit anders as wat hy dit onthou. Die pastel van die muurverf, die liggroen van die mat, die kleur van die skilderye teen die muur. Dan, regs na die kombuis. Ivan kyk vlugtig verder af in die gang. Die studeerkamer se deur gooi nie 'n ligband in die gang af nie. Is dít waar Smittie is?

“Daar is die skakelaarkas.” Die man wys na die paneel teen die muur. Dan gaan sit hy op 'n stoel en hou Ivan dop.

Ivan plaas die gereedskapkissie op die tafel en maak dit oop. Die man leun vorentoe om in te kyk. Ivan haal 'n skroewedraaier uit en klap dit vies toe.

“Ek het nie 'n babysitter nodig nie. Wat gaan ek steel? Die stoof?”

“Bly stil en doen jou werk.”

Hy stap na die paneel en maak die deurtjie oop. Dan skroef hy die vier skroefies los en haal die paneel af. Hy kyk na die ingewikkelde ordelikheid van die rooi en swart elektriese koord wat van skakelaar na hul verskillende eindbestemmings in die huis gaan. Hy fluit saggies deur sy tande.

“Wat is dit?”

“Troubles, troubles, troubles.”

Die man staan op en stap tot langs Ivan. “Dit lyk vir my reg.”

Ivan dryf sy elmboog agtertoe, in die man se midderif, druk die asem met ’n kreun uit sy longe. Die man vou dubbel in ongemak. Ivan se knie beweeg na bo, tref die man teen die voorkop. Hy slaan agteroor, geluidloos, en bly lê. Ivan haal die Uzi uit en haal die slot oor. Dan die Python, in die oorpak se sak. Hy verplaas die swart plastieksak na die binnekant van sy oorpak. Ongemaklik, maar dit sal moet doen. Deur toe, op die bal van sy voete. Kyk links, regs in die gang. Alles stil. Hy draf in die gang af, op pad na die studeerkamer.

08:58

Bosman sleep Frikkie na die deur toe. Hy kyk deur die glas van die deur na die straat, en wink vir iemand. Ragel staan tussen die rakke, haar oë vasgenaël op Frikkie se bebloede gesig. “Onthou nou om vir jou slim vriend mooi te verduidelik. Jy het 24 uur om hom te kry en my geld terug te gee.”

Sy knik. Sy sal onthou. Bande skreeu in die straat. ’n Vierwielaangedrewe bakkie hou stil. Sy sien Van Sitterd agter die stuurwiel. Bosman druk die deur met sy skouer oop en gryp Frikkie aan die kraag. Van Sitterd het die passasiersdeur van die bakkie oopgemaak. Bosman sleep Frikkie oor die sypaadjie tot in die bakkie. Die deur klap toe en weer sleep die bande skril op die teer. Net voor dit uit haar gesigsveld verdwyn, sien sy Frikkie se oë agter die bril wat na haar toe terugkyk.

09:00

Uzi na die linkerhand, agter sy rug; regterhand maak die studeerkamer se deur oop.

’n Man sit agter die lessenaar. Hy is groot, oorgewig, blas, yl swart hare. Spano. Hy herken die man van die sosiale blad-foto’s.

“Sorry, meneer, ek soek die short. Sal hier ook moet toets.” Hy stap in.

Spano se gesig wys verstomming, dan woede. “Get out, you fool.” Hy wil opstaan uit die stoel.

Wanneer Ivan dieper die vertrek instap, sien hy die ander twee by 'n tafel agter die deur. Hy draai skuins om die Uzi steeds weg te steek. Die twee is albei lank en breed van skouer, vinkel en koljander van Mediterreense manlikheid, olyf van vel, dik swart hare, sterk kakebeen, aristokratiese neus. Grieks, Italiaans, Spaans; kan selfs Libanees wees. Die baadjies van hul netjiese grys pakke hang oor hul stoele. Skouerskedes vir handwapens. Verstomde gesigte. Tussen hulle op die tafel is dokumente. En handradio's.

Ivan slaan ook oor na Engels. "I'm sorry, but you have a problem."

Vinkel kom halforent, die hand reik uit na die wapen onder sy arm. "It's him!" Koljander se hand beweeg ook.

Ivan swaai die Uzi uit agter sy rug. "Sit!" beveel hy. Die twee by die tafel ruk tot stilstand, hul hande doelbewus weg van hul wapens. Ivan stap vinnig tot agter Spano en druk die kort loop van die Uzi in die vetrolle van die gesette man se nek.

"Gooi die wapens op die grond, voor die lessenaar." Dit is nie nodig om te dreig nie. Almal verstaan die situasie.

Vinkel en Koljander gehoorsaam. Lang, teatrale vingers pluk-pluk aan die wapens in die skedes om dit los te kry, trek dit versigtig uit met die punte van duim en middelvinger, en slinger die wapens versigtig na die los Persiese mat voor die lessenaar. Met die behendigheid van iemand wat dit al voorheen moes doen. Pistool en rewolwer.

Spano sit styf en gespanne in die stoel, die Uzi se loop 'n ongemaklike drukking in sy nek.

"Voorraadopname van jou sondes, Spano?" Ivan beduie in die rigting van die dokumente.

"Wat wil jy hê?"

"Ek soek vir Smittie."

"Hy is nie hier nie." Diep stem, wat daaraan gewoond is om bevele te gee, effense aksent.

"Dit kan ek sien. Maar hy is hier op jou plotjie. En jy het sestig sekondes om hom hier te kry."

"Jy het my Vermeer gesteel."

"Sestig sekondes, Spano."

"Wat gaan jy doen? My skiet? Jy kan nie hier uitkom nie."

Tyd vir die dramatiese. Hy haal die mes uit die oorpak, 'n gewelddadige instrument wat hy voor Spano se oë verbytrek soos 'n advertensie. Dan druk hy die lem teen die vet man se oorlob. Dit sny gemaklik. Die lob val

op Spano se skouer. Die wond begin dadelik sterk bloei. Spano se kop ruk. Ivan pen die lob met die mes se punt vas en skiet dit van Spano se skouer tot op die lessenaar voor hom. Die vet man swets in Frans.

“Daar is nog baie om af te sny, Spano. Jy het veertig sekondes oor.”

Spano se hand is op sy oor, sy oë in ongeloof op die stukkies vleis voor hom. “Is jy mal?”

Ivan verwissel masjienpistool en mes en druk die lem teen die regteroor. Spano se hand ruk soontoe om te keer. Sy vingers tref die lem, wat wys- en middelvinger tot op die been oopkloof.

By die tafel sit die ander twee met verstomming en kyk, liggame gespanne, gebalde vuiste met wit kneukels op die tafel – magtelose gereedheid.

“Genoeg.” ’n Bevel. Geen vrees. Net irritasie. “Smit is in die motorhuis. Iemand sal hom moet gaan haal.”

“Gebruik die handradio’s. Sê vir een van die twee ape met die honde om hom te bring. En as Smittie iets oorkom, Spano, sny ek jou tottermannetjie af. As jy een hét.”

Stilte.

“Kom, Spano, sê vir een van jou Casanovas om ’n radio te gebruik.”

“Louis.” Ongeduldig.

Koljander steek sy hand na ’n radio uit.

“Wag,” sê Ivan. “Die swart gordelsakkies. Dra die wagte boeie?”

Louis en Spano knik gelyk.

“Laat hom vier paar saambring.

“Vier?”

Ivan lig weer die mes. Louis trek die radio vinnig nader en begin praat.

09:06

Dit is die argelose geweld van Michael Bosman wat haar die meeste ontstel het, die kalmte waarmee hy met sy pistool vir Frikkie teen die kop geslaan het.

Wat gaan hulle met Frikkie doen as sy nie vir Ivan kan opspoor nie? En wat gaan Ivan sê as hy hoor hoe dwaas sy was?

Sy sit op die vloer van die boekwinkel tussen die rakke en huil saggies, haar ingewande ’n knoop van vrees. Haar gedagtes maak onsekere spronge van die een moontlikheid na die ander: Hoe sy te laat gaan wees en Bosman vir Frikkie met die pistool slaan tot hy bloedbelope en leweloos bly lê. Hoe sy Ivan nooit weer sal sien nie – hy en Smittie is landuit met die geld. Hoe

Ivan haar haat en verafsku oor die oproep wat sy in haar oomblik van triomf gemaak het.

'n Geluid by die deur trek haar aandag. Sy staan op, onvas op haar hakskoene, maskarastrepe oor haar wange, en loer om die hoek. 'n Kliënt voel aan die deurhandvatsel. Sy sal haar moet regruk. Sy stap na die kantoor vir sneesdoekies. Bloedspatsels op die lessenaar.

Sy haal diep asem en vee haar wange en oë af. Dan stap sy deur toe met haar sleutels. Sy sal die *Gesluit*-bordjie uithang en na Ivan Malan se plek toe ry. En daar wag tot hy kom. Sy het geen ander keuse nie.

09:09

Smittie kom kop onderstebo by die studeerkamerdeur in, sy hande agter sy rug geboei. Die sekuriteitsman is agter hom en sien te laat wat die toedrag van sake in die vertrek is.

Hy steek vas toe hy vir Ivan agter Spano sien.

“Vuurwapen op die vloer, boeie op die lessenaar,” sê Ivan en Smittie tel sy kop vir die eerste keer op. Eers verstomming, dan, wanneer hy rondkyk en die ander twee by die tafel sien, bekommernis. Maar hy glimlag yl vir Ivan, die spanning duidelik op sy gesig.

“Jy is hier . . .” Hy lees die naam op die oorpak se sak “. . . Johnnie.”

Ivan hou sy oë op die sekuriteitsman terwyl Smittie voor die lessenaar verbystap na die venster links van Ivan. Die man gehoorsaam. Hy plaas die pistool op die mat, lê die boeie op die blad neer.

“Smittie se boeie.” Ivan beduie met die mes. Spano ruk sy kop weer instinktief. Die sekuriteitsman se oë is wyd gerek. Hy stap flink oor na Smittie, haal 'n sleutel uit die swart sakkie aan sy gordel, en sluit die boeie oop. Smittie draai om en vryf sy polse.

“Al drie van julle op die vloer, daar langs die tafel. Gesig na onder, hande agter die rug.”

Hulle gehoorsaam met stadige, versigtige bewegings.

“Ek gaan jou kry. Ek gaan jou vrekmaak.” Spano begin die eerste vergesigte van 'n nederlaag sien. Ivan ignoreer hom.

“Smittie, die boeie.”

Smittie stap met die blink metaalboeie na die drie mans wat op die mat lê.

“Maak nie saak waar jy is nie, jy is dood.”

Ivan druk die mes se punt in die sagte vleis agter Spano se oor. “Hande agter jou rug.” Spano gehoorsaam. Smittie kom omgestap. Ivan staan weg

en die ouer man klik die boeie om Spano se polse.

Ivan stap om die lessenaar, tot voor Spano, dan vra hy: “Hoe het jy ons opgespoor?”

Spano se dubbelken bewe van woede. Hy sê niks. Ivan kyk betekenisvol na die mes in sy hand en begin weer terugstap na agter die lessenaar.

“Gaan jy praat?”

Stilte. Ivan sny die ander oor se lob ook af. Bloed stroom. Smittie snak na sy asem. Spano brul. “Ek gaan jou doodmaak!”

“Die volgende is jou neus se punt. En dan gaan ons af ondertoe.” Ivan stap weer om die lessenaar. Die bloed drup langs Spano se nek af, ’n groot kol vorm teen sy hemp se kraag. Die ander oor se wond het al begin stol.

“Hoe het jy ons opgespoor?”

’n Spiertjie in Spano se wang spring. Sy nekspiere bult terwyl hy beur teen die boeie. Smittie staan met sy rug teen die muur, asof hy nie deel van die gebeure wil wees nie. Sy oë is op Ivan.

Ivan stap weer om. Hy trek Spano se stoel weg van die lessenaar en druk die mes se punt net bo Spano se gordel onder die hemp in. Hy ruk die lem na bo. Materiaal skeur en knope rol oor die mat. Spano se dik midderif hang oor sy broek. Ivan plaas die lem teen Spano se bors, net bo die regtertepel. Smittie se asem snak weer. Spano begin praat: “Die versekeraar. Ek het geweet die Vermeer se versekeraar moes iets daarmee te doen gehad het.”

Uzi steeds in die linkerhand, loop na onder, die lang lem hang voor Spano.

“Ja?”

“Ek het vir Louis en Didier Frankryk toe gestuur. Hulle het gaan uitvind wie die versekeraars se eiseondersoeker vir die Vermeer was. Die een wat met julle onderhandel het om dit terug te kry.”

Ivan onthou die man wat deur ’n plaaslike kontak met Smittie in aanraking gekom het, die lang, skraal, ernstige Fransman met die geboë houding. Hy het ’n halfmiljoen aangebied vir die terugkry van die Vermeer. Marseilles was vol gerugte oor wie agter die diefstal was, maar hulle het geen bewyse gehad nie. Ivan het die saak aanvaar.

“Hoe het hulle hom laat praat?”

“Hy het ’n dogter. Sestien . . .”

“Jy is gespuis, Spano.”

Die gesette man spoeg na hom. Ivan draai weg, die mes terug in die gordel onder die oorpak. Hy haal die swart plastieksak uit die dieptes van



die oorpak. Stap na Vinkel en Koljander se tafel en sit die Uzi neer. Maak die sak oop. Haal sakkies met wit poeier uit. Teelepels. 'n Aptekerskaal. Hy skeur van die sakkies met wit poeier oop en druk 'n vinger daarin, proe dan.

Hy tel die Uzi op, stap terug na die lessenaar, lig die telefoon se gehoorbuis en skakel. Spano se oë volg hom, die drie mans op die mat draai hul koppe. Hy praat in die telefoon.

“Narkotikaburo, asseblief.”

Spano ruk. “Jou fokken bliksem!” Die groot man werp homself uit die stoel, na Ivan. Die kolf van die Uzi klap teen Spano se kop. Hy stort ineen op die vloer langs die lessenaar. Refrein: “Ek gaan jou doodmaak. Ek gaan jou doodmaak.” Sagter, binnensmonds.

“Luitenant, ek het goeie rede om te glo dat Josef Spano op sy landgoed in Constantia op hierdie oomblik besig is om 'n besending kokaïen voor te berei.”

Hy luister.

“Ek kan nie sê wie praat nie. Maar die inligting is korrek. Ek skakel van sy landgoed af. Die nommer is . . .” Hy lees dit van die telefoon af. “. . . 8743608. U kan my terugskakel, maar maak net gou. Hulle weet nie ek bel nie.”

Die drie op die vloer het begin rondrol. Louis probeer opstaan. Ivan rig die Uzi op hom. Oë verstar. Hulle lê weer stil.

“Dis reg. S.P.A.N.O. Dis hy. Die uitlander.”

Luister.

“Ek kan nie langer praat nie. Skakel my terug.” Hy plaas die gehoorbuis terug. Spano beur teen die boeie. Bloed en speeksel meng op sy hemp. Hy prewel. Ivan kyk na Smittie teen die muur. Smittie glimlag flou. Hulle wag in stilte. Dan lui die telefoon.

“Hallo. Dit is reg, luitenant. Maar julle moet gou maak. Nee. Ek het net genoeg van hom gehad. Hy is so skynheilig.” Hy sit die telefoon neer.

“Kom, Smittie.” Smittie stap haastig deur toe. Ivan keer hom. Hy haal die Colt Python uit die oorpak se sak en gee dit vir Smittie aan, kolf eerste. Smittie huiwer vir 'n oomblik en neem dit. Dan stap Ivan voor. Wanneer hulle by die deur uitgaan, hoor hulle hoe die mans binne onmiddellik begin spartel.

Ivan draf in die gang af, kombuis toe. Hy moet die gereedskapkissie gaan haal. Daar's nog ammunisie in.

Die skoot klap toe hy die kombuis ingaan. Die koeël ruk sy lyf na links. Hy rol, grond toe. Skewe Tande. Hy het van hom vergeet. Die man sit op sy hurke agter die kombuistafel, die Taurus in sy hande, soekend na nog 'n slagoffer. Ivan druk die sneller van die Uzi. Nege rondtes knetter. Die kombuistafel en stoele spat aan splinters. Die man ruk agteroor. Die Uzi se meganisme haak vas.

Ivan swets. Hy voel die warm straal bloed teen sy hemp afloop. Hy rol op die vloer langs, tot waar hy die man kan sien. Drie treffers, in die bors en nek. Geen asemhaling. Hy staan op en kyk af. Die .32 rondte het hom net bo die heupbeen getref, te ver links om skade aan organe te doen. Maar die wond bloei. En die pyn begin klop. Smittie staan nog in die deur, sy oë angstig agter die bril, die Python 'n vergete instrument in sy hand.

Ivan ruk aan die Uzi se slot, maar dit werk nie. Hy neem die Python by Smittie. Dinge neuk verkeerd. Hy wou nie skiet nie. Daar is minstens nog een wag buite, twee by die hek. Dit gaan moeilik wees om uit te kom. En die polisie is op pad.

Die sekuriteitsman met die dobermanns maak dit effens makliker. Ivan hoor hoe die voordeur oopgaan, hoe die man saggies met die honde praat.

Pyn in sy sy.

Hy wag in die kombuis, laat hulle in die gang afkom. Dan rol hy uit, skouer teen die vloer, een keer oor sy rug, dan op die knie, Python uitgestrek. Die eerste dobermann is byna op hom. Agter die hond, die wag, rewolwer in die hand. Hy trek die skoot af. Ore tuit van die slag. Die swaar rondte ruk die hond terug, voor die wag in. Die sekuriteitsman is van balans. Ivan skiet weer. Gelukkige skoot in die skouer. Die wag tuimel agteroor.

Die tweede dobermann is op hom voor hy kan skiet. Hy keer instinktief met die regterarm, die een wat die Colt vashou. Hy besef te laat dit is 'n fout. Hy op sy rug, die hond bo-op, oor sy bors, probeer deur sy arm byt om by sy keel uit te kom.

Die tande sink weg in die ou littekenweefsel. Paniek steek sy eerste vinger uit. Sy linkerhand voel-voel na die mes, gly oor die glibberigheid van die bloed uit die wond aan sy heup. Die hond se oë voor hom, druppende speeksel in sy gesig, kake wat klem, déjà-vu.

Hy voel die mes, nat van die bloed. Dit glip weer, hy gryp weer, ruk dit uit, stamp dit deur die hond se borsbeen. Bloed spat in sy gesig. Die kake se drukking verdwyn. Hy werp die hond van hom af, spring op.

Uit die hoek van sy oog sien hy Smittie in die kombuisdeur staan, oë geskok. Dan vou Smittie dubbel en gooi op oor die kombuisvloer. Ivan hardloop na die wag, pyn in sy arm, pyn in sy buik. Die wag lê uitgestrek op sy rug, sy gesig 'n masker van pyn, die vuurwapen nuttelos in sy kragteloze hand.

Ivan skop dit uit. Tyd. Hulle het nie tyd nie.

“Kom, Smittie.”

Die voordeur is oop. Hy kniel langs die kosyn en kyk na buite. Die hekwagte. Hulle moes gehoor het. Wat gaan hulle doen? Die hek bewaak, of kom help? As hulle professioneel is, sal hulle bymekaar bly by die hek. Die enigste uitgang.

Die gereedskapkissie.

Hy kyk om. Smittie is agter hom, op sy knieë, gesig bleek, oë verward van skok. Hy kan nie vir Smittie vra om dit te gaan haal nie.

“Wag hier.” Hy hardloop terug na die kombuis. Smittie maak 'n klein geluidjie van teëstribbeling, maar bly sit. Ivan spring oor die wag, oor die honde, gryp die kissie en hardloop terug. Die gewig van die gereedskap laat die pyn in sy heup skielik toeneem. Sy asem jaag. Die min slaap, die bloedverlies hou hom terug. Smittie sit nog by die deur.

Ivan loer vinnig om die kosyn. Buite is dit stil. Die pad na die paneelwa is oop. Kyk om na Smittie. “Jy moet by my bly.” Smittie knik. By die deur uit. Twaalf meter na die paneelwa, Python in die regterhand, bloed aan die drup van sy voorarm, kissie in die linkerhand. Smittie se onsekere vashou aan die oorpak, asof hy 'n blinde is wat gelei moet word.

Kyk links, regs, soek tussen struik, om die hoeke van die geboue vir tekens van die hekwagte. Net stilte, insekte, voëls. Miskien het die manne by die hek nie gehoor nie. Die huis se mure is dik, die hek 'n paar honderd meter weg. Onmoontlik. Die Python se donderslag sou hulle bereik het. By die paneelwa. Maak deur vir Smittie oop. Hardloop om, klim in, gereedskapkissie agter in, Python op die skoot, hande bewerk die drade, ratte, enjin spring aan die lewe, draai in die pad, terug na die hek.

Die hekwag is van sy sinne beroof, onprofessioneel. Hy spring agter 'n struik uit tot in die pad, 100 m voor die paneelwa, rewolwer in albei hande voor hom uitgestrek. Dis Nommer Twee, die een met die swak vel.

Ivan versnel.

“Nee.” Emosieloos van Smittie; 'n kalm meningsverskil.

Die wag staan vasgenael, trek die eerste skoot af. Roset in die glas, net links van Ivan se kop; koeël klap agter in die paneelwa vas.

Versnel weer. Smittie sluit sy oë. Nog 'n skoot klap. Te hoog, waar windskerm en dakplaat ontmoet. Die wag spring te laat. Die paneelwa se neus tref hom sydelings, skep hom, werp hom oor die netjiese grasperk, 'n menslike tol.

Waar is die ander een?

Die hek kom in sig. Python in die regterhand, linkerhand op die stuur. Waar is die ander hekweg?

Ry stadiger. Die groot hekke is toe. Nog nader. Beweging. In die deur van die wagte se kamer, blou uniform, geweer in die hand. Haelgeweer, kort loop.

Hy ry links van die teerpaadjie af, tussen die struik in, wiele maak diep spore oor die gras. Veertig meter tussen hom en die oorblywende sekuriteitsman. Die haelgeweer gaan af, 'n hoopvolle skoot. Hael klap teen die paneelwa. Die wiele. Hy moes nie die wiele tref nie.

“Bly hier.”

Deur oop, spring uit, hardloop. Die pyn nou helder, skerp. Hoeveel skote oor in die Python? Vier? Soek-soek agter struik vir skuiling, 'n uitsig oor die wagkamer. Haelgeweer se diep stem. Takke en blare wat om hom val. Brandpyn in die regterbeen, linkeroor. Vingers teen die oor. Die lob is weg. 'n Oor vir 'n oor.

Bloed stroom oor sy vingers. Beweeg. 'n Vista gaan oop, 'n tunnel tussen blare en takke, tot by die oop deur, die blou uniform. Skiet instinktief. Duik, rol, pyn. Terug op die knie. Die wag nie meer in die deur nie. Hardloop nader. Uitputting rem aan sy bene. Haal asem. Wag se kop verskyn weer om die deur. Die skoot het net skrikgemaak.

Python se skoot laat sy ore sing. Sirenes?

Die blou uniform vlek rooi by die sleutelbeun. Die man op die vloer. Laaste paar meter tot in die wagkamer. Sleutels in die man se sak. Skok van die skietwond in sy oë. Hardloop na die hek, sluit oop, swaai die groot hekke oop.

Sirenes in die verte. Net soos die vorige keer.

Hardloop terug na die paneelwa, hinkel, haelkorrel in die regterbeen, net bo die knie. Klim in. Smittie sien die nuwe bloed aan die nek en been.

“Dit is te veel.” Weer 'n kalm stelling. Enjin aan. Trurat, terug op die pad, ry deur die hek, na vryheid.

09:47

Sy sien die hek langs die pad en verminder snelheid. Die slot. Sy het vergeet van die groot slot waarmee Ivan Malan mense uithou. Sy sal maar hier wag. In die motor. Tot hy opdaag.

[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

Smittie praat eers as hulle die wisselaar by Groote Schuur bereik.

“Ek is klaar.”

Ivan weet wat hy bedoel, maar sê niks, konsentreer daarop om die paneelwa te bestuur met die pyn wat met elke hartslag vlymskerp deur sy lyf sny.

“Ons het van die begin af gesê geen geweld nie.” Smittie haal sy bril af, vryf dit teen sy hemp en kyk na Ivan. “Jy lyk verskriklik.” Hy frons. “Hoor jy wat ek sê?”

“Ek hoor.”

Konsentreer om die paneelwa op die pad te hou.

“Die kokaïen?”

“Dit was Cloete s’n. Ek het dit nie teruggegee nie.”

Cloete, die leenwolf, wat gulsig geraak het. Een van sy slagoffers het vir Smittie geken.

“Dit is te veel, Ivan.”

“Ja.” Miskien is dit nou verby, dink hy. Miskien is dit nou verby.

Sê nou maar Ivan is daar binne in sy huis? Of hy kom dalk eers môre? Sy sal nie die hele dag en nag hier langs die Weskuspad kan wag nie. Nie in die motor nie.

Ragel klim uit en sluit die motor. Dan klim sy oor die hek, stadig, sodat die blou romp nie aan die hout en metaal vashaak nie. Sy trek die hakskoene uit ná net drie treë in die sandpaadjie. Sy stap vinnig, doelgerig. Tot agter die eerste duin.

Dan sien sy die mikrobus. En hoor die sagte, desperate uitroep: “Help my. Asseblief, help my.”

Hy parkeer reg langs die bakkie en laat Smittie uitklim. Smittie sluit die bakkie oop. Ivan trek die paneelwa voor die bakkie in. Hy wil nie aandag trek met die bloed aan die oorpak nie. Hy wag tot ’n motor verbyry, spring dan uit, duffelsak in die hand, en draf mank na die oop deur wat vir hom wag aan die passasierskant. Hy spring in. Smittie trek weg.

“Daar is nog twee by my.”

“Twee wat?”

“Twee van Spano se mense. Hulle het my dopgehou. Ek moes hulle uit die spel neem.”

“Is hulle . . .?”

Sy stem is moeg, klink ver, ’n dowwe geruis in sy ore. “Nee, Smittie. Die een is . . . harsingskudding. Die ander een makeer niks.”

“Ons het ooreengekom. Geen geweld nie.”

“Wat kon ek doen?”

Smittie bly stil. Die tonele van die dag spook in sy brein.

Ivan leun terug en maak sy oë toe. “Jy kan nie aan geweld ontsnap nie, Smittie. Nooit nie.”

“Ek kan. Ek is klaar.”

Sy nader die mikrobus versigtig. Twee insittendes. Die een in die passasiersitplek lyk of hy slaap. Die ander roep na haar.

“Help.” Hy het ’n lang gesig, gepunte ken, ronde, hartseer oë. Hy lyk vir haar na Goofy, die Disney-karakter.

Sy kyk deur die toe venster na die man. Dan besef sy die man se arms is vasgebind, aan mekaar en aan die stuurwiel.

“Wat gaan aan? Wat maak julle hier?”

“Ons is beroof. My vriend is beseer.”

Sy kyk na die slapende man. Hy het ’n baard en snor. “Dit lyk nie vir my of hy beseer is nie.”

“Gaan kyk. Teen sy kop.”

Sy stap om die neus van die voertuig. Goofy is reg. Daar is bloed aan die man se slaap, droë, gekoekte bloed in sy baard. Sy is skielik bang, agterdogtig. Sy stap terug na die bestuurder se deur, maar staan minstens twee meter weg.

“Wat het gebeur?”

“Ons het langs die pad geslaap. Iemand het ons aangeval.” Die hartseer oë smeek. “Asseblief, Victor is besig om dood te gaan.”

Die opregtheid van die pleidooi raak haar hart. Sy stap nader en sit haar hand op die deur om dit oop te maak. Goofy glimlag dankbaar. Dan ruk sy haar hand weg van die handvatsel.

Die hek is nog gesluit. Hoe het hulle deur die hek gekom? “Jy lieg.” Sy is skielik bang. Waar is Ivan Malan?

Ivan slaap. Maar Smittie maak hom wakker wanneer hy Ragel se motor by die hek sien.

“Wat?” Die moegheid is soos lood, wil hom aftrek na die slaap. Die pyn werk in die teenoorgestelde rigting.

Smittie wys met sy vinger na die sportmotortjie langs die pad. Ivan sug en haal die Colt weer uit die oorpak se sak. Terwyl Smittie die hek oopmaak, haal hy vars ammunisie uit die duffelsak, en voer die silinders van die groot rewolwer.

Hulle ry deur.

“Los oop.”

Ragel hoor die bakkie voor dit om die duin sigbaar word. Dan herken sy die insittendes. Sy gooi haar skoene neer en hardloop. Al haar vrae, al haar kommer, al haar angs is weg. Want Ivan Malan is hier.

Hy klim uit. Sy snak na haar asem en steek vas. Rooi vlekke aan die wit oorpak, by die arm se mou, sy maag, sy been, sy nek. Reuserewolwer in sy hand. Maar hy kyk nie na haar nie, net na die mikrobus. Hy sien hulle is nog binne-in, vas. Dan kyk hy na haar.

“Ragel.”

Sy hardloop tot by hom, haar hand op sy nek, haar oë bekommerd, soekend na die redes vir die wonde. “Wat het . . . wat het gebeur?”

Hy sukkel om te glimlag. “Wat maak jy hier?”

Dan onthou sy. Haar gesig registreer die skok en bekommernis. Sy laat haar hand terugval van sy nek, staan ’n halwe tree terug, afwagtend vir die straf wat gaan kom. “Dit is Bosman. Hy het vir Frikkie. Hy soek sy geld.”

“Frikkie?” Vraende frons. Dit kan nie wees nie. Daar was geen manier hoe Bosman die swendel na Ragel kon herlei nie.

“Hoe het hy geweet ons het sy geld?”

“Ek was so dom . . .” Sy kasty haarself, die trane is naby.

“Jy?” Geen simpatie, net aggressie.

Smittie het ook uitgeklim en kom bekommerd nader. “Wat het gebeur?”

Sy huil. Ivan is kwaad. Sy kan dit sien. Alles is verlore. Sy was so dom. Maar nou moet sy boete doen. Nou moet sy bieg.

“Ek het hom gebel.”

Ivan se humeur breek soos ’n styfgespande draad. “Fok.”

Die woord ruk haar fisiek. Smittie gaan staan by haar, arm om haar skouer. “Toe maar, Ragel, toe maar, toe maar.”

Sy huil, snikke wat haar skouers laat ruk. Ivan het omgedraai, kyk oor die duine heen. Hy wil gaan slaap. Hy wil ’n duisend pynstillers en ’n reusewhisky drink en in sy bed kruip en vir ’n week slaap.



Hy draai terug na Ragel. “Waar is hy? Hoe wil hy die geld hê?”

“Hy gaan bel. Na my huis toe. Elke drie uur.” Trane. “Ek is so vreeslik jammer. Ek was so dom. Ek was so dom.”

Hy wil haar nie sien nie. Hy wil swets. Hy wil vieslike woorde na die duine uitskree. Sy was so dom. Eufemisme van die jaar.

“Ons het net 24 uur,” sê sy onder Smittie se troostende arm uit, op soek na ’n teken van simpatie by Ivan.

“Óns? Óns het net 24 uur?” Hy beduie met die Colt Python in die lug. “Jý jaag aan en ék moet net regmaak.”

Haar skouers ruk terug, die patetiese houding verander na vurigheid. “Jy het die geld. My geld. Nie ék nie. Hoe moet ek hom betaal as jy my geld het? Toe, sê vir my?”

In sy woede onthou hy Sutherland se woorde. Net voor hulle hul opleiding voltooi het, een aand om ’n vuur op Die Plaas, ’n sonderlinge oomblik van humor van Sutherland: “Daar is groot ooreenkomste tussen die begrippe ‘militêre intelligensie’ en ‘vrouelogika’. Albei is contradictio in terminis.”

Sy humeur verloor stoom. Hy laat die Colt sak. Sy stem is sag, afgemete. “Die hek is oop. Vat jou kar en ry huis toe. Ek en Smittie moet nog hier skoonmaak. Ek kom as ons klaar is.”

Sy wil gehoorsaam, maar Smittie gryp in. “Bog. Kyk hoe lyk jy. Sy kan eers help om jou wonde skoon te maak. Ek dan gaan julle saam na haar huis toe. Ons is deel van haar probleem, al het sy ’n fout gemaak.”

Ragel kyk dankbaar na Smittie. Ivan se blik is die teenoorgestelde. “Ons moet dié twee eers versorg.” Hy wys met die Python na die mikrobus.

“Hoe?”

Ivan bestuur die mikrobus na Blouberg, Smittie agterna met die bakkie. In ’n uithoek van ’n winkelsentrum se parkeerterrein maak Ivan weer vir Windhond aan die stuurwiel vas. Dan ry hulle na ’n telefoonhokkie, waar Ivan ’n ambulans ontbied. En die polisie.

Hy gaan haal die noodhulpkissie uit die kluis onder die huis. Ragel stap saam. Haar asem word weggeslaan deur die arsenaal, maar sy sê niks. Dan stuur sy vir Ivan badkamer toe, om ontslae te raak van die bebloede klere en om te bad.

Later versorg sy die wonde. Die een aan sy heup is die ergste. Die .32 rondte is regdeur, ’n broeiende, gapende wond wat al die eerste tekens van

besmetting begin toon. Sy ontsmet en verbind dit met natuurlike vroulike behendigheid. Ivan hou haar dop. Sy liggaam voel elke aanraking.

Die haelkorrel sit nog in sy bobeen. Smittie sê dit moet uit. Ragel kyk bang na hom. Sy weet nie hoe nie.

“Sit jy op hom,” sê Smittie en kom nader.

“Hoe bedoel jy . . .?”

“Sit op hom, oor sy bors en veral oor sy arms.” Smittie haal ’n knyptangetjie uit die noodhulptas. “Kom, Ivan, op die mat.”

Hy skuif van die stoel af, gaan lê moeisaam op die mat. Ragel gaan sit versigtig, bene dwars oor sy bors, sitvlak en hakskene wat sy arms vaspen. Smittie begin werk. Hy sukkel. Ivan sweet. Sy vee sy voorkop af, streel sy hare met haar hand. Smittie laat die knyptang in die wond afgly. Ivan ruk, verstyf, sy buik ’n boog. Hy kreun een keer. Dan hou Smittie die haelkorrel voor hom. Ivan verslap. Sy oë is dof.

Smittie kyk na sy horlosie. Net ná twaalf. “Nou moet hy slaap.” Hulle neem hom bed toe, voer hom nog pynstillers en laat hom daar.

Smittie gaan sit in een van die gehawende leunstoele voor die kaggel. Ragel stap op en af in die gang, rusteloos. Noudat Ivan versorg is, is haar gedagtes terug by Frikkie.

Smittie lees haar reg. “Dit gaan nie help om jou te bekommer nie. Kom sit.”

“As Frikkie iets moet oorkom . . .”

“Hy sal nie. Ivan sal hom gaan haal.”

Ragel kom sit op die stoel oorkant Smittie en fluister amper: “Kyk hoe lyk hy, Smittie. Hy hoort in ’n hospitaal.”

Hy probeer haar gerusstel, hou net-net die onsekerheid uit sy eie stem. “Hy moet net ’n bietjie rus.”

Ragel is weer op. Senuagtig begin sy in die kombuiskaste en yskas snuffel. Ivan moet eet as hy wakker word. En daar is niks. Geluide van afkeer, ongeduld oor die gebrek aan potte, panne, kos en geurmiddels.

“Nee, o liewe genade, hier is niks. Smittie, ek gaan ry. Saldanha toe.” Hy knik. Dit sal goed wees as sy besig bly.

Twee uur later is sy terug. Hy moet haar help aandra. Sy begin regpak, wegpak, skoonmaak. Dan berei sy die kos voor, haar gedagtes by Frikkie en die man in die kamer. Smittie het die radio aangesit en lees in ’n boek.

Twee keer hoor hulle Ivan uitroep, maar as hulle die kamerdeur oopmaak, slaap hy weer, ’n onrustige koorsslaap vol noue ontkomings.

Ragel vee sy gesig met 'n koel lappie af en gaan terug na haar gewerskaf.

“Ek het jou gewaarsku,” sê Smittie met 'n frons uit sy stoel.

Sy knik net, werk nadenkend verder. Dan: “Ek wil hom hê, Smittie. En ek sal die prys betaal.”

Hulle maak Ivan ná ses wakker met die reuk van ryk, geurige skaapnekbredie wat die huis vul en Cassius nie 'n duim laat wyk van sy troon op die vensterbank nie.

Hy staan wankelrig op, deurmekaar. Die pyn dring opnuut deur. Die wond aan sy heup bloei weer. Sy verbind dit met 'n vars verband.

Hy kan nie sy oë glo as hy in die kombuis kom nie. Die tafel is netjies gedek, vars veldblomme in die middel. Die werkoppervlaktes is skoner as wat dit nog ooit was. Maar Ragel ignoreer sy pogings om met die oë dankie te sê. Sy is 'n eettafel-diktator, sê waar elkeen moet sit, besluit hoeveel rys en bredie hy moet kry en hou hom met valkoë dop tot hy alles opgeëet het.

“Spano was op die nuus,” beduie Smittie ná ete met sy pypsteel in die rigting van die radio.

“Wat sê hulle?”

“Die groot filantroop van die skone kunste is diep in die moeilikheid. Die bloedvergieting by sy landgoed kan moontlik toegeskryf word aan 'n opponerende smokkelkartel. En baie Kaapse BBP's skarrel vir skuiling ná groot vriendskappe met Spano.”

Ivan glimlag sonder oorgawe.

“Hoe voel jy?”

“Beter.” Sonder geesdrif.

“Sal jy vir Bosman kan vat?”

“Ek móét.”

“Hoe?”

“Ek sal moet dink.”

Hy gaan sit in 'n leunstoel, kop in sy hande, bewus van die huislikheid van Ragel se bewegings in die kombuis. Sodra sy klaar is, kom sit sy by hulle. Cassius volg haar, spring op haar skoot, kyk met liefdevolle oë na die Bereider van Kos.

“Ons sal moet ry. Vir die oproep. Ek moet net 'n paar goed kry.”

“Wat gaan jy doen?” vra Ragel, bekommerd. Sy kan sien hy is swak, dalk nog koorsig.

“Net voorberei. Tot ek weet wat Bosman se plan is. Jy moet my eers vertel presies wat gebeur het.”

Sy knik, vee haar hare reg en begin praat. Die bekendheid van die middag se aktiwiteite het haar selfvertroue gegee, die skuldgevoel oor haar groot misstap verdryf. Sy vertel met die uitsluitlike doel om hom in te lig, te help voorberei. Ivan luister met waardering. Hy vra geen vrae nie.

Dan stap hy af na die kluis. Tot voor die geweerrak.

Bosman en Van Sitterd. Hulle is net twee, sover hy weet. Een om die geld te ontvang, een om dekkingsvuur te verleen. Dit is hoe hy sý mannekrag sou verdeel.

Hy steek sy hand uit na die Walther. Die lang sluipskutterswapen se perfekte vakmanskap. Hy haal dit af, pomp die ses .300 Win Mag-rondtes in sy hand uit. Die semi-outomatiese slot werk seepglad. Die geweer se sewe kilogram rem aan sy arm.

Een laaste keer.

Hy sal dit een laaste keer gebruik. Dan is hy ook klaar, soos Smittie. Klaar met die stemme in sy kop. Klaar met die geweld en dood en pyn wat hom soos 'n skaduwee agtervolg.

As hy dit kan afskud.

Sy hande streel oor die geweer. Matswart. Perfekte simmetrie. Dit pas in sy hande. Hy ken die rondings, die plat vlakke, die werking van elke klein meganisme. Hy haal die magasyn uit en druk die groot rondtes weer terug. Byna liefderyk.

As hy dit kan afskud.

Dan: die Mateba. Die rewolwer wat soos 'n pistool lyk. Hy sal dit dié keer 'n kans gee.

Die telefoon lui twintig minute nadat hulle by haar huis aankom. Ragel antwoord.

“Dis hoog tyd, Ragel. Die tyd stap aan,” smaal Bosman. “Het jy jou maatjie gekry? Ivan?”

“Ek het.”

“Ek wil met hom praat.”

Hy staan langs haar, effens geboë, al weer moeg en seer. Hy het aan haar stemtoon gehoor dit is Bosman se oproep. Hy neem die gehoorbuis. “Hoe voel hulle, Bosman?”

Hy is ’n oomblik lank verward: “Hoe voel wat?”

“Jou peertjies.”

Sy humeur vlam op. “Ek gaan jou vrekmaak, Pottie. Of wat jou naam ook al is.”

“Waar kan ons ontmoet?”

“Het jy my geld?”

“Ragel se geld. Ek het dit.”

“Dit is my geld, Pottie. En jy gaan dit môreoggend vir my gee. Anders pos ek dié winkelassistentjie in paaielemente terug.”

“Waar?”

“Contermanskloof. Ken jy die steengroef onder die Tygerberg?”

“Daar is twee.”

“Die een naaste aan die N7, Pottie. Moenie met my slim raak nie.”

Stilte. Dan gaan Bosman voort. “Môreoggend. Die koerant sê die son kom om 05:46 op. Nie ’n minuut later nie, Pottie. Onder, in die gruisgroef. Net jy en Ragel. Ek vat net vir die assistentjie. Sonder wapens. Want ek wil vir jóú hê, Pottie. Met my hande. Ek gaan jou met my hande dood bliksem.”

“Hoe weet ek jy vat nie wapens nie?”

“Ek sal uit die kar klim en wegstap. Net ’n hemp en broek. Jy sal sien.”

“Jy lieg, Bosman.”

“Jy het nie ’n keuse nie, Pottie. As ek ’n wapen sien, stap ek terug kar toe en breek die bleeksiel se nek.”

“Ek sal daar wees.” Ivan sit die telefoon neer. Hy kyk op, in Ragel se oë. En sien net vrees.

Hy gaan haal die Mateba uit die duffelsak en neem haar aan die hand sitkamer toe. Hy gaan sit langs haar op die bank. “Het jy al ’n vuurwapen gehanteer?”

“Nee.” Sy is bang vir die eienaardig gevormde rewolwer wat in die palm van sy hand lê.

“Jy sal dalk moet, môreoggend.”

“Ek kan nie, Ivan.”

“Die groot geheim is om nie bang te wees vir die ding nie. As die loop in die regte rigting wys, kan jy niks oorkom nie.”

“Ek kan nie.”

Hy sug en sit die rewolwer tussen hulle op die kussing neer. Hy neem haar hande in syne. “Ragel, ek probeer jou vrees verstaan. Maar Frikkie se lewe kan môre van jou afhang. Myne ook.” Hy vertel haar van Bosman se voorskrifte. “Maar hy voer iets in die mou. Hy is slim. Hy is professioneel. Jy is die enigste versterking wat ek kan inroep. Ek gaan alles in my vermoë doen om dit nie nodig te maak nie. Maar jy sal moet probeer. Verstaan jy dit?”

“Ja.” ’n Klein stemmetjie, groot oë.

“Goed.” Hy tel die Mateba op. “Dit is baie maklik. Dit word bloot ’n verlenging van jou hand. As jy ’n vinger kan wys, kan jy ’n vuurwapen hanteer.”

Hy wys haar hoe om dit vas te hou, hoe om te mik. Sy werk saam, aanvanklik teësinnig, later met meer ywer. Tot hy tevrede is dat sy ten minste die basiese beginsels verstaan. Dan stap hulle op na haar slaapkamer.

“Stel die wekker vir twee-uur.”

“Jy moet rus.”

“Ek kan môre rus. Vir die res van my lewe.”

Sy stel die wekker. Hy trek uit en gaan lê op die bed. Sy trek in die badkamer uit, skielik selfbewus en skaam. Wanneer sy terugkom, slaap hy al, ’n lang, skraal man met verbande om sy middellyf en om sy been, seningrige spiere op sy bors en maag wat ritmies op en af beweeg. Sy staan en kyk na hom, minute lank. Dan skakel sy die lig af en gaan lê langs hom, haar hand liggies teen sy bors.

Hy is dadelik op sodra die wekker afgaan. Strompel badkamer toe, kry water vir twee pynpille.

Haar stem is nog vol slaap. “Hoe voel jy?”

“Ek sal leef.”

Hy trek donker klere aan, die uniform van sy beroep. Sy trek seilskoene, denim, bloes en trui aan. Hy haal die Walther uit sy skede en gaan dit weer na. Neem die leë aktetas en die Mateba, lei haar by die trap af, sluit die deur en klim in die bakkie waarmee hulle gekom het. Die skerpskuttersgeweer, die Mateba op haar skoot en die Smith-en-Wesson 3000 onder die instrumentepaneel. En 'n baie bang vrou. Die somtotaal van sy leërskaars.

Terwyl hulle ry, gaan hy weer deur sy plan. Sy luister aandagtig, knik telkens as hy sleutelaspekte benadruk. Die paaie is stil in die nag. Net twintig minute tot by die bestemming.

Hy hou stil by die kruising waar die Contermanskloofpad en die Agter-Tygerbergroete ontmoet.

“Ivan . . .” Hul oë ontmoet.

“Jy weet wat om te doen.”

Sy knik. Hy neem die Walther en verdwyn in die nag. Sy skuif oor na die bestuurder se sitplek, krap die bakkie se ratte en ry weg.

Hy klim oor die draad langs die pad en begin aanstryk, deur die wingerd, min of meer in die rigting van die gruisgroef, drie, vier kilometer ver. Die nag is stil. Die skynsel van Bellville en Kaapstad se ligte doem op agter die Tygerberg, na die suide. Hy kyk op sy horlosie. 02:48. Hy hoop net hy is voor Bosman-hulle daar.

Die wingerd hou op by nog 'n grensdraad. Hy klim oor. Veld. Fynbos. Hy stap noordoos, teen die voetheuwels van die Tygerberg op. Hy moet met die son van agter en op die maksimum hoogte 'n uitsig oor die gruisgroef kry. Sy beenwond is die eerste wat dof begin pyn. Iewers blaf 'n hond, roep 'n nagvoël. Sy voeteval is sag, sy pad gekies in die sterlig.

Uiteindelik kan hy die gruisgroef sien, 'n obsene gat geruk uit die heuwel; 'n inrypad aan die westekant, kranse noord, oos en suid. Hy mik na die oostelike lip van die kranse en plaas die Walther oor na sy linkerhand, want die regterarm is te moeg. Nou begin die heupwond pyn. Geweer terug na die regterhand. Nie meer ver nie. 'n Paar honderd meter. Dan soek hy 'n plek uit, hoog teen die heuwel, agter 'n rots so groot soos 'n vet man, met 'n uitsig oor die gruisgroef.

Die fosforwysers van sy horlosie sê dit is 19 minute ná drie. Hy skuif reg, bekijk die gruisgroef deur die Zeiss se lense. Nie 'n nagteleskoop nie. Want hy kan nie skiet voor daar nie daglig is nie, anders gaan dit die tydsberekening bederf.

Nou moet hy wakker bly. Die een groot nadeel van sy plan. Wees hier voor Bosman en Van Sitterd. Maar dan moet jy wag. Die slaap, wat soos 'n honger aasdier aan jou karkas vreet, moet jy beveg, verjaag.

Laat Von Schaurot 'n lesing voordra. Oor sluipskutterswerk. "Menere. Die groot vyand is oorhaastigheid . . ."

Die kort, harige Duitser se skim word verdryf deur gedagtes oor Ragel. Sy sit iewers naby die Killarney-renbaan, bang en alleen, besig met haar eie stryd teen die slaap. Dink sy aan hom? Is sy besig om haar vrees vir die vuurwapen te beveg? As hy haar maar kon leer van asemhaling, as hy daar kon wees om haar vrese te verdryf . . .

Terug na Von Schaurot. "Menere, jou posisionering is alles . . ."

Die minute word ure. Gedagtegang wat spring, spiere wat verstyf, pyn wat deursypel, koue wat indring. Laatsomerinsekte vind hom, irriterende geluid van fyn vlerkies. Insekte van die nag op pad na geheime bestemmings. Nou en dan 'n voertuig se ligte wat die paaie ver onder hom verhelder, elkeen potensieel die Bosman-brigade. Elkeen laat hom skielik sy greep op die Walther verstewig, net om weer te ontspan as dit voortspoed op pad iewers heen.

Tot een by die gruisgroef se hek indraai en daar talm, twee kopligte wat in sy rigting wys, 'n enjin wat luier, 'n deur wat klap.

Dit moet hulle wees. Nege en twintig minute ná vier.

Die voertuig ry in die stofpad van die gruisgroef op, verby die vragmotors wat in 'n onnet ry by die gehuggie van kantore in die bek van die groef staan. Deur die poort, tot in die arena.

Bosman. Hy het iemand by die hek afgelaai. Van Sitterd? Of gaan Bosman die een wees wat dekkingsvuur verleen van iewers, hoog?

Nee, Bosman sal in die voertuig wees, hopelik saam met Frikkie.

Bosman. Wie is die man? 'n Aasdier. Vlees en bloed.

En nou sy terrein, sy afgebakende jagveld, met sy lewe wil beskerm. Hy glimlag in die donker oor die ironie van Ivan Malan, wat nou die beskermers van reg en geregtigheid moet wees. Die ridder op sy wit perd. Maar die perd is nie vlekkeloos wit nie. Gevlek deur 'n nalatenskap van woede, geweld, konkelwerk vir 'n internasionaal gehate regime, bloed aan sy hande. Ivan Malan, wat sukkel om die deure van die kas toe te hou, want die geraamtes raak soms te veel.

Malan en Bosman, broers in hul stryd teen die wêreld, teen hulself. En nou, deur 'n eienaardige verloop van gebeure, in stryd met mekaar.



Ambassadeurs van goed en kwaad.

Sy oë soek teen die heuwel vir tekens van beweging. As Van Sitterd hoegenaamd verstand het, sal hy ook diékant 'n plek kom soek. Maar hy sien niks, hoor niks.

Hy begin sy spiere strek en verslap, strek en verslap, sy gedagtes steeds besig met wat gebeur het, wat voorlê, tot die vals dagbreek oorgaan in 'n oranje skynsel en hy weet die tyd is naby.

Maar hy moet eers die een kry wat dekkingsvuur gaan verleen.

Vyfuur kom en gaan. Geen teken nie. Die rosige sonligkombers sprei uit oor die landskap. 'n Suikerbekkie kom sit op die rots voor hom, rooi keeltjie aan die klop van geesdrif vir die dag wat voorlê. Hy hou sy asem op. Pelikane vlieg hoog verby, op pad na die weivelde by die Milnerton-meer.

Nog vier-en-twintig minute voor hy vir Ragel by die ingang moet kry.

Die voertuig in die gruisgroef neem vorm aan. Die vierwiel.

'n Beweging, regs van hom, op tweehonderd meter.

Dit is te naby. Baie naby. Hoe het die man so naby gekom sonder om 'n geluid te maak? Of was hy half aan die slaap? Hy beweeg agter die rots, met wonde wat opnuut begin pyn. Loer oor die rots. Net 'n geweerloop is sigbaar agter 'n lae proteabos.

Hy skuif die Walther reg, loer deur die Zeiss. Steeds is net die geweerloop sigbaar. Verdomp.

Hy sal moet skat. Hy beweeg die Walther. Hy wil nie doodmaak nie. Net buite aksie stel. Maar dit gaan moeilik wees. Gemiddelde geweerlengte. Dáár behoort sy kop te wees, dáár die bolyf, dáár die onderlyf. Maar 'n man met 'n rondte in sy been kan nog skiet.

Hy swets binnensmonds. Soos jy leef, sal jy sterf.

Die tyd stap aan. Hy sal moet skiet. Dit is te naby om te beweeg. Bewegings kan gehoor word, die verrassing uitskakel. Hy besluit: Mik na die geweer se kolf, waar die sneller behoort te wees, met hande en vingers daarby.

Haal rustig asem, vinger saggies op die sneller, kolf hard teen die skouer, dooierus oor die rots. Meet en weer meet. Daar, daardie blaartjie van die protea, verteenwoordig die beste skatting. Asem uit, vinger druk, stadig, liggaam staal teen die kolf.

Die skoot is oorverdowend in die oggend. Sy ore tuit. Kyk deur die Zeiss. Die geweerloop het verdwyn. Hy moes iets getref het. Of groot skrik

veroorsaak het.

Onder, in die gruisgroef, gaan die bakkie se deur oop. Iemand klim uit. Hy kyk deur die teleskoop. Bosman. Dan was Van Sitterd hier by hom teen die berg. Bosman kyk op, in sy rigting. Hy lê stil. Die oë daar onder soek. Mooi. Bosman is bekommerd. Hy weet nie wat gebeur het nie. Wie het geskiet? Hy weet nie.

Hy beweeg die kruishaar van die teleskoop oor Bosman se gesig, sentreer op sy voorkop.

Skiet hom nou.

Koelbloedig? Daardie dae is verby.

Skiet hom nou! Jy sal hom moet doodmaak. Die een of ander tyd.

Nie só nie.

Lafaard.

Nie so nie.

Jy gaan die prys betaal.

Bosman klim terug in die bakkie. Die oomblik is verby.

Ivan skuif, op sy knieë en elmboë. Hy moet weet in watter toestand Van Sitterd is. Hy het tien minute. Skarrel, stop, beweeg, skuil. Hy kom van skuins bo Van Sitterd, sien net eers die skoene, broekspype van die man, bewegingloos.

Versigtig nader, Walther in die een hand voor hom uitgestrek, vinger gereed op die sneller, die linkerhand wat help druk teen rots en struik vir balans.

Tot hy by die man kom. Hy weet Van Sitterd is dood voor hy hom omrol. Die bloed is genoeg getuienis. Kopskoot. Ivan se maag ruk. Hy kyk weg, beweeg teen die berg af.

Jy moes Bosman ook geskiet het. Wat is die verskil? Moord is moord.

Hou jou fokken bek.

Ragel is betyds, presies en op die sekonde. Haar hande bewe op die stuurwiel. “Is alles reg?”

Hy lieg vir haar. “Alles is reg.” Hy raak aan haar hand. Sy sien die doodsbleekheid aan sy gesig.

“Ivan.”

“Ry.”

Sy trek weg, ry met die grondpad langs, verby die vragmotors en kantore, deur die poort. Sy hou honderd meter van die vierwiel stil.

“Jy weet wat om te doen.”

Sy knik. Hy klim uit, die leë aktetas in sy hand. Die vierwiel se deur gaan oop. Bosman klim uit. Net 'n hemp en broek. Kaalvoet.

“Ek is ongewapen.” Sy stem eggo teen die groef se kranse, vol selfvertroue.

“Ek ook.”

“Jy het 'n trui aan, Pottie.”

“My naam is Ivan Malan.”

“Jou trui, Pottie.”

Ivan sit die tas neer, trek die trui oor sy kop en gooi dit in die stof.

“Nou jou skoene en kouse.”

Bosman is slim. Hy pluk die skoene uit, dan die sokkies.

“Kom nader.” Bosman begin beweeg.

“Nee. Laat Frikkie eers uitklim.”

Bosman gaan staan, draai sy kop na agter. “Kom, Frik, laat hulle sien jy leef.”

Die ander deur gaan oop. Frikkie klim uit, 'n geboë figuur met droë bloed aan sy kop, sy hande voor hom vasgemaak.

“Hy leef, Pottie. Bring die geld.”

Hy moet tyd wen, eers vir Frikkie veilig kry. Hy tel die tas op. “Ek vertrou jou nie, Bosman. Laat Ragel en Frikkie ry. Dan is dit net ek en jy en die geld.” Hy lig die tas effens om sy punt te staaf. Bosman stap stadig nader, sy oë agterdogtige skrefies.

“Dan het ek nie meer 'n gyselaar nie, Pottie.”

“Maar jy het vir my. En jy weet waar om Ragel te kry as jy hier klaar is.”

Dit maak sin. Bosman gaan staan. Nadenkend. Die son gooi lang strale oor die gruisgroef, maar hier waar hulle staan, is dit nog skaduwee.

“Nou goed. Kom, Frik, gaan na mammie toe.” Sy oë volg die ineengekrimpde figuur. “Ek sal jou mis, Frik.”

Frikkie draf oor na die bakkie. Ragel maak vir hom die deur oop.

“Hulle moenie ry nie. Ek wil hê sy moet dit sien.”

Ivan stap nader en gooi die tas neer. “Wat sien, Bosman?”

“Hoe ek jou dood bliksem, Pottie.”

Bosman kom nader. Groter, swaarder. Hande effens voor hom, ongebalde vuiste, ligte voetbewegings vir 'n groot man. Ivan staan stil.

“Kom, Pottie. Jy gaan tog sekerlik vir Ragel wil wys wat in jou steek. Ek wil nie hê jy moet dit maklik maak nie.”

Matsimoru in sy geestesoog. Verras hom.

Hy skop Bosman teen die nek.

Die wond in sy heup skeur oop met 'n verblindende pyn. Bosman staan op uit die stof, sy eer gekrenk, die bravade weg, sy oë veragtend.

“So, ons ken 'n bietjie karate, Pottie.” Maar die selfvertroue is minder, die respek meer. Hulle draai om mekaar, gewig op die tone, hande gemaklik langs die sye. Bekommerde gesigte deur die windskerm van die bakkie.

“Jy bloei, Pottie. Iemand jou raak geskiet vanoggend?”

Bosman dink Van Sitterd leef nog. Dis goed so.

Bosman slaan, reguit, gewig agter sy regterhand, die hou beklemtoon deur 'n dierlike kreun. Dit tref Ivan teen die ribbekas, net bo die wond. Asem uit die longe, die pyn 'n gil in sy brein. Ivan verloor sy balans, strompel agteruit.

Bosman swaai om, tru-hakskeenskop, 'n voltreffer teen die kaak. Die been kraak hier onder sy oor, Ivan val, agteroor, arms keer te laat, neus in die stof, stof in sy mond.

Die groot man dans voor hom. “Kom, Pottie. Net begin respek kry.” Bosman dans nader. Ivan skop sy regterbeen uit, in die waai van Bosman se knie. Bosman tuimel, Ivan spring op, maar sy regterbeen wankel. Hy mik 'n elmboog na Bosman se kop; Bosman rol, buite bereik, spring op.

“Kom, Pottie. Baklei voor jy vrek.” Die bravade is terug, die smalende gesig wys al triomf.

Ivan staan op. Haal asem. Haal asem. Dryf die pyn uit jou brein. Maak plek vir konsentrasie, vir balans. Matsimoru skree vir hom. Ek kan nie. Ek is moeg en seer en klaar die bloed loop van my heup teen my been af ek wil gaan lê dat dit kan verbygaan ek hoef nie sy ego te voer nie soos diere gaan uit my kop uit laat my met rus.

Hy gaan jou doodmaak.

Dood is einde aan die pyn en die geweld en die verlange en die gesukkel en die stryd en lewe . . .

Swaaikop teen die kop. Hoog. Hy val weer.

“Ivan.” Ragel se stem.

Vir haar. Doen dit vir haar. Onthou haar hare teen sy gesig, sagte vrouereuk, sagte bors teen sy vel, haar vel wat span, haar hand op sy buik, klein droombewegings, absolute vertroue.

Hy beur op. Hy het 'n voorsprong nodig. Dink. Dink. Bosman voor hom, houtgerus, die kampioen, die wenner. Gebruik dit. Hy sak dramaties op sy knieë. Bosman sal skop. 'n Refleks. Hy wag vir die voet. Dit kom, te

vinnig, tref hom eers teen die nek, maar hy kry dit beet, sy hande om die enkel, ruk, gebruik die momentum. Bosman val swaar teen die grond, vloek.

Ivan beweeg oor Bosman se rug, hande klem, Bosman spartel. Hy druk sy vingers in Bosman se oë, boor. Bosman slaan met die elmboë na agter, verblind. Wind uit. Bosman beweeg weg. Ivan veg vir sy asem. Bosman is nog blind. Soek hom. Gebruik die voordeel. Hy storm vorentoe, teen die spiergewig van Bosman in, skouer teen Bosman se hart, dowwe slag teen sy hart. Bosman bulk die pyn uit. Bosman sit op sy hurke, hande teen die grond, soek balans. Ivan ruk sy knie vorentoe, teen die man se gesig, hoor hoe die neusbeen breek. Bosman slaan agteroor. Ivan is op hom, knie teen die bors, trek die arm terug.

Konsentrasie van krag, Matsimoru. Ek trek die arm terug as 'n konsentrasie van krag. Asem in, spiere gespanne. Ek haal my liggaam oor, Matsimoru. Ek slaan, my liggaam in tien sentimeter van kneukels saamgepers, my longe dwing die asem uit, ek skree. Net soos ek geleer is, 'n outomaat, 'n uitvoerder van bevele.

Sy kneukels breek teen Bosman se mond. Tand teen been, diep snye, klapgeluid van handbeentjies wat breek soos dun riet. Bosman se kop sweepslag teen die grond, tand en lip verpulp.

Termineer. Sutherland en Matsimoru en Von Schaurot. Stemme in sy kop. Slaan weer.

Los my uit.

Slaan weer. Wis uit.

Hy trek sy arm weer terug, sy vuus 'n brandpunt, 'n kern van pyn en frustrasie en woede vir alles, vir homself. Span die vuus, die gebreekte hand, vir die Laaste Hou.

Maar die pyn en uitputting sny verbinding tussen brein en spiere af. Hy dwing homself regop, draai om, onvas, wankelend, knieë wat nie die gewig kan dra nie, een voet voor die ander, vrouefiguur uit die bakkie, kom nader. Hy wil hom oplik na haar omhelsing, maar die krag is nie meer daar nie, die brein onwillig vir bewussyn, smekend na rus en verlossing uit die pyn en die drang na braking. Die grond maak oop, sluk hom in, 'n omhelsing.

Ragel is by Ivan, rol hom met moeite om, skree sy naam. Hy hoor nie. Sy draai om, roep na Frikkie, wat uitklim. Hulle sleep hom na die bakkie, sy lyf leweloos, sy asemhaling hortend deur die bloed van sy mond en neus. Hulle tel-sleep hom in die kajuit. Hy kreun, oë flikker oop, dan weer toe.

Ragel praat. Hy kan nie die woorde uitmaak nie, verwelkom weer die donker. Ragel hardloop om na die bestuurder se deur.

Bosman staan voor haar.

Tande en bloed glinster in 'n makabere grynsag in die eerste sonstrale wat oor die lip van die gruisgroef spoel.

In sy hand 'n skroewedraaier.

Bosman spoeg. "Ragel." Sy uitspraak verwronge uit die mismakke mond, sy neus 'n krom bloedmassa. Hy steek sy leë hand na haar uit, gee 'n tree nader, lig die ander hand met die stuk gereedschap.

Sy onthou die Mateba in haar broek se sak, die kolf duime van haar hand. Vrees en paniek verlam haar.

Bosman kom nader, spoeg weer om grond, bloed en tandstukke uit sy mond te kry. Sy leë hand raak aan haar skouer. Sy krimp ineen, wil omdraai, vlug.

"Ragel." Sy oë soos die eerste keer voor hy haar binnegedring het. Triomfantlik.

Dan is die Mateba voor haar uitgestrek, haar vinger op die sneller.

Hy roggel-lag vir haar.

Die rewolwer ruk in haar hand. Die blink van sy linkeroog verdwyn. Hy val.

Ivan word heel eerste bewus van die pyn.

Dan: dowwe lig. Soos vroeg in die oggend. En 'n oorverdowende gedreun. Sy oë stry teen die oopmaak, teen die inspanning. Hy leef, dit weet hy.

Iets teen sy hand. Sagte drukking, harig en knus. Hy dwing sy oë oop.

Cassius. Cassius wat spin. Sy kop wat soos 'n klankversterker werk van die koors.

Skoon, wit lakens.

En nog iets, 'n teenwoordigheid. Hy draai sy kop moeisaam.

Sy sit langs die bed, kyk besorg na hom.

Hy wil praat. Hy wil vir haar net een woord sê. Maar sy stembande is iewers verlore in die pyn van sy nek. Hy konsentreer, lek lippe, druk die asem deur die regte kanale. Skor, hees.

"Kom."

Iewers, in die uitdrukking van sy oog, in die klein beweging van sy hand, verstaan sy en staan op, beweeg lig oor die bed, tot haar kop teen sy skouer

rus, haar liggaam 'n warmte teen sy lyf, haar hare 'n herinnering teen sy drie dag oue baard.

Hy maak sy oë weer toe.

[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

*Die laaste uitweg is net 'n telefoonnommer.*

*Jy soek dit wanneer jy alles verloor het, wanneer jou geluk en jou keuses heeltemal opgeraak het, wanneer jy die verterende drang na wraak nie langer kan onderdruk nie. Dan begin jy navraag doen. Miskien weet die skaduagtige oudpolisieman waar om dit te kry, of die skimvriend van die prokureur. Dit sal twee, drie weke duur voor iets gebeur. Dan sal jy dit met 'n kloppende hart neerskryf en met bewende hand skakel.*

*Dit sal lank lui. Te lank. Vir 'n oomblik sal jy wonder of dit nie maar net nóg 'n hedendaagse mite is nie. Tot die manstem antwoord, diep, ongeduldig en gesteurd. “Ek het hulp nodig,” sal jy sê.*

*En daarna sal jou lewe nooit weer dieselfde wees nie.*

By 'n boekeveiling sien Ragel Bergh vir Dirk Buchner raak. Oornag verander haar bestaan, en ná 'n naweek op Houwhoek weet sy sy is nog nooit so volledig bemin nie.

Dan gebeur daar iets so ingrypend dat haar en Dirk se pad móét kruis met dié van Ivan Malan, die man met die sagte stem en emosielose oë, opgelei deur die agente van die semi-militêre Firma om mense te manipuleer of te elimineer. Sy opleiding as misdadiger kom handig te pas – hy het geslaag in vakke soos toneelspel, vermomming, vervalsing, seksuele uitbuiting, omkoperij, afpersing, inbraak en swendelary.

As dié kennis nie help nie, bly die wapens onder sy huis langs die Weskus nog oor. Daar sal hy die “lasseurkabinet van die dood” ooptrek.



## Oor die skrywer

Deon Meyer, 'n oud-joernalis en reklameman, is ook bekend as internet-strateeg. Hy woon tans in Stellenbosch. Sy publikasies sluit in nege romans (*Wie met vuur speel*, 1994, *Feniks*, 1996, *Orion*, 2000, *Proteus*, 2002, *Infanta*, 2004, *13 Uur*, 2008, *Spoor*, 2010, en *7 Dae*, 2011). Drie daarvan – *Orion*, *Proteus* en *Infanta* – is met die ATKV-prys bekroon, terwyl hy in 2008, 2009 en 2012 die ATKV se Prys vir Spanningslektuur ontvang het vir, onderskeidelik, *Onsigbaar*, *13 Uur* en *7 Dae*.



[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

*“’n Goed georkestreerde verhaal wat maklik lees en meer as genoeg aksie en spanning het om die leser dolgelukkig en smagtend na meer te hou.” – CORLI VAN DER MERWE, Volksblad*

[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

Deur dieselfde skrywer:

*Feniks* (1996)

*Orion* (2000)

*Proteus* (2002)

*Infanta* (2004)

*Onsigbaar* (2007)

*13 Uur* (2008)


*Karoonag en ander verhale* (2009)

*Spoor* (2010)

*7 Dae* (2011)


[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

*Feniks (1996)*




[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

Orion (2000)



[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

*Proteus (2002)*



[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

*Onsigbaar (2007)*



[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)




13 Uur (2008)



[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

*Karoonag en ander verhale (2009)*



[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

Tafelberg,  
'n druknaam van NB-Uitgewers,  
'n afdeling van Media24 Boeke (Edms) Bpk,  
Heerengracht 40, Kaapstad, 8001  
Posbus 6525, Roggebaai 8001, Suid-Afrika  
[www.tafelberg.com](http://www.tafelberg.com)

© Deon Meyer 2007

Alle regte voorbehou.

Geen gedeelte van hierdie elektroniese boek mag sonder die skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Outeursfoto: Jac Kritzinger  
Omslagfoto: Trevillion Images  
Bandontwerp deur Mike Cruywagen  
E-boekontwerp deur Full Circle

Ook beskikbaar in druk:  
Eerste uitgawe, eerste druk in 1994  
Tweede uitgawe, elfde druk in 2012  
Derde uitgawe, eerste druk in 2013  
ISBN: 978-0-624-06609-5

Epub-uitgawe:  
Eerste uitgawe in 2013  
ISBN: 978-0-624-05632-4 (epub)

Mobi-uitgawe:  
Eerste uitgawe in 2013  
ISBN: 978-0-624-06093-2 (mobi)

[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

# Inhoud

[Titelblad](#)

[Opdrag](#)

[Skrywersnota](#)

[Proloog](#)

[Deel 1](#)

[Hoofstuk 1](#)

[Hoofstuk 2](#)

[Hoofstuk 3](#)

[Hoofstuk 4](#)

[Hoofstuk 5](#)

[Hoofstuk 6](#)

[Hoofstuk 7](#)

[Hoofstuk 8](#)

[Hoofstuk 9](#)

[Hoofstuk 10](#)

[Deel 2](#)

[Hoofstuk 1](#)

[Hoofstuk 2](#)

[Hoofstuk 3](#)

[Hoofstuk 4](#)

[Hoofstuk 5](#)

[Hoofstuk 6](#)

[Hoofstuk 7](#)

[Hoofstuk 8](#)

[Hoofstuk 9](#)

[Hoofstuk 10](#)

[Hoofstuk 11](#)

[Hoofstuk 12](#)

[Hoofstuk 13](#)

[Hoofstuk 14](#)

[Hoofstuk 15](#)

[Hoofstuk 16](#)

[Hoofstuk 17](#)

[Hoofstuk 18](#)

[Hoofstuk 19](#)

[Deel 3](#)

[Hoofstuk 1](#)

[Hoofstuk 2](#)

[Hoofstuk 3](#)

[Hoofstuk 4](#)

[Hoofstuk 5](#)

[Oor die boek](#)

[Opsomming](#)

[Oor die skrywer](#)

[Lof vir Wie met vuur speel](#)

[Deur dieselfde skrywer](#)

[Kolofonbladsy](#)

[\*OceanofPDF.com\*](#)